University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

# 'n Spelterapeutiese intervensieprogram vir die versterking van die ouer-kind binding met die aggressiewe kind

deur

**Kirsten du Toit**

Voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes

vir die graad

Doctor Philossophiae

in die

Fakulteit Geesteswetenskappe
(Departement Maatskaplike Werk)

aan die

**Universiteit van Pretoria**

Studieleier: Dr. J.M.C. Joubert

Pretoria Junie 2001

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

# DANKBETUIGINGS

My opregte dank aan:

- Dr J.M.C. Joubert, my promotor, vir haar bekwame leiding, hulp en aanmoediging tydens hierdie ondersoek.
- My man, Ernst vir al sy liefde, ondersteuning en geduld om hierdie ondersoek te voltooi.
- Louise Pistorius, wat vir die taalversorging van die navorsingsverslag verantwoordelik was.
- Johan van Staden, wat vir die tegniese versorging van die navorsingsverslag verantwoordelik was.
- My ouers, vir al hulle opregte ondersteuning op emosionele asook finansiële vlak deur soveel studiejare.
- Familie en vriende vir al hulle bystand en liefde.
- Universiteit van Pretoria, vir die finansiële ondersteuning om die studie te kon voltooi.
- Die betrokke kinders en hul ouers wat aan die ondersoek deelgeneem het.

Al die eer aan my Skepper, met sy leiding is niks onmoontlik nie.

# OPSOMMING

Aggressiewe gedrag by kinders is reeds vir dekades 'n problematiese aangeleentheid in die samelewing en dit is 'n verskynsel by kinders wat voortduur, ten spyte van die negatiewe impak wat dit op die sosialisering van die kind en die ouer-kind binding het. Aggressie word as 'n normale gevoel beskou, maar die wyse of manier wat die kind uiting daaraan gee, moet volgens grense bepaal word. Kinders in die middelkinderjare streef daarna om 'n gevoel van "behoort-aan" te ervaar. Indien die kind uitgeskuif word of selfs deur maats verwerp word, is kinders geneig om hulself te beskerm, meestal deur aggressief op te tree. Dit is die ouer se verantwoordelikheid om met die kind optimale verhoudinge te kweek. Die kind in die middelkinderjare is steeds afhanklik van sy ouers se liefde en sekuriteit. Daar bestaan 'n verband tussen 'n kind se aggressiewe gedrag en die tipe ouer-kind binding.

Die navorsingshipotese, naamlik indien die kind in sy middelkinderjare ondersteun en leiding ontvang deur middel van die spelterapeutiese intervensieprogram, behoort die kind van sy aggressie bewus te word en die ouer-kind binding sal versterk word. Die doel van die ondersoek was om die aggressiewe kind bewus van sy aggressie te maak om sodoende die kind te ondersteun om sy verhouding met sy ouers te verbeter.Om hierdie doel te bereik is sowel 'n literatuurstudie as 'n empiriese ondersoek geloods. Literatuur oor die aggressiewe kind, die middelkinderjare, die ouer-kind binding en spelterapie vanuit die gestaltbenadering, het navorser in staat gestel om die studie suksesvol te voltooi en insig te ontwikkel. Die empiriese ondersoek het behels dat ses junior-primêre skoolkinders wat aggressiewe gedrag toon, betrek is by 'n intervensieprogram wat uit tien sessies bestaan het. Die ouers van die betrokke kinders is tydens die eerste en laaste drie sessies van die betrokke intervensieprogram ook betrek. Intervensienavorsing in die vorm van 'n kombinasie van kwalitatiewe- en kwantitatiewe navorsing is aangewend. Kwasi-eksperimentele navorsing in die vorm van die enkelstelselontwerp is benut om te bepaal tot watter mate die onafhanklike veranderlike die afhanklike veranderlike beïnvloed het. Gestandaardiseerde skale is tydens 'n voor-en natoets as meetinstrument benut. Sodoende

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

kon die navorsingshipotese bevestig word en die doeltreffendheid van die program bepaal word. Gevolgtrekkings en aanbevelings van die studie kon gemaak word. Dit blyk uit die studie dat die intervensieprogram suksesvol met die aggressiewe kind en sy ouer(s) aangewend kan word. Die ouer en die kind kon nuwe gedragspatrone aanleer en dus verantwoordelikheid vir hul gedrag aanvaar en is in staat gestel om keuses te maak

**SLEUTELTERME**

Aggressie/ Aggressiewe gedrag

Middelkinderjare

Ouer-kind binding/ Ouer-kind verhouding

Spelterapie

Gestaltterapie

Intervensieprogram

Intervensienavorsing

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)


## SUMMARY

Aggressive behaviour in children has been a problem for decades in the society we live in and it is a phenomenon which continues in children today in spite of the negative impact it has on the socialisation of the child and the parent-child bonding. Aggression is regarded as a normal feeling, but the way in which the child vents his anger must be determined according to boundaries. Children in their middle childhood years yearn for a feeling of belonging to. If the child is pushed at or even rejected by friends, they are inclined to protect themselves often by aggressive behaviour. It is the parent's responsibility to build optimal relationships with the child. The child in the middle childhood years is still dependent on his parents for love and security. There is a connection between a child's aggressive behaviour and the type of parent-child bonding.

The research hypothesis, namely if the child in the middle childhood years gets support and advice by means of the play therapeutic intervention programme, the child should become aware of his aggression, and the parent-child bonding will be strengthened. The aim of the study was to make the aggressive child more aware of his aggression in order to support the child in improving his relationship with his parents. To achieve this goal a literature as well as an empirical study were carried at. Literature on the aggressive child in the middle childhood years, the parent-child bond and playtherapy using the gestalt approach enabled the researcher to complete the study successfully and to develop insight. The empirical research involved that six junior-primary school children who exhibited aggressive behaviour, were involved in the intervention programme which consisted of ten sessions. The parents of the relevant children were also involved during the first and last three sessions of the intervention programme. Intervention research in the form of a combination of qualitative and quantifying research was conducted. Quasi-experimental research in the form of the single system design was conducted to determine to what degree the independent variable influenced the dependent variable. Standardised scales were used as the measuring instrument during the pre and post testing. The research hypothesis could thus be established and the effectiveness of the programme could be determined. Conclusions and recommendations could be made from the study. From the study it seems that the intervention programme can be applied

successfully with the aggressive child and his parents. The parent and the child could learn now behavioral patterns and thus accept responsibility for their behaviour and were enabled to make decisions.

**KEY TERMS**

Aggression / Aggressive behaviour
Middle childhood years
Parent-child bonding / Parent-child relationship
Play Therapy
Gestalt therapy
Intervention programme
Intervention research

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

# INHOUDSOPGAWE

**Bladsy**

## HOOFSTUK 1
## ALGEMENE INLEIDING EN UITEENSETTING VAN DIE STUDIE


1.1 INLEIDING 1
1.2 MOTIVERING VIR DIE KEUSE VAN DIE ONDERWERP 2
1.3 PROBLEEMFORMULERING 5
1.4 DOEL VAN DIE STUDIE 8
1.4.1 Doelstellings 9
1.4.2 Doelwitte 9
1.5 NAVORSINGSHIPOTESE 10
1.6 NAVORSINGSBENADERING 11
1.7 SOORT NAVORSING 12
1.8 NAVORSINGSONTWERP 14
1.9 NAVORSINGSPROSEDURES EN WERKSWYSES 15
1.10 VOORONDERSOEK 17
1.10.1 Literatuurstudie 17
1.10.2 Konsultasie met kundiges 18
1.10.3 Uitvoerbaarheid van die ondersoek 19
1.10.4 Toetsing van skale en intervensieprogram 20
1.11 OMSKRYWING VAN UNIVERSUM, AFBAKENING VAN STEEKPROEF EN WYSE VAN STEEKPROEFNEMING 22
1.12 ETIESE ASPEKTE 23
1.13 LEEMTES EN PROBLEME WAT TYDENS DIE STUDIE ERVAAR IS 24
1.14 DEFINISIES VAN HOOFKONSEPTE 25
1.14.1 Aggressie 25
1.14.2 Middelkinderjare 25
1.14.3 Ouer-kind binding 26

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

1.14.4 Gestaltterapie 26
1.14.5 Spelterapie 27
1.15 INDELING VAN DIE NAVORSINGSVERSLAG 27
1.16 SAMEVATTING 28

## HOOFSTUK 2

## DIE MIDDELKINDERJARE

2.1 INLEIDING 30
2.2 ONTWIKKELINGSTAKE VAN DIE MIDDELKINDERJARE 31
2.2.1 Liggaamlike ontwikkeling 31
2.2.1.1 Algemene liggaamlike ontwikkeling 31
2.2.1.2 Motoriese ontwikkeling 33
2.2.1.3 Gesondheid 34
2.2.2 Kognitiewe ontwikkeling 34
2.2.2.1 Kenmerke van die kognitiewe ontwikkeling in die middelkinderjare 35
2.2.2.2 Piaget en opvoeding 37
2.2.3 Morele ontwikkeling 38
2.2.4 Emosionele ontwikkeling 40
2.2.4.1 Kenmerke van die primêre skoolkind se emosionele lewe 43
2.2.5 Sosiale ontwikkeling 46
2.2.5.1 Die invloed van die portuurgroep 47
2.2.5.2 Die invloed van die gesin 49
2.2.5.3 Die kind se selfkonsep 50
2.2.5.4 Die invloed van ander 50
2.2.6 Persoonlikheidsontwikkeling 51
2.3 DIE INVLOED VAN DIE SKOOL IN DIE ONTWIKKELINGSTAKE VAN DIE MIDDELKINDERJARIGE KIND 52
2.3.1 Aanpassing by skool 52
2.3.1 Die rol van die onderwyser 53
2.3.3 Ander invloede van die skool 55

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

2.4 DIE INVLOED VAN DIE GESIN IN DIE ONTWIKKELINGSTAKE VAN DIE MIDDELKINDERJARIGE KIND 56
2.4.1 Determinante van ouerskap 57
2.4.2 Ouerskapstyle 58
2.4.3 Gesinsamestelling 60
2.4.4 Egskeiding 61
2.4.5 Stiefgesinne 63
2.4.6 Enkelouergesinne 64
2.4.7 Dood in die gesin 65
2.5 SAMEVATTING 66

## HOOFSTUK 3
## AGGRESSIE IN DIE MIDDELKINDERJARE

3.1 INLEIDING 68
3.2 AGGRESSIE 68
3.3 DIE OORSAAK OF REDES VIR AGGRESSIE 70
3.3.1 Fisiese en emosionele faktore 71
3.3.2 Gesinsfaktore 73
3.3.3 Skool en maats 75
3.3.4 Die omgewing 78
3.4 DIE AGGRESSIEWE KIND 80
3.4.1 Die ontwikkelingsfase van die kind 80
3.4.2 Die aggressiewe kind as persoon 81
3.4.3 Karaktereienskappe van die aggressiewe kind 82
3.5 VOORKOMING VAN AGGRESSIE 83
3.6 DIE HANTERING VAN DIE AGGRESSIEWE KIND 87
3.6.1 Tegnieke in die hulpverleningsproses van die aggressiewe kind 87
3.6.1.1 Die benutting van groepe 89
3.6.2 Die terapeut se vier fases in die hantering van die aggressiewe kind 90
3.6.3 Riglyne aan ouers in die hantering van hul aggressiewe kind 91

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

3.7 SAMEVATTING 94

## HOOFSTUK 4

## OUER-KIND BINDING

4.1 INLEIDING 96
4.2 DIE BEHOEFTES VAN KINDERS 97
4.3 DEFINISIE VAN BINDING 99
4.4 DIE ONTWIKKELING VAN BINDING 100
4.5 KATEGORIEË VAN BINDING 103
4.6 OUERLIKE SENSITIWITEIT 106
4.6.1 Verskillende temperamentstipes wat by kinders aangetref word 108
4.7 OPVOEDINGSTYLE EN OPVOEDINGSFOUTE 110
4.8 VERLIESE VAN DIE KIND EN DIE INVLOED OP BINDING 111
4.8.1 Die dood en egskeiding 112
4.8.2 Die pleeg- of inrigtingskind 114
4.9 FAKTORE WAT BINDING BEÏNVLOED 115
4.9.1 Die moeder se persoonlikheid 115
4.9.2 Kultuurtipes 116
4.9.3 Die kind as persoon 116
4.9.4 Die kind in 'n inrigting 117
4.9.5 Die werkende ouer 117
4.10 TEGNIEKE OM BINDING TE VERSTERK 118
4.10.1 Vyf boodskappe vir positiewe ouerskap 118
4.10.2 "Bindings-ouerskap" 119
4.10.2.1 Beginsels van "bindings-ouerskap" 119
4.11 SAMEVATTING 122

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

## HOOFSTUK 5

## GESTALTSPELTERAPIE MET DIE AGGRESSIEWE KIND IN SY MIDDELKINDERJARE


| | |
|---|---|
| 5.1 INLEIDING | 124 |
| 5.2 BETEKENIS VAN SPEL VIR DIE KIND | 125 |
| 5.3 DOEL EN WAARDE VAN SPEL IN DIE MIDDELKINDERJARE | 126 |
| 5.3.1 Funksie van spel | 127 |
| 5.3.2 Funksie van spel in terapie | 129 |
| 5.4 OMSKRYWING VAN SPELTERAPIE | 131 |
| 5.5 BEGINSELS IN SPELTERAPIE VANUIT DIE GESTALTBENADERING MET DIE AGGRESSIEWE KIND IN SY MIDDELKINDERJARE | 132 |
| 5.5.1 Holistiese beskouiing | 132 |
| 5.5.2 Homeostase/Selfregulering | 133 |
| 5.5.3 Figuurgrond en onvoltooidhede | 134 |
| 5.5.4 Die kontakgrens | 134 |
| 5.5.5 Kontakgrensversteuring | 135 |
| 5.5.6 Bewustheid | 138 |
| 5.5.7 Polariteite | 139 |
| 5.6 VORME VAN SPEL WAT IN TERAPIE BENUT WORD | 140 |
| 5.6.1 Ontspanningspel | 141 |
| 5.6.2 Assesseringspel | 142 |
| 5.6.3 Gedramatiseerde spel | 142 |
| 5.6.4 Skeppende spel | 143 |
| 5.6.5 Bibliospel | 143 |
| 5.7 DIE VERSKILLENDE TEGNIEKE EN HULPMIDDELS WAT TYDENS DIE BETROKKE STUDIE AANGEWEND IS | 144 |
| 5.7.1 Ontspanningspel | 145 |
| 5.7.1.1 Sensoriese kontakmaking | 145 |
| 5.7.1.2 Bordspeletjies | 146 |

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

5.7.2 Assesseringspel 146
5.7.2.1 Grafiese gesinsbeelding 146
5.7.2.2 Die roosboomtegniek 147
5.7.2.3 Wurmtegniek 148
5.7.3 Gedramatiseerde spel 148
5.7.3.1 Handpoppe 148
5.7.3.2 Die leë-stoeltegniek 149
5.7.4 Skeppende spel 149
5.7.4.1 Oaklander se model 151
5.8 RIGLYNE VIR SPELTERAPIE 152
5.8.1 Die speelkamer 152
5.8.2 Speelmateriaal vir spesifiek die aggressiewe kind 154
5.9 DIE SPELTERAPEUT 155
5.9.1 Die terapeut se professionele eienskappe en vaardighede 155
5.9.2 Die geslag van die terapeut 157
5.9.3 Probleme en struikelblokke in spelterapie 158
5.10 DIE SPELTERAPEUTIESE PROSES MET DIE KIND 160
5.10.1 Ontwikkeling van die verhouding: Die Ek/Jy verhouding 160
5.10.2 Kontakfunksies 162
5.10.3 Selfonderhouding 164
5.10.4 Emosionele uitdrukking 166
5.10.5 Selfvertroeteling 168
5.10.6 Hantering van die innerlike proses 169
5.10.7 Termineringsprosedure 170
5.11 SAMEVATTING 171

**HOOFSTUK 6**

**DIE EMPIRIESE ONDERSOEK EN DIE VERWERKING EN INTERPRETASIE VAN GEGEWENS**

6.1 INLEIDING 174

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)


6.2 DIE DOEL VAN DIE STUDIE 174
6.3 NAVORSINGSHIPOTESE 175
6.4 NAVORSINGSMETODOLOGIE 175
6.5 DIE SKALE EN INTERVENSIEPROGRAM 176
6.5.1 Verwerking van inligting vanuit die skale 177
6.6 DIE INTERVENSIE 178
6.7 VERWERKING EN INTERPRETASIE VAN GEGEWENS AAN DIE HAND VAN GEVALLESTUDIES 193
6.7.1 Wayne 196
6.7.1.1 Verloop van sessie een 196
6.7.1.2 Verloop van sessie twee 198
6.7.1.3 Verloop van sessie drie 202
6.7.1.4 Verloop van sessie vier 204
6.7.1.5 Verloop van sessie vyf 208
6.7.1.6 Verloop van sessie ses 213
6.7.1.7 Verloop van sessie sewe 215
6.7.1.8 Verloop van sessie agt 218
6.7.1.9 Verloop van sessie nege 220
6.7.1.10 Verloop van sessie tien 221
6.7.2 Melissa 222
6.7.2.1 Verloop van sessie een 223
6.7.2.2 Verloop van sessie twee 224
6.7.2.3 Verloop van sessie drie 227
6.7.2.4 Verloop van sessie vier 230
6.7.2.5 Verloop van sessie vyf 233
6.7.2.6 Verloop van sessie ses 235
6.7.2.7 Verloop van sessie sewe 239
6.7.2.8 Verloop van sessie agt 240
6.7.2.9 Verloop van sessie nege 242
6.7.2.10 Verloop van sessie tien 243

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)


6.7.3 Heinrich 244

6.7.3.1 Verloop van sessie een 244

6.7.3.2 Verloop van sessie twee 245

6.7.3.3 Verloop van sessie drie 250

6.7.3.4 Verloop van sessie vier 252

6.7.3.5 Verloop van sessie vyf 255

6.7.3.6 Verloop van sessie ses 259

6.7.3.7 Verloop van sessie sewe 261

6.7.3.8 Verloop van sessie agt 264

6.7.3.9 Verloop van sessie nege 266

6.7.3.10 Verloop van sessie tien 268

6.7.4 Derreck 269

6.7.4.1 Verloop van sessie een 269

6.7.4.2 Verloop van sessie twee 271

6.7.4.3 Verloop van sessie drie 274

6.7.4.4 Verloop van sessie vier 275

6.7.4.5 Verloop van sessie vyf 278

6.7.4.6 Verloop van sessie ses 280

6.7.4.7 Verloop van sessie sewe 281

6.7.4.8 Verloop van sessie agt 283

6.7.4.9 Verloop van sessie nege 285

6.7.5 Kobus 286

6.7.5.1 Verloop van sessie een 286

6.7.5.2 Verloop van sessie twee 287

6.7.5.3 Verloop van sessie drie 288

6.7.5.4 Verloop van sessie vier 290

6.7.5.5 Verloop van sessie vyf 293

6.8 VOOR-EN NAMETINGSRESULTATE TER ONDERSTEUNING VAN DIE HIPOTESE 293

6.8.1 Interpretasie van gegewens 294

6.8.1.1 Voor-en nametingsresultate van die betrokke kinders en hul ouers 294

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

6.8.1.2 Afleidings vanuit die interpretasie van gegewens 306
6.8.2 Vergelykende interpretasie van gegewens 307
6.9 SAMEVATTING 308

**HOOFSTUK 7**

**DIE SPELTERAPEUTIESE INTERVENSIEPROGRAM MET DIE AGGRESSIEWE KIND**

7.1 INLEIDING 310
7.2 DIE SPELTERAPEUTIESE INTERVENSIEPROGRAM 311
7.3 SAMEVATTING 335

**HOOFSTUK 8**

**SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS**

8.1 INLEIDING 337
8.2 SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS UIT DIE STUDIE 337
8.3 SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS VANUIT HOOFSTUKKE EN AANBEVELINGS 340
8.4 GLOBALE AANBEVELINGS NA AANLEIDING VAN DIE NAVORSING 343
8.4.1 Aanbevelings op mikrovlak 343
8.4.1.1 Die aggressiewe kind 343
8.4.1.2 Die ouers van die aggressiewe kind 344
8.4.2 Aanbevelings op mesovlak 344
8.4.2.1 Terapeute 344
8.4.2.2 Onderwysers 345
8.4.3 Aanbevelings op makrovlak 346
8.4.3.1 Onderwys- en Welsynsdepartemente 346
8.4.4 Aanbevelings vir verdere navorsing 346
8.5 DIE BEREIKING VAN DIE DOELSTELLING EN DIE DOELWITTE 347
8.5.1 Doelstelling 347

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

8.5.2 Doelwitte 347
8.6 DIE NAVORSINGSHIPOTESE 350
8.7 HIPOTESES VIR VERDERE NAVORSING 350
8.8 SAMEVATTING 351

**BRONNELYS** 352

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

## LYS VAN FIGURE EN TABELLE

**FIGURE:** **Bladsy**


Figuur 4.1 Maslow se behoefte hierargie 98
Figuur 4.2 Positiewe siklus van interaksie 107
Figuur 4.3 Gedragspatrone van die kind 108
Figuur 6.1 Selfpersepsie van Wayne 200
Figuur 6.2 Wayne se traumadinamika 201
Figuur 6.3 Wayne se roosboom 207
Figuur 6.4 Wayne se aggressiemonster 210
Figuur 6.5 Wayne se veilige plekkie 212
Figuur 6.6 Selfpersepie van Melissa 226
Figuur 6.7 Melissa se traumadinamika 227
Figuur 6.8 Melissa se roosboom 232
Figuur 6.9 Melissa se sandtoneel 237
Figuur 6.10 Selfpersepsie van Heinrich 248
Figuur 6.11 Heinrich se traumadinamika 249
Figuur 6.12 Heinrich se roosboom 253
Figuur 6.13 Heinrich se fantasiereis 257
Figuur 6.14 Heinrich se aggressiemonster 258
Figuur 6.15 Heinrich se kleiwerk 262
Figuur 6.16 Heinrich se wurmtegniek 265
Figuur 6.17 Selfpersepsie van Derreck 272
Figuur 6.18 Derreck se traumadinamika 273
Figuur 6.19 Derreck se roosboom 277
Figuur 6.20 Derreck se aggressiemonster 279
Figuur 6.21 Derreck se wurmtegniek 284
Figuur 6.22 Kobus se roosboom 291
Figuur 6.23 Houding teenoor ma 295

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

Figuur 6.24 Ouer se bewustheid van die kind se aggressie voor en na terapie 296
Figuur 6.25 Binding van ouer met kind voor en na terapie 296
Figuur 6.26 Houding teenoor ma 297
Figuur 6.27 Houding teenoor pa 298
Figuur 6.28 Ouer se bewustheid van die kind se aggressie voor en na terapie 299
Figuur 6.29 Binding van ouer met kind 299
Figuur 6.30 Houding teenoor ma 300
Figuur 6.31 Houding teenoor pa 301
Figuur 6.32 Ouers se bewustheid van die kind se aggressie voor en na terapie 301
Figuur 6.33 Binding van ouers met kind 302
Figuur 6.34 Houding teenoor ma 303
Figuur 6.35 Ouer se bewustheid van die kind se aggressie voor en na terapie 304
Figuur 6.36 Binding van ouer met kind 304
Figuur 6.37 Ouers se bewustheid van die kind se aggressie voor en na terapie 305
Figuur 6.38 Binding van ouers met kind 305
Figuur 6.39 Respondente se aggressie voor en na intervensie 307
Figuur 6.40 Respondente se binding met hul ouers voor en na intervensie 308

**TABELLE:**

Tabel 6.1 Intervensie met die aggressiewe kind en sy ouer(s) 179
Tabel 6.2 Respondente se geslag 193
Tabel 6.3 Respondente se skoolgraad 194
Tabel 6.4 Respondente se huistaal 195
Tabel 6.5 Biografiese besonderhede van die ouer(s) 195

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

# BYLAE

BYLAE A: Bekendstellingsbrief
BYLAE B: Kontraksluiting
BYLAE C: Indeks van ouergesindheid
BYLAE D: Kindergedragskaderingskaal
BYLAE E: Kinderfunksioneringsinventaris
BYLAE F: Kind se houding teenoor ma
BYLAE G: Kind se houding teenoor pa
BYLAE H: Wurmtegniek
BYLAE I: Gevoelsgesiggies

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

# HOOFSTUK 1

# ALGEMENE INLEIDING EN UITEENSETTING VAN DIE STUDIE

## 1.1 INLEIDING

Sedert die 1950's en met die werk van Bowlby (1993:67) kon daar vasgestel word of ouer-kind binding 'n invloed op die kind se latere emosionele ontwikkeling het. Die ouer is die primêre versorger, opvoeder en beskermer van die kind, en normaalweg ontwikkel hierdie talent net soos wat die kind van suigeling tot volwassene ontwikkel. Menige ouer wil egter meer van die opvoedingsgebeure weet. Hierdie bykomende kennis is waardevol en 'n aanvulling in kinderopvoeding. Wanneer 'n kind 'n gedragsprobleem ontwikkel of openbaar, het ouers gewoonlik die kwelvraag: Wat het verkeerd geloop? Waar het ons gefouteer?

Die middelkinderjare is die tydperk in kinders se lewe wanneer hulle enersyds die wondere van die lewe ontdek en andersyds emosioneel ontwaak wat 'n bepaalde uitwerking op hul ontwikkeling tot volwassene het. Wanneer 'n kind emosies soos aggressie, hartseer, teleurgesteldheid of frustrasie ervaar, wil hulle die wêreld om hulle daarvan bewus maak. Die manier hoe aggressie byvoorbeeld tot uiting kom, hang van die kind se ouderdom en temperament af (Eastman,1994:3). Volgens Eastman (1994:60) en Louw ; Schoeman; van Ede & Wait (1990:377) streef die kind in sy middelkinderjare na status en om "te behoort". Skoolkinders wat dus alleen "uitgeskuif" en depressief voel, is geneig tot aggressiewe gedrag.(vergelyk Eastman,1994:65.) Navorser beleef dat hierdie probleme daartoe lei dat kinders nie met hul primêre gevoelens in kontak is nie, maar op simptome reageer wat weer 'n oorsaak van onverantwoordelike gedrag mag wees. Deur die daarstelling van hanteringsmeganismes kan kinders leer hoe om hulle emosies effektief en sosiaal aanvaarbaar te hanteer. Dit mag dus wees dat in gevalle waar die ouer-kind binding nie sterk genoeg is nie, die ouers nie so op die emosionele belewing van hulle kind ingestel is nie. Die ouers se gedrag en houding mag self tot emosies soos aggressie aanleiding gee.

In hierdie hoofstuk word ‘n uiteensetting van die beplanning, struktuur en strategie van die ondersoek wat gebruik is, gegee. Die motivering vir die keuse van die onderwerp, die navorsingsprobleem, die doel van die studie en die navorsingshipotese word bespreek. Die navorsingsbenadering, die soort navorsing, die navorsingsontwerp en die navorsingsprosedures geniet ook aandag. Die voorondersoek, die omskrywing van die universum, probleme met die navorsing en definisies van die hoofkonsepte word ook uitgelig. Ten slotte word ‘n indeling van die navorsingsverslag gegee, ten einde ‘n begrip daar te stel van wat in die daaropvolgende hoofstukke volg.

## 1.2 MOTIVERING VIR DIE KEUSE VAN DIE ONDERWERP

Die motivering vir die studie spruit voort uit die vraag waarom sekere kinders in hul middelkinderjare aggressiewe gedrag openbaar. Navorser is van mening dat aggressie die emosie is wat die meeste deur kinders uitgedruk word. Volgens Louw et al.(1990:364-365) neem aggressie geleidelik tydens die middelkinderjare toe en is aggressiewe optrede daarop gemik om ‘n ander persoon te beseer. Hierdie besering kan fisies of emosioneel teenoor homself of andere wees. Navorser is van mening dat aggressie dus ‘n normale, eerlike gevoel is wat elke mens ervaar. Dit is egter die wyse waarop die kind aggressie in sy middelkinderjare uitdruk of hanteer wat uiters belangrik is.

Vanuit navorser se privaat praktyk is daar bevind dat aggressiewe gedrag by kinders in hulle middelkinderjare die belangrikste aanmeldingsprobleem is. Navorser het tydens ‘n voorondersoek in die privaat praktyk vasgestel dat 63% van dié aanmeldingsake van kinders, kinders is wat aggressiewe gedrag en swak ouer-kind binding toon. Navorser beleef dat aggressiewe gedrag by kinders in die huidige samelewing toeneem. Ouers voel magteloos om hul aggressiewe kind te hanteer en te beheer. Navorser het bevind dat aggressiewe gedrag by die kind nie net sy optimale funksionering kan bemoeilik nie, maar dat dit ook ‘n negatiewe invloed op die totale ouer-kind verhouding kan hê. (Binding ontwikkel reeds vanaf geboorte en negatiewe invloede waaraan die ouer en kind blootgestel word, soos aggressiewe gedrag by die kind, kan dus die ouer-kind verhouding negatief beïnvloed.)

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

Motivering vir hierdie studie spruit verder uit die mening dat daar by ouers 'n kennisleemte in die hantering van die spesifieke behoeftes van die aggressiewe kind bestaan. Navorser is van mening dat dit noodsaaklik is om ouers te ondersteun ten einde in hierdie behoeftes van die kind te kan voorsien en dus die hantering van aggressiewe gedrag by die kind effektief te kan aanspreek.

Volgens Oaklander (1993:281) behels gestaltterapie 'n humanistiese, proses-georiënteerde vorm van terapie wat op al die aspekte van 'n persoon, naamlik sy sintuie, liggaam, gevoelens en intellek betrekking het. Navorser is van mening dat hierdie benadering suksesvol met kinders gebruik kan word, omdat al die konsepte en beginsels aan gesonde kinderontwikkeling verwant is. Vir die doeleindes van die studie word die gestaltbenadering as basis vir die intervensieprogram benut. Verdere ondersteunende tegnieke vanuit die sisteem- en behavioristiese teorieë word ook benut. Aangesien dit in die studie om die versterking van die ouer-kind binding en gesonde funksionering by die aggressiewe kind gaan, is navorser van mening dat die beginsels en tegnieke van die gestaltbenadering met sukses toegepas kan word.

Navorser is van mening dat die aggressiewe kind se bewustheid verhoog moet word om sodoende sy gevoelens te besit en te ervaar, maar ook sosiaal aanvaarbare hanteringstrategieë moet aanleer om die ouer-kind verhouding te versterk. Die kind in sy middelkinderjare raak al hoe meer van emosies bewus, maar leer om sy emosies te beheer, te onderdruk of weg te steek (Bender,1996:120). Volgens Bender (1996:122) raak die kind se aggressie meer verfynd en hy beskik oor sekere sosiale vaardighede om sy frustrasies te beheer.

Aangesien die primêre skoolkind na onafhanklikheid en selfstandigheid strewe, beland hy egter al hoe meer in situasies wat hom kan frustreer en kwaad maak. Gevoelens van bewuste of selfs onbewuste woede maak hom dikwels nukkerig en negatief. Die kind sal soms selfs geweld gebruik om sy probleem op te los en om sy frustrasie te verlig. Die kind weet soms nie hoe om in situasies sy aggressie te besit, uit te druk of te beheer nie omdat hy nie die nodige toerusting aangeleer het nie. In die samelewing kan redes soos 'n

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

tekort aan ouer-kind binding, ouerskapsvaardighede , emosionele verwaarlosing van kinders en skielike verandering wat binne die gesin plaasvind soos byvoorbeeld egskeiding, tot aggressie by kinders bydra.(vergelyk Leadbetter & Leadbetter,1993:61 en Allen,1994:41.)

In die studie word daar op die junior-primêre (6-9 jaar) skoolkind gefokus, aangesien die kind langer tye van sy ouers af weg is en hy moet dus vir 'n groot gedeelte van die dag op sy eie funksioneer. 'n Kind is nie altyd gereed om die wêreld weg van sy ouers te hanteer nie. Aanpassings in die skool kan vir die kind 'n bedreiging wees. Aggressiewe gedrag kan dus die kind se wapen word om homself teen byvoorbeeld negatiewe invloede van ouers en maats te beskerm.

Die studie fokus ook op die belangrike rol wat die ouers op die kind tydens die middelkinderjare se lewe het. Dit is egter hier waar leiding aan die kind en die ouer gegee kan word om optimale verhoudinge te kweek. Vir die doeleindes van die studie word daar op "hy" tydens die teoretiese hoofstukke gefokus as daar van die aggressiewe kind gepraat word vir makliker leesbaarheid, alhoewel seuns en dogters in die studie betrek is.

Om te speel, is soms die enigste manier waarop 'n kind angs, spanning, verwarring, aggressie en ander emosionele probleme kan hanteer. Navorser is van mening dat vroeë identifisering en die aanleer van sosiaal aanvaarbare hanteringstrategieë vir aggressie by kinders nodig is om volwasse aggressie te voorkom. Aggressiwiteit is 'n negatiewe toestand in die samelewing en skole. Volgens Louw et al.(1990:326) is die middelkinderjare 'n ontwikkelingstydperk wat as 'n rustige, tog belangrike tydperk veral wat betref die kind se kognitiewe, sosiale, emosionele en selfbeeldontwikkeling beskou word. Dit is vir die navorser duidelik dat sosialisering, ontdekking en eksperimentering van groot waarde tydens hierdie fase is en dat aggressie 'n beperkende faktor kan wees.

Behalwe vir die realiteit van die voorkoms van aggressiewe gedrag by laerskoolkinders in Groblersdal waar die navorsing gedoen is, die impak wat dit op die ouer-kind verhouding het en 'n gebrek aan hulp en ondersteuning wat daar aan die aggressiewe kind gebied

word, het die navorser se persoonlike betrokkenheid by die laerskool en praktyk 'n sentrale rol in die motivering van die betrokke onderwerp gespeel. Hierdie kontak het tot die insig gelei dat indien die aggressiewe kind se bewustheid van sy gevoelens verhoog kan word, die ouer-kind binding versterk sal word. Beide ouer en kind moet dus van hul emosionele behoeftes bewus gemaak word en hanteringstrategieë aangeleer word om hul verhouding te versterk.

Die navorser is dus van mening dat juis om hierdie rede dit in hierdie studie noodsaaklik is om 'n spelterapeutiese intervensieprogram daar te stel, wat uit 'n program vir die bewusmaking van die kind se aggressie bestaan en hoe die ouers die aggressiewe kind kan hanteer en verstaan. Hierdie program word dus gemik op die versterking van die ouer-kind binding.

## 1.3 PROBLEEMFORMULERING

Na afleiding van die koerantberigte (Beeld, 2000:3 en Daller, 2000:2) waar kinders se aggressie tot ouer-en gesinsmoord kan lei, is navorser van mening dat aggressiewe gedrag by kinders in 'n meer ernstige lig raakgesien en aangespreek moet word, aangesien dit verreikende gevolge kan hê. Elke kind is uniek. Dit is noodsaaklik om elke kind se temperament te verstaan . Volgens Eastman (1994:65) word aggressie dikwels as 'n masker in 'n kind se lewe gebruik, hy gebruik dit dus as verdedigingsmeganisme om homself te beskerm. Vanuit die aanmeldingsprobleme by navorser se privaatpraktyk, blyk dit dat skoolmaats geneig is om aggressiewe kinders te vermy. Die kind word dus geïsoleer wat die aggressie versterk. Die selfbeeld van die aggressiewe kind verswak as gevolg van sy gedrag en swak sosialiseringsvaardighede. Die aggressiewe kind gebruik dikwels sy aggressie om sy ware gevoelens soos onsekerheid en eensaamheid weg te steek. Navorser is van mening dat aggressie 'n tipiese reaksie is en dat 'n persoon dan nie in beheer van sy gevoelens is nie. Sommige kinders veg (deur aggressief op te tree) en ander vlug (depressie ontstaan).

Die voorkoms van aggressiewe gedrag by kinders oefen volgens navorser nie net 'n direkte invloed op die kind as individu se optimale funksionering uit nie, maar ook op die funksionering van sy gesin en die breë gemeenskap. Watkins (1987:104) wys na die belangrikheid van ouer-kind binding in die vroeë lewensjare van 'n kind. Wat die invloed van aggressie op die kind se funksionering en die ouer-kind binding betref, is dit volgens navorser belangrik om in ag te neem dat die middelkinderjare deur groei op alle gebiede en aanpassing by 'n veranderde leefwêreld gekenmerk word. Tydens die middelkinderjare moet sekere ontwikkelingstake bemeester word. Indien die kind se gesonde ontwikkeling belemmer word, word die suksesvolle bereiking van sy volle groei en ontwikkeling negatief beïnvloed.

Volgens navorser verken die kind in die middelkinderjare die wêreld op 'n breër vlak as die voorskoolse kind. Die kind word tydens hierdie tydperk aan meer groei en ontwikkeling blootgestel. Louw et al. (1990:362) is van mening dat dit beteken dat daar 'n verandering van hulpeloosheid na onafhanklikheid en selfgenoegsaamheid is. Die kind in die middelkinderjare is ook in staat om 'n verskeidenheid van gevoelens uit te druk en te beleef, maar vind dit soms moeilik om dit te verbaliseer. Du Toit & Kruger (1991:20) stem saam met Louw et al. (1990:362) dat hierdie emosies meer spesifiek, divers en gesofistikeerd is. Navorser is van mening dat die verkryging van beheer oor die kind se lewe en gevoelens 'n belangrike ontwikkelingstaak vir die middelkinderjarige kind is.

Kinders in die middelkinderjare wat nie deur hul maats en ander aanvaar word nie, ervaar nie erkenning en beheer nie, en is dikwels tot sosiaal-onaanvaarbare gedrag geneig. Die junior primêre skoolkind ervaar 'n behoefte om te verken, te presteer en om nuttig te wees.(vergelyk Du Toit & Kruger,1991:127 en Louw et al.,1990:379.) Hy ervaar dus sukses wanneer ander hom aanvaar. Die aggressiewe kind is dikwels geneig om 'n gevoel van mislukking, ongelukkigheid en alleenheid te ervaar. As gevolg van hierdie gevoelens weet die kind dikwels nie hoe om hul gevoelens aan ouers te verbaliseer nie. Die kind se ongelukkigheid word as nukkerigheid deur sy ouers as gevolg van hul onkunde, beleef. Die ouers se reaksie op die kind se gedrag kan die ouer-kind binding negatief beïnvloed in plaas daarvan dat die probleem of aggressie hanteer word.

Die gesin is die ideale opset waarin 'n kind kan grootword. Volgens West (1992:18) het alle kinders basiese biologiese en emosionele behoeftes wat bevredig moet word sodat die kind kan groei en sy volle potensiaal bereik. Die kind se ouers bly volgens Du Toit & Kruger (1991:125) sy primêre steungewers, al begin hy toenemend buite die gesinskring beweeg. Die aanmoediging, ondersteuning, fisiese kontak, liefde en begeleiding van sy ouers speel dus 'n belangrike rol om latere binding te bepaal.

Die invloed van die ouers op die kind se ontwikkeling speel volgens navorser 'n belangrike rol in die kind se emosionele ontwikkeling. Vir die doel van hierdie studie is daar op die voorkoms van aggressiewe gedrag in die vroeë middelkinderjare (tussen 6-9 jaar) besluit. Dit is duidelik dat die junior-primêre skoolkind 'n behoefte aan leiding, ondersteuning en belangstelling van sy ouers nodig het. Die kind benodig ook rolmodelle om sy aggressie te hanteer. Indien dié behoeftes nie bevredig word nie, ervaar die kind eensaamheid en moontlike aggressiewe gedrag ontstaan. Dit is die kind se manier om te wys hoe hy voel.

Die behoefte ontstaan by ouers, en veral enkelouers, om toerusting aan te leer om kinders se gedrag te verstaan en om aggressiewe gedrag te beheer. Dit sal die verhouding tussen die ouer en kind ook positief beïnvloed. Navorser huldig die hipotese dat aggressiewe kinders, veral uit enkelouergesinne nie effektiewe sosiaal aanvaarbare gedrag tydens hul voorskoolse jare aangeleer het nie, as gevolg van swak ouer-kind binding hoofsaaklik. Ouers is besig met hul eie lewens en beroepe, en onvoldoende tyd word aan kinders spandeer. Ten einde die ouer se aandag en tyd te soek, is die kind dan geneig om wangedrag te toon. Hierdie patroon van wangedrag word ook na maats en onderwysers deurgevoer, sosialisering lei skade en die kind benadeel homself dan verder. 'n Program is dus nodig vir die ouer en kind om aggressie aan te spreek en sodoende die ouer-kind binding te versterk.

Navorser is van mening dat die belangrikste vaardighede vir die verbetering van die ouer-kind verhouding, aanmoediging, luister en waardering is. Dit is die proses waardeur die ouer aanvaar wie sy kind is, en sodoende sy selfvertroue en selfbeeld opbou. Dit help die

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

kind om in homself en sy vermoëns te glo. Ouers ervaar hul onvermoë om die kind se aggressiewe gedrag te hanteer. Hierdie gevalle word hoofsaaklik by navorser se privaat praktyk aangemeld. Die hulp van die spelterapeut word dus ingeroep.

Volgens Landreth (1991:80) het spelterapie ten doel om die kind innerlik op te bou en sterk te maak sodat groei kan plaasvind. Die aggressiewe kind kan dus deur middel van spelterapie bemagtig word om persoonlike verantwoordelikheid vir sy gedrag te neem, om in kontak met sy gevoelens te kom en sodoende sy verhouding met homself, sy ouers en vriende te verbeter. Volgens Oaklander (1988:276) is die beste wyse om hierdie probleem aan te spreek juis om die kind met homself en sy wêreld in kontak te bring. Die gesin funksioneer as 'n sisteem binne 'n sosiale netwerk. Vir die doeleindes van die studie word die invloed van die sisteem op die kind in ag geneem. Waar kinders van geskeide ouers betrek is, is die primêre versorger gewoonlik by die kind betrokke. Daar is in hierdie studie gepoog om sover moontlik ook die sekondêre versorger te betrek, aangesien die kind naweke by dié betrokke ouer woon.

Die navorsingsprobleem kan dus soos volg saamgevat word: Vanuit die aanmeldings by navorser se privaatpraktyk, blyk dit dat aggressiewe gedrag by die kind in sy middelkinderjare 'n probleem vir die kind sowel as die ouer inhou. Die verhouding en binding tussen ouer en kind word duidelik negatief beïnvloed. Verder is die aggressiewe kind se gedrag by die skool vir sy maats en onderwysers onaanvaarbaar en sosiale ontwikkeling word dus ook negatief beïnvloed. 'n Spelterapeutiese intervensieprogram vir die hantering van die kind se aggressie, blyk dus in belang van die aggressiewe kind en sy ouer(s) te wees. Die kind word dus bemagtig om sy aggressie uit te speel, te besit en suksesvol te beheer, en sy ouer(s) word bemagtig om die kind hierin te ondersteun. Die ouer-kind binding word dus deur bogenoemde program versterk.

## 1.4 DOEL VAN DIE STUDIE

Volgens De Vos; Schurink & Strydom (1998:7) is doelstellings verkennend, beskrywend of verklarend van aard. 'n Doelstelling is 'n algemene stelling wat na sowel die gevolge

van intervensie as dit wat op die langtermyn bereik wil word, verwys. Doelwitte word omskryf as spesifieke, konkrete en meetbare stellings wat vrae rondom die wie, die wat, tot watter mate, wanneer en waar beantwoord. (vergelyk Anderson,1989:488-489.) Die volgende doelstelling en doelwitte is in die studie nagestreef.

### 1.4.1 Doelstelling

Die volgende doelstelling is vir die betrokke studie gestel:

- Om 'n spelterapeutiese intervensieprogram saam te stel en te implementeer ten einde aggressie by die kind in die vroeë middelkinderjare te hanteer en die ouer-kind binding te versterk.

### 1.4.2 Doelwitte

Die volgende doelwitte is vir die betrokke studie gestel:

- Om deur middel van die literatuurstudie, onderhoude met kundiges en deeglike waarneming in die praktyk, kennis oor die aggressiewe kind in die vroeë middelkinderjare te verkry en die invloed van die aggressiewe kind se gedrag op die ouer-kind binding te begryp en te verbreed – ten einde die intervensieprogram ooreenkomstig hierdie kinders se behoeftes, vermoëns, potensiaal en beperkinge te ontwikkel.

- Om kennis met betrekking tot die beginsels, tegnieke en werkswyses in gestaltterapie en spelterapie in te samel en uit te brei, ten einde die hulpverleningsprogram aan die aggressiewe kind en sy ouer(s) sinvol te ontwikkel en deur te voer.

- Om ouers en hul aggressiewe kinders in die middelkinderjare tydens 'n vooronderso ek te betrek, ten einde die doeltreffendheid, die relevantheid en die

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

uitvoerbaarheid van die intervensieprogram en die meetinstrumente te toets en te verhoog.

- Om ses aggressiewe kinders en hul ouers by die hoofondersoek te betrek waartydens hulle die spelterapeutiese intervensieprogram deurloop, en om hulle by die voor- en natoetsing deur middel van gestandaardiseerde skaalvoltooiing te betrek waardeur die sukses van die program gemeet word.

- Om die hulpverlening deur middel van spelterapie vanuit die gestaltbenadering te rig ten einde die kind te bemagtig om sy aggressie te hanteer en die ouer-kind binding te versterk.

- Om 'n spelterapeutiese intervensieprogram vir gebruik deur spelterapeute en maatskaplike werkers daar te stel.

- Om na afloop van die intervensieprogram, gevolgtrekkings en aanbevelings aan ouers en maatskaplike werkers rondom die identifisering en hantering van aggressie by die middelkinderjare kind en die versterking van die ouer-kind binding te verskaf.

## 1.5 NAVORSINGSHIPOTESE

'n Hipotese is 'n tentatiewe aanname of voorlopige aanvaarde verklaring oor die verband tussen twee of meer veranderlikes, wat deur eksperimentering of waarneming getoets word (Smit, 1985:17). Kerlinger (in DeVos, 1998:116) sluit hierby aan deur te meld dat die hipotese 'n veronderstelling is wat sowel die verband tussen twee of meer veranderlikes as duidelike implikasies vir die toetsing van die verband, aandui. Vir hierdie navorsing is die volgende hipotese gestel:

**"Indien die aggressiewe kind in sy middelkinderjare by die spelterapeutiese intervensieprogram betrek word, en sy ouer(s) deur die intervensieprogram**

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

**bemagtig word, kan die kind gehelp word om van sy aggressie bewus te word, te beheer en te verminder, en sodoende word die ouer-kind binding versterk".**

## 1.6 NAVORSINGSBENADERING

Intervensienavorsing word in die betrokke studie in die vorm van 'n kombinasie tussen kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing aangewend. Volgens Creswell (in De Vos,1998:360) word daar tussen drie modelle in die kombinering van kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing onderskei: die tweefasemodel; die dominant-teenoor-minder-dominant-model en die gemengde metodologiese model. Die dominant-teenoor-minder-dominant-model is benut waar die navorser een metode (byvoorbeeld kwalitatiewe navorsing) as dominante paradigma gebruik, terwyl die alternatiewe paradigma (kwantitatiewe navorsing) 'n kleiner komponent van die oorhoofse studie uitmaak. Vir die doel van hierdie studie is kwalitatiewe navorsing grootliks in die hoofondersoek benut, terwyl kwantitatiewe navorsing as 'n kleiner komponent benut is.

Die doel met **kwalitatiewe navorsing** is om 'n nuwe navorsingsterrein te verken, of gebeure, 'n situasie of 'n verskynsel te beskryf of te verklaar (Landman,1990:50). De Vos (1998:240) stem met Landman saam deurdat kwalitatiewe navorsing as 'n multiperspektiewe benadering beskou word wat sosiale interaksie beskryf, interpreteer en ontwikkel. Volgens Marshall & Rossman (1989:11) het 'n navorser wat kwalitatiewe navorsing doen, met 'n groot uitdaging te make. 'n Rede wat die bovermelde skrywers hiervoor aanvoer, is dat daar met unieke mense en situasies gewerk word. Navorser is van mening dat kwalitatiewe navorsing meer met die eienskappe, kenmerke en kwaliteite van menslike gedrag binne die natuurlike konteks gemoeid is. Die metodes van kwalitatiewe navorsing is intensiewe betrokkenheid by en interaksie met die individue of subjekte wat bestudeer word.

Kwalitatiewe navorsing blyk ook 'n indiepte studie te wees, en dit stel derhalwe nie die vereiste dat 'n groot aantal proefpersone by die studie betrek word nie. Die kwalitatiewe

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

data wat verkry is, is deur navorser se eie betrokkenheid en waarneming van die gevallestudies, aantekeninge tydens die sessies, voortdurende assessering van elke sessie en die benutting van oudiokasette bekom. Literatuurstudies is ook gedoen om meer inligting vir die gevallestudies te bekom en om die intervensieprogram te ontwerp. Tydens die betrokke studie is die aggressiewe kind en die soort ouer-kind binding ondersoek, en elke kind se unieke proses is aan die hand van die bevindinge in die navorsing verklaar.

Navorser is van mening dat die genoemde doelstellings van die studie deur kwalitatiewe navorsing bereik kan word. Die navorser se betrokkenheid en waarneming tydens die onderhoude bied inligting rondom die aggressiewe kind.

Volgens Schurink (1998:243) het **kwantitatiewe navorsing** ten doel om 'n sosiale verskynsel op 'n objektiewe wyse te meet, 'n hipotese te toets en menslike gedrag te voorspel en te beheer. Veranderlikes word tydens kwantitatiewe navorsing gemanipuleer, en gestandaardiseerde metodes van data-insameling word aangewend om die verband tussen veranderlikes aan te dui en te verklaar. Skale as kwantitatiewe data-insamelingsmetode is as 'n voor- en nameting aan die betrokke kind en sy ouer(s) gegee om die verband tussen die veranderlikes te meet.

## 1.7 SOORT NAVORSING

In die betrokke studie is daar van intervensienavorsing gebruik gemaak. Intervensie navorsing is volgens De Vos (1998:11) 'n nuwe model van ontwikkelingsnavorsing. Intervensienavorsing val ook binne die konteks van toegepaste navorsing. Volgens Bloom (1986:56) het toegepaste navorsing ten doel om deur middel van 'n studie die wetenskaplike en tegnologiese kennis van 'n maatskaplike verskynsel uit te brei, met die praktiese benutting daarvan as die uitsluitlike oogmerk. Volgens De Vos (1998:11) wil intervensienavorsing iets nuuts ontwikkel, implementeer en evalueer om die probleem in die praktyk aan te spreek.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

Binne intervensienavorsing kan 'n navorsingsprojek op die ontwikkeling van nuwe intervensiemetodes gerig word. Hierdie aspek van intervensienavorsing noem De Vos, Schurink & Strydom (1998:11) "intervention design and development". Daar is in die betrokke studie gepoog om die reeds bestaande kennis oor die aggressiewe kind en ouer-kind binding uit te brei en toe te pas, om effektiewe metodes in die intervensie met die kind en die ouer te vind, en om 'n program te ontwikkel wat as riglyn in die hulpverlening aan die aggressiewe kind en die versterking van die ouer-kind binding sal dien. Hierdie program is geïmplementeer en geëvalueer.

Intervensienavorsing word deur De Vos (1998:385) in ses fases ingedeel, naamlik:

- **Fase 1:** Analisering van die probleem en beplanning van die projek. In die betrokke studie is daar eerstens 'n probleemanalise van die moontlike invloed van 'n kind se aggressie op die ouer-kind binding, gedoen. Kinders in hul middelkinderjare wat aggressiewe gedrag openbaar, is by navorser se privaatpraktyk geïdentifiseer. Toestemming is van die aggressiewe kind se ouer(s) verkry aangesien die kind en sy ouer(s) die eerste sessie saam bygewoon het.

- **Fase 2:** Die insameling van data en die opstel van 'n sintese.'n Literatuurstudie is volledig gedoen om inligting rondom aggressie, die middelkinderjare, die ouer-kind binding, spelterapie en die gestaltbenadering te bekom.

- **Fase 3:** Die ontwerp- 'n bruikbare ontwerp word gekies. In die betrokke studie is 'n sisteem vir data-insameling ontwerp om die intervensie suksesvol te kan uitvoer.

- **Fase 4:** Vroeë ontwikkeling en die voorondersoek. Die intervensieprogram is tydens die voorondersoek met twee laerskoolkinders en hul ouers geïmplementeer, en die voorondersoek is vir benutting in die hoofondersoek geëvalueer en aangepas.

- **Fase 5:** Evaluering en 'n uitgebreide ondersoek. In hierdie fase is die intervensieprogram tydens die hoofondersoek met ses laerskoolkinders wat

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

aggressiewe gedrag openbaar het en waar onvoldoende ouer-kind binding na vore gekom het, geïmplementeer.

- **Fase 6:** Verspreiding van die navorsingsproduk. Hierdie fase is nie in die betrokke studie benut nie. Daar is wel 'n navorsingsverslag geskryf, aanbevelings op mikro-, meso- en makrovlak gemaak en terugvoer is aan ouers en maatskaplike werkers gegee. 'n Hipotese is vir verdere navorsing gestel en daar word beplan om artikels vir publikasie in vaktydskrifte gereed te maak. Navorser beplan verder om die program deur die aanbieding van kort kursusse te bemark en om in navorser se privaatpraktyk te benut.

Navorser beskou die eerste vier fases as die voorondersoek en die program in intervensienavorsing, terwyl die vyfde fase as die empiriese uittoetsing en evalueringskomponent in intervensienavorsing dien, en die sesde fase basies die beskikbaarstelling en bemarking van die navorsingsproduk behels.

## 1.8 NAVORSINGSONTWERP

Volgens Tripodi (in Grinnell, 1981:198) sluit die navorsingsontwerp die hele proses van navorsing in. Hy konstateer: *" The purpose of research designs is to provide a set of systematic procedures for producing data pertaining to the development, modification or expansion of knowledge".* 'n Navorsingsontwerp dien dus as 'n raamwerk wat struktuur aan die navorsing gee en waarin spesifieke strategieë verskaf word om die navorsing suksesvol uit te voer.

Vir die doel van hierdie studie het navorser die verklarende ontwerp oorweeg, maar navorser is oortuig dat kwasi-eksperimentele navorsing as enkelstelselontwerp benut moet word. Volgens Grinnell & Williams (1990:167) word 'n verklarende ontwerp gebruik in 'n poging om aspekte wat voorheen ontdek is, te verduidelik. Dit beteken dat baie inligting oor die navorsingsontwerp reeds bekend is, en dat die navorser in die posisie is om te probeer vasstel of 'n sekere onafhanklike veranderlike X 'n sekere

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

afhanklike veranderlike Y veroorsaak. Daar is reeds bestaande kennis oor aggressie en ouer-kind verhoudings. Navorser het dus bepaal of die afhanklike veranderlike (die middelkinderjare kind se aggressie en die ouer-kind binding) deur die onafhanklike veranderlike (spelterapeutiese intervensieprogram) veroorsaak word. Die verklarende ontwerp het dus met oorsaaklikheid te make.

Kwasi-eksperimentele navorsing as enkelstelselontwerp is volgens Strydom (1998:141) 'n vorm van verklarende navorsing. Verskeie enkelstelselontwerpe word volgens Bloom & Fischer (in Strydom,1998:141) gebruik, maar vir die doeleindes van die studie word die kwasi-eksperimentele ontwerp benut.

## 1.9 NAVORSINGSPROSEDURES EN WERKSWYSE

Volgens Grinnell (1993:4) het die navorsingsprosedure ten doel om nuwe kennis op te doen en/of reeds bestaande kennis uit te brei, sodat die resultate van die navorsing geldig is en verklarend aangewend kan word. Vir die doel van hierdie studie het die navorser van die kwasi-eksperimentele prosedure as enkelstelselontwerp gebruik gemaak. Hierdie ontwerp kan ook 'n voortoets-natoets ontwerp (A-B-A ontwerp) genoem word. (vergelyk Strydom, 1998:145.)

Die voortoets-natoets enkelstelselontwerp kan soos volg beskryf word:

A-B-A

waar

A – Eerste waarneming van die afhanklike veranderlike (Bylae C en D ten opsigte van die ouer en bylae F en G ten opsigte van die kind is benut).

B – Onafhanklike veranderlike (spelterapeutiese intervensieprogram).

A - Tweede waarneming van die afhanklike veranderlike (Bylae C en D ten opsigte van die ouer en bylae F en G ten opsigte van die kind is benut).

Die voortoets van die afhanklike veranderlike word volgens Strydom (1998:145) gebruik as basis vir die vergelyking van die natoets. Die resultate van die voor- en natoets word

met mekaar vergelyk om die impak van die intervensie te bepaal. Daar word dus deur middel van die voortoets-natoets ontwerp bepaal tot watter mate die spelterapeutiese intervensieprogram (onafhanklike veranderlike) die middelkinderjare kind se aggressie en die ouer-kind binding (afhanklike veranderlike) beïnvloed. Navorser is van mening dat die afhanklike veranderlike aan die onafhanklike veranderlike in die betrokke studie blootgestel is. Daar kan dus aangeneem word dat enige verskil tussen die afhanklike veranderlikes wat tydens die voortoets en die natoets aangedui is, deur die onafhanklike veranderlike veroorsaak is. Die kind het dus van sy aggressie bewus geword en kon sy aggressie beheer wat tot die versterking van die ouer-kind verhouding gelei het.

Navorser het van navorsing onder gekontroleerde omstandighede deur middel van die veldopname gebruik gemaak. Navorser het gepoog om die inherente kenmerke van die betrokke persoon waar te neem. Die navorser word dus deel van die proses. Tydens die betrokke studie is inligting ten opsigte van die aggressiewe kind en sy ouer ook deur middel van gevallestudies, prosesnotas, voortdurende assessering na elke sessie en die benutting van oudiokasette bekom. Volgens Landman (1990:50) is laasgenoemde kenmerkend van kwalitatiewe navorsing. Smit (1985:76) omskryf die navorsingsprosedure as waarneming in 'n gekontroleerde toestand. Die veldopname is volgens Smit (1985:76) vir 'n omvangryke studie geskik. Persoonlike onderhoude, vraelyste en gekontroleerde waarnemings word in die veldopname gebruik.

Navorser het ses kinders tussen die ouderdomme van ses en nege jaar van beide geslagte wat aggressiewe gedrag toon, en die ouer(s) van die betrokke kind waar ouer-kind binding deur hulleself as swak beskryf is, as respondente by 'n spelterapeutiese program ingeskakel. Die kind en ouer(s) van die kind is dus by die sessies betrek.

Tydens die eerste twee sessies het die betrokke kind 'n skaal oor die bewustheid van sy aggressie en die tipe ouer-kind binding wat voorkom, voltooi (Bylae F en G). Dit is as gestruktureerde skaal hanteer. Die betrokke kind het ook 'n skaal tydens die beginfase van die intervensie oor sy maatskaplike funksionering voltooi (Bylae E). Hierdie skaal is slegs benut om inligting oor die kind te verkry, en nie as deel van die voor- en nameting

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

nie. Die ouer(s) van die betrokke kind het ook 'n skaal oor die die ouer se bewustheid van sy kind se aggressie en die ouer se binding met sy kind ingevul (Bylae C en D).

Tydens die verloop van die sessies het navorser van ongestruktureerde waarneming gebruik gemaak en spesifiek op bogenoemde aspekte gefokus wat in die gevallestudies aangeteken is. Na afloop van die intervensie het die betrokke kind en die ouer, op dieselfde manier as tydens die eerste sessie weer die skale voltooi (Bylae C, D, F en G). Die effektiwiteit van die intervensieprogram is daardeur bepaal.

## 1.10 VOORONDERSOEK

### 1.10.1 Literatuurstudie

Relevante bronne is geraadpleeg ten einde inligting aangaande kinders se ontwikkeling in hul middelkinderjare, aggressiewe gedrag by kinders en ouer-kind binding te bekom. Spelterapie as terapeutiese medium en sekere gestalttegnieke is geïdentifiseer. Verskeie bronne wat vir die studie gebruik is, is deur middel van 'n rekenaarsoektog deur die Universiteit van Pretoria se Akademiese inligtingsdiens geïdentifiseer. Min literatuur is oor ouer-kind binding en die invloed op latere ontwikkeling beskikbaar. Boeke, tydskrifartikels, proefskrifte en verhandelings was ook benut. Bronne uit ander dissiplines soos Sielkunde, Opvoedkunde en Kriminologie is ook vir die studie benut.

Die literatuurstudie is nie alleen hoofsaaklik gemik op die duidelike formulering van die probleem nie, maar is ook die aangewese bron van inligting oor hoe in die beplanning en die uitvoering van die voorgestelde titel te werk gegaan moet word. Oorsese bronne en artikels was van groot nut gewees, veral wat betref 'n volledige literatuuroorsig oor ouer-kind binding.

### 1.10.2 Konsultasie met kundiges

Navorser het onderhoude met 'n aantal persone gevoer wat waardevolle inligting in verband met aggressiewe gedrag by kinders en ouer-kind binding verskaf het. Die volgende professionele persone is aangaande sekere aspekte van die betrokke studie gekontak:

- Mev Irma Schutte- maatskaplike werker in privaatpraktyk, Pretoria, is genader om inligting rakende die enkelouer en ouer-kind binding te verkry.

- Mev Nicolene Schuld – opvoedkundige sielkundige, Hoërskool Ben Viljoen, Groblersdal. Mev Schuld is verantwoordelik vir die hantering en voorligting van kinders wat probleemgedrag binne die skoolopset openbaar. Sy is van mening dat swak ouer-kind verhoudings tot aggressiewe gedrag by die kind bydra. Binding moet dus op 'n vroeë ouderdom reeds versterk word.

- Mev Heila Scholtz – junior-primêr skoolonderwyseres, Laerskool Julian Muller, Groblersdal. Sy haal aan deur die volgende te noem: *"Aggressie by die junior-primêre skoolkind het baie toegeneem, ouers spandeer onvoldoende tyd saam met hul kinders en kinders ontvang dus nie die nodige ondersteuning en liefde nie".* Sy lewer belangrike insette ten opsigte van die jong skoolkind se ontwikkeling.

- Dr J M Yssel – spelterapeut in privaat praktyk. Waardevolle insette word oor spelterapie en die gestaltbenadering vir die doeleindes van die studie gelewer.

- Persoonlike ongestruktureerde onderhoude met ouers van aggressiewe kinders om die invloed op die ouer-kind binding te bepaal.

- Beide prof. M.S.E Du Preez en dr. C.S.E. Delport van die Universiteit van Pretoria het as navorsingskundiges tydens die navorser se navorsingstentamen en studie opgetree.

### 1.10.3 Uitvoerbaarheid van die ondersoek

Navorser is van mening dat die studie as gevolg van die volgende redes uitvoerbaar was:

- As gevolg van die navorser se betrokkenheid by Laerskool Julian Muller in privaatpraktyk, bestaan daar 'n goeie verhouding tussen die onderwysers en navorser. Verwysings van kinders na navorser se praktyk is meestal vanaf die Laerskool. Navorser is tans die enigste spelterapeut in Groblersdal. Die kinders is hoofsaaklik deur hul ouers verwys aangesien die hoofaanmeldingsprobleem by navorser se praktyk aggressiewe kinders met ouer –kind probleme is. Toestemming is dus slegs vanaf die ouers nodig om hul kinders by die studie te betrek.

- Die terapeutiese fasiliteite vir die navorsingsdoeleindes was beskikbaar as gevolg van die navorser se ingerigte speelkamer by haar privaatpraktyk waar sy spelterapie toepas.

- Kenners op die gebied van probleemgedrag by kinders was ook beskikbaar en gemotiveerd om insette te lewer sodat 'n suksesvolle kinderpraktyk kon ontstaan en die intervensieprogram suksesvol aangewend is.

- Navorser se privaatpraktyk is in Groblersdal geleë, wat die toegang tot terapie vir ouers en kinders maklik maak. Tans is die meerderheid verwysings, aggressiewe kinders in hul middelkinderjare en probleme met dissipline tuis. Vir die doeleindes van die navorsing kon respondente dus maklik geïdentifiseer word.

- Navorser se teoretiese kennis en opleiding as maatskaplike werker, en praktiese kennis as spelterapeut, asook met die leiding wat van die promotor verkry is, het die navorser in staat gestel om die vaardighede en tegnieke in spelterapie met sukses aan te pak.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

- Skriftelike toestemming is van die betrokke ouer(s) verkry om hul kind en hulself vrywillig by die studie te betrek. 'n Skriftelike kontrak is met die betrokke ouer en kind opgestel, ten einde konfidensialiteit te verseker en toe te sien dat almal se belange op die hart gedra word.

- Die intervensieprogram het tussen 18 Augustus 2000 en 13 Oktober 2000 plaasgevind. Die program het uit tien sessies van vyf-en-veertig minute elk bestaan. By die eerste sessie was die betrokke kind en sy ouer(s) saam vir assessering. Vanaf sessie twee tot sewe het die kind alleen by terapie ingeskakel. Tydens sessie agt tot tien was die kind en sy ouer(s) weer saam betrokke tydens die terapie. Spelterapie sessies het een tot twee keer 'n week plaasgevind.

### 1.10.4 Toetsing van skale en intervensieprogram

Navorser het vir die doel van die studie persoonlike onderhoude aan die hand van gestandaardiseerde skale (Hudson skale) met ouers en kinders voltooi. Die volgende skale was vir die betrokke kind gebruik:

- Kinderfunksioneringsinventaris – Junior- Primêr (Bylae E);
- Kind se houding teenoor ma (Bylae F);
- Kind se houding teenoor pa (Bylae G).

Die volgende skale het die betrokke ouer(s) voltooi:

- Indeks van ouergesindheid (Bylae C) en
- Kindergedragskaderingskaal (Bylae D).

Volgens Faul & Van Niekerk (1999:92) is die gestandaardiseerde skaal (naamlik die kinderfunksioneringsinventaris) spesifiek vir die laerskoolkind ontwerp. Hierdie skaal meet sestien algemene aspekte wat by dié kind voorkom, byvoorbeeld selfbeeld,

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

verantwoordelikheid, aggressie, angs, binding met die ouers, probleme by die skool, maats en gesinsprobleme.

Die skaal is met twee kinders en hul ouers in 'n voor- en natoets benut ten einde die resultate te bepaal. Die bruikbaarheid, duidelikheid en verstaanbaarheid van die skaal kon getoets word. Al was dit 'n gestandaardiseerde skaal wat gebruik is, is dit benut om die konsekwentheid vir die doel van die ondersoek te meet. Die intervensieprogram is ook met die twee kinders as voorondersoek uitgetoets. Veranderings en aanpassings aan die intervensieprogram is aangebring ten einde die program vir die hoofondersoek af te rond. Dit wat in die voorondersoek verander is, is die hoeveelheid tyd wat daar aan die invul van die skale gespandeer is, en of ouer en kind saam in dieselfde kamer die skale kan voltooi.

Die gestandaardiseerde skaal is as die voor- en die natoets in die hoofondersoek deur die betrokke ouer(s) en kind voltooi. Die skale van die ouer(s) het op hul bewustheid van die kind se aggressiewe gedrag en hul binding met die kind gefokus (Bylae C en D). Die skale van die betrokke kind het op die kind se bewustheid van sy gevoelens, soos aggressiewe gedrag en sy binding met sy ouer(s) gefokus (Bylae E, F en G).

In die voorlopige studie is besef hoe belangrik 'n intervensieprogram is om die aggressiewe kind te verstaan en te bemagtig, en om die ouer-kind binding te versterk. Die voorondersoek vorm nie deel van die finale verslag en aanbevelings nie. Die doel was slegs om vroegtydig probleemareas in die navorsing raak te sien en uit die weg te ruim.

## 1.11 OMSKRYWING VAN UNIVERSUM, AFBAKENING VAN STEEKPROEF EN WYSE VAN STEEKPROEFNEMING

Daar kan volgens Grinnell & Williams (1990:119) twee hoofgroepe steekproewe onderskei word, naamlik die waarskynlikheidseleksie en die nie-waarskynlikheidseleksie tipe van steekproewe. Die metode van steekproeftrekking was nie-waarskynlikheidseleksie gewees aangesien die universum nie bekend was nie. Navorser



i15994077
b15400001

het nie vooraf geweet wie vir terapie sal aanmeld nie. Eers nadat die kliënte aangemeld het, kon hulle eienskappe bekend word. Die universum het dus uit kinders bestaan wat oor 'n spesifieke tydperk by navorser se privaatpraktyk aangemeld het, as gevolg van aggressiewe gedrag en/of onvoldoende ouer-kind binding. In hierdie studie is daar spesifiek van doelgerigte steekproeftrekking gebruik gemaak.

Eienskappe soos woede-uitbarstings en aggressie is by die seleksie van die proefpersone in ag geneem. Proefpersone was dus doelgerig vir deelname in die navorsingsproses geselekteer. Aangesien die fokus op die vroeë middelkinderjare was, is slegs kinders tussen die ouderdom van 6 jaar en 9 jaar by die studie betrek. Seleksie in navorser se praktyk het op die volgende kriteria berus:

- **Geslag:** beide geslagte.
- **Ouderdom:** ses tot nege jaar.
- **Taal:** Afrikaans of Engels.
- **Probleem:** Aggressiewe gedrag by kinders, waar ouers self weens swak ouer-kind verhoudings aanmeld.
- **Ouers:** Getroud of enkelouers.
- **Tydperk:** Tussen 31 Julie 2000- 14 Augustus 2000 waar ouers by navorser se praktyk vir terapeutiese dienste kon aanmeld. Die sessies vir die doeleindes van die studie het vanaf 18 Augustus 2000 tot 13 Oktober 2000 plaasgevind.

Vanuit die universum en met bogenoemde kriteria in gedagte, het navorser deur doelgerigte steekproeftrekking ses kinders en hul ouer(s) vir die doeleindes van die betrokke studie geselekteer. Drie gevalle was enkelouers. By twee van daardie aanmeldings was 'n ouer oorlede en een was 'n geskeide ouer. Die ander drie aanmeldings was getroude ouers.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

## 1.12 ETIESE ASPEKTE

*"Ethics is a set of moral principles which is suggested by an individual or group, is subsequently widely accepted, and which offers rules and behavioural expectations about the most correct conduct towards experimental subjects and respondents, employers, sponsors, other researchers, assistants and students"* (Strydom, 1998a:24). Etiese aspekte verwys dus na die beginsels waarop navorsing gebaseer moet word waar elke navorser sy studie voortdurend eties evalueer. Etiese aspekte moet deel van elke navorser se lewenstyl uitmaak.

Sekere etiese aspekte moet volgens Strydom (1998a:25-34) in ag geneem word, naamlik die besering van respondente, die doel van die navorsing met voor-en nadele vir die respondent, konfidensialiteit, die ervaring en kennis van die navorser moet aan die respondent verseker word, samewerking met kollegas en finansiële steun en/of borge vir die navorsing moet konfidensieel hanteer word, en die bekendstelling en beskikbaarheid van die bevindinge moet in ag geneem word. Volgens navorser is dit die navorser se verantwoordelikheid om laasgenoemde etiese aspekte in ag te neem wanneer kontrakte tussen die navorser en respondent saamgestel word.

Vir die doeleindes van die studie het die betrokke respondente self by navorser se privaatpraktyk aangemeld om in die studie betrek te word. 'n Kontrak vir slegs die betrokke ouer(s) is dus saamgestel. Die navorser het met die ouer(s) 'n kontrak geteken waar die etiese aspekte bespreek is (sien bylaag B). Die navorser en die betrokke kind het 'n mondelinge ooreenkoms ten opsigte van die reëls en tye van die terapiesessies nagegaan. In die gevallestudies word van skuilname gebruik gemaak ten einde die konfidensialiteit van kliënte te verseker.

## 1.13 LEEMTES EN PROBLEME WAT TYDENS DIE STUDIE ERVAAR IS

- **Invul van vraelyste**

Alhoewel die skale gestandaardiseerd en spesifiek op die laerskoolkind gefokus was, was sekere vrae moeilik verstaanbaar vir die respondent en kon die terapeut se leiding moontlik die respondent se keuse beïnvloed het. Die beantwoording van die skale was nie altyd vir die respondent aangenaam om in te vul nie (moontlik oor die aggressie en weerstand wat die respondent gebied het). 'n Moontlike ander voorgrondsbehoefte by die respondent kon die beantwoording beïnvloed het.

- **Weerstand by die respondent**

Tydens die eerste sessie het twee respondente baie weerstand teenoor die terapie gebied. Dit het die verloop van die studie vertraag. Een respondent was net bereid om vier spelterapiesessies by te woon. Dit was die respondent se keuse. Die respondent se aggressie kon in'n mate aangespreek word, maar verdere bewusmaking van sy aggressie sou tot voordeel gewees het. Die ouer-kind verhouding kon dus nie optimale aandag ontvang nie, aangesien die respondent steeds aggressiewe gedrag getoon het. Vyf van die ses respondente het die sessies voltooi. Die sesde respondent het egter tydens die aanvangsfase van die sessies onttrek. Die kind is vir die behandeling van moontlike Tourette-sindroom en ander faktore wat tot die kind se erge aggressie bydra, verwys. Vyf respondente het dus aan die betrokke studie deelgeneem.

- **Ouerleiding**

Alhoewel ouerleiding tydens die laaste drie sessies aan die respondente aangebied is, het sekere ouers dit nie voldoende benut nie. Navorser is van mening dat die ouers 'n behoefte aan meer gestruktureerde ouerleidingsessies het.

- **Gebrek aan gereelde kontak met die respondente**

Die enigste werklike probleem wat navorser tydens die uitvoering van hierdie studie ervaar het, was dat sommige respondente afsprake vergeet het of nie opgedaag het nie. Die verloop van die studie was dus vertraag.

## 1.14 DEFINISIES VAN HOOFKONSEPTE

### 1.14.1 Aggressie

Volgens Oaklander (1988:221) is aggressie die *"...most feared, resisted, suppressed, threatening emotion because it is so often the most important and the deepest hidden block to one's sense of wholeness and well being".* Schaefer & Millman (1992:236) noem dat aggressie die gedrag is wat tot die persoonlike besering van andere lei. Aggressie raak egter 'n masker of soos Eastman (1994:3) dit aanhaal: *"...when children feel angry, hurt, dissappointed or frustrated they want the world to know...the dragon of anger has many faces...".*

Aggressie is dus 'n normale, eerlike, maar negatiewe gevoel wat elke mens ervaar. Dit is egter die manier waarop aggressie hanteer word wat uiters belangrik is. Kinders wil in beheer van hul lewe wees. Indien die kind dus aggressief raak, gebruik die kind sy aggressie as 'n wapen om homself te beskerm.

### 1.14.2 Middelkinderjare

Volgens Louw et al.(1990:325) is die middelkinderjare die tydperk tussen die sesde en twaalfde lewensjare van 'n kind. Bender (1996:112) konstateer dat die kind tussen die ouderdom van ses tot twaalf jaar in sy middelkinderjare is. Die kind is op 'n stadium van ontdekking en groei. Die kind is op 'n stadium in sy lewe wanneer hy enersyds die wondere van die lewe ontdek en andersyds emosioneel ontwaak wat 'n uitwerking op die ontwikkeling tot volwassenheid het. Die middelkinderjare word volgens hierdie skrywers gewoonlik met die kind se skooltoetrede as mylpaal beskryf. Hierdie tydperk is van kritieke belang vir die kind se kognitiewe, sosiale, emosionele en selfkonsepontwikkeling.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

Die middelkinderjare kan dus beskou word as die tydperk waar die kind in die laerskool op alle gebiede groei en ontwikkel. Die kind is dus in hierdie stadium in 'n proses om homself te vind, te leer, te groei en te ontwikkel.

**1.14.3 Ouer-kind binding**

Volgens Bowlby (1993:67) word binding as sekuriteit en veiligheid beskryf en hy noem dat die bindingsproses by ouers en kinders van die uiterste belang is. Kinders voel veilig indien hulle verhouding met hul ouers vir hulle sekuriteit bied. Waar daar geen binding is nie, kan 'n kind gemengde emosies openbaar soos 'n behoefte aan liefde, 'n soeke na afhanklikheid, vrees, aggressie en eensaamheid kan voorkom. Maccoby (1980:3) noem dat hoe sterker die ouer-kind binding is, hoe sterker is die kind se innerlike om aan sy gevoelens uiting te gee. Hy beskryf binding as 'n gevoel om die kind veilig te laat voel.

Positiewe binding bied dus sekuriteit en veiligheid aan die ouer en kind. Indien positiewe binding nie by die ouer en kind plaasvind nie, kan die kind sy emosies onderdruk of wegsteek, en dit verhoed dat die kind in beheer van sy gevoelens is.

**1.14.4 Gestaltterapie**

Gestaltterapie is 'n humanistiese, prosesgeöriënteerde vorm van terapie wat op al die aspekte van 'n persoon, naamlik sy sintuie, liggaam, gevoelens en intellek betrekking het (Oaklander,1993:281). Dit omsluit die kognitiewe en emosionele totaliteit van elke persoon, elke oomblik en tydens elke gebeurtenis (Clarkson,1989:1). Volgens Gouws, Louw, Meyer & Plug.(1979:104) is gestaltterapie 'n vorm van psigoterapie wat fokus op dit wat onmiddellik teenwoordig is, met die doel om die kliënt te help om die gewaarwordinge van sy ervarings in hulle totaliteit te verbeter.

Gestaltterapie het dus ten doel om die mens in kontak met sy gevoelens te bring. Gestaltterapie is 'n terapeutiese benadering wat op menslike groei, bewustheid en

verantwoordelikheid fokus. Hierdie aspekte vorm dus deel van beheer en balans in 'n persoon se lewe.

### 1.14.5 Spelterapie

Spelterapie word volgens Axline (in West,1992:13) soos volg omskryf: *"Play therapy is based upon the fact that play is the child's natural medium of self-expression. It is an opportunity which is given to the child to 'play out' his feelings and problems, just as in certain types of adult therapy, an individual 'talks out' his difficulties"*. Oaklander (1988:160) noem dat kinders speel om hul ervaring met die terapeut te deel oor wat in hul lewens aangaan. Spelterapie veronderstel 'n terapeutiese situasie met terapeutiese tegnieke ten einde terapeutiese intervensie te bereik.

Spelterapie dien dus as kommunikasiemedium tussen die kind en die terapeut waar die kind die geleentheid gebied word om sy ervaringswêreld en sy behoeftes in 'n veilige atmosfeer te ontlaai. Die kind word dus deur middel van spelterapie van sy behoeftes bewus. Hy kan dit uitspel en beheer daaroor verkry. Sekere kinders het egter spelterapie nodig om 'n forum te skep waarbinne die kind kan kommunikeer.

## 1.15 INDELING VAN DIE NAVORSINGSVERSLAG

Die studie word in agt hoofstukke aangebied.

Die doel van hoofstuk 1 is om breë trekke te gee waaroor die navorsing handel, wat daarmee beoog is en die prosedures wat gevolg is om dit deur te voer.

In hoofstuk 2 word die middelkinderjare bespreek. Daar is op alle aspekte van die ontwikkeling gefokus.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

Aggressiewe gedrag in die middelkinderjare word in hoofstuk 3 bespreek. Die oorsake, voorkoming en hantering van aggressiewe gedrag in die middelkinderjare geniet op alle vlakke van die kind se ontwikkeling aandag.

Hoofstuk 4 verskaf 'n oorsigtelike beeld van die invloed van die ouer-kind binding op 'n kind se aggressie. Klem word veral op die ontwikkeling van binding, faktore wat binding beïnvloed en die versterking van die ouer-kind binding in die middelkinderjare gelê.

Hoofstuk 5 behels 'n literatuurstudie oor spelterapie. Klem word onder andere gelê op die doel, waarde en ontwikkeling van spel in die middelkinderjare, uitgangspunte en beginsels in spelterapie, die eienskappe van die spelterapeut, struikelblokke in spelterapie met die aggressiewe kind, en die terapeutiese proses tydens spelterapie. Die gestaltbenadering wat as basis vir die studie dien geniet ook aandag.

Die praktiese uitvoering van die navorsing (empiriese ondersoek) word in hoofstuk 6 uiteengesit.

'n Volledige uiteensetting van die spelterapeutiese intervensieprogram wat tydens die betrokke studie geïmplementeer is, word in hoofstuk 7 verskaf.

Navorser kom in hoofstuk 8 tot 'n eie gevolgtrekking na afleiding wat van die bevindinge in hoofstuk 6 gemaak is, en aanbevelings op grond van die inligting wat uit die ondersoek verkry is, word gemaak.

## 1.16 SAMEVATTING

Hierdie hoofstuk is benut om 'n aantal aspekte betreffende die metodes en die prosedures waarvolgens die studie uitgevoer is, te bespreek. Eerstens is aandag aan die motivering vir die keuse van die onderwerp en die probleemformulering gegee. Die doel van die studie en die navorsingshipotese is bespreek. Die navorsingsmetodologie is bespreek en laastens is definisies van die hoofkonsepte uiteengesit.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

Deeglike kennis van die kind in die middelkinderjare is volgens navorser noodsaaklik om die aggressiewe laerskoolkind te verstaan. Hierdie inligting word vervolgens in hoofstuk 2 bespreek.

# HOOFSTUK 2
# DIE MIDDELKINDERJARE

## 2.1. INLEIDING

Navorser het vir die doeleindes van die studie op die middelkinderjare kind en meer spesifiek op die junior- primêre skoolkind gekonsentreer, omdat dit die fase is waar die kind vir die eerste keer aan die lewe buite die gesin blootgestel word. Dit is die kind se vormingsjare waartydens ontwikkeling op alle gebiede voorkom. Die middelkinderjare kan as 'n rustige, tog belangrike tydperk wat betref die kind se kognitiewe, sosiale, emosionele en selfbeeldontwikkeling beskou word. Die middelkinderjare kan as die tydperk tussen ongeveer die sesde en die twaalfde lewensjaar beskou word (Louw et al.,1990:325). Volgens Bender (1996:14) word die middelkinderjare tussen die junior (± 6-9 jaar) en die senior (± 9,10-12,13 jaar) primêre skooljare onderverdeel.

Volgens navorser verken die kind in sy middelkinderjare die wêreld op 'n breër vlak as die voorskoolse kind. Die kind word tydens hierdie tydperk aan verskeie groei en ontwikkeling blootgestel. Positiewe ontwikkeling van die kind is belangrik sodat hy verdere take op sy lewenspad kan bemeester. Indien sy ontwikkeling belemmer word, ontwikkel die kind nie tot sy volle potensiaal nie, en word die bereiking van ontwikkelingstake negatief beïnvloed. Navorser is verder van mening dat dit noodsaaklik vir die kind is om 'n opbouende sin vir die self te ontwikkel. 'n Kind se waarde vir die self word positief of negatief beïnvloed deur kontakte met ander kinders en volwassenes in ander sisteme as net die gesin.

Omdat die studie op die emosionele-sosiale ontwikkeling van die kind fokus word daar klem gelê op die ouer-kind binding en die ontstaan van aggressiewe gedrag by die kind, asook sekere ontwikkelingsteorieë. Volgens Louw et al.(1990:52) en Thomas (1996:3) is daar verskeie teorieë wat die terrein van ontwikkeling beklemtoon. Sommige teorieë poog om 'n beskrywing of verklaring van die totale persoonlikheid te bied, terwyl ander

op spesifieke aspekte van ontwikkeling konsentreer. Vervolgens word die ontwikkelingstake van die middelkinderjare kind bespreek.

## 2.2. ONTWIKKELINGSTAKE VAN DIE MIDDELKINDERJARE

Navorser is van mening dat die kind in sy middelkinderjare op 'n reis is om selfstandig te word. Dit is belangrik dat die kind sy ontwikkelingstake binne hierdie ontwikkelingsfase moet bemeester, sodat die kind gesond kan funksioneer en na 'n volgende fase kan voortgroei.

Volgens Havighurst (in Thomas,1996:57) kan ontwikkelingstake soos volg gedefiniëer word: *"a task which arises at or about a certain period in the life of the individual, successful achievement of which leads to his happiness and to success with later tasks, while failure leads to unhappiness in the individual, disapproval by society and difficulty with later tasks"*.

### 2.2.1 Liggaamlike ontwikkeling

Volgens Du Toit & Kruger (1991:108) is die primêre skooljare 'n tydperk van stadige en geleidelike groei wat deur 'n fase van vinnige groei net voor puberteit gevolg word. Du Toit & Kruger (1991:108-111), Louw et al. (1990:326-330) en Clark-Stewart & Friedman (1987:414) stem saam oor al die aspekte van 'n kind se ontwikkeling.

#### 2.2.1.1 Algemene liggaamlike ontwikkeling

Veranderings vind hoofsaaklik in die liggaamsproporsies van die kind plaas, in teenstelling met die groot veranderings in lengte en massa wat in die voorskoolse jare voorkom (Du Toit & Kruger,1991:108). Volgens Jiaying (1990:185) en Louw et al.(1990:326) neem lengte van ongeveer 1,20m op sesjarige ouderdom tot ongeveer 1,50m op twaalfjarige ouderdom toe. Massa oor dieselfde tydperk neem van ongeveer 20kg tot ongeveer 40kg toe. Volgens bogenoemde skrywers verander die kind se

liggaamsproporsies geleidelik en die kind se liggaam begin nou die vorm van dié van 'n volwassene aanneem. Volgens Clarke-Stewart et al.(1987:414) is aktiewe kinders se spierontwikkeling beter ontwikkel as kinders wat nie aktief is nie. Die kind se gewig bly makliker konstant en kroniese siektes tydens volwassenheid, soos hartsiektes en hoë bloeddruk word voorkom. By die aanvang van die middelkinderjare wissel die kind tande (Du Toit & Kruger,1991:109). Melktande word dus deur permanente tande vervang wat die vorm van die gesig verander.

Volgens Gormly & Brodzinsky (in Louw et al.,1990:328) is daar geslagsverskille in die middelkinderjare. Seuns en dogters se liggame lyk dieselfde tot op die stadium van fisiese verandering. Op twaalfjarige ouderdom is dogters, wat lengte en massa betref, ongeveer twee jaar voor seuns. Dogters groei veral vanaf ongeveer nege- tot tienjarige ouderdom vinnig. Hulle word langer as seuns en behou ook meer vetweefsel.

Volgens Turner & Helms (1979:199) kan daar tussen die endomorfiese, mesomorfiese en ektomorfiese kind onderskei word. Die endomorfiese kind is gewoonlik minder gewild en toon dikwels negatiewe gevoelens teenoor sy liggaam. Die mesomorfiese kind is gewoonlik sterk gebou, het breë skouers, sterk bene en 'n atletiese voorkoms. Mesomorfiese kinders is dikwels aggressief en direk. Die ektomorfiese kind is nie so sterk gebou nie en is gewoonlik sensitief en 'n introvert. (vergelyk Turner & Helms,1979:199 en Du Toit & Kruger,1991:109.) 'n Kind se liggaamsbou het dus 'n groot invloed op die kind se emosionele, sosiale en kognitiewe ontwikkeling. Dogters bereik puberteit tussen ongeveer nege en twaalf jaar, en seuns teen ongeveer 14-jarige ouderdom. Navorser is van mening dat die kind in die middelkinderjare oor groter liggaams krag en uithouvermoë beskik, en dat hierdie ontwikkelingsfase 'n meer bewuste proses is, deurdat kinders hulself evalueer in terme van wat hy by ander kinders in die portuurgroep waarneem.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

### 2.2.1.2 Motoriese ontwikkeling

Volgens Louw et al. (1990:328) is dit verstaanbaar waarom kinders in hierdie fase aan aktiwiteite deelneem wat motoriese vaardighede vereis. Die aktiwiteite sluit in: hardloop, spring, huppel, fietsry, rolskaats, swem, bal skop, ballet en deelname aan 'n verskeidenheid ander sportsoorte. Jiaying (1990:185) en Louw et al. (1990:329) noem dat seuns gewoonlik vinniger as dogters ontwikkel wat betref motoriese aktiwiteite soos hardloop, spring en gooi. Dit word toegeskryf aan die feit dat seuns meer spierweefsel en daarom meer krag, as dogters het. Tydens die middelkinderjare is die kind geweldig aktief. Volgens Clarke-Stewart et al. (1987:414) dra bogenoemde tot die kind se ontwikkeling by. Die junior- primêre skoolkind se selfvertroue word bevorder en motoriese vermoëns verbeter wat vir verskeie fasette van die kind se persoonlikheidsontwikkeling bevordelik is.(vergelyk Du Toit & Kruger,1991:110 en Louw et al.,1990:330.) Die kind se sukses in motoriese ontwikkeling is dus baie belangrik, omdat dit die kind gewild of ongewild by sy maats maak, wat dan ook sy selfagting verhoog. Navorser wil die aaname maak dat kinders wat nie optimaal ontwikkel het nie, meer kwesbaar is om 'n lae selfbeeld te ontwikkel. Aggressiewe gedrag kan dus ontstaan omdat hierdie kinders hulself beskerm.

Volgens Hurlock (in Du Toit & Kruger,1991:110-111) help die volgende voorvereistes vir die suksesvolle aanleer van motoriese vaardighede:

- Leergereedheid: Die kind moet gereed wees vir 'n bepaalde aktiwiteit, byvoorbeeld skryf. Vaardigheid word dus gouer vasgelê as die kind gereed is.
- Leergeleentheid: Kinders moet nie oorbeskerm word nie, anders word die inoefening van motoriese vaardighede van hulle ontneem.
- Oefengeleentheid: Kinders moet genoeg tyd gegun word om 'n nuwe vaardigheid aan te leer.
- Modelle: Deur goeie en korrekte modelle kan kinders motoriese vaardighede aanleer.
- Leiding: Om 'n model suksesvol na te boots, het die kind ook die nodige leiding en ondersteuning van die opvoeders nodig.

- Motivering: Motivering en aanmoediging is noodsaaklik om die kind se belangstelling te behou.
- Motoriese vaardighede: Motoriese vaardighede moet individueel aangeleer word.

Navorser is van mening dat 'n toename in motoriese ontwikkeling sterk met die sukses in die skool, portuurgroep en die kind se opvoeders verband hou.

#### 2.2.1.3 Gesondheid

Kinders in die middelkinderjare is volgens Du Toit & Kruger (1991:111) gesonder as die voorskoolse kind. Die kind het gewoonlik reeds die meeste kindersiektes gehad, maar respiratoriese en gastro-intestinale infeksies kom nog dikwels voor. Volgens Hamachek (in Du Toit & Kruger,1991:111) is verkoues, infeksies van die ingewande en allergiese reaksies vir ongeveer 71% van die skoolafwesighede in die primêre skool verantwoordelik. Navorser is van mening dat liggaamlike gesondheid in die middelkinderjare al die ander groeifasette beïnvloed. Fisieke gesondheid gee tot beter motoriese vaardigheid, doeltreffender sosiale verhoudings, benutting van kognitiewe, morele en emosionele ontwikkeling aanleiding.

'n Fisies gesonde kind beskik dus oor meer energie (fisies en emosioneel) as die siek kind om die bepaalde ontwikkelingstake van hierdie kinderfase te hanteer en te bemeester.

### 2.2.2 Kognitiewe ontwikkeling

Die ontwikkeling van die skoolgaande kind se kognitiewe vaardighede is vinnig, maar is ook gedurig van stimulering en motivering vanaf sy opvoeders afhanklik. Die kind in die middelkinderjare word meer aan die buite wêreld blootgestel, en groei en ontwikkel dus in hierdie fase kognitief sterker as die voorskoolse kind. Aangesien die studie op die kind se emosionele-sosiale ontwikkeling fokus, word daar slegs sekere kenmerke van die kognitiewe ontwikkeling bespreek.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

Volgens Louw et al. (1990:331), Clarke-Stewart et al. (1987:434-437), Jiaying (1990:185) en Du Toit & Kruger (1991:114) noem Piaget die periode tussen 7 tot 11 of 12 jaar as die konkreet-operasionele periode. Die kind beskik oor operasionele denke. Hy is in staat om omkeerbare denkprosesse aan die hand van konkrete objekte uit te voer. Abstrakte denke is afwesig. Die kind is nog nie in staat om oor idees te dink of in terme van hipoteses te redeneer nie.

**2.2.2.1 Kenmerke van die kognitiewe ontwikkeling van die middelkinderjare**

Daar moet in ag geneem word dat die middelkinderjare in die junior- en senior- primêre skoolfase onderverdeel word en dat die kognitiewe ontwikkeling van die kind tydens hierdie fases verskil. Vervolgens word die kognitiewe kenmerke kortliks verduidelik:

- **Konservasie:** Konservasie beteken dat die kwantitatiewe verband tussen dinge (vloeistof en vaste stowwe) ten opsigte van massa en volume konstant bly ten spyte van perseptuele veranderings of transformasies (Du Toit & Kruger,1991:115). Volgens Louw et al. (1990:336) verstaan die kind eers konservasie van substansie (op 8 jaar), daarna konservasie van massa (op 10 jaar) en laastens konservasie van volume (op 11 of 12 jaar). Navorser is van mening dat die kind in sy middelkinderjare konservasies aanleer waarvan hy eerste bewus is en wat maklik waarneembaar is, en eers later onduideliker kwaliteite waarneem. Louw et al. (1990:336) stem saam met Du Toit & Kruger (1991:115) dat konservasie van substansie om die volgende redes deur die kind begryp word: sy vermoë om te desentreer; die vermoë om logies te dink; die aard van die transformasie word in ag geneem; die behoud van identiteit word begryp en wederkerigheid word verstaan.

- **Logiese denke en begrip van transformasies:** Die denke van die konkreet-operasionele kind is logies en nie meer intuïtief nie. Deur sy skoolonderrig tree daar nou by hom 'n analitiese ingesteldheid in en 'n soeke na ware feite (Du Toit & Kruger,1991:117). Die kind in die middelkinderjare konsentreer nie net op die

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

eindtoestand van die transformasie nie, maar neem die aard van die transformasie in ag.

- **Afname in egosentrisme:** Die kind ontwikkel die vermoë om ander rolle te vertolk, en om die wêreld en homself vanuit ander perspektiewe te beskou. 'n Afname in egosentrisme bring mee dat die kind iemand anders se standpunt kan insien en ook deur samesprekings sy eie standpunt kan wysig (Louw et al.,1990:332). Navorser is van mening dat die kind in sy middelkinderjare se spel van dié van die voorskoolse kind verskil, deurdat simboliese spel deur speletjies met reëls en kompetisiespel vervang word. Die kind leer dus dat ander kinders ook van hom kan verskil. Navorser is van mening dat hierdie verskille tot aggressiewe gedrag aanleiding kan gee, juis omdat die kind in die middelkinderjare in beheer van homself wil wees.

- **Desentrasie:** Volgens die skrywers kan die primêre skoolkind reeds verskeie aspekte van 'n saak gelyktydig in aanmerking neem. Hy konsentreer dus nie net op een besondere aspek van 'n saak en redeneer vervolgens na 'n ander besondere aspek nie, maar sy redenasie is logies en verskillende aspekte van 'n saak word oorweeg.

- **Omkeerbaarheid:** Die konkreet-operasionele kind kan omkeerbare denkprosesse aan die hand van konkrete objekte uitvoer (Du Toit & Kruger,1991:117). Volgens Clarke-Stewart et al. (1987:435) kan 'n kind dus verstaan dat 'n situasie na die oorspronklike omgekeer kan word.

- **Reeksvorming:** Die kind is nou in staat om voorwerpe in 'n sistematiese orde aan die hand van bepaalde kenmerke te rangskik. Navorser is van mening dat hierdie kenmerk by die middelkinderjare tydens spelterapie duidelik na vore kom, omdat die kind in hierdie fase in teenstelling met die voorskoolse kind in staat is om voorwerpe, soos kleur en vorms korrek te kan rangskik.

- **Klassifikasie:** Klassifikasie verbeter in die middelkinderjare. Die kind is nou in staat om nie net op een aspek te fokus nie, maar om verskeie aspekte te klassifiseer.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

Byvoorbeeld, die kind verstaan nou dat 'n oorkoepelende klas of groepering ook kleiner subklasse kan bevat. So besef die kind dat die klas "diere" uit ander subklasse soos perde en honde saamgestel word en dat hierdie subklasse uit ander subklasse bestaan, byvoorbeeld tipe honde, mak en wilde diere.

- **Getallebegrip:** Getallebegrip word in hierdie fase bemeester. Die kind kan die ordinale (2<3<4) en kardinale (die absolute numeriese grootte) kenmerke van getalle begryp. Volgens Louw et al. (1990:340) word konservasie van getalle ook verstaan . Hierdie is almal voorvereistes van getallebegrip.

Vanuit Piaget se teorie oor die konkreet-operasionele periode kan afgelei word dat die skoolgaande kind se denke baie van dié van die voorskoolse kind verskil. In die bereiking van hierdie take, speel die ouers en opvoeders 'n belangrike taak. Navorser is van mening dat ouers grootliks die mate waarin kinders in die skoolsituasie aanpas en hulle kognitiewe moontlikhede verwerklik, beïnvloed. Dit is noodsaaklik dat ouers hul jong skoolkind stabiel, veilig en ontspanne laat voel. Navorser is van mening dat dit as 'n belegging in die kind se intellektuele toekoms beskou kan word. Louw et al. (1990:352) beweer dat ouers van kinders met aanpassingsprobleme minder demokraties, minder sosiaal en swakker aangepas as ouers van goed aangepaste kinders is.

### 2.2.2.2 Piaget en opvoeding

Volgens Louw et al.(1990:341) en Du Toit & Kruger (1991:119) help die kenmerke van kinders se kognitiewe ontwikkeling opvoeders om die vlak van kognitiewe ontwikkeling van 'n kind te bepaal. Sodoende weet die opvoeder hoe die kind dink en wat van hom verwag word. Riglyne van die opvoedingsproses kan vanuit Piaget se teorie afgelei word. Die volgende riglyne word deur Ginsburg & Opper (in Louw et al.,1990:341) genoem:

- Die denke en taalgebruik van die kind verskil van dié van die volwassene.
- Kinders leer deur te handel.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

- Kinders stel die meeste belang in en leer die meeste deur nuwe ondervindings. Volgens Piaget se beginsels moet die onderrigprogram vir die kind in die middelkinderjare hoogs geïndividualiseerd wees.
- Dit is noodsaaklik dat die skoolkind genoegsame geleentheid kry om te debatteer en te argumenteer. Navorser is van mening dat dit die kind help om van sy tekortkominge bewus te raak en sy gestalt in balans te bring. Kognitiewe ontwikkeling word sodoende bevorder.

Navorser is van mening dat elke kind uniek is en dat elke kind teen sy eie tempo ontwikkel en groei. Onderwysers en ouers moet veral van die riglyne vir suksesvolle ontwikkeling bewus wees.

Clarke-Stewart et al. (1987:443) noem nog 'n aspek van kognitiewe ontwikkeling, naamlik geheue. Die primêre skoolkind se geheue is beter as die voorskoolse kind ontwikkel. Redes hiervoor is byvoorbeeld herhaling wanneer daar vir 'n konsert geoefen word. Die kind herhaal versies en bewegings tot hy dit onthou. Die kind kry die geleentheid om sekere aspekte te organiseer en te onthou. Die skoolgaande kind leer meer en kan makliker 'n gebeurtenis as die voorskoolse kind herroep. Met toenemende ouderdom gebruik kinders wenke meer effektief en herken meer items wat aan hulle gewys word. Navorser is van mening dat die kind 'n geleentheid gebied moet word om sy kognitiewe ontwikkeling tot sy volle potensiaal te laat ontwikkel. Indien die opvoeders die kind 'n geleentheid bied om te leer en te onthou, sal die kind met meer sekerheid die volwasse lewe betree. Die kind is in 'n fase van leer en ontdekking, die nodige ondersteuning is dus nodig.

### 2.2.3 Morele ontwikkeling

Volgens Louw et al. (1990:357) vind morele ontwikkeling plaas deurdat die kinders beginsels aanleer wat hulle in staat stel om gedrag as "reg" of "verkeerd" te oordeel. Hulle eie gedrag word dan gerig volgens hierdie beginsels. Die vermoë om tussen reg en verkeerd te onderskei is een van die belangrikste ontwikkelingstake van die kind. Met

betrekking tot die aggressiewe kind se morele ontwikkeling, is navorser van mening dat die kind wat aggressiewe gedrag toon, skuldgevoelens kan ervaar wanneer hy byvoorbeeld 'n maatjie seermaak. Van vroeg af leer die kind dat sekere gedragswyses afgekeur en ander goedgekeur word. Waar gedrag 'n simptoom van 'n onderliggende onvoltooidheid is en die kind sy eie negatiewe gedrag dus nie verstaan nie, mag dit verwardheid en skuldgevoelens in die hand werk.

Volgens Kohlberg (in Du Toit & Kruger,1991:131,132) gaan kinders deur verskillende vlakke van morele ontwikkeling namate hulle kognitiewe vermoëns ontwikkel. Hy noem die vlakke die pre-konvensionele, die konvensionele en die post-konvensionele vlakke. Elkeen van hierdie vlakke verdeel hy in twee stadia, dit wil sê 'n totaal van ses stadia. (vergelyk Louw et al.,1990:359 en Du Toit & Kruger,1991:131-132.)

Volgens Kohlberg (in Louw et al.,1990:360-361), Van Niekerk (1986:24), Clarke-Stewart et al. (1987:439) en Du Toit & Kruger (1991:131) se fases van ontwikkeling, is die prekonvensionele vlak kenmerkend van die middelkinderjare. Twee stadia word onderskei:

- **Stadium 1: Straf- en gehoorsaamheidsoriëntasie.**
  Die kind kan nog nie morele sake vanuit verskillende gesigspunte benader nie. Gedrag word op die basis van die gevolge daarvan geëvalueer. Die kind is ter wille van gehoorsaamheid gehoorsaam. Hy voer korrekte gedrag uit om straf te vermy.

- **Stadium 2: Naïwe hedonistiese en instrumentele oriëntasie**.
  Die kind word bewus daarvan dat persone verskillende standpunte ten opsigte van morele aangeleenthede kan handhaaf. Vir die kind is dit nou reg om tot eie voordeel en in eie belang op te tree. Die kind verwag dat indien hy iets vir iemand doen, die persoon in die toekoms iets vir hom sal doen. Die kind is gehoorsaam met die primêre doel om beloning te verkry en persoonlike behoeftes te bevredig.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

Navorser is van mening dat die kind se opvoeder en skool 'n groot invloed op die kind se morele ontwikkeling het. Indien die kind die regte voorbeeld van sy opvoeders kry, sal die kind is staat wees om sonder huiwering te weet wat reg en verkeerd is. Die kind sal slegs dan strewe na die voltooiing van sy gestalt (sy geheel). Op hierdie stadium volg die kind die rolmodel na sonder om nog te dink of hy saamstem of nie. Baie introjekte kan ontwikkel.

### 2.2.4 Emosionele ontwikkeling

Die middelkinderjare gaan met groter emosionele volwassenheid gepaard as die voorskoolse jare. Louw et al. (1990:362) is van mening dat dit beteken dat daar 'n verandering van hulpeloosheid na onafhanklikheid en selfgenoegsaamheid is. Die kind in die middelkinderjare is ook in staat om 'n verskeidenheid van gevoelens uit te druk. Du Toit & Kruger (1991:120) stem saam met Louw et al. (1990:362) dat hierdie emosies in die middelkinderjare meer spesifiek, divers en gesofistikeerd is. Kinders se begrip van hulle emosionele ervaringe verander merkbaar tussen die ouderdom 6 en 11 jaar. Emosionele belewinge word toenemend aan interne oorsake toegeskryf. Hulle word bewus van sosiale reëls wat die vertoon van emosie beheer.

Volgens Engelbrecht et al. (1982:59) verg skool al meer beheersing en geordenheid. Kinders behoort nie meer so maklik te huil en onbeheersd kwaad te word nie. Navorser is van mening dat laerskoolkinders se aanvaarbaarheid in die groep belangrik is en dat sekere gedrag sosiaal aanvaarbaar binne 'n groep is. Jong kinders word dus in die skoolsituasie geleer om woedeuitbarstings, vreesreaksies en ander "kinderagtige" optredes gou uit te skakel. Die kind gebruik dus introjekte en maak van projeksies gebruik om sy ware gevoelens te verbaliseer en daaraan uiting te gee.

Louw et al. (1990:362) dui daarop dat die kind in hierdie fase leer om gesigsuitdrukkings met groter akkuraatheid te "lees". Kinders begin verstaan dat emosionele belewinge psigies verander kan word. Die kind sal byvoorbeeld aan iets aangenaam dink terwyl hy teneergedruk voel. Hy besef dat mense gelyktydig meervoudige emosies kan ervaar.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

Kinders is nou beter in staat om hulle emosies te beheer en hulle gevoelens te verberg of te onderdruk, en dus nie uit te spreek nie. Navorser is van mening dat sekere kinders in hul middelkinderjare nie oor die emosionele taal beskik om hul gevoelens te verbaliseer nie. Die kind tree dus aggressief op, omdat hy nie oor sosiaal-aanvaarbare hanteringstrategieë beskik om sy gevoelens te hanteer nie. Hy maak van verdedigingsmeganismes gebruik om homself te beskerm. Die kind in sy middelkinderjare moet dus deur sy ouers of opvoeders aangemoedig word om sy gevoelens te besit om die vrymoedigheid te hê om gevoelens met hulle te kan deel.

Volgens Du Toit & Kruger (1991:121) beklemtoon Erikson die verweefdheid van die kind se emosionele en sosiale ontwikkeling. Erikson se teorie dek die mens se hele lewensloop. Volgens Thomas (1996:139) verdeel Erikson die lewensloop in agt stadia, wat elkeen deur 'n krisis gekenmerk word. Dit wil sê, 'n situasie waarin die individu hom ten opsigte van twee teenoorgestelde pole moet oriënteer. Elke krisis word deur 'n spesifieke wyse van interaksie tussen die individu en die sosiale omgewing ontlok. Navorser is van mening dat die kind nie tussen die pole hoef te kies nie, maar eerder 'n oplossing of sintese tussen die pole hoef te bereik. 'n Nuwe lewensituasie kom dus tot stand.

Die ontwikkelingstadia tot by die middelkinderjare word kortliks genoem. (vergelyk Thomas,1996:140-143.):

- **Babastadium: basiese vertroue teenoor wantroue –hoop.** Hierdie stadium dek ongeveer die eerste lewensjaar.Ontwikkeling sentreer rondom die mond en die inneem van voedsel. Die mate van vertroue wat die baba in sy omgewing ontwikkel, hang hoofsaaklik van die gehalte van die verhouding met die moeder af. As die kind 'n krisis suksesvol oplos, beteken dit dat hy gesonde vertroue in sy wêreld verkry het om hom te voorsien van wat hy nodig het aan voedsel, liefde en aandag en in sy eie vermoëns om die behoeftes in sy kulturele situasie te bevredig. Die ego kwaliteit, hoop, word in hierdie stadium gevestig.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

- **Die vroeë kinderjare: outonomie teenoor skaamte en twyfel –wilskrag.** In hierdie stadium, wat die tweede lewensjaar dek, stel die kind se spierontwikkeling hom in staat om met twee psigososiale modaliteite, te wete terughouding en uitskeiding, te eksperimenteer. Die kind ontwikkel sy spierbeheer en oefen dit om 'n gevoel van outonomie te kan verkry. Die ouers moet die kind gevolglik aanmoedig om op sy eie bene te staan en hom terselfdertyd teen onnodige mislukkings en gevoelens van skaamte en twyfel beskerm. 'n Gesonde oplossing van hierdie krisis word deur die egokwaliteit wilskrag bereik.

- **Die voorskoolse stadium: inisiatief teenoor skuld – doelgerigtheid.** Hierdie stadium strek min of meer oor die kleutertydperk, en word gekenmerk deur die kind se toenemende vermoë om selfstandig rond te beweeg. Die kind begin hom nou daarop toelê om sy geslagsrol aan te leer. Indringing en uitsluiting tree nou ook op die voorgrond. Die kind is in staat om volgens sy eie inisiatief te handel, wat die moontlikheid vir die ontwikkeling van skuldgevoelens meebring. Gevolglik is die psigososiale krisis van hierdie stadium in die teenstelling van inisiatief teenoor skuld geleë. Hierdie stadium is van besondere belang vir die ontwikkeling van die superego.

- **Die laerskooljare:arbeidsaamheid teenoor minderwaardigheid.** Hierdie stadium dek die tydperk van ongeveer ses jaar tot puberteit. Die neigings van die vorige stadium word in 'n groter mate voortgesit. Die kind bemeester sekere vaardighede wat in die volwasse lewe nodig is. Die samelewing kom hom daarin tegemoet deur hom skoolopleiding te gee. Die kind se selfkonsep ontwikkel meer intens, sukses vir die kind is nou belangrik. Minderwaardigheidsgevoelens kan so voorkom word. Indien die kind vaardighede soos spel, opvoedkundige vereistes en die bou van verhoudings bemeester, lei dit tot die egokwaliteit, bekwaamheid.

Erikson se teorie noem dat 'n sintese tussen die twee pole vir die jong skoolkind tot positiewe gevoelens van bekwaamheid aanleiding gee. Navorser is van mening dat die kind die geleentheid gebied moet word om self te besluit watter emosies aanvaarbaar of

onaanvaarbaar is. Wanneer die kind nie aan sy emosies uiting kan gee nie, word hierdie emosies onderdruk wat dikwels tot verhoudings- of gedragsprobleme lei. Kinders het dus motivering nodig om aan hul gevoelens uitdrukking te gee en hierdie motivering lê by uitstek in die aanvaarding deur hul maats en belangrike volwasse persone met wie hulle te doen kry. Volgens navorser is die voorafgaande ontwikkelingstadiums vir die kind belangrik. Indien daar agterstande in die ontwikkelingstake is, ervaar die kind 'n gevoel van magteloosheid, onvoltooidheid, agterstande en aggressie kan ontstaan. Dit is ook belangrik dat ouers aggressie korrek moet aanspreek en hanteer. Enkele spesifieke emosies sal nou aandag geniet.

**2.2.4.1 Kenmerke van die primêre skoolkind se emosionele lewe**

- **Vrees:** Volgens Louw et al. (1990:363) is daar tydens die middelkinderjare 'n afname in vrees wat met liggaamlike veiligheid verband hou. Daar is egter geen beduidende afname in vrees vir bonatuurlike magte soos spoke en monsters nie. Clarke-Stewart et al. (1987:518) noem dat kinders in hierdie fase ook bang is dat hul maats hul sal seermaak. Sy noem dat die skoolgaande kind beter verstaan hoekom sekere dinge gevaarlik is. Clarke-Stewart et al. (1987:518) stem saam met Louw et al. (1990:363) dat kinders in die middelkinderjare bang is dat hul ouers sal doodgaan. Beide skrywers noem dat kinders in hierdie fase hulle vader die meeste vrees. Hierdie vrees hou nie net noodwendig met dissipline verband nie, maar ook met seksuele molestering en dreigemente van ontvoering deur 'n vader wat van sy moeder geskei is. Manifestasies van vrees by die kind in sy middelkinderjare is volgens Du Toit & Kruger (1991:122) die volgende; nagmerries, enurese, angstigheid, psigosomatiese probleme, hakkel, grootpratery en luidrugtigheid.

Dit is dus belangrik dat kinders se vrees nie onderdruk moet word nie. 'n Kind moet toegelaat word om sy vrees te kan beskryf en te verwerk. Daar moet 'n forum vir die kind geskep word waarbinne die kind kan kommunikeer. Die doel van die studie is dus dat aan die kind 'n geleentheid gebied word om binne 'n veilige plek (speelkamer) emosioneel met behulp van speltegnieke te ontlaai.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

- **Liefde:** Volgens Turner & Helms (in Louw et al.,1990:363) kan kinders nie liefde ten volle begryp totdat hulle kognitiewe vermoëns redelik volwasse is nie. Bowlby (1993:67) konstateer dat 'n kind vanaf geboorte leer om liefde en koestering te ontvang. Navorser stem saam met Bowlby dat hierdie liefde die binding tussen ouer en kind versterk. Bowlby (1993:67) beskryf dat die kind wat liefde ken, 'n gevoel van "behoort aan" sal ervaar, en gemaklik en veilig sal voel. Dinnage (in Louw et al.,1990:363) sluit aan by laasgenoemde skrywer deurdat kinders wat liefde ondervind, makliker in staat is om liefde te betoon. Tydens die middelkinderjare leer die kind, dat hy sy liefde ook op ander maniere kan wys as die fisiese, soos byvoorbeeld om mededeelsaam, empaties en vriendelik te wees (Clarke-Stewart et al.,1987:495-496). Die geslagsrolle blyk ook 'n invloed op die ekspressie van liefde uit te oefen (Louw et al.,1990:363). In die meeste kulture word daar van seuns verwag om nie te veel teerheid te toon nie, anders kan hy maklik as 'n "sissie" beskou word. Navorser is van mening dat hierdie kinders dikwels baie deur introjekte (reëls) beperk word wat hulle verhoed om emosies te ervaar en daaraan uitdrukking te gee.

- **Aggressie:** Voorskoolse kinders slaan of stoot ander kinders soms, maar hierdie gedrag het gewoonlik 'n instrumentele doelwit, soos byvoorbeeld om 'n speelding terug te kry. Clarke-Stewart et al. (1987:500) noem dat kinders tydens die middelkinderjare begin om direkte aggressie teenoor ander te mik met die primêre doel om hulle seer te maak. Schoeman (1996:172-173) konstateer dat indien die kind nie 'n gevoel van behoort-aan ervaar nie, kan aggressie ontlok word. Navorser is van mening dat kinders wie se behoeftes nie bevredig word nie, verkeerde wyses gebruik, om te kry wat hulle wil hê, soos byvoorbeeld om te baklei. Kinders wat in hul vroeëre jare aggressief is, is gewoonlik geneig om aggressief te wees wanneer hulle adolessensie en volwassenheid bereik. Volgens navorser is dit belangrik dat kinders dadelik hul emosies erken en dit op sosiaal-aanvaarbare wyses ontlaai eerder as om dit te onderdruk. Daar sal meer aandag aan aggressie in hoofstuk 3 geskenk word.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

- **Jaloesie en afguns:** Volgens Hurlock (in Du Toit & Kruger,1991:122) is daar twee tydperke in die kind se lewe wanneer jaloesie veral voorkom, naamlik teen driejarige en ongeveer elfjarige ouderdom. In die voorskoolse jare is die kind se openbaring van sy emosies gewoonlik direk en lei dit dikwels tot aggressie. Die primêre skoolkind se gevoelsuiting is meer divers en verskuild. Eastman (1994:63) en Clarke-Stewart et al. (1987:498) stem saam met Du Toit & Kruger (1991:122) dat die kind sy jaloesie openbaar deur te terg, leuens te vertel en af te knou. Eastman (1994:63) is van mening dat grense en reëls by kinders ingestel moet word om 'n balans tussen reg en verkeerd te hou. Navorser is van mening dat die middelkinderjare met jaloesie en afguns gepaard gaan, en dat elke kind hierdie gevoelens ervaar. Kinders in hierdie fase is kompeterend, maar wil ook graag in die groep aanvaar word. Indien die kind tussen reg en verkeerd kan onderskei, (±10 jaar) sal hy aan die eise van aanvaarbare gedrag voldoen.

- **Vreugde en blydskap:** Du Toit & Kruger (1991:123) is van mening dat kinders meer lag as hulle in 'n groep is as wanneer hulle alleen is. Hierdie is veral 'n kenmerk by die middelkinderjare aangesien die kind probeer om deur middel van sy gedrag in 'n groep aanvaar te word. Dit gebeur ook dat die kind soms sy emosie van blydskap wegsteek as gevolg van sosiale redes. Navorser is van mening dat die kind wat vreugde ervaar ook sekuriteit en liefde beleef. Kinders word nie meer toegelaat om spontaan op te tree nie. Wanneer kinders aan traumatiese gebeurtenisse blootgestel word kan die kind nie vreugde ervaar nie. Die teenoorgestelde kan dus plaasvind, naamlik woede en aggressie.

- **Emosionele katarsis:** In die middelkinderjare begin die kind 'n begrip van buie en gemoedswisselings vorm. Hy raak al hoe meer van sy emosies en die positiewe of negatiewe gevoelens bewus wat dit by hom laat (Du Toit & Kruger,1991:123). Volgens navorser is dit belangrik vir die terapeut om die kind na die bewustheid van kontakmaking met en ontlading van sy emosies te begelei. Wanneer die kind egter sy emosies onderdruk en wegsteek, en selfs ontken, lei dit tot stres, depressie en gevoelens van ontevredenheid, en slegte buie of humeurigheid. (vergelyk Du Toit &

University of Pretoria etd – Du Toit, K  (2006)

Kruger,1991:123.) Die kind word wel, byvoorbeeld in terapie, bewus dat hy van hierdie negatiewe gevoelens kan ontslae raak, deur byvoorbeeld strawwe oefening, 'n heerlike lagbui of deur te huil. Hierdie reiniging van sy gestel van emosionele stres is volgens Hurlock (in Du Toit &Kruger,1991:123) emosionele katarsis. Navorser is van mening dat kinders makliker gevoelens kan ontlaai indien die kind se opvoeders hom liefdevol versorg en besorgd is oor hom omdat hulle hom liefhet. Die kind voel dan veilig om die wêreld ontdekkend te betree.

Dit blyk dus dat die middelkinderjare oor die algemeen deur 'n relatief emosionele kalmte gekenmerk word. Hierdie kalmte is die gevolg van onder meer: die ontlading van frustrasies en emosies deur middel van spel, duidelik omskrewe rolle, byvoorbeeld as skoolkind word daar van hom verwag om met sy maats klaar te kom; en die belewing van minder frustrasies omdat hy sy doelstellings nou met sy verworwe vaardighede makliker kan bereik.

Alhoewel emosionele kalmte kenmerkend van die middelkinderjare is, kom daar tog tye voor waartydens die kind intense negatiewe emosies beleef, byvoorbeeld weens swak skoolaanpassing, 'n swak selfbeeld, verwerping deur sy maats en 'n onvermoë om vaardig en georganiseerd op te tree, en die optredes van sy ouers en ander belangrike persone.

### 2.2.5 Sosiale ontwikkeling

Tydens die middelkinderjare ontwikkel die kind se bewustheid van en betrokkenheid by die samelewing aansienlik. Hy gaan nou skool toe en vermeerder sy kennis deur middel van formele onderwys. Louw et al. (1990:376) is dit eens dat die voorskoolse kind hoofsaaklik egosentries is. Hierdie kinders leef in hul eie wêreld. Tussen 6 en 8 jaar begin die kind se waarneming van mense verander. Hulle ontwikkel 'n sensitiwiteit vir ander mense, neem hulle in ag en toon die behoefte om ander van hulp te wees.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

Louw et al. (1990:376) is van mening dat hierdie kinders nou besef dat:

- daar 'n verskil in die waarneming en denke van verskillende mense is;
- daar 'n gaping kan wees tussen iemand se bedoeling, en dit wat hy in werklikheid doen; en
- mense se ervarings van dieselfde of soortgelyke gebeurtenisse kan verskil.

Navorser is van mening dat die kind in sy middelkinderjare deur sy sosiale vaardighede gekenmerk kan word. In dié verband word daar gelet op die invloed van die kind se portuurgroep, sy ouers en gesinslede, die self en ander.

**2.2.5.1 Die invloed van die portuurgroep**

'n Portuurgroep bestaan volgens Vrey (1979:110) *"uit 'n intieme uitgesoekte groep kinders"*. In die middelkinderjare vorm kinders gewoonlik groepe van vier of vyf. Die groepering van maats vind op 'n baie losse en informele wyse plaas (Du Toit & Kruger,1991:127). Die kind kies sy vriende uit 'n wye verskeidenheid van kinders, of hulle baie speelgoed het of nie, naby hom bly of nie (Louw et al.,1990:382). Kinders van 6 tot 8 jaar oud kan egter volgens Engelbrecht et al. (1982:164), nog nie vir lang tydperke hul aandag aan verhoudinge in 'n groterige groep gee nie. Hulle sosialiseer beter en voel meer tuis in kleiner groepies van twee of drie kinders.

Volgens Engelbrecht et al. (1982:164) gebeur dit dikwels dat 'n groep nie wil toelaat dat 'n ander kind by hulle aansluit nie. Die verstoteling beleef sodanige wegwysing as negatief. Hy vind weldra 'n groep by wie hy kan aansluit. Hierdie wegwysende gedrag is normaal. Navorser voel dat dit nie 'n kind help om hom te dwing om aan 'n groep te behoort as hy nie wil nie, of as hy nie spontaan toegelaat word om in te skakel nie.

Volgens Vrey (in Du Toit & Kruger,1991:127-128) en Louw et al. (1990:379-380) speel die portuurgroep 'n uiters belangrike rol in die kind se ontwikkeling:

- Dit bied aan die kind 'n brug vir die geleidelike onafhanklikwording van sy ouers.
- Die portuurgroep verskaf kameraadskap. Die kind kry die geleentheid om te speel en met sy maats te gesels. Navorser is van mening dat kinders wat geen liefde en sekuriteit by hul ouerhuis ontvang nie, juis nou die geleentheid kry om met maats te sosialiseer.
- Vanuit bogenoemde bied die portuurgroep dan aan die kind die nodige sekuriteit.
- Die portuurgroep bied 'n geleentheid vir nuwe gedrag. Die kind leer onafhanklik om byvoorbeeld self keuses oor musiek en haarstyle te kan maak.
- Die portuurgroep bestaan uit 'n groep van die kind se gelykes. Daar word eise gestel wat binne die kind se vermoëns is.
- Die portuurgroep help om kennis en inligting oor te dra. Die kind ontwikkel selfinsig en selfevaluering.
- As hy in die portuurgroep aanvaar word, lei dit tot positiewe selfkonsepvorming en selfaanvaarding. Die persoonlikheidsontwikkeling van die kind geniet later aandag.
- Die portuurgroep leer die kinders reëls en regulasies. Indien kinders oortree, leer hulle dat oortreding van reëls negatiewe gevolge vir hulle inhou.
- Die portuurgroep help om geslagsrolle te versterk.
- Die portuurgroep bring mee dat die emosionele bande wat die kind met die ouers het, verswak word. Louw et al. (1990:379) beskou dit as 'n belangrike ontwikkelingstap sodat die kind eendag die nodige skeiding tussen hom en sy ouers sonder intense psigiese trauma sal ervaar.

Navorser is van mening dat die invloed van die portuurgroep 'n groot rol in die ontwikkeling van die kind se selfvertroue speel. Verskille tussen seuns en dogters is van weinig belang. Daar word op 'n natuurlike wyse saamgespeel. Kinders is meer geneig om met dieselfde geslag en ouderdom te speel. Dit word toegeskryf aan die groter ooreenkoms in belangstelling en kognitiewe ontwikkeling by hierdie kinders.

Alle kinders is nie ewe gewild nie. Clarke-Stewart et al. (1987:490) en Louw et al. (1990:384) stel dit dat gewilde kinders meer ekstroverties, samewerkend, aanpasbaar, konformerend, betroubaar en liefdevol is. Hulle lê meer inisiatief aan die dag, neem ander in ag, presteer akademies goed, is oor die algemeen vriendeliker, aangenamer en aantrekliker as ongewilde kinders. Kinders wat oor die nodige kennis en vaardighede beskik om 'n gesprek te voer, belangstelling in ander te toon, raad te gee, hulp te verleen en uitnodigings te rig, is meer gewild onder hulle maats. (vergelyk Clarke-Stewart et al.,1987:491.) Dit blyk dus dat daar 'n verband tussen sosiale vaardigheid en gewildheid bestaan. Die kind is in 'n fase van ontwikkeling en emosionele groei, die betrokkenheid van die kind se opvoeders by die kind speel 'n groot rol of die kind gewild gaan wees al dan nie.

**2.2.5.2 Die invloed van die gesin**

Volgens Du Toit & Kruger (1991:125) het die kind in die middelkinderjare steeds sy ouers se liefde, aanmoediging, steun en begeleiding nodig. Hierdie fase word ook deur die losmakingsproses gekenmerk. Verskeie aspekte van die verhouding verander tydens die middelkinderjare. Die liefde tussen ouer en kind bly egter konstant. Gesonde kommunikasie tussen ouer en kind is dus noodsaaklik vir sosiale ontplooiing by kinders.

Positiewe gesinsverhoudings speel 'n belangrike rol in die kind se sosiale ontwikkeling. Volgens Du Toit & Kruger (1991:126) word die meeste kinders tussen broers en susters groot. Hulle bring baie tyd saam deur en beïnvloed mekaar se ontwikkeling wedersyds. Navorser maak die afleiding dat kinders kompeterend teenoor hul broers en susters kan wees. Rusies wat hieruit kan ontstaan, dien as oefening vir die kind se sosiale vaardighede, en doen geensins afbreuk aan die liefde tussen gesinslede nie. Daar is egter nog faktore wat 'n invloed op die kind se sosiale ontwikkeling binne gesinsverband kan hê. Hierdie faktore sal meer aandag in 2.4 geniet.

#### 2.2.5.3 Die kind se selfkonsep

Volgens Louw et al. (1990:387) kry die ontwikkeling van die selfkonsep tydens die middelkinderjare baie aandag. Dit kan daaraan toegeskryf word dat die kind se sosiale kontakte verbreed word wat aan hom die geleentheid bied om homself te evalueer. Die kind ontwikkel 'n begrip van wie en hoe hy is, maar ook van hoe hy graag wil wees (Du Toit & Kruger, 1991:128). Die kind word dus van die verwagtings bewus wat aan homself en aan ander gestel word. Sy portuurgroep bied hom die geleentheid waarvolgens hy homself kan beoordeel. Selfkennis ontwikkel dus onder andere vanuit sosialisering met sy maats.

Volgens navorser kan die kind se maats ook 'n negatiewe uitwerking op die kind se sosiale ontwikkeling hê, veral as die kind nie in 'n groep aanvaar word nie. Die kind vorm dadelik negatiewe gevoelens rondom homself, en stel nie verder belang om maats te probeer maak nie. Dit is nodig dat kinders in die middelkinderjare bemagtig moet word om hulself positief op te bou. Middelkinderjare kinders raak reeds by negatiewe bende bedrywighede en verkeerde maats betrokke as gevolg van 'n swak selfbeeld, byvoorbeeld *"...almal verwag negatiewe gedrag van my, daarom gee ek negatiewe gedrag"*.

#### 2.2.5.4 Die invloed van ander

Nie net ouers het 'n invloed op die kind se sosiale ontwikkeling nie, maar ook ander rolspelers in die kind se lewe, byvoorbeeld onderwysers en ander familielede. Indien die kind reeds die nodige sekuriteit by sy eie ouerhuis gekry het, het die kind toerusting aangeleer om invloede van ander positief te hanteer. Die onderwyser se betrokkenheid by die kind beïnvloed sy selfkonsep. Dit het weer 'n direkte invloed op die kind se sosiale ontwikkeling.

Wanneer babas gebore word, is hulle uitstekend toegerus om met hul ouers te kommunikeer. Klein kinders soek na sorgsame belangstelling en slegs mense gee dit –en slegs mense, in die besonder ouers met hul unieke, liefdevolle belangstelling, kan 'n kind

in 'n sosiale wese omskep. Navorser is verder van mening dat 'n wye verskeidenheid persone, groepe en instellings by die proses van sosialisering by die junior- primêre skoolkind betrokke is. In dié tydperk van speel, ontwikkel die kind sy fisieke, kognitiewe en sosiale vaardighede. Navorser is van mening dat indien kinders in spel sosiaal verkeer, hulle samewerking, doelgeoriënteerde gedrag en individuele verantwoordelikheid aanleer.

**2.2.6 Persoonlikheidsontwikkeling**

Volgens Louw et al. (1990:387) geniet die selfkonsep in die middelkinderjare die meeste aandag. Vrey (1979:122) beweer die kind betree die skool nie met neutrale selfervaringe nie. Die kind kom tot 'n selfopvatting aan die hand van hoe ander hom beskou. Oaklander (1988:280-281) sê: *"A baby is not born with bad feelings about himself. All babies think they are wonderful. How a child feels about himself after a time, however is certainly determined to a great extent by the early messages he gets about himself from his parents"*. Sy noem verder dat die kind self hierdie boodskappe herlei en sal enigiets vanuit die omgewing soek om sy ouers se boodskappe te bevestig. Navorser is van mening dat die kind tydens die middelkinderjare meer blootgestel word aan buitefaktore wat die selfbeeld kan beïnvloed. Sekuriteit en 'n gesonde verhouding met ander tydens die voorskoolse jare kan 'n positiewe bydrae lewer tot die ontwikkeling van die persoonlikheid by die skoolgaande kind.

Tydens skooltoetrede noem Vrey (1979:100) dat die kind nuwe verhoudinge aangaan. Sy belewing van toereikendheid, sukses en doeltreffendheid bepaal die aanslag wat hierdie verhoudinge op sy selfkonsep het. Sy selfbeeldvorming hou verband met sy vaardighede. Louw et al. (1990:388) toon aan dat die kind homself aanvanklik in terme van aktiwiteite beskryf het, byvoorbeeld: *"Ek kan fietsry"*. Nou beskryf hy homself in terme van hoe goed hy dit nou kan doen, byvoorbeeld: *"Ek ry beter as my sussie"*. Hy ontwikkel die vermoë tot akkurate selfbeoordelings. Selfaanvaarding hou ook verband met sy beheer oor die wêreld (Vrey,1979:100). Die mate waarin hy sy eie gedrag reguleer, beïnvloed sy selfkonsep (Louw et al.,1990:388). *"Die kind se selfaanvaarding is direk van sy*

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

*aanvaarding deur ouers, maats en onderwysers afhanklik"* (Vrey,1979:100). Navorser is van mening dat hoe ouer die kind word, hoe meer ontwikkel sy selfbeeld deur middel van die interaksie met en betrokkenheid by die ouers, portuur en omgewing.

Kinders se houding en gedrag word deur hul selfkonsep beïnvloed. (vergelyk Clarke-Stewart et al.,1987:519 en Jiaying,1990:186-187.) Navorser is van mening dat 'n kind se selfkonsep alles beïnvloed wat hy doen, insluitend sy skoolprestasies en sosiale gedrag. Sy selfbeeld rig en bepaal hoe hy op skool presteer en sosiaal funksioneer. Hy handel volgens sy opvatting van hoe hy as persoon is. Die kind se selfbeeld bepaal die kwaliteit van sy handelinge.

## 2.3 DIE INVLOED VAN DIE SKOOL IN DIE ONTWIKKELINGSTAKE VAN DIE MIDDELKINDERJARIGE KIND

Wanneer die kind skool toe gaan vind dramatiese veranderinge plaas. Die kind word aan 'n ander milieu blootgestel en dit speel 'n groot rol in die kind se ontwikkeling en bemeestering van ontwikkelingstake. Louw et al. (1990:352) is van mening dat ouers grootliks die mate waarin die kind in die skoolsituasie sal aanpas, kan beïnvloed. Navorser is van mening dat ouers wat belangstelling toon in die skoolsituasie, dit vir die kind makliker maak om in die skool aan te pas. Volgens Clarke-Stewart et al. (1987:504) kom daar gemengde gevoelens van hoe 'n kind oor skool voel na vore. Navorsing het getoon dat die meerderheid van kinders 'n vrees rondom hul prestasie op skool het. Clarke-Stewart et al. (1987:504) noem egter dat kinders baie van skool hou. Navorser is van mening dat bogenoemde deur die kind se aanpassing op skool en sy verhouding met sy onderwyser gemeet kan word.

### 2.3.1 Aanpassing by skool

Die skoolmilieu verg groot en nuwe aanpassings van die kind af. Die bekende omgewing van die huis word vir die relatief onbekende omgewing van die skool verlaat (Louw et al.,1990:353). Die onderwyser is 'n nuwe gesagsfiguur wat nuwe reëls toepas en ander

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

eise as die kind se ouers stel. Die kind moet dus nuwe gedragswyses aanleer wat in 'n groot mate verskil van dié wat hulle tot op daardie stadium geken het. Huidiglik plaas die meeste ouers klem op formele skoolopleiding. Navorser is van mening dat druk op die kind geplaas word om beter en sterker akademies te presteer. Sommige kinders kan dan nie volgens hul ouers se verwagtings presteer nie en dit veroorsaak dikwels 'n swak selfbeeld en swak ouer-kind binding.

Van der Westhuÿsen en Schoeman (in Louw et al.,1990:353-354) noem 'n verskeidenheid faktore wat die kind se belewenis van skool kan beïnvloed:

- Die persoonlikheid van die kind speel 'n rol.
- Kinders wat emosionele sekuriteit ervaar. Indien die kind reeds in die voorskoolse jare sosiale ondervinding opgedoen het, reeds in 'n mate onafhanklikheid van die ouers ontwikkel het, wat oor outonomie beskik en aggressiewe impulse kan beheer, sal makliker in die skool aanpas.
- Die aantal kinders in die gesin – die kind se ordinale posisie in die gesin speel ook 'n rol. Ouer broers en susters bring mee dat skool nie 'n vreemde begrip vir die kind is nie.

Navorser ondersteun die vorige punte, naamlik dat kinders se ontwikkeling tydens die skooljare baie kwesbaar is. Die aanpassing van die jong skoolkind speel 'n belangrike rol in die kind se sosiale ontwikkeling. Soos reeds bespreek is die kind nou in 'n fase waar hy maats maak en die portuurgroep van groot belang is. Positiewe aanpassing kan net voordelig vir die kind se verdere ontwikkeling wees. Indien die kind positief aanpas, kan hy probleme makliker verwerk. Die kind kry dus 'n gevoel van beheer en mag.

### 2.3.2 Die rol van die onderwyser

Die onderwyser speel nie net 'n sentrale rol in elke skoolgaande kind se leerervaring nie, maar oefen ook 'n belangrike rol op feitlik alle fasette van sy ontwikkeling uit (Louw et al.,1990:354). Schultz, Heuchert, & Stampf (in Clarke-Stewart et al.,1987:504) is van

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

mening dat onderwysers se houding teenoor en hantering van 'n kind 'n invloed op die kind se ontwikkeling kan hê soos in die volgende voorbeeld gesien kan word:

*"My first morning (in first grade), our teacher took us through a singing lesson. I loved to sing, so I really opened up. After a minute or two of this, she stopped us, turned to me- right in front of the class- and said, "Stop singing at once! Your notes are all wrong and you are so much louder than the rest of the class". It was just a thoughtless act, but when I went home that afternoon, I cried and told my mother all about it".*

Die kind moet besef dat onderwysers van mekaar verskil, sommiges gee liefde en respek, ander nie. Navorser is van mening dat kinders eerder onderwysers verkies wat vriendelik is en kan verduidelik waar die kind gefouteer het. Die onderwyser fasiliteer leer, leer die kind sosiale vaardighede aan, bevorder selfondersoek by die kind en verbreed die kind se leefwêreld (Louw et al.,1990:354). Die onderwyser leer nie net die kind nie, maar help ook met persoonlike en huislike probleme. Onderwysers wat aan minder bevoorregte kinders aandag skenk, is meer geneig om hierdie kinders se gedrag te beheer eerder as om hulle op te bou.

Volgens Louw et al. (1990:355-356) en Clarke-Stewart et al. (1987:505-508) moet die onderwyser die volgende faktore in ag neem wat as basis vir die kind se ontwikkeling dien:

- Die onderwyser moet vertroue in haar kinders hê. Die kind glo dat hy 'n taak kan voltooi en dit dra weer tot sy akademiese selfkonsep by.
- Die onderwyser moet ekstra tyd vir stadige leerders toelaat. Die kind word dus toegelaat om sy eie potensiaal te ontwikkel.
- Dit is belangrik dat 'n onderwyser lief vir haar kinders moet wees. Dit dien weer as basis vir die kind se sosiale- en emosionele ontwikkeling.
- Onderwysers se verwagtings speel 'n rol in die kind se leerproses. Die onderwyser se verwagting blyk egter nie net op die akademiese prestasie van die kind 'n invloed te hê nie, maar ook op die kind se motivering en selfbeeld (Louw et al.,1990:355).

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

- Indien 'n slim kind nie 'n vraag kan antwoord nie, gee die onderwyser hom 'n wenk. Dit help om minder druk op 'n swakker presteerder toe te pas en om verleentheidsituasies te voorkom.
- Die struktuur van die klas het ook 'n invloed op die kind se akademiese prestasie. 'n Groot klas vereis baie aandag van die onderwyser en individuele aandag kan verlore gaan.
- Die onderwyser moet reëls in die klas hê. Navorser is van mening dat reëls en grense die skoolgaande kind reeds vanaf 'n jong ouderdom verantwoordelikhede kan aanleer. Dit is dan ook waar keuses en besluitneming plaasvind.
- Indien die onderwyser vir die kind luister en motiveer sal die kind selfvertrouend en suksesvol voel (Vergelyk Clarke-Stewart et al.,1987:507).

Volgens navorser speel die onderwyser 'n belangrike rol in die kind se ontwikkeling. Navorser stem saam met die vorige skrywers dat kinders struktuur en reëls in die skool moet hê. Die kind kry geleentheid om sy kommunikasievaardighede in skoolverband te verbeter. Die onderwyser moet nie 'n bedreiging vir die kind wees nie. Die kind spandeer 'n groot deel van sy dag by die skool. Dit is die onderwyser se taak om ongewenste gedrag in samewerking met ander dissiplines uit te wys en aan te spreek, waar nodig.

### 2.3.3 Ander invloede van die skool

Van der Westhuÿsen & Schoeman (in Louw et al.,1990:356) wys ook op die volgende invloede van die skool:

- Die ervarings wat kinders vroeg in hul skoolloopbaan deurmaak, kan 'n direkte invloed op hul siening van hul eie vermoëns uitoefen en hul selfkonsep positief of negatief beïnvloed.
- 'n Gesaghebbende opvoedingstyl deur die ouers hou verband met die mate van welslae wat die kind op skool behaal.
- Dit is bewys dat indien kinders in 'n warm, begrypende aanvaardende atmosfeer 'n mate van outonomie geniet, dit daartoe bydra dat die kind welslae op skool behaal

- Suksesvolle aanpassings by die skool hang van die kind se houding teenoor die skool af. Die ouers se liefde en sekuriteit speel 'n groot rol in die kind se verhouding met sy skool.
- Kinders se houding teenoor die skool word verder ook beïnvloed deur die aard van en die wyse waarop leermateriaal aangebied word. Dit is belangrik dat die kind nie verveeld moet raak nie, anders is skool nie meer 'n uitdaging nie.

Volgens navorser lewer die skool 'n belangrike bydrae tot die kind se ontwikkeling, maar die ouers en gesin se invloed dra steeds 'n groot gewig. Die kind het 'n behoefte aan 'n veilige leerruimte wanneer hy skool toe gaan. Dit dien as basis vir sy sukses met leertake. Wanneer die kind dus sekuriteit ervaar, sal hy makliker waag om te leer lees, skryf en reken. Hierdie fase word as 'n kritieke periode vir die ontwikkeling van die selfkonsep beskou. Die kind se selfkonsep word deur sy prestasies, vriendskappe, verwagtings wat ander aan hom stel, die mate waarin hy sy eie gedrag kan reguleer en die wyse waarop die kind deur volwassenes, maar veral ouers, behandel word, beïnvloed.

## 2.4 DIE INVLOED VAN DIE GESIN IN DIE ONTWIKKELINGSTAKE VAN DIE MIDDELKINDERJARIGE KIND

Gedurende die baba- en vroeë kinderjare is dit by uitstek die ouers se verantwoordelikheid om hulle kind in die bemeestering van sy ontwikkelingstake te ondersteun.(vergelyk Havighurst in van Wyk,1983:31.) Sekere gesinstake is belangrik vir die kind se ontwikkeling. Dit bly die ouers se verantwoordelikheid in hierdie stadium om sorg te dra dat die nodige sosialiseringsgeleenthede vir die kind geskep word. Havighurst (in Thomas,1996:57) konstateer dat die gesin grootliks tot die kind se ontwikkeling van positiewe verhoudings met maats bydra. Vriendskappe met kinders van dieselfde ouderdomsgroep is baie nodig ten einde die kind te leer om te sosialiseer. Volgens Newman & Newman (in Louw et al.,1990:366) stel kinders in die middelkinderjare hoë eise aan hulle ouers. Die ouers se besluite, oor byvoorbeeld waarmee en met wie die kind kan speel, waarheen hy kan gaan en waarom hy nie iets mag doen nie terwyl sy maats dit wel mag doen, word beproef. Kinders wil meer geleentheid hê om saam met die ouers

oor hulle eie sake besluite te neem of verkies dit dikwels om self besluite te neem. (vergelyk Louw et al.,1990:366.)

Navorser is van mening dat ouers ook in die middelkinderjare emosionele sekuriteit vir die kinders bied. Van kleinsaf vorm kinders beskouinge oor wie hy is,hoe ander mense is, wat in die lewe belangrik is en hoe die kind hom moet gedra om aanvaar te word. Navorser is van mening dat kinders hul ouers naboots en volgens hulle beskouinge leef. Dit bepaal dikwels die kind se lewensstyl en gedrag. Dit is daarom belangrik om die dinge in die gesin wat tot die kind se beskouing van homself en ander bydra, te begryp. Indien ouers hiervan bewus raak, is die ouer beter toegerus om die kind se gedrag positief te beïnvloed. Daar sal vervolgens aandag geskenk word aan die faktore in die gesin wat die kind se ontwikkeling kan beïnvloed.

**2.4.1 Determinante van ouerskap**

Daar word volgens Louw et al. (1990:366-367) drie determinante van ouerskap onderskei, naamlik:

- Die ouer: Dit is nog altyd aanvaar dat ouers "groot genoeg" is om lewensprobleme te hanteer. Daar is dan ook mettertyd besef dat ouers maar net mense is en dat hulle eie lewenservarings hulle persoonlikhede en ouerskap positief of negatief kan beïnvloed. Studies toon aan dat kinders wat 'n moeder met emosionele probleme gehad het, ook self psigiese probleme ervaar. (vergelyk Louw et al.,1990:367.)

- Die kind: *" One of the first things to understand is that the influences in the parent-child system flow both ways. Children influence their parents as well as the other way around"* (Bee in Louw et al.,1990:367). Navorser stem saam met die skrywer dat kinders ook 'n aandeel in die kwaliteit en die sukses van die ouer-kindverhouding het. Wanneer probleme in die ouer-kindverhouding geïdentifiseer word, moet daar na beide die ouer en die kind se proses gekyk word.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

- Bronne van stres en ondersteuning: Bee (in Louw et al.,1990:367) konstateer dat die gesin nie as 'n losstaande entiteit funksioneer nie. Die gesin se materiële posisie en hulle verhouding met vriende en ander familielede, blyk 'n belangrike invloed op die gesinsinteraksie te hê. Dit is noodsaaklik dat ouers sosiale ondersteuning moet hê. Dit dien as uitlaatklep vir die ouer-kindverhouding.

Navorser is van mening dat die ouer sowel as die kind die kwaliteit van die verhouding kan bepaal. Die kind en die ouer het beide sekuriteit, vertroue en ondersteuning nodig vir die positiewe bou van die ouer-kindverhouding.

### 2.4.2 Ouerskapstyle

Die wyse waarop ouers hulle kinders grootmaak, speel 'n belangrike rol in die ontwikkeling van die kind. Eastman (1994:17) is van mening dat ouers se houding en gedrag teenoor die kind en teenoor hulself 'n belangrike faktor is wat kinders se lewensstyl en gedrag beïnvloed. Sy is verder van mening dat indien ouers liefde en humor aan die kind toon en die kind verstaan, daar reeds positiewe verandering in die kind en die ouer kan plaasvind. Eastman (1994:21) konstateer dat die kind in kontak met sy gevoelens sal wees indien die ouer die regte ouerskapstyl kies en die kind dus weet wat van hom verwag word.

Die bekendste indeling van ouerskapstyle is egter deur Baumrind daargestel. (vergelyk Louw et al.,1990:368 en Perry & Bussey,1984:100.) Sy onderskei naamlik tussen die outoritêre, die gesaghebbende en die permissiewe ouer. 'n Vierde tipe styl word ook onderskei, naamlik die onbetrokke ouer. In hoofstuk 3 word meer fokus geplaas op die verskillende bande wat kinders met hul ouers vorm volgens ouerskapstyle. Vervolgens word elke ouerskapstyl bespreek. (vergelyk Louw et al.,1990:368-369; Eastman,1984:18-21 en Perry et al.,1984:100-101.)

- **Outokratiese ouer**

Die ouer is gesteld op gehoorsaamheid en onbuigsame opvattings van wat reg en verkeerd is. Daar is geen kommunikasie tussen ouer en kind nie.Die ouer dwing die mag op die kind af, stel eise en perke, en as die kind nie volgens die ouer se verwagting optree nie, word hy gestraf. Navorser is van mening dat die kind dus geen aandeel in besluitneming het nie. Volgens die skrywers kan sekere gevolge van hierdie ouerskapstyl intree, naamlik dat die kind 'n laer selfagting het en ook minder vaardig in hulle verhoudings met vriende is. Sommige van hierdie kinders neem wraak en aggressie kan selfs voorkom. Outokratiese ouers kan veroorsaak dat die kind sy ouer se voorbeeld volg en selfs outoritêre dominerende optrede openbaar. Hierdie kinders mag vyandig teenoor hulle maats raak omdat die kind baasspelerig wil wees.

- **Demokratiese of gesaghebbende ouer**

Hierdie ouer dui duidelik 'n rigting vir sy kind aan, maar laat terselfdertyd vryheid binne redelike grense toe (Louw et al.,1990:369). Die ouer kan gesonde gesag uitoefen, maar hy weet en erken dat hy nie 'n onfeilbare bron van gesag is nie, en dat hy in die werklike lewe ook kan fouteer (Perry et al.,1984:101). Navorser is van mening dat kinders van hierdie tipe ouerskapstyl weet wat van hulle verwag word, en dat die ouer ook foute kan erken en verskoning kan vra. Oop kommunikasie kom dus voor. Openlike en eerlike gesprekke kom voor. Die kind word deel van die besluitnemingsproses. Gevolge van die demokratiese ouer is dat die kind 'n hoë selfagting het en beter in staat is om morele standaarde te internaliseer en op skool te presteer. Die ouer en die kind is nie in 'n magstryd betrokke nie. Die ouer en die kind kom tot 'n oplossing van probleme, dit lei tot vertroue, begrip en respek vir mekaar. Die kind kan verantwoordelikheid aanvaar en is meer onafhanklik. Navorser sluit aan by Eastman (1984:21) as hy meen dat hierdie kinders gemotiveer word om probleme self op te los.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

- **Permissiewe ouer**

Feitlik geen perke word aan die kind gestel nie en die kind is self verantwoordelik vir sy gedrag. Die ouer laat die kind in 'n baie groot mate toe om sy eie gang te gaan. Die ouer handel die meeste van die tyd nie-bestraffend en keur die kind se begeertes en optredes goed, sodat die kind se "persoonlikheid kan ontwikkel". Hierdie ouers meen dus dat straf, mag en gesag as 'n inperking beskou word wat nadelig vir die kind se ontwikkeling is. Gevolge van die permissiewe ouer is dat kinders ongehoorsaam is wanneer daar gevra word om iets te doen wat in konflik met hulle begeertes is. Hulle aanvaar nie maklik verantwoordelikheid nie, onderwerp hulle nie aan gesag nie en is geneig om slegter op skool te vaar. Die kind word van geen struktuur voorsien waaraan hy die korrektheid of verkeerdheid van sy gedrag kan beoordeel nie. Navorser is van mening dat kinders wat nie grense en struktuur het nie, ook min vertroue in hulself het. Hierdie kinders is dan ook dikwels nie lief vir hulself nie.

- **Onbetrokke ouer**

Hierdie ouers stel volgens Louw et al.(1990:369)geen eise aan die kind nie, hulle doen net die minimum wat van hulle as ouers van die kind verwag word. Die redes vir die onbetrokkenheid van die ouers kan wissel van 'n gebrek aan belangstelling in kinders tot oorweldigende persoonlike probleme. Die optrede van die onbetrokke ouer het tot gevolg dat daar versteurings in die kind se verhouding met ander kan wees, die kind dikwels geneig is om impulsief te wees en selfs anti-sosiale gedrag te openbaar. (vergelyk Louw et al.,1990:369.) Navorser is van mening dat die kind onveilig en verward voel. Wanneer die kind dan skool toe gaan, het dit reeds negatiewe gevolge vir sy ontwikkeling. Hy beleef geen sekuriteit nie.

**2.4.3 Gesinsamestelling**

Die aantal kinders in 'n gesin en die ordinale posisie van 'n kind in die gesin het bepaalde implikasies vir sy sosiale en persoonlikheidsontwikkeling (Louw et al.,1990:370).

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

Verskeie teorieë is aangevoer om die verskil tussen eersgeborenes en latergeborenes te verklaar. Louw et al. (1990:370) is van mening dat die oudste kind meer selfvertroue verkry en ook meer verantwoordelikheid kan aanvaar. 'n Verder voordeel is dat oudste kinders meer blootstelling aan volwasse modelle het. Wanneer nog 'n kind gebore word, kry die oudste kind minder aandag van sy ouers af. Die oudste kind "wen" weer sy aandag terug deur op 'n later stadium op skool te presteer of deur negatiewe gedrag te openbaar. Enigste kinders vorder net so goed as die oudste kind. Enigste kinders pas hulself maklik in die omgewing aan.

Die middelste kind word volgens Van der Westhuÿsen & Schoeman (in Louw et al.,1990:370) dikwels die moeilike kind genoem. Hierdie kinders mag verwerp voel omdat hulle nooit so 'n sterk verhouding met hul ouers soos die oudste kind kon hê nie. Die funksie en rol van die middelste kind kan ook nie so goed in die gesin omskryf word soos byvoorbeeld die oudste en die jongste kind nie.

Die jongste kind word weer vir baie jare as die baba van die gesin beskou. Volgens Louw et al.(1990:370) kry hierdie kind so baie aandag dat hy nie lus is om selfstandig te ontwikkel nie. Navorser is van mening dat kinders in die gesinsopset reageer soos wat hulle gehanteer word. As 'n kind aanvaarding en liefde in die gesin beleef, kan hy homself aanvaar en in homself glo. Dit is belangrik dat die ouer die kind in die gesin as individu moet beskou om sodoende positiewe ontwikkeling by die kind te bewerkstellig. Die kind het aanvaarding en aanmoediging nodig om toereikend te kan voel.

### 2.4.4 Egskeiding

Volgens Salkind (1990:489) kan egskeiding 'n groot invloed op die kind se ontwikkeling hê. Egskeiding is 'n pynlike proses vir die kind en dikwels beleef kinders dat dit hulle skuld is. Navorsing toon aan dat egskeiding in Suid-Afrika al hoe meer toeneem en dat jong kinders meestal betrokke is. Salkind (1990:489) konstateer dat die gesin sekuriteit vir die kind bied. Wanneer ouers skei word daardie sekuriteit en veiligheid nadelig beïnvloed. Kinders in die middelkinderjare ervaar verskeie gedragspatrone en gevoelens

soos hartseer, vrees, skuld, depressie, aggressie en eensaamheid tydens ‘n egskeiding (Clarke-Stewart et al.,1987:487). Louw et al. (1990:371) sluit by die vorige skrywer aan deurdat ‘n egskeiding ‘n reeks van stresvolle ervarings vir die hele gesin inhou.

Volgens Salkind (1990:489) het die kind tydens egskeiding sekere behoeftes wat die ouers in ag moet neem. Die ouderdom van die kind word in ag geneem en die kwaliteit van die kind se verhouding met beide van sy ouers is belangrik. Die persoonlikheid en die emosionele stabiliteit van sowel die kind as die ouer speel ‘n bepalende rol. Navorser is van mening dat die kind dus sekere behoeftes het wat die ouer in ag moet neem. Die kind se reaksie op die ouers se egskeiding sal dus deurslaggewend beïnvloed word deur die manier waarop die ouers die egskeiding hanteer. Kinders moet toegelaat word om hulle gevoelens uit te spreek en te besit. Egskeiding kan steeds veroorsaak dat die kind in die middelkinderjare verwerp voel.

Kinders se reaksie op egskeiding kan deur verskeie faktore bepaal word. Volgens Craig (in Louw et al.,1990:373) en Clarke-Stewart et al. (1987:488) is hierdie faktore die volgende:

- Die mate van vyandigheid wat die egskeiding voorafgaan. Dit is moeiliker vir die kind om by die situasie aan te pas as vyandigheid teenwoordig is.
- Die mate van verandering in die kind se lewe. Indien die kind na ‘n ander dorp moet verhuis, ‘n ander skool moet bywoon en nuwe vriende moet maak, is dit moeiliker vir die kind om selfvertroue en selfagting te ontwikkel as wanneer die kind se omstandighede nie sou verander nie.
- Die aard van die ouer-kind verhouding. Volgens Clarke-Stewart et al.(1987:488) is positiewe kontak met ‘n ouer of albei ouers van meer betekenis vir die kind as geen kontak nie. Dit help die kind om ‘n goeie aanpassing te maak.

Navorser is van mening dat bogenoemde faktore beslis ‘n invloed op die kind se ontwikkeling het, en dat die noodsaaklikheid van bemagtiging en ondersteuning vir kinders tydens ‘n egskeiding nie uitgesluit moet word nie.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

**2.4.5 Stiefgesinne**

Daar word beweer dat die meeste ouers wat skei, weer trou. Die veranderinge wat met 'n tweede troue gepaard gaan, verg egter groot aanpassing (Louw et al.,1990:374). Die betrokke kinders kry nie net 'n nuwe (stief-)ouer nie, maar dikwels ook (stief-)broers en/of (stief-)susters. Navorser is van mening dat hierdie nuwe aanpassing vir baie kinders stresvol kan wees. Salkind (1990:494) is van mening dat stiefouers ook stres ervaar en net so graag deur die kind aanvaar wil word. Carter & McGoldrick (in Salkind,1990:494) noem sewe faktore wat die kind en sy nuwe familie moet hanteer om sodoende goeie verhoudings te bou:

- Die kind moet die verlies van 'n ouer aanvaar.
- Kinders voel verantwoordelik vir die egskeiding. Verduideliking en liefde speel 'n groot rol by die ouer om die kind te bemagtig. Die kind moet versekering kry dat hy nie skuldig is nie.
- Kinders moet by hulle nuwe omstandighede kan aanpas. Die een ouer kan byvoorbeeld verhuis, die kind kry 'n nuwe skool en nuwe maats.
- As gevolg van die nuwe aanpassing word reëls verander of aangepas. Die kind word aan nuwe verantwoordelikhede blootgestel.
- Kinders fantaseer gedurig dat hul eie ouers weer herenig sal word. Dit is belangrik dat die ouers die kind van sekuriteit en liefde moet verseker sonder enige beloftes van hereniging.
- Kinders se rol ten opsigte van hul ouers verander ook. Dit is belangrik dat kinders 'n oop verhouding met beide ouers moet handhaaf.
- Verskillende verwagtings van beide die kind en die nuwe ouer kom na vore. Kommunikasie en geduld is van groot belang.

Navorser is van mening dat die invloed van 'n tweede troue nie altyd negatief is nie. Die kind maak self die keuse of hy die nuwe gesinsomstandighede gaan aanvaar of nie.

Sekere gedragsprobleme mag wel voorkom. Indien die ouers negatiewe gedrag van die kind ondervind, kan professionele hulp genader word.

### 2.4.6 Enkelouergesinne

Enkelouergesinne verwys volgens Louw et al. (1990:375) na waar die vader of die moeder nie teenwoordig is nie weens faktore soos egskeiding, verlating of die dood. Die grootste enkele oorsaak van enkelouergesinne is egskeiding, en by die meeste enkelouergesinne is die moeder die enkelouer. Salkind (1990:499), Clarke-Stewart et al. (1987:488) en Louw et al. (1990:375) stem saam dat daar binne enkelouergesinne meer stres teenwoordig mag wees. Die oorsake van die stres is volgens die skrywers meestal ekonomiese stres. Indien egskeiding van toepassing was, is 'n belangrike rede hiervoor dat onderhoud nie gereeld deur die ander ouer betaal word nie en dat die ouer aan wie die kinders toegeken is, nie altyd oor die nodige finansies beskik om behoorlik kop bo water te hou nie (Louw et al.,1990:375).

Verskeie negatiewe gevolge van enkelouergesinne kom voor. Salkind (1990:500) konstateer dat 'n enkelouer dikwels 'n substituut vir die kind moet kry wanneer die ouer gaan werk ( byvoorbeeld dagversorging of naskool vir kinders). Die kind in sy middelkinderjare spandeer die meeste van sy dag in die skool. Navorser is van mening dat enkelouers wel rede tot kommer het oor die kind se versorging in die middae. Volgens Louw et al. (1990:375-376) kom jeugmisdaad meer voor by hierdie kinders. Kinders uit enkelouergesinne hou ook minder van skool as kinders uit tweeouergesinne, hul verhoudings met maats en onderwysers is ook swak en beïnvloed dus hul selfbeeld. Vanuit navorser se ondervinding blyk dit dat kinders uit enkelouergesinne dikwels self huweliksprobleme en probleme met die opvoeding van hul eie kinders ondervind.

Volgens Louw et al. (1990:376) en Salkind (1990:501) is daar egter ook positiewe eienskappe by hierdie kinders teenwoordig. Laasgenoemde skrywer is van mening dat kinders in 'n enkelouergesin sterk bande met ander en die teenoorgestelde geslag kan ontwikkel. Twee of meer kinders in 'n enkelouergesin het mekaar se ondersteuning

nodig. Gewoonlik is die kinders meer onafhanklik en meer verantwoordelik, en kan ook deel aan besluitneming.

Navorser stem met die skrywers saam dat enkelouergesinne negatiewe sowel as positiewe gevolge vir die kind inhou. Dit is egter die ouer se verantwoordelikheid om die kind se behoeftes in ag te neem en om leemtes in die kind se ontwikkeling te identifiseer.

### 2.4.7 Dood in die gesin

Die dood van 'n ouer is volgens Salkind (1990:496) vir 'n kind soms onverstaanbaar. Hy noem dat jong skoolgaande kinders wat nog in die preoperasionele fase van kognitiewe ontwikkeling is, soms dink dat die ouer weer terugkom. Kinders in die middelkinderjare is weer bekommerd dat hul ouers sal doodgaan. Kane (in Salkind,1990:497) konstateer dat die kind tussen sewe en agt die dood as spesifiek en konkreet beskryf... "the dead can neither eat nor speak". Kinders vanaf tienjarige ouderdom kan die dood definieër. Navorsing het aangetoon dat kinders wat die verlies van 'n ouer ervaar het, dikwels enurese het, swak vorder op skool, vrees en angs vir die dood het (veral vir ander in die gesin), aggressief en depressief is (Van Eerdelwegh in Salkind,1990:497).

Navorser is van mening dat kinders toegelaat moet word om hul emosies uit te druk. Ondersteuning van die res van die gesin is hier van groot belang. Die kind moet tyd gegun word om te treur oor die ouer wat hy verloor het. Indien die kind sy gevoelens onderdruk, kan dit tot erge gedragsprobleme lei. Kinders kan op sekere wyses oor 'n ouer se dood reageer. Dit sal dus nodig wees om die kind te verstaan en te ondersteun.

Volgens navorser speel die gesin 'n belangrike rol in die kind se ontwikkeling. Kinders voel maklik bedreig wanneer hul ouers rusie maak. Die tipe ouerskapstyl bepaal ook of die ouer die kind "raaksien" en kan verstaan. Navorser is van mening dat ouers beheersd en volwasse voor die kinders moet optree. Goeie verhoudings in die gesin lei tot 'n gesonde ontwikkeling by die kind op alle vlakke. Daar is verskeie faktore wat die skoolgaande kind se ontwikkeling kan benadeel. Dit is belangrik dat die kind 'n gevoel

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

van "behoort" moet beleef wanneer gesinsomstandighede skade lei. Dit is die ouer se verantwoordelikheid (enkel of geskei) om tyd aan die kind te spandeer. Dit dien as basis vir 'n gesonde ouer-kind verhouding.

## 2.5 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die ontwikkeling van die kind in die middelkinderjare volledig bespreek. Die middelkinderjare is die vormingsjare waartydens ontwikkeling op alle gebiede voorkom. Hierdie ontwikkelingsfase is 'n belangrike tydperk wat betref die kind se liggaamlike, motoriese, kognitiewe, morele, emosionele, sosiale en persoonlikheidsontwikkeling.

Die ontwikkelingstake van die kind in die middelkinderjare moet sensitief deurgekyk word, aangesien die kind vir die eerste keer in sy lewe die wêreld buite alleen aanskou. Vir die doeleindes van die betrokke studie is daar op die junior- primêre skoolkind (6-9 jaar) gefokus. Binne hierdie fase leer die skoolkind om minder van sy opvoeders afhanklik te wees, en groei en ontwikkel meer op verskeie terreine as die voorskoolse kind. Omdat die studie fokus op die emosionele-sosiale ontwikkeling van die junior-primêre skoolkind, is klem gelê op die invloed van die gesin en ander invloede in die middelkinderjare kind se lewe. Indien die kind se ontwikkeling deur laasgenoemde belemmer word, kan die kind nie sy gesonde ontwikkeling van kindwees bereik nie en kan die kind gedragsprobleme, soos aggressiewe gedrag, openbaar.

Die middelkinderjare gaan met groter emosionele volwassenheid as die voorskoolse jare gepaard. Die kind is in staat om 'n verskeidenheid van gevoelens uit te druk. Hierdie gevoelens is meer spesifiek, divers en gesofistikeerd. Indien die kind in die middelkinderjare nie aan sy emosies uiting kan gee nie, word hierdie emosies onderdruk wat dikwels tot verhoudings- of gedragsprobleme lei. Die kind in die middelkinderjare het dus motivering op alle terreine nodig om hul volle potensiaal en groei te bereik.

Die kind leer om met maats van sy eie ouderdom oor die weg te kom. Sy sosialisering word op 'n toepaslike wyse in die skool vervul. Aanvaarding en om "te behoort" is vir die laerskoolkind belangrik. Om te "behoort" speel 'n groot rol in die ontwikkeling van die kind se selfbeeld en selfvertroue. In die skool word die kind gedurig getoets aan omstandighede waaraan hy blootgestel word.

Die gesin bly steeds 'n onvervangbare anker in die kind se lewe en sy groei tot volwassenheid. Dit is belangrik dat die ouer kennis oor die ontwikkeling van die kind in die middelkinderjare sal hê ten einde met die kind kontak te maak. Die wyse en tipe van ouerskapstyl waarop ouers hulle kinders grootmaak speel 'n belangrike rol in die ontwikkeling van die kind. Die kind sal weet wat van hom by die huis sowel as op skool verwag word, indien die ouers reeds op 'n vroeë ouderdom in die kind se lewe die mees toepaslikste ouerskapstyl gevolg het. Gesinsamestelling, egskeiding, stiefgesinne, enkelouergesinne en dood in die gesin speel 'n belangrike rol in die kind se ontwikkeling.

Dit blyk dus dat verskeie faktore die kind in die middelkinderjare se ontwikkeling kan belemmer. Indien die kind nie optimaal ontwikkel het nie en nie die nodige ondersteuning en liefde van sy ouers ontvang het nie, kan onaanvaarbare gedrag by die kind ontstaan. Ten einde hierdie onaanvaarbare gedrag te identifiseer en te hanteer, word daar in hoofstuk 3 spesifiek op aggressiewe gedrag in die middelkinderjare gefokus.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

# HOOFSTUK 3
# AGGRESSIE IN DIE MIDDELKINDERJARE

## 3.1 INLEIDING

Die belangrikste vormende invloede in 'n kind se lewe kom uit die ouerhuis. In hoofstuk twee het dit duidelik na vore gekom dat die skool, en ander instansies en organisasies elk ook 'n groot invloed op die kind se ontwikkeling uitoefen, maar volgens navorser kan niks die ouerhuis vervang nie.

Die ouerhuis is die belangrikste opvoedingsinrigting in 'n kind se lewe. Navorser is van mening dat indien die binding tussen ouer en kind nie sterk is nie kan sekere gedragsprobleme na vore kom. Kinders sal minder probleme tydens hul ontwikkeling en groei toon, indien ouers bewustelik aan 'n verhouding met hul kinders bou. Vir die doeleindes van hierdie hoofstuk word aggressie spesifiek in die middelkinderjare bespreek. Die invloed van die ouer-kind binding op 'n kind se aggressie, geniet in hoofstuk 4 aandag.

## 3.2 AGGRESSIE

Aggressie is'n sterk emosie van onaangenaamheid. Emosie wek energie binne die individu op. Aggressie wek dus energie op wat die individu aanspoor om die objek wat die aggressie veroorsaak het, seer te maak of te vernietig. (vergelyk van Staden,1988:60.) Niolon (2000:2) konstateer dat: *"...anger is not the same thing as aggression. Anger is a feeling, while aggression is a class of behaviors. Anger is a temporary emotional state caused by frustration; aggression is often an attempt to hurt a person or to destroy property"*. Navorser stem saam met die skrywer dat aggressie 'n natuurlike, refleksiewe gevolg van frustrasie is. Frustrasie ontstaan as gevolg van 'n doelwit wat geblokkeer is. Indien die kind dus nie sy doelwit in sy ontwikkeling en groei kan bereik nie, word hy gefrustreerd en gee uiting deur middel van aggressiewe optrede.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

Wanneer 'n kind vir almal kwaad word, gedurig met iemand twis of baklei, skerp of kru taal gebruik, word hy as aggressief bestempel. (vergelyk Maree,1990:47 en Riker & Riker,1982:276.) Soos uit die omskrywing van aggressiewe gedrag blyk, is navorser van mening dat kinders verskillende wyses gebruik, hetsy fisies of verbaal, waarop hulle gevoelens van aggressie en woede uitdruk.

Aggressie is 'n normale menslike verskynsel, maar indien dit die kind se optimale funksionering en groei van gesonde kindwees negatief beïnvloed, kan dit as probleemgedrag beskou word. Daar bestaan nie in die teorie 'n DSM-IV klassifikasie spesifiek vir aggressiewe gedrag nie. Die volgende klassifikasies vir die diagnosering van die aggressiewe kind word byvoorbeeld deur sielkundiges benut, naamlik " 312.8 Conduct disorder" en "312.9 Disruptive Behavior Disorder". (vergelyk DSM-IV,1994:85;94.) Die eerste klassifikasie het 'n reeks anti-sosiale gedrag wat by die kind geïdentifiseer word, naamlik aggressiewe gedrag, diefstal, vandalisme, brandstigting en leuens. Kratochwill & Morris (1991:173) noem dat die doel van die kind se gedrag is om ander te beseer en om mag te verkry. Die skrywers is van mening dat dié gedragspatrone soms normaal in 'n kind se ontwikkeling is. Dit is egter die patroon van die anti-sosiale gedrag wat negatiewe gevolge vir die kind se ontwikkeling kan hê, wat gemonitor moet word.

Volgens navorser het aggressie 'n algemene veskynsel in die moderne wêreld geword en dit kan as 'n belangrike faktor in fisieke- en geestesgesondheid beskou word. Dit geld nie slegs vir die volwasse populasie nie, maar intense vorme van aggressiewe gedrag is ook 'n waarneembare werklikheid by kinders. Die kind in die middelkinderjare bevind hom in 'n tydperk van snelle verandering op alle gebiede van sy ontwikkeling. Alhoewel aggressie van kind tot kind verskil, is dit 'n normale deel van menswees. Aggressie kan wel 'n negatiewe uitwerking op al die vlakke van 'n kind se ontwikkeling hê as hy nie leer om die aggressie op 'n konstruktiewe wyse te hanteer nie.

Indien aggressie as probleemgedrag in die middelkinderjare geïdentifiseer word, is dit belangrik om die oorsake van aggressie te bepaal. Die oorsake van aggressie word vervolgens bespreek.

### 3.3 DIE OORSAAK OF REDES VIR AGGRESSIE

Verskeie skrywers is dit eens dat daar byna altyd 'n spesifieke oorsaak of rede vir 'n kind se gedrag bestaan – dit moet net gesoek word. (vergelyk Schoeman,1996:172 en Maree,1990:47.) Namate 'n kind ouer word en met sy omgewing in interaksie tree, veral in die middelkinderjare, ontwikkel die kind wyses om sy basiese doel van "behoort aan" as basiese behoefte te bereik. Volgens Thompson & Rudolph (1992:257) is verskeie faktore krities in die ontwikkeling van samehangende patrone van gedrag en houdings.

Volgens Dreikurs (in Thompson & Rudolph,1992:257-259) is 'n basiese ontleding gemaak van die onmiddellike doelwitte wat kinders gebruik om hul basiese doelwit van " behoort aan" te bereik. Die skrywer het bevind dat kinders wat nie 'n patroon van wangedrag openbaar nie, 'n onmiddellike doelwit van konstruktiewe samewerking het. Die kind wat geen wangedrag openbaar het nie, kon hul plek vind en goed voel oor hulself. Die kind se gedrag is dus sosiaal effektief.

In teenstelling hiermee volg kinders, wat 'n patroon van wangedrag openbaar, gewoonlik een van vier foutiewe doelwitte, naamlik aandag, mag, weerwraak en terugtrekking. Die ouer of terapeut moet dus die doel van die aggressiewe kind se gedrag bepaal. Het die kind dus 'n behoefte aan aandag, mag, weerwraak of tyd vir homself? Beide Harrison (1996:81-85) en Thompson & Rudolph (1992:258) is van mening dat as die terapeut of ouer die doel van die kind se wangedrag begryp, die kind se gedrag in perspektief geplaas kan word. Die oorsake van aggressie word vervolgens onder sekere afdelings met in agneming van die vier motiewe van aggressie, bespreek.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

### 3.3.1 Fisiese en emosionele faktore

Aggressie is 'n menslike instink en was nog altyd by die mens teenwoordig.(vergelyk Schaefer & Millman,1982:237.) Volgens Schoeman (1996:172) is 'n kind se gedrag altyd 'n poging om sy basiese psigologiese behoeftes, soos vryheid, pret, mag en "behoort-aan", te bevredig. Indien 'n kind se behoeftes nie bevredig word nie, gebruik hy dikwels die verkeerde wyses of meganismes om te kry wat hy wil hê, soos deur te baklei.

Kinders openbaar soms aggressiewe gedrag ten einde hulself te beskerm en in 'n vyandige en wrede wêreld te handhaaf. (vergelyk Thompson & Rudolph,1992:483; Winkley, 1996:115 en Oaklander,1988:207.) Kapp (1990:29) is van mening dat kinders met aangebore of verworwe gestremdhede, soos doofheid en blindheid, die kind se lewe met verskeie probleme kompliseer. Sulke kinders is meestal weerloos teen negatiewe gedrag.

Volgens Winkley (1996:115) is sekere kinders onder stres meer vatbaar vir aggressiewe gedrag as ander kinders wat nie blootgestel word nie. Tydens geboorte word 'n klein persentasie van babas met 'n sensitiewer temperament as ander gebore. (vergelyk Winkley,1996:115.) 'n Swanger vrou se emosies word volgens laasgenoemde skrywer op haar ongebore baba oorgedra deur die afskeiding van 'n spesifieke stof, endorfien. Die fetus is bewus van die verandering in 'n vrou se liggaam en hoewel hy dit nie verstaan nie, reageer hy op die emosionele deel daarvan. Die swanger vrou se gevoelens van aggressie, angs, skuld of woede kan dan eendag daartoe lei dat die kind baie kwesbaar vir dié emosies is, sonder dat hy weet hoekom. Navorser is van mening dat hierdie emosies in sy onbewuste onderdruk is, en daarom bly dit onverwerk. Daarenteen sal die positiewe gevoelens wat die swanger vrou oor die koms van haar baba koester, die kind geborge en gelief laat voel.

Die kind se ontwikkelingsfase speel volgens navorser 'n rol in die ontstaan van aggressie. Die middelkinderjare het te doen met verskeie veranderings en aanpassings in die kind se lewe.

Soms kan kinders byvoorbeeld kwaad raak omdat hul liggaam verander (Eastman,1994:14 en paragraaf 2.2.1.1) Sekere ontwikkelingstake wat van die kind in sy middelkinderjare verwag word, word ook vereis. Indien die kind dus nie aan die vereistes voldoen nie, raak die kind frustreerd en kan aggressiewe gedrag na vore kom. Die kind moet selfdissipline aanleer, om sodoende beheer oor sy emosies te verkry. Eastman (1994:14) stel dit as volg: *"They need to understand that it is OK to feel angry but that growing up means that they must master their out-of-control and learn to make peace with themselves and others".*

Navorser is van mening dat aggressiewe optrede tydens die middelkinderjare soms nog aanvaar kan word omdat die kind nog besig is om sy emosies te leer beheer (vergelyk paragraaf 2.2.2.1 en 2.2.4). Daar moet egter onderskei word tussen die kind wat periodiek in 'n vuisgeveg betrokke raak of aanhoudende woede-uitbarstings kry teenoor die kind wat op 'n natuurlike wyse tot sulke optredes oorgaan.(vergelyk Van Niekerk,1992:185.) Indien die kind in die middelkinderjare onsuksesvol is in sekere ontwikkelingstake wat hy moet bereik, kan dit dus tot ongewildheid by sy maats aanleiding gee wat weer die kind se selfagting verlaag.

'n Mens se bepaalde selfkonsep of selfbeeld wat hy van homself handhaaf, word nie as sulks oorgeërf nie, maar word opgebou uit alles wat hy van kleins af beleef. Die kind met 'n negatiewe selfkonsep sien homself nie as goed genoeg nie –nie vir sy ouers nie, nie vir sy onderwysers nie, nie vir sy maats nie (vergelyk paragraaf 2.2.5.3). Depressie is dieselfde gevoel as aggressie, maar dit word teen die persoon self gerig, met ander woorde na binne gekeer, terwyl aggressie na buite gewend word.

Volgens Mc Kay (2000:6) is kinders gedurig in konfrontasies betrokke of word deur maats blameer. Soms kan die gevolg hiervan wees dat die kind nie kan slaap nie of rusteloos met homself voel. Volgens navorser is kinders geneig om graag te wil "behoort" en aanvaar te word. Indien die kind dus sleg voel oor homself ontstaan aggressie en/of depressiewe gevoelens.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

Volgens Niolon (2000:1) is dit egter nodig om te bepaal wat die oorsaak van of rede vir die kind se aggressiewe gedrag was. Volgens die skrywer is aggressie meestal 'n reaksie op frustrasie. Kinders se frustrasies word deur eensaamheid, teleurstelling, isolasie, angs en hartseer uitgelok. Kinders reageer gewoonlik aggressief teenoor laasgenoemde situasies, omdat die kind hulpeloos in sy situasie voel. Niolon (2000:2) konstateer dat aggressiewe kinders dikwels hulself wil beskerm om nie seer te kry nie. Die kind maak dus van verdedigingsmeganismes gebruik. Die gevolg is dat die kind sy gevoelens na binne keer en dat ander hom nie verstaan nie. Navorser beklemtoon die belangrikheid van die bewusmaking van gevoelens sodat die kind in kontak met sy gevoelens kan kom en dus kan deel hoe hy op daardie stadium voel.

Navorser is van mening dat kinders in die middelkinderjare met 'n swak of lae selfbeeld by negatiewe bedrywighede en gedagtes oor hulself betrokke raak. Gesinsfaktore speel dus 'n belangrike rol in die vorming van die kind se selfkonsep.

**3.3.2 Gesinsfaktore**

Verskeie skrywers (Thompson & Rudolph,1992:483; Schaefer & Millman,1981:237; Kapp,1990:115 en Maree,1990:47) is dit eens dat aggressiewe kinders dikwels aggressiewe ouers het. Baklei, as wyse waarop aggressie of konflik hanteer word, kan dus beskou word as aangeleerde gedrag na aanleiding van die voorbeeld wat ouers, maats of ander betekenisvolle persone aan die kind stel.

Studies, volgens Fillon (1999), toon aan dat die media en maats 'n invloed op kinders se aggressiewe gedrag het, maar dat ouers se invloed die grootste determinant van 'n kind se aggressiewe gedrag is. In Fillon se studie is die verhouding met die kind se opvoeder getoets waar meer as die helfte van die kinders se houding aggressief teenoor die ouer was. Navorsers het in die studie die volgende bevind:

- Kinders wat by beide ouers woon se aggressie vlak is laer as kinders wat in enkelouergesinne woon.

- Die kind se aggressie vlak word bepaal deur die tipe verhouding wat die kind met die ouer het. Min tot geen konflik ontstaan wanneer die ouer-kind verhouding gebalanseerd is.
- Hoe meer ouers by die kind se sosiale lewe betrokke is, hoe laer is die aggressie vlak by die kind.
- Indien huwelikskonflik ontstaan, kan die kind 'n vergelyking maak oor hoe sy ouers op aggressie reageer. Die kind identifiseer dus met sy ouers oor wat aanvaarbare gedrag vir hulle is.

As kinders aanvoel of waarneem dat hul ouers nie tyd vir hulle het nie of dat hulle in die pad is, kan die kind aggressief reageer. Hulle probeer die aandag soek wat hulle nie kry nie. 'n Kind wil voel dat sy ouers hom lief het en is dus bereid om genoeg tyd aan hom af te staan. Vanuit bogenoemde studie kan daar dus duidelik waargeneem word watter belangrike rol die kind se ouers in sy ontwikkeling speel. Orpinas (1999) stel dit soos volg: *"Children need to be talked to and monitored starting at a very young age. And parents have to be careful what they teach their children, because children learn from them the most"*.

Opvoedingstekorte en versteurde gesinsverhoudings kan tot aggressie bydra. Dit sluit faktore soos streng of onredelike dissipline, liefdeloosheid, oorbeskerming, fisiese- en emosionele verwaarlosing, drankmisbruik, werkloosheid, misdaad en selfs swak behuisingsomstandighede in.(vergelyk Kapp,1990:115; Clarke-Stewart & Friedman,1987:501 en Winkley,1996:115.) Kapp (1990:115) stem saam met Maree (1990:7) dat 'n gebrek aan gehegtheid in die gesinslewe tot aggressiewe gedrag by kinders kan lei. Navorser is van mening dat enige versteuringe in die ouer-kind binding, veral in die vroeë kinderjare, aggressiewe gedrag uitlok.

Navorser is van mening dat deur die regte styl van ouerskap aan te kweek, kinders dan weet wat om van hul ouers te verwag. Dit beperk dus negatiewe gedrag by die kind (vergelyk paragraaf 2.4.2). Kinders moet die geleentheid gegun word om hul ouers se dissipline- en gesagstyle openlik met hulle te bespreek. Die kanse dat die kind dit

onvoorwaardelik sal aanvaar is dan groter. Gesinsvergaderings kan dus 'n groot hulpmiddel wees waar die kind en ouer 'n bepaalde tyd inruim vir openlike kommunikasie.

Tydens die middelkinderjare dra die gesin grootliks by tot die kind se ontwikkeling van positiewe verhoudings met maats (Havighurst in Thomas,1996:57). Die kind in die middelkinderjare stel hoë eise aan hul ouers. Indien die ouer-kind binding nie sekuriteit vir die kind bied nie, kan die kind negatiewe gedrag soos aggressiewe optredes openbaar. Navorser is van mening dat ouers hul kind in die middelkinderjare se emosionele behoeftes nie moet ignoreer nie. Indien dit wel gebeur is sulke kinders wanneer hul groter is, geneig om ander te blameer wanneer dinge verkeerd gaan.

Om die ideale ouerskapstyl te volg, is nog lank nie 'n waarborg dat ouers gelukkige en gebalanseerde kinders gaan hê nie, maar die waarskynlikheid is baie hoër (vergelyk paragraaf 2.4.2). ' n Ouer se styl van kinders grootmaak moet dus gebaseer wees daarop dat die ouer altyd die regte voorbeeld moet stel. Wat kinders van die interaksie in die gesin, van naasteliefde, ordentlikheid, bedagsaamheid en goeie maniere waarneem, gaan hulle waarskynlik altyd onthou. Volgens navorser kan hierdie goeie ervaringe in die kind se vroeë ontwikkeling slegs 'n positiewe uitwerking op die kind in die middelkinderjare hê wat aan soveel nuwe veranderings blootgestel word.

### 3.3.3 Skool en maats

Alle kinders soek aandag, veral die voorskoolse kind. Tydens die middelkinderjare vind daar 'n klemverskuiwing plaas. Die kind soek nou aandag by maats. Groepe is baie belangrik vir die middelkinderjare kind, omdat hy wil "behoort".

Harrison (1996:80) is van mening dat die laerskoolkind minder aandag by die skool soek, indien hy tydens die voorskoolse jare 'n gevoel van " behoort aan " by sy opvoeders gehad het. 'n Kind wat aandag soek se doel is om die volwassene besig te hou. Die

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

natuurlike reaksie van die volwassene is geïrriteerdheid en om dan die aandag tog te gee wat die kind wil hê (Harrison,1996:82).

Navorser is van mening dat 'n oorsaak van aggressiewe gedrag, 'n tekort aan aandag by die kind se opvoeders kan wees. Wanneer die kind dus skool toe gaan, probeer die kind op verskeie maniere aandag by maats en onderwysers kry, wat soms as negatiewe gedrag beskou kan word.

Aandagsoek het volgens Thompson & Rudolph (1992:258) vier vorme:

- **Affektief-konstruktief**. Dit is die modelkind, met die doel om die self te verbeter, nie om saam te werk nie.
- **Passief-konstruktief.** Die oulike kind, nie so energiek soos die vorige een om aandag te kry nie, maar hierdie kind is gewoonlik die onderwyser se gunsteling.
- **Aktief-destruktief.** Die steurende kind, die een wat die dag omkrap, die nar, die afwyser, die kwaaddoener.
- **Passief-destruktief.** Die lui kind wat aandag kry deur aansprake om hulp.

Sommige kinders in die middelkinderjare het 'n oorheersende gevoel vir mag, hulle wil baasspeel. Hewitt (1999:46) konstateer dat kinders wat geen kontrole oor egskeidings, verhuising, die dood en verandering van skool het nie, dikwels juis aggressief reageer om beheer en mag te kry. Die kinders is hardkoppig, argumenteer graag en het woedebuie. Aggressiewe kinders is dikwels geneig om maats te terg (Smith & Brain,2000:1). Smith & Brain (2000:1) stel dit soos volg: *"Bullying is described as aggressive behaviour normally characterized by repetition and imbalance of power"*. Om maats te terg is nie volgens navorser sosiaal aanvaarbaar nie. Hierdie kinders is dikwels dan geneig om aggressief op te tree (met ander woorde om mag te verkry) en ander van hulle af weg te stoot. Harrison (1996:83) onderskei twee vorme van mag, naamlik:

- **Aktief-destruktief.** Die rebel wat gewoonlik die groep lei.
- **Passief-destruktief.** Die hardkoppige, vergeetagtige, lui kind.

Volgens Smith & Brain (2000:3) is "terg van maats" 'n normale deel van 'n kind se ontwikkeling, maar onlangse studies het bewys dat die verskynsel in skole toeneem en dat dit kommerwekkende implikasies vir kinders het. Die kind wat terg, is geneig om 'n swak selfbeeld by die slagoffer te ontwikkel wat tot depressie kan lei. Die aggressiewe kind bereik dus sy doel deur mag te verkry.

Navorser is van mening dat die kind in die middelkinderjare wie se ontwikkelingstake nie suksesvol bereik is nie, gewoonlik seer voel en beleef dat hy onregverdig deur die lewe behandel word. Die kind se doel is dus om ander te benadeel deur weerwraak te neem. Hierdie kinders is gewoonlik ongewild by ander.(vergelyk Harrison,1996:83-84 en Hewitt,1999:46.)

Tydens die ontwikkeling en groei van die kind in die middelkinderjare is dit belangrik dat die kind sy volle potensiaal moet bereik ten einde tot gesonde kinderontwikkeling te groei. Indien die kind dus op skool aggressiewe gedrag openbaar, lok dit die volgende reaksies van onderwysers en maats uit:

- Maats verwerp die aggressiewe kind, omdat sy gedrag nie sosiaal aanvaarbaar is nie.
- Sulke kinders voel minderwaardig, hulle glo nie hulle kan die lewe hanteer nie, en hul doel is om alleen gelaat te word. Ander moet nie op hulle aanspraak maak nie.
- Ongunstige ervaringe en belewinge in die skool mag tot aggressiewe gedrag by kinders aanleiding gee, of vererger reeds bestaande gedrag (Clarke-Stewart & Friedman,1987:501).
- Volgens Stern & Fodor (1989:2) dra aggressiewe gedrag by die middelkinderjare dikwels by tot onderwysers se stres.
- Die onderwyser is meestal geneig om minder aandag aan die kind te gee om ongerief uit te skakel. Die aggressiewe kind kom dus agter dat hy sy sin by die onderwyser gekry het. Hierdie aggressiewe gedrag by die kind kan tot onderprestering op skool bydra.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

Volgens Raath (1992:13) is motivering die dryfkrag wat die kind aanspoor om na beter prestasie te strewe. Indien die kind in die middelkinderjare dus probleme ervaar is hy nie gemotiveerd om sy volle potensiaal te bereik of in die skool te ontwikkel nie. Dit is egter belangrik dat die kind self verantwoordelikheid vir sy skoolwerk moet neem.

Navorser is van mening dat 'n aggressiewe kind ook nie in beheer van sy skoolwerk is nie, en nooit geleer het om besluite te neem wanneer hy moet leer nie. Dit is in hierdie verband van waarde dat ouers op moontlike oorsake van aggressie bewus moet wees sodat dit nie na die kind se skoolwerk oorgedra word nie. Aggressiewe gedrag by 'n kind kan 'n toestand van stres ontwikkel, en op dié manier die kind se skoolwerk nadelig beïnvloed.(vergelyk Raath,1992:21.)

Streng en onredelike eise van ouers en onderwysers, te hoë of te lae verwagtings van ouers,onderwysers of die kind self, verwerping deur klasmaats en té streng dissipline is voorbeelde van skoolfaktore wat tot aggressiewe gedrag bydra. Navorser is van mening dat die kind in die middelkinderjare 'n sterk sin vir regverdigheid wil hê. Die kind se belewenis dat hy nie regverdig behandel word nie, kan dus tot aggressie aanleiding gee.

**3.3.4 Die omgewing**

Volgens Schaefer & Millman (1981:237-238) is daar 'n aantal redes vir kinders se aggressiewe gedrag, wat onder andere die volgende insluit: frustrasies en probleme in die kind se daaglikse lewe; geweld wat in die media weerspieël word; 'n stryd of worsteling om die verkryging van besittings, byvoorbeeld speelgoed; die kind se vermoë om te fantaseer; die misbruik van alkohol en dwelms (veral by adolessente); asook die afwesigheid van 'n vaderfiguur in die lewe van veral seuns.

Ander rolspelers in die kind se lewe kan 'n invloed op die kind se ontwikkeling en wyse van aggressiehantering hê. Die kind in die middelkinderjare word meestal aan maats blootgeste (vergelyk paragraaf 2.2.5.4). Die kind het 'n behoefte aan "behoort-aan" en sal soms enigiets doen om in 'n groep aanvaar te word. Bendes in die skool kan tot

negatiewe gedrag aanleiding gee en die kind sal dit aanvaar om deel van die groep te wees. Die kind kan dus rebelleer teen dit wat sy ouers van hom verwag.(vergelyk Van Niekerk,1992:186.)

Elkeen van hierdie moontlike redes speel 'n rol in die kweek van aggressie by 'n kind. Enige persoonlike- of gesinsprobleem wat nie voldoende hanteer word nie, skep onvoltooidhede by 'n kind wat tot aggressie mag lei. Hierdie aggressie is dikwels nie vir lang periodes sigbaar nie en word dit dus ook nie geïdentifiseer of hanteer nie. Navorser is van mening dat blootstelling aan negatiewe gedrag en die aanleer van hanteringswyses deel van die kind in sy middelkinderjare se ontwikkeling vorm.

Samevattend gee kinders dikwels uitdrukking aan hul emosies (Schoeman, 1996:173-174) as gevolg van die volgende redes:

- 'n Kind leer gou dat aggressie reaksie ontlok en dat hy die nodige aandag ontvang wat hy verlang.
- 'n Kind soek nie redes om negatiewe gedrag te verander nie, aangesien aggressie dikwels 'n wapen van beheer is.
- 'n Kind genereer negatiewe energie om sy standpunt oor te dra en dit gee weereens negatiewe kontrole en mag.
- Aggressie bemagtig 'n kind en laat hom in beheer voel.
- Aggressie kan as 'n verskoning gebruik word deurdat die kind verantwoordelikheid ontduik.
- 'n Kind rig soms aggressie op homself omdat hy nie weet wat om met die gevoelens te doen nie.

Dit blyk dus dat gedrag van kinders met 'n doel plaasvind. Daar is dus ook 'n doel waarom die kind aggressiewe gedrag openbaar of aanwend. Die middelkinderjare word gekenmerk aan verskeie veranderings en veral 'n behoefte om aanvaar te word. Struikelblokke moet dus vermy word wat aggressie kan uitlok. Vir die doeleindes van die studie word daar spesifiek klem op die aggressiewe kind in sy middelkinderjare geplaas.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

Dit is egter nodig om die aggressiewe kind te verstaan ten einde kontak met die kind se gevoelens te maak. Vervolgens word die aggressiewe kind bespreek.

## 3.4 DIE AGGRESSIEWE KIND

Temperament is die spontane gemoedsaard van 'n persoon – sommige mense is teruggetrokke, ander babbel sonder ophou. Dit word deur genetiese, sowel as omgewingsfaktore beïnvloed en gee kleur aan die lewe, maar kan tot konflik en probleme lei – veral by kinders. Navorser is van mening dat kinders maklik verkeerd verstaan kan word en onbewustelik dwing die ouer soms die kind om anders te wees as wat hy regtig is. Aggressiewe kinders moet verstaan word en dit is die ouer se verantwoordelikheid om die oorsaak van die kind se negatiewe gedrag te bepaal. Vervolgens word die aggressiewe kind onder sekere afdelings bespreek.

### 3.4.1 Die ontwikkelingsfase van die kind

Volgens Du Toit & Kruger (1991:120) verander die kind se begrip van hul emosionele ervaringe merkbaar tydens die middelkinderjare. Tydens die middelkinderjare is die kind meer bewus van sy gevoelens as in sy jonger jare en word gevoelens deur interne oorsake gestimuleer (vergelyk paragraaf 2.2.4).

Die kind in die middelkinderjare maak gebruik van verdedigingsmeganismes omdat hy nie altyd weet hoe om sy gevoelens verbaal uit te druk nie. Navorser is van mening dat wanneer 'n kind nie aan sy emosies uiting kan gee nie, word hierdie emosies dus onderdruk wat dikwels tot verhoudings- en/of gedragsprobleme lei. Die aggressiewe kind het volgens navorser 'n agterstand in sy ontwikkelingstake en ervaar magteloosheid en onvoltooidhede in sy lewe.

Volgens Eastman (1994:14) raak aggressie 'n probleem vir die kind wanneer daar agterstande in die kind se ontwikkeling ontstaan. Die kind leer dus nie hoe om aggressie te beheer nie. Kinders in die middelkinderjare (tussen 8-9 jaar) behoort kontrole oor hul

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

aggressie te kan uitoefen. (vergelyk Schaefer & Millman, 1982:236.) Volgens navorser is die opvoedingsproses tydens 'n kind se ontwikkeling belangrik om die kind die nodige vaardighede aan te leer om situasies suksesvol te kan hanteer. Die kind moet dus emosionele taal geleer word ten einde homself verbaal te kan uitdruk in plaas daarvan om fisiese aggressie te openbaar.

### 3.4.2 Die aggressiewe kind as persoon

Schoeman (1996:171) konstateer dat die aggressiewe kind dikwels voel dat hy tenagekom word ("being wronged"). Vervolgens ervaar so 'n kind dus gevoelens van pyn en onregverdigheid, en poog om deur sy gedrag mense " terug te kry". Die belangrikheid van die oorsaak of rede vir aggressiewe gedrag moet altyd in gedagte gehou word. Dit is dus noodsaaklik dat ouers die aggressiewe kind moet kan identifiseer en so gou as moontlik optree. Kinders moet geleer word dat aggressie 'n normale gevoel is. Dit is egter belangrik om aggressiewe gedrag reg te beheer sodat dit vir ander sosiaal aanvaarbaar sal wees. (vergelyk Niolon, 2000:1.)

Wanneer 'n kind egter aggressief optree, ontlok dit reaksies van skok en teleurstelling by sy ouers en ander volwassenes, wat onderdrukking en ontkenning van gevoelens by die kind tot gevolg het.(vergelyk Eastman,1994:13.) Navorser is van mening dat die kind sy negatiewe gevoelens en energie na binne keer, hy is dus nie in kontak met homself nie. Perls sien so 'n reaksie as 'n kontakgrensversteuring, naamlik retrofleksie (vergelyk hoofstuk 5). Kinders kry dus 'n dubbele boodskap, aangesien hul ouers hulle woede mag wys, maar kinders word nie toegelaat om dit te doen nie.

Navorser is van mening dat kinders in die middelkinderjare leer om hul aggressie te verberg. Hierdie kind wil graag die volwassene se guns wen en tree op soos van hom verwag word.(vergelyk Niolon,2000:1 en Tully & Brendtro,1999:13.) Die kind beskou die verberging van sy gevoelens as deel van die hantering van aggressie. Volgens Eastman (1994:4-5) is dit daarom belangrik dat kinders hul gevoelens moet aanvaar en

besit. "Ek-boodskappe" naamlik, "As jy dit doen….voel ek kwaad...", kan suksesvol aan kinders geleer word om gevoelens en reaksies te leer kommunikeer.

Die skrywers Oaklander (1988:207); Shaefer & O'Conner (1983:389) en Shaefer & Millman (1981:236) is dit eens dat die aggressiewe kind wat in rusies, vyandigheid en ander destruktiewe gedrag betrokke raak, oor die algemeen gevoelens van woede, verwerping, onsekerheid, angstigheid en pyn ervaar. Sulke kinders het dan ook dikwels 'n swak beeld of opinie van hulself. Hulle is nie daartoe in staat om dit wat hulle regtig voel te verwoord nie, uit vrees dat hulle beheer gaan verloor en verder seer gaan kry as gevolg van reëls wat introjekte word.

In aansluiting by bogenoemde skrywers se mening, maak Schaefer & O'Conner (1983:389) die volgende opmerking oor die aggressiewe kind as persoon:
*"Hyperaggressive children tend to feel basically unappreciated, unwanted and unloved. They may believe that they do not have whatever it takes to engage and sustain the concerned interest of others".*

Dit blyk dus dat die aggressiewe kind sy ware gevoelens van weerloosheid, magteloosheid, angstigheid, onsekerheid en die gevoel dat hy nie regverdig behandel word nie, "wegsteek" deur vyandig en opvallend op te tree, aangesien hy homself sodoende beskerm. Navorser is van mening dat aggressie dus 'n wapen vir die kind raak om homself te beskerm. Aggressie raak dus 'n verdedigingsmeganisme vir die kind.

### 3.4.3 Karaktereienskappe van die aggressiewe kind

Volgens Eastman (1994:15); Oaklander (1988:206); Schaefer & Millman (1982:236) en Stern & Fodor (1989:3) is die volgende eienskappe kenmerkend by die aggressiewe kind:

- Neiging tot impulsiwiteit;
- Irriterend en ongehoorsaam;
- Onvermoë om gevoelens te verbaliseer;

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

- Selfgesentreerd en dominerend;
- Kan nie kritiek hanteer nie;
- Kan nie veranderinge en stres hanteer nie;
- Kan nie kalmeer wanneer hy aggressief is nie;
- Baklei voortdurend met ander;
- Gebruik woorde as 'n wapen;
- Geen verantwoordelikheid nie;
- Tekort aan selfregulasie en
- Swak selfvertroue.

Navorser is van mening dat daar teen veralgemening en etikettering gewaak moet word, maar dat bogenoemde eienskappe eerder as 'n riglyn moet dien vir die moontlike beeld van 'n aggressiewe kind. Die eise van die middelkinderjare en skoollewe is groot en geen ouer kan sy kind van probleme vrywaar nie. Alleen deur die korrekte hantering van die kind en die regte opvoeding kan die kind dít word wat hy behoort te wees.

## 3.5 VOORKOMING VAN AGGRESSIE

Volgens Eastman (1994:17) is ouers se gedrag en houding teenoor die kind en teenoor hulself 'n belangrike faktor tydens die kind se ontwikkeling. In hoofstuk twee is die verskillende ouerskapstyle bespreek. 'n Ouer kan outokraties, demokraties, permissief of 'n onbetrokke ouer wees. Indien ouers vir hul kinders 'n voorbeeld stel en elke kind verantwoordelikheid aanleer, kan die verhouding sukses behaal. Direkte kommunikasie en die stel van grense is belangrik. (vergelyk Eastman,1994:21-23.)

Die volgende riglyne van Schaefer & Millman (1982:238-239) vir die voorkoming van aggressie word bespreek:

- **Vermy foutiewe opvoedingstyle**. Die afwesigheid van voldoende dissipline en 'n negatiewe houding by ouers lei dikwels tot aggressiewe kinders. Ouers met 'n outoritêre ouerskapstyl leer hul kinders dikwels verkeerdelik om alle grootmense se

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

gesag onvoorwaardelik te aanvaar en te respekteer. Die kind ontwikkel dan soms blindelings en onlogiese gehoorsaamheid teenoor almal in gesagsposisies (vergelyk paragraaf 2.4.2). Die ouer wat nie affeksie toon en oormatig straf, veroorsaak 'n aggressiewe en rebelse kind weens hierdie swak opvoedingstyl. Maree (1990:48) is van mening dat 'n té streng opvoedingstyl nadelig vir die kind kan wees. Kinders moet leer om hul eie menings te vorm en uit te spreek. Samevattend speel die tipe ouerskapstyl 'n groot rol in 'n kind se ontwikkeling. As 'n kind met kritiek saamleef, leer hy om te veroordeel. As 'n kind met aanmoediging saamleef, leer hy selfvertroue. As 'n kind met lof saamleef, leer hy om te waardeer. As 'n kind met vriendskap saamleef, leer hy om liefde te vind.

- **Beperk blootstelling aan televisiegeweld**. Die kragtige invloed van geweld wat op televisie verskyn op 'n kind, is reeds deur navorsing bewys. Volgens Tully & Brendto (1999:13) hou geweld op televisie ernstige gevolge vir die kind in en kan kinders hul skoolloopbaan met ontwikkelingsprobleme begin. Kinders in die vroeë ontwikkelingsfase is geneig om met karakters te identifiseer en kan selfs byvoorbeeld dink dat negatiewe gedrag van die karakter sosiaal aanvaarbaar is. Die beperking van blootstelling aan hierdie geweld is dus die ouers se verantwoordelikheid. Die ouer moet programme baie deeglik kies, saam met die kind kyk en sy kyktyd beperk.

- **Versterk lewensgeluk**. Mense wat in hulself gelukkig is, gee vir hulself, maar ook vir ander om. Indien 'n kind goed oor homself kan voel, sal hy ook teenoor ander goed kan voel. Om goed te voel oor jouself beteken om 'n positiewe selfbeeld te hê. Dit beteken dat die kind in kontak met homself en sy omgewing is, en ook in beheer van sy situasie is.

- **Beperk huwelikskonflik**. 'n Kind leer gewoontes by ouers aan. Indien daar konstante konflik, rusies en selfs aggressie is, leer die kind daardie sosiale gedrag aan. Indien ouers positiewe hanteringsmeganismes vir konflik het, kan dit vir die kind 'n goeie geleentheid wees om daardie gedrag aan te leer. Konflik binne die gesin kan dus positief wees indien dit reg en opbouend hanteer word.

- **Voorsien fisiese uitlaatkleppe**. Elke kind moet die geleentheid kry en aangemoedig word om aan oefening deel te neem en om buite te speel. Hierdie aktiwiteite kan spanning en aggressie verminder. Die luister en saamsing met musiek kan 'n uitlaatklep vir die kind wees. Hierdie aktiwiteit kan die ouer-kind binding versterk. Ouers moet aan kinders leer dat dit "normaal" is om soms aggressiewe gevoelens te mag ervaar, maar sosiaal aanvaarbare uitlaatkleppe moet aan kinders voorsien en geleer word, soos byvoorbeeld 'n slaansak, tennis ensomeer.

- **Verander die omgewing**. Die huislike omgewing moet so ingerig word dat die kind genoegsame leefruimte, hetsy binne of buite die huis het. Die omgewing kan volgens Oaklander (1988:207) 'n invloed op die kind se gedrag hê. Indien 'n kind nie uitlaatkleppe vir speel by die huis het nie, moet ouers geleentheid skep om hul kind te neem waar hy kan speel. Navorser is van mening dat die bevolking met gepaardgaande finansiële probleme in Suid-Afrika, toeneem en dat meer gesinne hulself in goedkoper behuising vestig. Kinders het 'n behoefte aan vryheid en ruimte om te speel - ouers moet hierdie behoeftes in ag neem.

- **Beloning van aanvaarbare gedrag**. Ouers neem aanvaarbare gedrag dikwels as vanselfsprekend en vergeet om dit te beloon. Gedrag wat nie aggressief is nie, moet dus beloon word. Kinders wat erkenning kry, voel deel van die gesinsopset, want hulle word aangemoedig om individualisties ten opsigte van hul eie menings te wees. Later in hul tienerjare is die kind wat beloning vir sy gedrag ontvang, meer geneig om hom na sy ouers te wend in die geval van 'n krisis.

- **Ignorering van gedrag**. Die ignorering van aggressiewe gedrag moet in balans wees met die erkenning van positiewe gedrag. Indien die kind se eie lewe of die van ander nie in gevaar is nie, of die risiko van besering loop nie, dan moet die ouer daarop let om die aggressiewe gedrag te ignoreer en slegs aanvaarbare gedrag te erken.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

- **Aanleer van sosiale vaardighede**. Navorser is van mening dat kinders nie meer die basiese beginsels van sosiaal-aanvaarbare gedrag geleer word nie. Die laerskoolkind word dikwels geleer om hul probleme uit te baklei en nie uit te praat nie. Hierdie kinders en waarskynlik ook hul ouers moet die basiese lewensvaardighede of alternatiewe maniere om gedrag te verander, aanleer.

- **Selfbewustheid**. Indien kinders van hul behoeftes bewus is en hulself ken, is die ontstaan van aggressie ook minder, aangesien die fokus op die kind se behoeftes val. Die aggressiewe kind is geneig om die fokus eerder op 'n ander persoon te plaas, omdat hy nie in kontak met sy gevoelens is nie. Die junior primêre skoolkind moet leer om van sy gevoelens bewus te wees, aangesien hy aan verskeie veranderings en nuwe gevoelens blootgestel word.

- **Meer volwasse toesig**. Die betrokkenheid van volwasse toesig by jonger kinders is dikwels nodig vir die afweer van aggressiewe gedrag.

- **Eetgewoontes en allergieë.** Volgens Maree (1990:48) kan verkeerde eetgewoontes en die moontlikheid van allergieë ook as voorkomingsmaatreël ondersoek word.

Navorser is van mening dat aggressie op verskeie maniere voorkom kan word. Die kern van die voorkoming van aggressie lê by die ouerhuis. In hoofstuk 2 is die invloed van die gesin op die kind se ontwikkeling duidelik weergegee. Van kleins af leer die kind sy ouers se gewoontes aan. Dit is die ouers se keuse om hulle kind op te voed sodat sy gedrag sosiaal-aanvaarbaar vir die res van die gemeenskap kan wees. Navorser beleef in die praktyk dat geen ouer opgelei word vir ouerskap nie. Daar bestaan 'n behoefte by ouers om meer kennis te bekom rakende positiewe bindings met kinders om sodoende sosiaal-onaanvaarbare gedrag te voorkom. Die aggressiewe kind is moeilik om te hanteer, en ouers en terapeute benodig dus die nodige riglyne en hanteringsmeganismes om die aggressiewe kind te verstaan en te beheer.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

## 3.6 DIE HANTERING VAN DIE AGGRESSIEWE KIND

Kinders wat baklei, verberg dikwels die werklike rede of bron van hul woede. In terapie is dit belangrik om nie dadelik van die aggressie melding te maak nie, maar om te begin met dit waarvan die kind hou en dan geleidelik in die rigting van sy direkte gevoelens te beweeg. Dit dra tot die vertrouensverhouding tussen terapeut en kind by. Navorser is van mening dat die aggressie spontaan in terapie na vore sal kom. Oaklander (1988:209) konstateer dat: *"It is no wonder that anger is like some awful lurking monster continually having to be pushed down, suppressed, deflected and avoided"*.

Daar is geen vasgestelde reëls wanneer dit by die hantering van aggressie kom nie – wat vir een kind werk, sal nie noodwendig dieselfde uitwerking op 'n ander kind hê nie. Navorser is van mening dat terapeute en ouers moet besef dat daar in die proses van 'n kind se ontwikkeling en grootmaak 'n tyd vir alles is: 'n tyd om te help en 'n tyd om terug te staan. 'n Tyd om betrokke te wees en om streng te wees. Kinders word vir die toekoms grootgemaak. Sy karakter bepaal hoe hy as volwassene gaan funksioneer. Aggressiewe kinders het grense en leiding nodig om veilig te voel, produktief en vreugdevol deur die lewe te gaan. Die hantering van die aggressiewe kind in die middelkinderjare deur terapeute en ouers word vervolgens bespreek.

### 3.6.1 Tegnieke in die hulpverleningsproses van die aggressiewe kind

Volgens Thompson & Rudolph (1992:490-491) kan die volgende tegnieke in terapie handig wees in die hulpverleningsproses aan die aggressiewe kind:

- Die aggressiewe kind het dikwels 'n lae selfbeeld en het dus 'n behoefte aan beheer, ondersteuning en raad in alle aktiwiteite.
- Die terapeut moet geleentheid bied vir die ontlading van emosionele energie deur aktiwiteite gereeld af te wissel. Konstruktiewe ontlading deur middel van spel soos hardloop, fietsry en ander soortgelyke aktiwiteite kan aangemoedig word.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

- Die terapeut moet groeps- of gesinsgesprekke inisiëer om onderliggende gevoelens te uiter en die oorsake van die aggressie te bespreek. Besluit saam met die kind op alternatiewe hanteringswyses.
- Moedig verantwoordelikheid, samewerking en gedeelde belange aan deur spesifieke take aan die aggressiewe kind toe te ken waardeur hy 'n gevoel van beheer en sukses kan ervaar.
- Voorbeelde van aanvaarbare en onaanvaarbare gedrag kan aan die kind met behulp van rollespel geleer word ten einde negatiewe gedrag te probeer beheer of te voorkom.
- Verskillende mediums naamlik, dagboekhouding, fantasiespele, onvoltooide sinne en aktiewe luister na die kind kan die oorsake van aggressiewe gedrag uitwys en moontlike hantering daarvan vergemaklik. Die terapeut moet 'n deeglike assessering van die kind doen. Oaklander (1988:206) sluit hierby aan wanneer sy meld dat: "Children who are aggressive and acting out are easier for me to work than children who are inhibited and withdrawn". Navorser stem saam met Oaklander dat aggressiewe kinders wat hul aggressie in terapie deel makliker in kontak met hulself kom as kinders wat hul aggressie na binne keer.
- Dit is belangrik om die kind se aggressie te verstaan. Die kind gebruik sy aggressie as wapen om homself te beskerm, maar wys ook tekens van 'n behoefte aan hulp en alleenheid.

Die oorsake van aggressie moet volgens Tully & Brendtro (1999:13) verstaan word alvorens suksesvolle terapie met die kind kan realiseer. Dit is belangrik dat die terapeut tydens die assessering kalm moet wees. Dit bied vir die kind sekuriteit om te weet dat al is hy nie in beheer nie, die terapeut wel in beheer is.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

#### 3.6.1.1 Die benutting van groepe

- **Terapeutiese groepe:**

Volgens Thompson & Rudolph (1992:485) help groepsdruk dikwels om aggressiewe gedrag te verander. Die skrywers haal Carlin en Armstrong se tegniek aan om aggressiwiteit te verminder en samewerking in die groep aan te moedig. Die terapeut gee 'n beloning as die groep saamwerk. Boetes vir die swak gedrag van 'n lid word op die groep as geheel toegepas. Die bedrag minus die boete word gelykop onder die lede verdeel, maar die oortreder kry dan geen beloning nie.

Die aggressiewe kind in die middelkinderjare wil dus graag 'n gevoel van "behoort-aan" hê. Die hantering van aggressie kan dus aangehelp word deur middel van groepe kinders wat saam kan erken dat hul probleme ervaar. Eastman (1994:61-62) noem 'n paar riglyne wat die laerskoolkind kan help om in sy portuurgroep aan te pas. Die ouer en die terapeut kan die kind ondersteun om beter verhoudings met maats te bou deur middel van die volgende riglyne:

- Die ouer of terapeut kan die kind motiveer om die spottery of tergery van maats te ignoreer en nie kwaad te word nie, want dan word die kind net meer geterg – die kind voel dus nie in beheer nie, raak magteloos en kwaad.(vergelyk Smith & Brain, 2000:2.)
- Kinders kan geleer word om 'n nuwe stokperdjie te begin. Hul aandag word dan verplaas na iets wat lekker is – iets wat die kind goed kan doen. So versterk die kind sy selfbeeld volgens Tully & Brendtro (1999:14) en is dus meer gemotiveerd.
- Die ouer kan die onderwysers ontmoet om die kind se spesifieke behoeftes te bepaal en/of probleemgedrag by die skool vas te stel.
- Ouers en terapeute moet die kind motiveer om nie net altyd te wil "oorleef" nie, maar ook op sy eie manier 'n gevoel van "behoort-aan" te kry.
- Kinders moet geprys word wanneer rusies op 'n konstruktiewe manier, en nie net altyd met die vuiste hanteer word nie.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

'n Kind sal uiting aan sy gevoelens gee so ver as wat die terapeut hom sal toelaat. Kinders se vermoë om in die wêreld te oorleef en te groei, hang daarvan af of hulle die verskil kan onderskei tussen die dele van hul lewe waaroor hulle beheer het en die waaroor hulle nie het nie; die omvang van hulle mag oor die dinge wat hulle wel beheer en hoe om aan te pas by dít wat hulle nie kan beheer nie. Die aggressiewe kind het juis ondersteuning nodig om sy gevoelens te kan beheer en in kontak met homself te kom.

### 3.6.2 Die terapeut se vier fases in die hantering van die aggressiewe kind

Vir die hantering van aggressie word daar vervolgens na Oaklander (1988:209) se vier fases vir die hantering van die aggressiewe kind gekyk.

- Bied aan die kind praktiese metodes om aggressie uit te druk.
- Die terapeut moet hulp aan die kind verleen deur middel van verskillende tegnieke om die werklike bron en oorsprong van die aggressiewe gevoel in die teenwoordigheid van die terapeut te identifiseer.
- Kinders moet die geleentheid gegun word om verbaal en direktief aan die betrokke persoon te sê wat hulle werklike belewenis was.
- Die kind moet deur middel van gesprekvoering oor die begrip aggressie ingelig word, asook die oorsake, die uitwerking en die hantering daarvan.

Ten einde 'n riglyn vir die terapeut en 'n samevatting daar te stel waarvolgens aggressiewe gedrag by kinders aangespreek en hanteer kan word, word die stappe in die terapeutiese proses volledig in hoofstuk 5 bespreek. Die gestaltbenadering dien as basis in die hulpverleningsproses.

Indien dit dus tydens terapie blyk dat die kind se aggressiewe gedrag die oorsaak van gesinsfaktore soos opvoedingstekorte en swak gesinsverhoudings is, moet die ouers by die terapie betrek word ten einde die binding tussen ouer en kind te versterk. Kinders se lewe gaan met aggressie gepaard en geen ouer kan kinders voortbring wat nooit aggressie ervaar nie. Die kind moet dus geleer word om dit self te besef en hulle eie kragte daartoe

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

inspan om hulle aggressie te oorwin, of ten minste in staat te wees dat aggressiewe gedrag hulle nie oorspoel, en sodoende magteloos maak en verhoudings negatief beïnvloed nie.

### 3.6.3 Riglyne aan ouers in die hantering van hul aggressiewe kind

Volgens Van der Merwe (1996:25-26); Oaklander (1988:304-311) en Niolon (2000:2) is dit nie moontlik om met die kind in isolasie te werk nie. Ouers moet tydens assessering teenwoordig wees en ook later in die terapie. Deur die ouers se betrokkenheid in die terapiesessies leer hulle ook van die terapeut deurdat die terapeut sekere tegnieke gebruik wat hulle ook tuis kan toepas. Die kind in die middelkinderjare het steeds 'n behoefte aan sy ouers se betrokkenheid in sy ontwikkeling. Die laerskoolkind begin wel stadig selfstandig word en bande met sy ouers losmaak. Die ondersteuning en liefde van sy ouers het steeds 'n groot invloed op die kind se optimale ontwikkeling, en of sy gedrag aanvaarbaar gaan wees of nie.

Navorser is van mening dat ouers tydens terapie tot die versterking van die aggressiewe kind se selfbeeld bydra. Die rolmodel wat die ouers in die huis stel, sal die aggressiewe kind beïnvloed en moet deur die terapeut beklemtoon word. Volgens navorser het heelwat ouers die volgende stelling soos deur Riker & Riker (1982:167) gemaak, uit die oog verloor: *"Even when mothers and fathers aren't around, their influence remains. Parent attitudes, preferences, and rules always affect the way that the sibs get along"*. Gevolglik kan probleme eintlik hierdeur voorkom word.

Vervolgens word kortliks na 'n paar riglyne verwys, soos uiteengesit deur Thompson & Rudolph (1992:484); Schaefer & Millman (1981:239-245); Oaklander (1988:282-283); Maree (1990:47-48) en Niolon (2000:3-5) wat deur ouers in die hantering van hul aggressiewe kind gevolg kan word:

- Wys aan jou kind dat jy hom liefhet en aanvaar hom onvoorwaardelik (met sy humeur of aggressiewe gedrag).

- Luister na, erken en aanvaar jou kind se gevoelens.
- Waak teen 'n té streng opvoeding, 'n veroordelende houding en onnodige raad. Gee aan jou kind die geleentheid om sy eie mening te vorm en uit te spreek. Wees regverdig.
- Laat jou kind aan inspannende sport deelneem, so gereeld en getrou as moontlik. Skep ook geleenthede waar jou kind op 'n informele wyse kan bal-skop, met klei speel en rondhardloop ten einde van die oortollige aggressiewe energie ontslae te raak.
- Laat jou kind na sy tipe musiek luister en selfs saam sing/skree, en probeer om hom nie daaroor tereg te wys nie, aangesien musiek 'n ontladende effek op die kind het.
- Maak seker dat jou kind voedsaam en gebalanseerd eet.
- Beloon bevredigende gedrag van jou kind deur hom te prys of self iets konkreets te gee, soos byvoorbeeld 'n nuwe bal.
- Leer aan jou kind van kleintyd af bevredigende en aanvaarbare sosiale vaardighede en konflikhanteringsmeganismes.
- Soms is dit nodig om jou kind op 'n konsekwente en redelike wyse te straf deur hom byvoorbeeld kamer toe te stuur totdat hy afgekoel het. Schaefer & Millman (1981:244) en Thompson & Rudolph (1992:485) verwys na hierdie tegniek as "time-out".
- Kinders en ouers kan saam 'n lys opstel van reëls aangaande rusies en konflik in die gesin. Indien 'n kind een van die reëls verbreek, vra die ouer hom wat die reël omtrent bakleiery is. Laat die kind die reël en die waarde daarvan herhaal.
- Deur middel van groep- of gesinsbesprekings kan daar gefokus word op die gevolge van aggressiewe gedrag, hoe die res van die gesin aggressie beleef, die gevolge daarvan, asook wyses waarop konflik en gevoelens meer konstruktief hanteer word.

'n Oorsaak van aggressie is volgens Lingren (1996:1) dat beide ouers en kind gedurig met mekaar in 'n magstryd is. Hierdie wedloop hou aan totdat die kind ná adolessensie die huis verlaat. Lingren (1996:2) is van mening dat hierdie magstryd toegeskryf kan word aan die volgende redes: die kind wil sy eie menswees ontdek en onafhanklik wees, maar aan die ander kant steeds afhanklik van hul ouers se ondersteuning en leiding wees.

Tegnieke om die magstryd tussen ouer en kind te verminder en te hanteer, word volgens Lingren (1996:2-3); Eastman (1994:80); Luhn (1992:101) en Erasmus (1988:18-190) soos volg bespreek:

- Ouers moet fokus op wat regtig fout is, kalm bly en onthou wie in beheer is.
- Die daarstelling van reëls is belangrik. 'n Kind het 'n behoefte aan reëls en grense, dit laat die kind veilig voel.
- Die ouer moet redelike verwagtings hê.
- Skep die regte atmosfeer om met die kind te kommunikeer (nie-verbale gedrag speel 'n belangrike rol).
- Spandeer positiewe tyd saam met jou kind.
- Neem jou kind se gevoelens in ag. Eastman (1994:82) konstateer dat die kind in die middelkinderjare graag aan 'n groep wil behoort. Indien aggressiewe gedrag by kinders ontstaan, kan ouers skoolgaande kinders help om hul aggressie te beheer sodat hulle in 'n groep aanvaar kan word.
- Gebruik ek-boodskappe. Ouers sê nie altyd wat hulle regtig innerlik voel en beleef nie. Verberging van gevoelens lei tot dubbele boodskappe by die kind. Dubbele boodskappe maak dit vir die kind moeilik om te verstaan. Navorser is van mening dat kinders se gedrag beïnvloed word op die wyses waarop ouers kommunikeer. Dit is noodsaaklik dat kinders ouers se bedoelings reg verstaan.
- Die volgende eienskappe kan ouers help om die aggressiewe kind se gedrag te verander en te verstaan: wees demokraties, positief, prys jou kind vir aanvaarbare gedrag, kry professionele hulp indien beheer nie meer uitgeoefen kan word nie en verwag steeds uitbarstings – aggressie bly 'n normale gevoel.(vergelyk Erasmus,1988:19 en Eastman,1994:149.)

Navorser is van mening dat wanneer kinders skool toe gaan dit 'n totaal vreemde situasie vir die kind en die ouers is. Die nuwe omgewing lyk, ruik en voel heeltemal anders as waaraan die kind gewoond was. Sosialisering stel nuwe eise. Die kind moet leer om in verhoudings met volwassenes, ouer kinders en klasmaats aan te pas. Indien kinders nie

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

sekuriteit beleef wanneer hulle skool toe gaan nie, verloor hulle makliker beheer en om hulleself te beskerm, kan aggressiewe gedrag na vore kom.

Die ouer-kind verhouding is in hierdie tyd belangrik om die kind te help om aan te pas. Dit is vir ouer en kind noodsaaklik om vas te stel hoe die aggressie ontstaan het. Beide ouers en kind kan dus by terapie baatvind, omdat die ouer en kind van hul gevoelens bewus word. Sodoende kan die verhouding van beide versterk word.

## 3.7 SAMEVATTING

Die vroeë identifisering van aggressie by kinders is een van die belangrikste stappe in die voorkoming daarvan. Aggressie is 'n natuurlike, refleksiewe gevolg van frustrasie. Die kind in die middelkinderjare het sekere mylpale in sy ontwikkeling wat hy in sy skooljare wil bereik. Indien hierdie mylpale of doelwitte geblokkeer word, kan aggressie by die kind onstaan. Kinders gebruik verskillende maniere om aan hulle aggressie uiting te gee. Aggressiewe gedrag in die middelkinderjare kan die kind se ontwikkeling negatief beïnvloed, sy maats en onderwysers kan hom verwerp omdat aggressie as sosiaal onaanvaarbaar in die skoolopset beskou word.

In die hoofstuk word daar verskeie redes of oorsake vir aggressie gegee. Kinders het basiese behoeftes wat bevredig moet word, indien hierdie behoeftes nie bevredig word nie, baklei die kind. Die kind openbaar dikwels aggressie om homself te beskerm. In die middelkinderjare leer die kind nog om sy emosies te beheer. Soms is sy gedrag onaanvaarbaar en is hy ongewild by sy maats. Dit gee tot 'n swak selfbeeld by die kind aanleiding, omdat die kind in die middelkinderjare graag wil "behoort".

In hoofstuk 2 is die belangrikheid van die gesin in die kind se lewe bespreek. Indien die kind in die middelkinderjare geen liefde en sekuriteit vanaf sy opvoeders ontvang het nie, kan dit tot aggressiewe gedrag by die kind aanleiding gee. Die rol van die ouers speel dus 'n belangrike rol.

Aggressie bied mag aan die kind. Aggressiewe kinders is dikwels geneig om hul aggressie op ander te plaas en ander die skuld te gee vir hul optredes. Daar is altyd 'n rede vir aggressie. Die kind in die middelkinderjare moet verseker word dat hy eendag 'n goed aangepaste, verantwoordelike en selfversekerde volwassene gaan word. Grense tydens die ontwikkeling van die kind speel 'n belangrike rol. Indien die kind aggressiewe optredes openbaar kan dit nadelige invloede op sy verhouding met sy ouers, onderwysers en maats hê. Dit is nodig om vroegtydig aggressiewe gedrag by kinders te identifiseer en bewus te wees van die eienskappe waaraan hierdie kinders gekenmerk word. Sodoende kan aggressie voorkom of beperk word.

Tydens terapie met die aggressiewe kind word die kind bemagtig om in kontak met sy gevoelens te kom. Die kind het leiding nodig om veilig te voel en vreugdevol deur die lewe te gaan om sodoende sy gesonde ontwikkeling van kindwees te bereik. Die hantering van aggressiewe gedrag by kinders deur ouers is van groot belang, omdat die kind na skool weer huis toe gaan en ouers moet toegerus word om die kind te beheer. Die ouers kan ook tydens terapie toegerus word met sekere riglyne om hul aggressiewe kind te verstaan en te hanteer ten einde hul verhouding weer te versterk.

Opvoeding is nie 'n eenrigtingsreis nie. Die kind leer van kleins af dat sy ouers weg kan gaan, maar weer terugkeer. So ook met die skoolgaande kind wat skool toe gaan en weer terug huis toe kom. Die basis van die ouer-kind verhouding is vertroue. As die verhouding geslaagd en gesond is, kan die kind tot sy volle potensiaal ontwikkel en sosiaal-aanvaarbare gedragswyses aanleer. In hoofstuk 4 word die ouer-kind binding bespreek.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

# HOOOFSTUK 4
# OUER-KIND BINDING

## 4.1 INLEIDING

In hoofstuk 3 is aggressiewe gedrag in die middelkinderjare bespreek. In hierdie hoofstuk word daar gefokus op die ouer-kind binding en die invloed wat aggressiewe gedrag op hierdie verhouding het.

Die mees intieme en volledige band wat daar kan bestaan, is tussen 'n moeder en haar kind. Die kindjie leef voor die geboorte op haar hartslag, op die beweging van haar bloed, op haar asemteue, "beleef" haar emosies en leef op haar ganse bestaan. As 'n moeder loop of sit of lê, as sy gesels en lag, as sy ernstig word of huil, voortdurend is die baba in haar moederskoot daarby. Die toekomstige mensie se asemhaling, sy voedsel, sy hele lewe, gee sy aan hom, ontvang hy van haar. Navorser is verder van mening dat hierdie innige verbondenheid tussen moeder en kind ook ná geboorte voortgesit behoort te word. Volgens navorser is ouerlike liefde en sekuriteit belangrik vir die kind van die begin van sy ontwikkeling af. Hierdie verhouding dra later daartoe by dat die kind as volwassene oor 'n gesonde identiteitsbesef sal beskik. Die ontwikkeling, voortsetting en hantering van hierdie verhouding is aanvanklik primêr die ouer se verantwoordelikheid. Die opvoedingsproses sal bepaal hoe die kind in sy ontwikkeling ook mede-verantwoordelikheid aanvaar.

Die klem van binding tussen ma en kind verskuif van 'n dringende gebeurtenis kort ná die geboort na 'n meer langtermyn-verbintenis. Volgens Maccoby (1980:58) klink laasgenoemde vanselfsprekend, maar dis belangrik om te onthou dat "pa's nie ma's" is nie. Albei ouers is noodsaaklik vir die baba se emosionele ontwikkeling – dis nie 'n kompetisie nie. Vroue het miskien 'n voorsprong omdat hulle die baba dra en lewe skenk, maar vaders wat moeite doen, kan selfs al gedurende die swangerskap 'n hegte en bevredigende band met hul kinders begin vorm.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

'n Goeie ouer-kind verhouding beteken dat die kind nie deur negatiewe impulse van angs en aggressie, oorspoel word nie, maar dat dit verwerk kan word (Maccoby,1980:117). Die ouer-kind verhouding behoort dus veiligheid en sekuriteit te verskaf, maar ook eksperimentering en aanmoediging. Behoeftes van kinders behoort bevredig te word ten einde 'n sterk ouer-kind binding te verseker. Indien hierdie behoeftes nie bevredig word nie, sal die kind wel aanpas, maar sekere negatiewe gedragspatrone kan op 'n latere stadium in die kind se lewe presenteer.(vergelyk Cattanach,1992:13.) Vervolgens word die behoeftes van kinders bespreek.

## 4.2 DIE BEHOEFTES VAN KINDERS

Om 'n ouer te **word**, is maklik, maar om 'n ouer te **wees** (dit wil sê 'n suksesvolle ouer) verg lewenslange inspanning, geduld, insig en volharding. Ouerskap bring egter nie outomaties die kennis mee om kinders tot goeie gebalanseerde volwassenes op te voed nie. Navorser is van mening dat daar egter geen kwalifikasies of opleiding nodig is om 'n ouer te word nie. Dit is egter noodsaaklik dat ouers van hul kind se ontwikkeling en emosionele groei bewus moet wees. Tydens die middelkinderjare wat nuwe veranderings in die kind se lewe verg, moet ouers juis van alle gedragspatrone en veral die behoeftes van hierdie kinders bewus wees.

Die kind se behoeftes word deur Miller (in Cattanach,1992:13-14) soos volg gedefinieer:

- Alle kinders word gebore om te groei, te ontwikkel, te lewe, liefde te ontvang en om hulle behoeftes en gevoelens vir selfbeskerming te artikuleer.

- Vir hulle ontwikkeling benodig kinders die respek en beskerming van volwassenes wat hulle behoeftes ernstig opneem, hulle lief het en wat hulle help om hulleself binne die wêreld te oriënteer.

- Wanneer hierdie behoeftes nie bevredig word nie en kinders in die plek daarvan uitgebuit word, sal die kind se integriteit permanente skade opdoen.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

Navorser is van mening dat aggressie die gevolg van onvervulde behoeftes kan wees. Die bekende Amerikaanse sielkundige, Maslow, beskryf die volgende as die behoeftes van elke kind.(vergelyk Louw et.al.,1990:98; Pretorius,1985:67 en Howe,1996:6.)

Figuur 4.1 Maslow se behoefte hierargie

| |
|---|
| **Behoefte aan selfaktualisering**<br>• om jou potensiaal optimaal te verwesenlik<br>• om te weet en te verstaan |
| **Ek-behoeftes**<br>• aan agting, erkenning, prestige, status |
| **Sosiale behoeftes**<br>• aan liefde, aanvaarding, versorging<br>• aan medemenslike kommunikasie en sosiale lewe<br>• om te behoort |
| **Veiligheidsbehoeftes**<br>• aan veiligheid, geborgenheid, gerustheid, beskerming |
| **Fisiese behoeftes**<br>• aan suurstof, water, voedsel, rus |

Navorser is van mening dat 'n kind nie selfaktualisering kan bereik, indien hy nie veilig voel nie. Kinders het 'n behoefte aan liefde en sekuriteit. Indien hierdie behoeftes dus nie vervul word nie, kan die kind nie die ander vlakke van Maslow se hierargie bereik nie.

Volgens West (1992:18) het alle kinders basiese biologiese en emosionele behoeftes wat bevredig moet word sodat die kind kan groei en sy potensiaal kan bereik. Pringle (in West,1992:18) noem dat kinders se fisiese, emosionele, sosiale en intellektuele behoeftes

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

Navorser is van mening dat aggressie die gevolg van onvervulde behoeftes kan wees. Die bekende Amerikaanse sielkundige, Maslow, beskryf die volgende as die behoeftes van elke kind.(vergelyk Louw et.al.,1990:98; Pretorius,1985:67 en Howe,1996:6.)

Figuur 4.1 Maslow se behoefte hierargie

| |
|---|
| **Behoefte aan selfaktualisering**<br>• om jou potensiaal optimaal te verwesenlik<br>• om te weet en te verstaan |
| **Ek-behoeftes**<br>• aan agting, erkenning, prestige, status |
| **Sosiale behoeftes**<br>• aan liefde, aanvaarding, versorging<br>• aan medemenslike kommunikasie en sosiale lewe<br>• om te behoort |
| **Veiligheidsbehoeftes**<br>• aan veiligheid, geborgenheid, gerustheid, beskerming |
| **Fisiese behoeftes**<br>• aan suurstof, water, voedsel, rus |

Navorser is van mening dat 'n kind nie selfaktualisering kan bereik, indien hy nie veilig voel nie. Kinders het 'n behoefte aan liefde en sekuriteit. Indien hierdie behoeftes dus nie vervul word nie, kan die kind nie die ander vlakke van Maslow se hierargie bereik nie.

Volgens West (1992:18) het alle kinders basiese biologiese en emosionele behoeftes wat bevredig moet word sodat die kind kan groei en sy potensiaal kan bereik. Pringle (in West,1992:18) noem dat kinders se fisiese, emosionele, sosiale en intellektuele behoeftes

West,1992:18) noem dat kinders se fisiese, emosionele, sosiale en intellektuele behoeftes bevredig moet word sodat die kind die lewe kan geniet, tot sy volle potensiaal kan ontwikkel en sodat hy 'n deelnemende bydraende volwassene kan word.

Indien die kind dus aan swak opvoeding van sy ouers blootgestel word, word sy basiese emosionele behoeftes nie bevredig nie. Die kind kry dus nie die geleentheid tot positiewe binding met sy ouers ten einde hom te versterk teen negatiewe gedragspatrone soos aggressie nie.

**4.3 DEFINISIE VAN BINDING**

Binding of gehegtheid verwys na die emosionele verbondenheid wat tussen twee individue ontstaan. (vergelyk Bowlby,1993:61.) Gewoonlik word die term spesifiek gebruik om te verwys na die ontwikkeling van sodanige verbondenheid by 'n jong kind teenoor sy moeder of primêre versorger. Wait (1989:48) stem saam met Bowlby (1993:61) dat emosionele binding na die proses verwys waardeur 'n intieme, hegte band tussen twee persone ontwikkel en gehandhaaf word.

Bindingsgedrag verwys na alle gedrag wat in die proses voorkom waardeur die band gevorm word (soos kyk na, roep, volggedrag), ook die gedrag wat geuiter word om die verhouding in stand te hou (soos aandag, ondersteuning, belangstelling), en die gedrag wat op 'n beëindiging of bedreiging van die verhouding volg (soos verlang na, jaloesie, hartseer en woede).

Volgens Louw et al. (1990:220) en Newman & Newman (1999:150) kom binding tot uiting in gedrag wat nabyheid en kontak bevorder, byvoorbeeld die vashou van die ma se hand, die volg van die moeder, of huil om opgetel te word. Volgens Landreth, Homeyer, Glover & Sweeney (1988:41) kan binding ook as volg gedefinieer word:
*"Attachment can be defined as a bond of affection that endures difficulties and is imperative for children's healthy development and adjustment".*

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

Navorser is van mening dat hegte binding tussen ouer en kind tot optimale groei en ontwikkeling by die kind tydens al sy ontwikkelingsfases aanleiding kan gee. Kinders het veral 'n behoefte aan sekuriteit en liefde. Indien dié behoeftes nie bevredig word nie, kan dit tot gedragsprobleme soos aggressiewe gedrag aanleiding gee.

Vir die doeleindes van die studie is aggressiewe gedrag in die middelkinderjare bespreek. 'n Geborge vertrouensverhouding tussen die ouer en die kind waar die kind sekuriteit, liefde en begrip ervaar, kan die sleutel tot sukses wees om hierdie negatiewe gedrag uit te skakel. Die ontwikkeling van 'n suksesvolle ouer-kind verhouding is volgens navorser van kardinale belang en moet reeds in die vroeë kinderjare geïmplementeer en volgehou word tot en met die kind se volwassenheid.

## 4.4 DIE ONTWIKKELING VAN BINDING

Die baba se interaksie met die buitewêreld en veral met sy primêre opvoeders, begin reeds by geboorte. Hierdie interaksie tussen opvoeder en kind is van kardinale belang, aangesien die kind se wording van die kwaliteit van sy menseverhoudinge gedurende die eerste twee lewensjare afhang.(vergelyk Bowlby,1993:106.)

Die kind het 'n aangebore voorkeur vir binding met een prominente figuur.(vergelyk Wait, 1989:48 en Bowlby,1993:72.) Die voorkeur vir 'n spesifieke persoon word volgens Bowlby (1993:72) gevorm deur:

- Die spoed waarmee die persoon reageer om aan die baba se behoeftes te voldoen;
- Die intensiteit van die interaksie tussen die opvoeder en die kind;
- Die tyd wanneer die binding plaasvind.

Tussen die ouderdomme van 1 en 3 jaar ontwikkel kinders volgens Wait (1989:48) sterk en selektiewe bande met bindingsfigure. Die meeste kinders ontwikkel in hierdie fase ook hegte bande met ander persone, soos die vader, 'n ouma en 'n huishulp. Daar is egter 'n duidelike rangorde van voorkeur. Al hierdie persone slaag nie in dieselfde mate daarin

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

om die kind se vertroue te wen en die kind veilig te laat voel nie. Erikson se ontwikkelingsfases fokus op die kind se emosionele- en sosiale ontwikkeling. Hy is van mening dat die kind reeds van babastadium sosiaal en emosioneel ontwikkel (vergelyk paragraaf 2.2.4).

Volgens navorser is kinders wat hegte bande met hulle ouers aanknoop, meer bewus van wat van hulle verwag word. Duidelike grense word gestel waarbinne die kind sekuriteit en liefde ervaar. Indien die kind dus reeds op 'n vroeë ouderdom hegte bindings met sy ouers ontwikkel het, word die moontlikheid van aggressiewe gedrag in die middelkinderjare verminder of selfs uitgeskakel. Die kind se behoefte aan liefde en aandag is dus reeds op 'n jong ouderdom bevredig. Tydens die middelkinderjare sal die kind met hegte ouer-kind bindings dus nie protesreaksies toon wanneer hy aan stres blootgestel word nie.

Binding is nie outomaties by geboorte aanwesig nie, maar ontwikkel geleidelik ná die eerste kontak. Navorser is van mening dat binding in al die ontwikkelingsfases van kindwees groei, omdat elke kind 'n behoefte aan toenadering van hul versorgers het. Volgens Newman & Newman (1999:151) en Bowlby (1993:65) word die ontwikkeling van binding deur die volgende fases herken:

- **Die pre-gehegtheidsfase**: Gedurende hierdie fase, wat gedurende die eerste twee tot drie maande strek, word die baba se gedrag hoofsaaklik deur geneties bepaalde refleksresponse, soos duimsuig, glimlaggies en behoefte aan vertroeteling, gekenmerk. Volgens Bowlby (1993:65) "ontmoet" die moeder die nuutgebore en vreemde baba met haar reaksie. 'n Moeder kan byvoorbeeld vir baie lang tye net na haar baba staar om die nuwe "deel van haar" te "absorbeer". Hier word verwys na binding. Nuwe babas se sensoriese binding is reeds van geboorte af baie sterk ontwikkel. Die baba ken byvoorbeeld die moeder se reuk in 'n paar dae, haar stemtoon en haar aanraking en hantering van die baba.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

- **Die gehegtheid-in-wording-fase:** Hierdie fase strek vanaf drie tot ses maande en word gekenmerk deurdat die baba verskillend teenoor bekende en onbekende mense reageer. 'n Sterk band is opmerklik tussen die baba en sy versorger. Die baba glimlag reeds vir sy versorger en "gesels". Skeidingsangs en vreemdelingsangs kom nou na vore.

- **Die fase van duidelike gehegtheid:** Gehegtheid aan die versorger tree duidelik na vore (gewoonlik die fase tussen ses maande tot twee jaar). Die baba kruip of loop reeds en probeer daarom in die versorger se teenwoordigheid te wees. Hy huil as die versorger die vertrek verlaat. Gehegtheid teenoor ander ontwikkel ook nou (vaders, grootouers, broers en susters en vriende).

- **Vorming van 'n wederkerige verhouding:** Weens die ontwikkeling in kognitiewe, sosiale en emosionele gedrag is die gehegtheid tussen die peuter en sy versorger tydens hierdie fase (ongeveer tweejarige ouderdom en meer) baie meer kompleks. Die peuter het sekere behoeftes en probeer die versorger se gedrag te beïnvloed om sy eie behoeftes te bevredig.

Volgens navorser gaan die fases van binding in 'n kind se lewe steeds voort. Binding vind steeds plaas deurdat die ouer kind nog steeds op sy opvoeders staatmaak en van hulle afhanklik is. Indien die verhouding geslaagd en gesond was tydens die vroeë ontwikkeling van die kind, sal die binding tussen ouers en hul ouer kind steeds sterk groei.

In hoofstuk 2 is gekyk na die belangrikheid van die gesin op die middelkinderjarige kind se ontwikkeling (vergelyk paragraaf 2.4). Binding is steeds van belang. Die middelkinderjarige kind het op meer terreine as die voorskoolse kind ontwikkel. Die kind se kognitiewe vermoë is verder ontwikkel en hy kan nou die behoefte van "behoort-aan" onderskei. Indien die kind in die middelkinderjare nie 'n gevoel van "behoort-aan" by sy maats of ouers ervaar nie, is die kind geneig om aggressief op te tree (vergelyk paragraaf 3.3.3).

Navorser is verder van mening dat die dood, egskeiding, skeiding van die moeder en hersaamgestelde gesinne die middelkinderjarige kind se lewe die meeste raak, omdat hy wil "behoort". Die persoon naaste aan die kind vorm sy sekuriteitsbasis.(vergelyk Newman & Newman, 1999:152.) Wanneer daar 'n deeltjie van die "legkaart" wegval, stort die kind se sekuriteit dus ineen. Navorser se motivering vir binding deur die kind se hele lewe word deur laasgenoemde bevestig. Kinders kan enige tyd in hul ontwikkeling aan nuwe en vreemde veranderings blootgestel word.

Kinders wat aggressief optree se binding met hul versorgers het heel moontlik tydens die kind se ontwikkeling skade gelei. Die doel van die studie fokus juis op die bewusmaking van die kind se aggressie, sodat die ouer-kind binding versterk kan word.

Laerskoolkinders wat aggressiewe gedrag openbaar, het waarskynlik ook swak verhoudings met hul ouers.(vergelyk Maccoby, 1980:117 & Olivier, 1985:110.) Dit is dus noodsaaklik om binding van geboorte af te verstaan. 'n Kind se sosiale gehegtheid teenoor verskillende volwassenes onderskeidelik verskil in terme van die kwaliteit daarvan. Een voorbeeld van so 'n kwalitatiewe verskil staan in verband met die veiligheid al dan nie wat die verhouding bied.

Vervolgens kan verskeie kategorieë van binding onderskei word om die rede vir die kind se aggressie te bepaal en die tipe ouer-kind binding vas te stel.

## 4.5 KATEGORIEË VAN BINDING

Die volgende kategorieë van binding word volgens Ainsworth (in Louw et.al.,1990:227); Bowlby (1993:67); Howe (1996:9-14) en Potgieter (in Venter, 1999:25-29) onderskei:

- **Geborge/veilige binding:** In 'n geborge, veilige verhouding gebruik die kind sy moeder as sekuriteitsbasis vanwaar hy sy wêreld verken. Indien die kind van sy moeder geskei word, is die kind baie ontsteld. Hy is baie bly wanneer sy terugkom. Newman & Newman (1999:152) verwys na hierdie verskynsel as skeidingsangs.

Hierdie gedrag kom meestal by babas en kleuters voor. Fisieke kontak is belangrik vir die kind. Sy reaksie op vreemdelinge is redelik goed wanneer die moeder teenwoordig is. Vreemdelingsangs verwys na 'n kind se ongemak en stres in die teenwoordigheid van onbekende persone (Newman & Newman,1999:151). Volgens Howe (1996:10) voel die ouer kind veilig in die ouer-kind verhouding indien hy sekuriteit beleef. Die kind kan dus makliker met die ouer openlik kommunikeer, indien hy veilig voel. Hy vertrou sy ouer. Sy verhoudings met ander is positief. Die kind in die middelkinderjare wat veilige bindings met sy ouers het, kan dus sy verhoudings met maats sonder enige vrese eksploreer.

- **Vermydingsbinding:** Hierdie kinders is nie so ontsteld wanneer hulle van hul moeders geskei word nie, en ignoreer die moeders wanneer hulle terugkeer. Volgens Howe (1996:12) is hierdie kind op 'n te vroeë ouderdom onafhanklik en word sy afhanklike behoeftes dus onderdruk. Wanneer die moeder terugkeer, vermy die kind haar gewoonlik. So 'n kind word nie ontstel deur die teenwoordigheid van vreemdelinge nie. Ouer kinders wil gewoonlik die ouer beskerm en versorg. Die kind neem verantwoordelikheid vir die ouer. (vergelyk Venter,1999:28.) Navorser is van mening dat die kind in die middelkinderjare dikwels sy ware gevoelens onderdruk en van introjekte gebruik maak, juis om homself te beskerm en verantwoordelikheid vir die ouer te neem.

- **Ambivalente binding:** So 'n kind vertoon angstigheid selfs voordat die moeder weggaan. Gewoonlik is hierdie kind ontsteld. Wanneer die moeder terugkeer, tree hy ambivalent op. Aan die een kant probeer hy met haar kontak maak, maar kan haar net so maklik vermy. Hierdie kind is versigtig vir vreemdelinge. Ouer kinders gee uiting aan aggressie en mag selfs die ouer manipuleer. 'n Ambivalente persoonlikheid soek gedurig volgens Howe (1996:11) aandag, maar kan dadelik omkeer en weerstand bied. Navorser is van mening dat aandagsoekende gedrag dikwels 'n teken van onveilige binding is. Die kind in die middelkinderjare het 'n behoefte om "te behoort". Wanneer hy dus nie die nodige aandag by sy ouers kry nie en onveilig voel, kan die kind aandag by skoolmaats en onderwysers probeer kry. Dikwels is hierdie

gedrag van die kind onaanvaarbaar en tree hy aggressief op (vergelyk paragraaf 2.3 en 3.3.3). Aan die ander kant kan die vermoë om sonder protes van die moeder geskei te word, 'n aanduiding van veilige binding en outonomie wees. In die praktyk moet daar dus op 'n verskeidenheid van faktore gelet word, en nie net of 'n kind huilerig is, of nie.

- **Disorganiserende binding:** Die kind is verward deur die ouer se optredes en gedrag. Die ouer is gepreokkupeerd met sy eie onvoltooidhede, sodanig dat hy nie die kind se emosionele behoeftes in ag neem nie. Die kind ontvang dus geen aandag vanaf die ouer nie. Aangesien die kind verward is, kan hy dus nie in kontak met sy gevoelens kom nie en is geneig om verkeerde gedragswyses te openbaar met die doel om met die ouer kontak te maak.

- **Oordrewe/ uitermatige binding:** Die kind word oorbeskerm. Die kind kan nie groei tot onafhanklikheid nie, omdat die ouer hom terughou. Die ouer is geneig om die kind tot absolute gehoorsaamheid te dwing. Die kind reageer dus aggressief teenoor die ouer. Die ouer vermy kontak met maats. Navorser is van mening dat die kind in die middelkinderjare se maats 'n groot rol in sy ontwikkeling speel. Indien die kind nie maats het nie, raak hy gou gefrustreerd wat tot aggressiewe gedrag kan lei. Geslote grense mag ook tot aggressiewe en rebelse gedrag aanleiding gee.

Volgens Bowlby (1993:67) is die doel van emosionele binding om 'n kind emosioneel onafhanklik en sosiaal selfstandig te laat word. Wanneer daar nie voldoende emosionele binding by 'n kind teenwoordig is nie, kan die kind wanneer hy aan trauma blootgestel word dus nie onafhanklik en selfstandig optree nie. Die kind verloor volgens navorser beheer oor homself en is makliker vatbaar vir probleemgedrag soos aggressie.

Die skoolgaande kind behoort volgens Wait (1989:49) 'n afname in skeidingsreaksies te hê, aangesien hulle minder afhanklik word van die direkte fisieke teenwoordigheid van hul ouers. Die kind in die middelkinderjare se kognitiewe vermoë is dan ook so ontwikkel dat die kind verstaan dat sy ouer nie permanent van hom af weggaan nie, en

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

dat die ouer weer sal terugkeer. Hulle is in staat om selektief geheg te bly tydens periodes van afwesigheid van die ouers.(vergelyk Louw et al.,1990:232.) Navorser is van mening dat dit verband hou met die kind se kognitiewe ontwikkeling. Kinders wat hegte bande met hul ouers het, word ook toenemend in staat om hul behoeftes aan aandag en kontak te beheer, en bevrediging uit te stel. Ouers se bewustheid en sensitiwiteit van hul kinders se behoeftes moet dus in ag geneem word indien hulle 'n hegte band met hul kinders wil bou.

## 4.6 OUERLIKE SENSITIWITEIT

Ouerlike sensitiwiteit is die sleutel volgens Howe (1996:24) tot gesonde ouer-kind binding. Ouers se houding en hul sensitiwiteit teenoor hul kinders het 'n invloed op hul kind se optredes tydens die kind se ontwikkeling. Ainsworth (in Howe,1996:24) definieër ouerlike sensitiwiteit as volg: " *...the ability to accurately perceive and interpret the infants' attachment signals, and to respond to them promptly and adequately*". Newman & Newman (1999:155) stem saam met Howe (1996:24) dat ouers wat, veral van kleinsaf, nie sensitief teenoor hul kinders optree nie, swak binding tot gevolg kan hê, omdat die ouer en die kind nie hul ware gevoelens met mekaar kan deel nie.(vergelyk Barrett & Trevitt,1991:19-20.)

Navorser is van mening dat kinders in die middelkinderjare sekere gedragspatrone openbaar wat as indikator dien van hoe die kind regtig voel. Ouers wat dus nie hul kind van kleinsaf sensitief leer ken het nie, sal heel moontlik die kind nie verstaan nie, en hom straf omdat hy "verkeerd" of onaanvaarbaar optree. Hierdie onaanvaarbare gedragspatrone, soos aggressie, is eintlik die kind se hulpkreet (vergelyk figuur 4.2).

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)


Figuur 4.2: Gedragspatrone van die kind



University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

Indien ouers en kinders se interaksie met mekaar positief is, kan dit slegs voordele tot gevolg hê. Fahlberg (in Howe,1996:24) demonstreer ouerlike sensitiwiteit in figuur 4.3 wat sy die "positiewe siklus van interaksie" noem:

Figuur 4.3 Positiewe siklus van interaksie




Bogenoemde siklus het twee pole wat óf deur die ouer óf deur die kind geïnisieër kan word. Volgens navorser kan hierdie interaksie die sleutel tot sterk ouer-kind binding wees omdat beide weet wat van mekaar verwag word - dit dra by tot verhoogde selfwaarde en kontakmaking met beide se gevoelens.

Elke kind beskik oor 'n unieke kombinasie van temperamente, waarvan sommige op 'n bepaalde tydstip net meer op die voorgrond is. Wanneer ouers volgens Eastman (1994:48) sensitief teenoor hul kinders optree, is ouers se begrip vir hul kinders se temperamentstipes baie belangrik.

**4.6.1 Verskillende temperamentstipes wat by kinders aangetref word**

Volgens Eastman (1994:49) en Newman & Newman (1999:155) verskil 'n kind se temperament van dag tot dag, omdat die kind aan verskeie situasies blootgestel word. Kinders se temperamente hou ook regdeur hul ontwikkeling aan met groei en ontwikkel.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

Die kind in die middelkinderjare raak meer van sy gevoelens bewus en word aan nuwe ervaringe blootgestel.

Die kind se temperament kan dus gedurig verander indien hy nie in die voorskoolse jare sekuriteit beleef het nie. Ouerlike sensitiwiteit speel volgens navorser dus 'n belangrike rol in die skoolgaande kind se ontwikkeling. Die volgende temperamentstipes wat by kinders aangetref word, word volgens Eastman (1994:49-53) en Newman & Newman (1999:155-156) onderskei:

- **Die sensitiewe kind:** Hierdie kinders het gewoonlik sterker gevoelens, is ernstig, sensitief en uiters kwesbaar. Hulle is geneig om meer te huil, ongereeld te slaap en te eet, en benodig meer empatie en simpatie van hul ouers af. Die kind met 'n sensitiewe temperament verg spesiale aandag van sy ouers. Die ouers kan ontoereikend begin voel deur die probleme van die kind. Die kind word onbewustelik blameer, en spesiale sorg en aandag neem af. Laasgenoemde lei tot versterking van die kind se gedrag, wat 'n bose kringloop tot gevolg het.

- **Aktiewe temperament – 'n kind met 'n eie wil:** Dié kinders het gewoonlik 'n sterker wil, neem risiko's en wil die middelpunt van belangstelling wees. Ouers behoort hulle meer op situasies voor te berei, hulle meer in beheer van take te plaas en erkenning vir sukses te gee.

- **Reagerende temperament – die vrolike, maklike kind:** Hierdie kinders is gewoonlik opgewek, benodig meer stimulasie en beweeg vinnig van een taak na 'n ander. Hulle pas maklik by verandering aan. Tydens probleemsituasies help dit as 'n ouer hul aandag aflei en rigting aan take gee.

- **Ontvanklike temperament-die gehoorsame kind:** Hierdie is kinders wat gewoonlik instruksies volg, maar verandering teenstaan. Hulle volg gereelde eet-en slaappatrone. Omdat die ontvanklike kind min ekstra aandag van die ouers verg, het

die ouers 'n positiewe houding teenoor die kind. Té min aandag kan daartoe lei dat sekere behoeftes van die kind misgekyk word.

Volgens navorser is dit belangrik dat kinders se temperament gebalanseerd moet wees. Dit word alleenlik bereik deurdat die ouer-kind binding sterk is en ouers hul kinders van 'n jong ouderdom af "bestudeer". Kinders wat voldoende struktuur en leiding van hul ouers kry, sal minder op skool rebelleer en sensitiwiteit vir mekaar se behoeftes ontwikkel.

## 4.7 OPVOEDINGSTYLE EN OPVOEDINGSFOUTE

Daar is volgens navorser baie kundiges wat verskillende opvattings oor ouerskap het. Dit is dus geen wonder dat ouers soms oorweldig voel deur al die raad wat hulle van familie en vriende, boeke en dokters ontvang. Om 'n ouer te wees, bring jou ook in aanraking met die ervaring wat jy van jou eie ouers gehad het en dit kan nuwe ouers baie help. Navorser is van mening dat elke gesin se situasie anders is en alle ouers is individue met unieke gesinswaardes. Die gesin speel nog steeds 'n sentrale rol in die middelkinderjarige kind se ontwikkeling. Dit bly primêr 'n bron van sekuriteit (Smith,1981:26 en Tomlinson,1997:110).Die kind moes dus reeds 'n gevoel van veiligheid en geborgenheid by sy ouers beleef het alvorens hy die laerskool verken.

Die ouer is egter by magte om aan die hand van sy opvoedingstyl 'n betekenisvolle en kragtige invloed op die persoonlikheidsontwikkeling van die kind uit te oefen (Pretorius & Coetzee,1994:86). In dié verband kan navorser verklaar dat die opvoedingstyl tot die kind se optimale groei en ontwikkeling bydra (vergelyk paragraaf 2.4.2). Indien die ouers se opvoeding afwesig is en/of geen sekuriteit vir die kind bied nie, kan die kind dus nie sy gesonde ontwikkeling van kindwees bereik nie. Gedragsprobleme, soos aggressie, kan die gevolg van laasgenoemde wees.(vergelyk paragraaf 3.3.2). As gevolg van hierdie opvoedingsfoute is die ouer-kind binding dus nie optimaal ontwikkel nie. Die kind raak volgens van Niekerk (1992:189) opstandig, aggressief en beweeg weg van hul opvoeders af.

Dit is die verantwoordelikheid van elke ouer om na eie goeddunke die opvoeding van sy of haar kind te rig. Ouers moet volgens navorser, meer van moontlike foutiewe opvoeding bewus wees. Kriel & Le Roux (1993:91) konstateer dat opvoedingsfoute grootliks die onvermoë van die ouer is om die aard en gedrag van die kind korrek te interpreteer. Thompson (2000:149) stem saam met laasgenoemde skrywer deurdat die ouer dus nie sensitief teenoor die kind optree nie en dat die ouer-kind verhouding hierdeur skade lei. Pretorius (in Kriel & Le Roux ,1993:92) beweer dat die aangeleentheid van opvoedingsfoute sentreer om die feit dat die opvoeder ontoereikend rekening hou met:

- Die primêre behoeftes van die kind en
- Die natuurlike psigies-geestelike ontwikkelingsvlak van die kind.

Dit blyk dat die opvoedingsgedrag van die ouer 'n betekenisvolle en kragtige invloed op die ouer-kind binding het. Dit is duidelik vanuit vorige besprekings dat die gesin 'n groot rol in die kind se lewe speel. Die mens is en bly 'n feilbare wese, en ten spyte van die feit dat sommige ouers nougeset probeer om hul ouerskap suksesvol uit te leef, fouteer hulle juis in die opsig.

## 4.8 VERLIESE VAN DIE KIND EN DIE INVLOED OP BINDING

Volgens Smith (1981:68) strewe die kind in die middelkinderjare na onafhanklikheid van sy ouers, maar aan die ander kant is hy vir sy veiligheid, beskerming en sekuriteit van hulle afhanklik. In hierdie ontwikkelingsproses speel die kind se maats ook 'n deurslaggewende rol.

Navorser is van mening dat volwassenes dikwels die impak wat verlies op 'n kind se gemoed kan hê, onderskat. Volwassenes probeer kinders in so 'n mate teen die stampe en stote van die lewe beskerm dat laasgenoemde nooit leer om verlies te verwerk nie. Die kind wat verlies ervaar, word volgens Wait (1989:49) aan nuwe aanpassings en bindings blootgestel.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

Die verliese wat 'n kind ervaar, is egter vir 'n kind net so erg soos vir volwassenes – soms selfs erger, omdat hulle dit nie altyd verstaan nie. Verlies kan enige vorm aanneem – van die dood van 'n ouer of familielid, tot die verlies van vriendskap of 'n verhuising. En omdat kinders op sekuriteit ingestel is, het dit dus 'n groter invloed op hul bindings met ander as wat dit selfs op volwassenes het. Kinders moet leer om van hul ouers te kan skei. Dit wil sê, hulle moet teen die ouderdom van 3 of 4 jaar weet dat om van hul ouers weg te wees, nie noodwendig impliseer dat hulle alleen, bang of ongelukkig sal voel nie.(vergelyk Wait,1989:51.) Ervarings van gelukkige skeidings dra tot persoonlikheidsontwikkeling by kinders by.

Die verlies van 'n ouer en egskeiding is volgens Howe (1996:101) die twee dinge wat die kind se lewe die meeste raak. Wanneer die ouers weer trou, moet die kind aan nuwe ouer-figure gewoond raak. Die kind kan dus probleme ondervind om die ander persoon te aanvaar. Binding word dus nadelig beïnvloed.

**4.8.1 Die dood en egskeiding**

Navorsing wat die effek en gevolge van egskeiding, en ook die dood van 'n ouer op kinders nagegaan het, het gevind dat kinders dikwels probleme ondervind om die nuwe moeder of vader te aanvaar.(vergelyk Wait, 1989:52.) Die hertroue van die ouer vind soms plaas voordat die kind die verlies verwerk het, en dus op 'n stadium waartydens sommige kinders nog nie vir die nuwe verhouding gereed is nie. In hierdie situasie ondervind kinders ouer as 8 jaar volgens Hess & Camera (in Wait,1989:52), lojaliteitskonflikte.

Dit blyk dus dat die kind in die middelkinderjare meer geneig is om met hewige emosies en gevoelens as die jonger kind te reageer. Hierdie botsende gevoelens kan volgens navorser spanning en konflik in die kind veroorsaak wat vir die kind baie moeilik is om te hanteer. Indien die binding dus nie sterk tussen ouer en kind is nie, kan probleme soos aggressiewe gedrag na vore kom.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

Een van die ergste probleme wat kinders met 'n egskeiding ervaar, is ouers wat mekaar se teenwoordigheid nie kan uitstaan nie. Die kind het sy ma en pa nodig om sy volle potensiaal te bereik ( Howe,1996:102). Volgens die laasgenoemde skrywer het studies getoon dat voortdurende konflik tussen geskeide ouers vir kinders baie erger is as om saam met hulle in 'n ongelukkige huwelik vasgevang te wees. Wanneer ouers aankondig dat hulle skei, verwag die meeste kinders dat dinge beter sal gaan, en dat die rusies sal ophou. As dit nié gebeur nie, veroorsaak dit nog meer trauma en onsekerheid – en dit benadeel ook die genesingsproses. Howe (1996:103) konstateer dat nuwe bindinge vir die kind dus moeiliker is, as sy eie ouers nog baklei. Hoe meer die ouers met mekaar baklei, hoe meer word die kind in die middel vasgevang, omdat'n kind nie kan kies tussen ouers vir wie hy albei lief is nie.

Egskeiding word oor die algemeen as 'n emosionele omwenteling en 'n gevoel van verlies beleef. (vergelyk Howe,1996:101 en Wait,1989:48.) Dis belangrik dat kinders onbevange verhoudings met albei ouers moet kan hê. Hulle moet leer om in twee huise te leef, en intussen nog normaal ontwikkel en groei. Daarom behoort kinders se regte die heel belangrikste te wees. Die belangrikheid van die gesin vir die kind in die middelkinderjare, soos reeds aangedui, speel dus steeds 'n belangrike rol in die kind se lewe, al is die ouers geskei. Om die ouer-kind binding met beide ouers te behou en te versterk, is goeie kontak tussen die kind en die ouer 'n noodsaaklikheid (Howe,1996:102). Dit is belangrik dat die ouers die kind se emosie moet herken en erkenning daaraan gee sodat die kind makliker in nuwe situasies kan aanpas. Indien dit nie gebeur nie, ontstaan aggressie wat een van die emosies is wat by verlies ondervind word. (vergelyk paragraaf 2.4.4; Louw et al., 1990:373 en van der Merwe, 1996:187.)

Die oplossing is dus dat die kind steeds albei ouers as rolmodelle en versorgers kan ervaar om in 'n gebalanseerde mens te ontwikkel. Dit beteken dat wat daardie ouer het om aan te bied wat goed is, soos 'n nuwe gesin, vir die kind ook aanvaarbaar kan wees. Op hierdie wyse sal 'n hegte band met die nuwe ouer makliker en vinniger verloop.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

persone aan te knoop, wantrouerig of afsydig wees. Deur nie geheg te raak nie, probeer hulle hulself teen die seer van herhaalde verliese beskerm.

## 4.9 FAKTORE WAT BINDING BEÏNVLOED

Verskeie gesinsfaktore het 'n belangrike invloed op die kind se sosio-emosionele ontwikkeling. Emosionele binding word volgens Wait (1989:50) deur faktore soos huwelikstevredenheid, onderlinge gesinsverhoudings, gedragskontrole, die gesinstruktuur, gesinsrolle, ensomeer beïnvloed. 'n Verskeidenheid van maatskaplike faktore kan egter 'n ewe belangrike rol speel. Al hierdie faktore beïnvloed die kind waarskynlik via sy selfkonsepontwikkeling.

Dit blyk dus dat daar van ouers verwag word om 'n sensitiewe aanvoeling vir hul kind se behoeftes te hê, en aktief betrokke by die kind te wees, soos om aandag te gee, op die kind se behoeftes te reageer, en dus 'n veilige omgewing te skep waar die kind hom as't ware kan vasanker, wanneer nodig. Sekuriteit is vir die kind van groot belang.

Dit is egter nie so dat die hegtheid van emosionele bande deur die aard van ouersorg alleenlik bepaal word nie, maar dat verskeie ander faktore ook die verhouding kan beïnvloed. Verskeie faktore beïnvloed die ontwikkeling van binding soos genoem deur Louw et al. (1990:222-226), Bowlby (1993:106-112); Wait (1989:50-51) en Hughes (1991:185-187). Vervolgens word hierdie faktore bespreek:

### 4.9.1 Die moeder se persoonlikheid

Die moeder se persoonlikheid en haar verhouding met haar baba speel 'n belangrike rol in die vorming van binding. Moeders van babas wat 'n positiewe binding openbaar, is byvoorbeeld meer vriendelik, ondersteunend, hulpvaardig, liefderyk en spelerig met hul kinders. Dit is dus belangrik dat ouers met hul kinders moet kan speel. Hughes (1991:185) noem dat: *"A parent's willingness to play may be one predictor of the*

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

*closeness of attachment, but willingness alone seems not to be enough".* Sosiale interaksie met kinders is ook van belang.

**4.9.2 Kultuurtipes**

Kruiskulturele navorsing dui daarop dat kultuur ook 'n rol in veral die aanvang van binding speel (Louw et al.,1990:224). Volgens Louw et al. (1990:224) ontwikkel babas in Uganda se binding ongeveer 'n maand vroeër as Skotse babas. Dit word toegeskryf aan die feit dat Ugandese babas die meeste van hulle tyd in noue fisieke kontak met hulle moeders deurbring, aangesien hulle op die rug van die moeders gedra word. Dieselfde sal geld vir swart Suid-Afrikaanse babas wat langdurig op die rug van hulle moeders rondgedra word.

**4.9.3 Die kind as persoon**

Die volgende is van die eienskappe van die kind wat 'n invloed op binding kan hê, naamlik die ouderdom, die temperament, vorige ondervindings in terme van sy verhoudings met bindingsfigure en laastens die geslag van die kind.(vergelyk Wait,1989:51.) Navorser is van mening dat die ouderdom van die kind (sy ontwikkelingsvlakke) verband hou met die ontwikkelingstake wat hy leer om te bemeester.

Ouers het 'n groot invloed op die kind se ontwikkeling, veral in terme van hul sosialiseringsvermoë met ander. Sommige ouers gee onvoldoende aandag aan hul kind in die vroeë ontwikkeling, dalk omdat hulle nie van die baba- en kleuterfase hou nie. Wanneer die kind dus skool toe gaan, is die kind nie blootgestel aan sosialiseringsvaardighede wat bindinge bewerkstellig nie en dit lei dus tot swak verhoudings met ander. Die kind se temperament het beslis 'n invloed op binding (vergelyk paragraaf 4.6.1). Volgens Wait (1989:51) gee sommige ouers ook aan 'n bepaalde geslag voorkeur, of hulle glo dat hulle nie seuns of dogters kan grootmaak nie.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

Volgens navorser kom hierdie verskynsel baie na vore. Positiewe binding kan dus nie plaasvind nie.

### 4.9.4 Die kind in 'n inrigting

Kinders wat tydens hulle eerste lewensjaar van hulle biologiese ouers verwyder is en in inrigtings was wat min en wisselende personeel en ander fasiliteite gehad het, vertoon dikwels probleme met binding (soos reeds genoem).

### 4.9.5 Die werkende ouer

Daar is die moontlikheid dat 'n werkende moeder die ontwikkeling van binding by haar kind kan benadeel.(vergelyk Fulton,1999:1.) Volgens navorser is die afwesigheid van beide ouers nadelig vir die kind se ontwikkeling. Beide ouers is professionele persone wat hul beroepe beoefen, en die positiewe binding tussen ouer en kind kan/mag skade ly. 'n Rede vir probleemgedrag by kinders, soos aggressie, kan volgens Louw et al. (1990:366) toegeskryf word aan die min tyd wat ouers huidiglik aan kinders spandeer. Binding kry dus nie geleentheid om verder te groei nie.

Volgens Fulton (1999:1) het dagsorg min effek op die ouer-kind verhouding. 'n Studie deur Fulton met meer as 1300 moeders met kinders tot en met die ouderdom van 3 jaar is vir die navorsing gebruik. Die bevindinge was dat kinders wat in dagsorg is, beter verhoudings met hul moeders het, as kinders wat die hele dag by die huis is. Die ouers was ook meer van die kind se behoeftes bewus. Fulton (1999:2) is egter van mening dat ouers steeds vanaf geboorte hegte bindings met hul kinders moet bou, om sodoende sekuriteit vir die kind te bied wanneer hy wel na dagversorging moet gaan. Wanneer die omstandighede van ouers só is dat beide ouers moet werk, kan die ouer volgens navorser gerus voel om die kind in dagsorg of 'n kleuterskool te plaas, mits die verhouding reeds vanaf geboorte sensitief hanteer was.

Die volgende faktore lei daartoe dat die binding tussen ouer en kind onbevredigend kan ontwikkel: 'n ongelukkige huwelik, armoede, gebrek aan sosiale ondersteuning en die verkeerde ouerskapstyl. Die verkeerde ouerskapstyl soos die outokratiese styl, bied volgens navorser nie aan die kind geleentheid om te groei nie en die kind vermy dus binding met sy ouer, uit vrees vir die ouer se gesag (vergelyk paragraaf 2.2.4).

Navorser is van mening dat positiewe binding die kind in staat stel om nuwe dinge te probeer, probleme op nuwe wyses aan te pak en 'n meer positiewe houding teenoor die onbekende te hê (veral as die kind skool toe gaan).

## 4.10 TEGNIEKE OM BINDING TE VERSTERK

Volgens Eastman (1994:47) is dit belangrik om kinders se temperament te verstaan. Geen ouer word opgelei om 'n "goeie ouer" te wees nie, dit is die ouer se taak om sy kind te bestudeer en tyd aan die kind te spandeer om sodoende sy behoeftes te verstaan. Wanneer swak binding tussen ouer en kind ontstaan, gebeur dit dikwels dat die kind aggressiewe gedrag kan openbaar. Aggressie raak 'n kind se wapen teen eensaamheid (Eastman,1994:65 en Schoeman,1996:173). Volgens navorser kan hierdie aggressie voorkom word indien die ouer saam met die kind speel en vir die kind beskikbaar is. Slegs ouers met hulle unieke, liefdevolle belangstelling, kan 'n kind in 'n sosiale wese omskep.

### 4.10.1 Vyf boodskappe vir positiewe ouerskap

Om positiewe ouerskap toe te pas en positiewe binding met 'n kind te hê, noem Gray (1999:6-7) vyf boodskappe vir positiewe ouerskap, naamlik:

- 'n Kind mag verskillend van sy maats wees;
- Kinders mag maar foute maak;
- Kinders mag aan hul negatiewe emosies uiting gee;
- Kinders mag vir meer vra;

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

- Kinders mag "nee" sê, maar moet onthou dat ouers die finale sê het.

Navorser stem saam met Gray dat 'n kind geleer moet word om sy gevoelens uit te druk. Dit gee aan die kind mag en beheer. Dit is egter die ouers wat dan die grense moet stel tot wat aanvaarbaar is of nie. Die behoeftes van die kind moet dus in ag geneem word sodat die ouer-kind binding versterk kan word. Die kind moet geleentheid kry om sy behoeftes ook met die ouer te deel.

**4.10.2 "Bindings –ouerskap"**

"Bindings-ouerskap" begin reeds van geboorte af. Granju (2000:2) stel dit soos volg: *"It's a very hands-on parenting style that usually includes breastfeeding on cue and past the first year and also the family bed (parents sleeping with or very near the baby) as well as 'babywearing' which involves lots of carrying and holding of a baby or toddler".*

Volgens die skrywer moet binding tussen ouer en kind met respek hanteer word, sodat die kind se behoeftes vervul kan word en die kind dus tot 'n emosioneel gesonde kind, en later 'n gesonde volwassene kan ontwikkel. Granju (2000:2) konstateer dat "bindings-ouerskap" effektief in navorsing bewys is. Dr William Sears het die oorspronklike studie rakende "bindings-ouerskap" begin.

**4.10.2.1 Beginsels van "bindings-ouerskap"**

Volgens Granju (2000:2-3) se studie berus Dr Sears se "bindings-ouerskap" op ses beginsels, naamlik:

- Binding onmiddellik ná geboorte.
- Borsvoeding.
- Baba by die ouers in die bed of minstens naby die bed.
- Baba-drasak.
- Baba huil om die ouers sekere tekens te gee.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

- Balans

Die laaste beginsel naamlik balans, is volgens Sears (in Granju, 2000:2) baie belangrik. Die ouer moet weet wanneer om "nee" te sê. Die ouer moet ook aan homself dink. Hierdie ouerskapstyl beteken nie dat die ouer aan al die eise van die kind moet toegee nie. Die ouer se behoeftes moet ook bevredig word. Indien hierdie beginsels toegepas word, is navorser van mening dat die kind in die middelkinderjare meer selfvertroue sal hê en sekuriteit sal ervaar, en sal weet wat van sy ouers verwag word. Daar sal dus nie faktore wees wat die kind se ontwikkeling belemmer nie.

"Bindings-ouerskap" begin reeds van geboorte af . Die kind in die middelkinderjare moet dus in sy vroeë ontwikkeling reeds aan die ouers se gedrag blootgestel word en wat daar van die kind verwag word, om sodoende gesond te kan funksioneer. Indien die ouers die kind met respek behandel het, sal die kind in die middelkinderjare sy onderwyser en maats met respek behandel en onaanvaarbare gedrag uit die weg ruim.

Studies rondom borsvoeding toon aan dat babas vertroosting nodig het. Borsvoeding is ook deel van die natuur se bindingsproses tussen ma en baba. Indien die baba geborsvoed word, leer hy die moeder vertrou. Emosioneel bring die bors vertroosting en 'n gevoel van veiligheid. Hierdie sekuriteit help dus met die versterking van die bindingsproses wat vir die kind op 'n latere ontwikkelingstadium nodig is om verhoudings met ander te kan aanknoop.

"Bindings-ouerskap" beteken ook dat die ouers hul baba by hulle of naby hulle moet laat slaap. Volgens Granju (2000:3) kan 'n baba nie manipuleer nie, 'n baba reageer wat biologies van hom verwag word om sy behoeftes te vervul. Indien hierdie behoeftes vervul word, dra dit tot versterking van die ouer-kind binding by.

"Bindings-ouerskap" is 'n gesinsgesentreerde lewenstyl. Die skrywer noem dat die vader net so betrokke by binding as die moeder kan wees. Fisieke kontak met die baba is nodig. Die vader kan met die kind op sy bors slaap of hom in 'n abbasak dra- enigiets waar die

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

kind die pa se hartklop kan voel en sy vel kan ruik. Met voedingstyd kan die vader ook betrokke raak.

In Granju (2000:2) se studie is bewys dat kinders wat by hul ouers slaap, meer gerus is as hulle groter word. Die kind het ook meer vertroue in sy ouer – die ouer-kind binding is dus optimaal ontwikkel en goeie kommunikasie tussen ouer en kind vind plaas. Granju noem dat geen probleme in "bindings-ouerskap" na vore gekom het wanneer die kind ouer word en in sy eie kamer moet slaap nie. "Bindings-ouerskap kan soms vir die breë gemeenskap onaanvaarbaar wees, maar volgens Granju is dit die ouer se keuse en sy manier van opvoeding. "Bindings-ouerskap" kan daartoe bydra dat die kind tot 'n goed aangepaste volwassene sal ontwikkel, en deur die ouers se liefdevolle versorging en sekuriteit sal die ouer-kind binding dus optimaal ontwikkel.

Navorser is van mening dat bogenoemde bindingsmetode van die skrywers werkbaar is en die ouers se keuse is. Indien die moeder nie kan borsvoed nie, kan sy ook haar liefdevolle aandag aan die kind gee. Fisieke nabyheid en kontak met die kind bly 'n noodsaaklikheid. Niks is so spesiaal as die band tussen kinders en hul ouers nie. Die kind in die middelkinderjare kan dus sy ontwikkelingstake bemeester indien bogenoemde binding met sy ouer reeds op 'n vroeë ouderdom gevestig is.

Volgens navorser kan "bindings-ouerskap" op enige stadium in die kind se ontwikkeling plaasvind. Volgens die studies is dit wenslik vanaf geboorte, omdat dit moeiliker is vir ouers om hul ouerskapstyl te verander as die kind ouer word. Dit is die ouer se verantwoordelikheid om by sy kind wat skool toe gaan, betrokke te wees en werklik met hom te "bind". Die kind in die middelkinderjare wil steeds veilig voel en "behoort". Dit beteken dat ouers na hul kinders moet luister, en weet wat die kind se behoeftes is en hom sodoende laat veilig voel. Navorser wil ook beklemtoon dat die kind in die middelkinderjare steeds fisiese kontak van sy ouers nodig het, dit beteken dat die ouer sy kind moet vashou, tyd saam met hom moet deurbring en moet oplet na die tekens wat die kind vir die ouer oor sy behoeftes stuur.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

## 4.11 SAMEVATTING

Opvoeding vereis liefde en begrip, maar dit gebeur soms dat ouers harteloos in hul optrede teenoor die kind is. Daar bestaan soms 'n gebrek aan belangstelling van die ouers se kant af, veral wanneer dit gaan oor die behoeftes van kinders. 'n Gebrek aan binding veroorsaak dat die kind op 'n latere stadium in sy lewe gedragsprobleme, soos aggressie, kan openbaar. Die ontwikkeling van binding moet dus reeds vanaf geboorte as 'n opvoedingstaak en doel gesien word. Dit bly die ouer se verantwoordelikheid om kontak met die kind optimaal te benut en voortdurend van die kind se behoeftes bewus te wees.

Sekere kategorieë van binding kom na vore wat die interaksie tussen ouer en kind bepaal. Elke kind is uniek en ervaar skeiding van sy ouers verskillend. Dit is egter die sekuriteit wat die ouer bied wat bepaal hoe die kind gaan reageer. Die vertrouensverhouding tussen ouer en kind speel ook 'n belangrike rol.

Sommige kinders is geneig daartoe om onseker en angstig te voel, of is aandagsoekend en moeilik, of woelig. Die soort gedrag is vir volwassenes irriterend. Ander kinders het weer 'n passiewe, stil en onttrekkende gedragstyl. Hulle vra nie aandag nie, en is meestal tevrede wanneer hulle alleen gelaat word. Hierdie kinders kan "soet" en tevrede voorkom, en hulle ouers kan verkeerdelik dink dat hulle daarin geslaag het om die kinders se emosionele behoeftes te bevredig. Kinders se temperament het 'n duidelike invloed op die ouer-kind binding. Kinders reageer verskillend, daarom is dit nodig dat ouers kinders moet bestudeer en sensitief benader ten einde die kind te leer ken.

Verliese in die kind se lewe en die invloed van binding moet versigtig benader word. Kinders het nodig om eers die trauma te verwerk voordat nuwe bindings kan ontstaan. Sekere faktore soos, verliese, kan die binding tussen ouer en kind beïnvloed.

Om binding te versterk, is dus die ouer se taak. Die ouers se liefde en sekuriteit speel 'n belangrike rol in die vestiging van 'n goeie ouer-kind verhouding. "Bindings-ouerskap" blyk 'n oplossing te wees vir die versterking van binding. Indien dit blyk dat negatiewe

binding 'n oorsaak van negatiewe gedrag by die kind was, kan die ouer sowel as die kind vir terapie inskakel. Die ouer en die kind kan geleer word hoe om met mekaar te speel en te kommunikeer. Die aard van 'n kind se identifikasie word bepaal deur sy daaglikse interaksie met sy ouers. Sekere ouers raak "verlore" in hul kind en die gevolg is dat die kind sy behoeftes op ander plekke gaan soek. Ouers kan binding met hul kind versterk deur middel van aktiwiteite wat die kind in so 'n mate betrek dat emosionele intimiteit gekweek word en die verhouding tussen die twee gevestig word.

In hoofstuk 5 word spelterapie met die aggressiewe kind bespreek. 'n Duidelike oorsig van aggressie en die ouer-kind binding was dus noodsaaklik vir navorser. Die kind word bemagtig in spelterapie om sy aggressie te verminder om sodoende die ouer-kind binding te versterk.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

# HOOFSTUK 5

# GESTALTSPELTERAPIE MET DIE AGGRESSIEWE KIND IN SY MIDDELKINDERJARE

## 5.1 INLEIDING

In die vorige hoofstukke is die middelkinderjare en aggressiewe gedrag wat by hierdie kinders voorkom, bespreek. Die invloed wat die ouer-kind binding op 'n kind se aggressie en latere ontwikkeling het, is ook uiteengesit. In aansluiting hierby gaan spelterapie met die aggressiewe kind in die middelkinderjare in hierdie hoofstuk bespreek word.

Kinders begin reeds van vroeg af al geselskap geniet, maar op tweejarige ouderdom word die boustene vir latere sosiale ontwaking gelê. (vergelyk Louw et al. 1990:313.) Volgens navorser is die belangrikste persoon in die baba of kleuter se lewe sy ouers, en dié verhouding skep die konteks vir latere sosiale verhoudings. Die rol van spel in die klein kind se lewe word oorgedra na elke terrein van sy ontwikkeling. Spel neem in die middelkinderjare toe, waar maats 'n al groter rol in die kind se lewe speel.

Wanneer kinders speel, word dit dikwels deur volwassenes as slegs 'n tydverdryf beskou waarmee die kinders hulself besig hou. Speel is egter een van die belangrikste maniere waarop kinders kommunikeer (Orton,1997:214). Verder is dit ook vir kinders 'n belangrike aktiwiteit waardeur hulle geestelik, liggaamlik, kognitief en sosiaal ontwikkel. In spel hanteer 'n kind angs, spanning, aggressie, verwarring en ander emosionele probleme.

Spel word reeds vanaf Freud (1856-1939) se tyd as dié kommunikasiemiddel met getraumatiseerde kinders in terapie gebruik.(vergelyk Webb, 1991:27.) Wanneer kinders by terapie inskakel, is dit belangrik om eers die kind se spel te verstaan. In hierdie

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

hoofstuk gaan daar eers op die kind se spel gefokus word en dan na die omskrywing van spelterapie.

Die gestalt word as benadering tydens die studie benut. Om die kind se proses (sy ervaringswêreld) en die metode van toepassing in gestaltspelterapie te begryp, is dit nodig om die veskillende fasette van spelterapie in die praktyk te verstaan. Vervolgens word die belangrikheid van spel vir die kind bespreek.

## 5.2 BETEKENIS VAN SPEL VIR DIE KIND

Volgens Landreth (1991:7-8) is spel die middelpunt van elke kind se lewe. Spel is spontaan, genotvol, vrywillig en nie-doelwit georiënteerd. Landreth (1991:7) is van mening dat ouers kinders se spel sosiaal-aanvaarbaar wil maak deur spel as werk te definieer. In dié proses leer kinders om spel doelwit-georiënteerd te rig. Die skrywer is veral besorgd oor die persepsie wat ouers oor kinders se spel het. Kinders kry dikwels nie geleentheid om spontaan te speel nie en word gedwing om selfs spel te staak om dit vir die ouers makliker te maak.

Navorser is van mening dat kinders gebore word om aktief te wees. Kinders is nie gemaak om stil te sit nie. Tog neig vandag se kinders om baie minder aktief te wees as in vorige geslagte. Televisie kyk en ure voor die rekenaar het feitlik 'n "nasionale sport" geword. En dit bring mee dat kinders minder speel en meer geneig is om gefrustreerd te raak. As kinders aanvoel dat hul ouers nie tyd vir hulle het nie of dat hulle in die pad is, kan hulle reageer deur stout te wees (vergelyk paragraaf 4.6). Ouers moet dus hul kind aanmoedig om te speel en saam met die kind speel. Dit is veral belangrik vir die skoolgaande kind wat moet leer om met maats oor die weg te kom.

Spel is dikwels vir die ouer 'n aanduiding van hoe die kind oor sekere sake voel, hoe hy sekere gebeure en situasies beleef en verwerk (Maree, 1989:118). Kinders het nodig om te speel volgens van Wyk (1974:2) aangesien die kind se spel deel raak van sy daaglikse lewe en 'n kommunikasiemiddel vir die kind is. Met ander woorde, die kind se spel is sy

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

betekenisvolste dialoog met die wêreld. In spel openbaar die kind dus sy unieke persoonlikheidsamestelling, sy behoeftes en wense, en vorm só sy eie konsep van die wêreld. Indien die kind in die middelkinderjare nie aan spel blootgestel is nie, kan die kind dus nie voorberei wees vir sinvolle deelname in sy latere volwasse lewe nie. Dit blyk dus dat spel vir die kind 'n fisieke, emosionele en intellektuele betekenis het. Vervolgens word die doel, waarde en funksie van spel bespreek.

## 5.3 DOEL EN WAARDE VAN SPEL IN DIE MIDDELKINDERJARE

Spel is 'n onlosmaaklike deel van elke kind se lewe. Deur spel leer die kind sy wêreld ken. Vir Gordon en Browne (1989:323) is spel: *"...how children reconstruct their world in order to understand and master it"*. Spel help dus die kind om probleme uit te sorteer.

Alle kinders voel die een of ander tyd magteloos om hul eie lewens te beheer. Deur spel, byvoorbeeld in sprokiesverhale, verander die helde die noodlot en bring 'n boodskap van die goeie wat oor die slegte triomfeer.(vergelyk Van Wyk, 1974:73 en Hostler,1992:10.) Spel verskaf mag aan die kind. Navorser stem saam met die vorige skrywers dat spel, soos sprokiesverhale en fantasie, dikwels bekende emosies by die kind uitlok. Spel help kinders om hul eie gevoelens te verstaan en te weet dat daar ander kinders is wat net soos hulle voel. Die kind word ook toegelaat om sy standpunte te stel en dinge te laat gebeur soos hy hulle graag sou wou laat gebeur, en omstandighede en die verloop van gebeure te manipuleer. Dit blyk dat sprokiesverhale en fantasie vir die kind 'n terapeutiese en opvoedkundige waarde inhou.

Die kind in die middelkinderjare se kognitiewe ontwikkeling is ordelik, gestruktureerd en logies. (vergelyk Hughes,1991:98 en paragraaf 2.2.2.1.) Daarom is die kind in die middelkinderjare se spel meer realisties en meer reëls-georiënteerd as die van die voorskoolse kind. Spel in die middelkinderjare skep dus orde in die kind se wêreld.

Volgens Hughes (1991:98) ontwikkel die kind in die middelkinderjare se fisieke, emosionele en intellektuele vermoëns meer indien die kind aan spel blootgestel word. Dit

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

stel die kind ook in staat om hierdie ervarings te verwerk tot gedragspatrone wat aan die kind 'n verwysingsraamwerk vir toekomstige ervarings verskaf.

Spel in die middelkinderjare het dus ten doel om te kommunikeer, want slegs deur te kommunikeer kan die kind deur sy maats aanvaar word en 'n gevoel van "behoort aan" ervaar. Hierdie gevoel van "behoort aan" is van primêre belang in die middelkinderjare (vergelyk paragraaf 2.2.5.1). Spel verrig 'n belangrike funksie in die voltrekking van die kind se psigiese lewe. Spel kan ook met die totaliteit van die kind se ontwikkelingsaspekte in verband gebring word. Vervolgens word die funksies van spel in die middelkinderjare bespreek.

### 5.3.1 Funksie van spel

Die funksie van spel in die middelkinderjare soos saamgevat uit die werk van Louw et al. (1990:317-318); Hildebrand (1991:371); Hostler (1992:10) en O'Conner (1991:7-9) word soos volg bespreek:

- **Liggaamlike en kognitiewe ontwikkeling**: Deur middel van spel leer die kind om probleemoplossende vaardighede in te oefen sodat hy beter toegerus is om werklike probleme te hanteer. Die kind bemeester nuwe vaardighede en leer om sy liggaam te beheer. O'Conner (1991:7) konstateer dat die kind veral genot daaruit put om fisiese aktiwiteite te kan bemeester. Spel in die middelkinderjare bied die kind die geleentheid om sy nuwe omgewing (skool en maats) te eksploreer. Deur spel is die kind se kognitiewe ontwikkeling meer gevorderd as dié van die voorskoolse kind deurdat sy denk-en redenasievermoë sowel as sy perseptuele en probleemoplossende vermoë verbeter het (vergelyk paragraaf 2.2.2.1).

- **Sosiale ontwikkeling**: Om te speel met ander kinders in die skool leer die kind sosiaal-aanvaarbare gedrag aan. Die kind in die middelkinderjare is die grootste gedeelte van sy dag by die skool. Hy word aan sosialisering blootgestel. Kinders kan baie onverdraagsaam teenoor mekaar wees. Die kind leer dus om by ander aan te pas

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

en aanvaar te word. Kompeterende spel volgens reëls word al hoe belangriker soos die kind ontwikkel.

- **Emosionele ontwikkeling**: Volgens Fein (in Louw et al.,1990:318) en Hostler (1992:10) bevorder spel die kind se emosionele welsyn en ontwikkeling omdat dit genot verskaf, 'n gevoel van bemeestering, die identifisering en uitdrukking van gevoelens bevorder en in hierdie opsig selfs 'n terapeutiese funksie kan verrig. Dit open 'n wêreld van pret, humor en kreatiwiteit vir die kind. Spel tydens die middelkinderjare help die kind om te eksperimenteer met skeiding vanaf sy versorgers. Die voorskoolse kind se binding is nog sterker met sy ouers as die kind in die middelkinderjare. Die skoolgaande kind leer om meer dikwels van die huis af weg te gaan speel.(vergelyk O'Connor,1991:8.) Spel berei dus die ouer kind vir emosionele losmaking van sy ouers op sekere terreine voor. Die kind moet gevoelens ten opsigte van wen- en verloor situasies leer ken en hanteer.

- **Ontwikkeling van die selfkonsep**: Tydens spel ontdek die kind homself feitlik in alle opsigte. Deur met maats te speel, leer die kind om oorwinning en sukses te behaal. Hy leer om met ander te identifiseer en leer sy vaardighede en swakhede deur middel van voortdurende selfevaluering ken. Indien die skoolgaande kind se maats 'n negatiewe uitwerking op hom het, kan dit negatiewe gevolge vir sy sosiale ontwikkeling hê, sowel as gepaardgaande negatiewe gevoelens oor homself. Aggressiewe gedrag kan dus 'n wapen word om homself te beskerm (vergelyk paragraaf 2.2.5.3 en paragraaf 3.3.3).

Spel is dus onontbeerlik in die ontwikkeling van die kind gedurende die verskillende ontwikkelingsfases. Dit is daarom noodsaaklik dat ouers reeds van vroeg af met hul babas of kinders moet speel en die kind ook sodoende leer speel om die bogenoemde vaardighede te ontwikkel. Omdat spel die natuurlike kommunikasiemedium van die kind is, word spel ook as terapeutiese medium benut. Wanneer kinders gedragsprobleme, soos aggressiewe gedrag openbaar, kan spel in terapie as medium benut word om die kind te

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

begelei tot die herbelewing van negatiewe belewenisse en aanleer van positiewe gedrag. Spel dien dus as medium vir die verligting van emosionele- en gedragstoornisse.

### 5.3.2 Funksie van spel in terapie

Spel is 'n belangrike hulpmiddel vir die vestiging van 'n terapeutiese verhouding (Orton,1997:221). Dit kan vir eksplorasie, evaluering en assessering benut word. Die wyse waarop die kind speelmateriaal gebruik tydens sy ontmoeting met die terapeut kan reeds belangrike inligting verskaf. Orton (1997:222-224); Landreth (1991:10); Porter (1983:206-210) en Hostler (1992:10) noem die volgende funksies van spel in terapie:

- Bou van 'n verhouding: Spel voorsien vir die kind 'n bekende medium waardeur hy homself aan die terapeut kan bekendstel. Die terapeut benut ook sekere speltegnieke om doelbewus met die kind 'n vertrouensverhouding te bou.

- Gevoelsontlading: Spel is 'n effektiewe medium om weerstand te hanteer, veral by aggressiewe kinders (vergelyk paragraaf 3.6.3). Die kind kry geleentheid om sy gevoelens te verbaliseer en om sy aggressie op te los. Die kind word dus bemagtig om die struikelblokke in sy lewe te oorkom. In die speelkamer, in die teenwoordigheid en met behulp van die terapeut, is dit vir die kind veilig om gevoelens te ontlaai. Spel bied geleentheid vir die kind om gevoelens soos aggressie te ontlaai.(vergelyk West,1992:11 en Orton,1997:222.)

- Kommunikasie: Spel bevorder wedersydse kommunikasie tussen die terapeut en die kind. Deur middel van spel kan die kind probleemsituasies, wat hy nie verbaal kan uitdruk nie, uitspeel en met behulp van simbole uiting daaraan gee. Spel word dus benut om te assesseer en makliker te kommunikeer. Die aggressiewe kind sukkel om sy gevoelens te verbaliseer en word gekenmerk deur negatiewe kommunikasiepatrone (vergelyk paragraaf 3.4). Deur middel van spel in terapie kan die kind veilig voel om te kommunikeer en spel bied 'n geleentheid vir die ontlading van gevoelens. Die kind kan dus sy aggressiewe gevoelens deur middel

van spel uitdruk en organiseer. Sodoende word 'n gevoel van beheer en bemeestering deur die kind ervaar.

- Emosionele groei: Die kind leer in terapie om homself te aanvaar. Spel bevorder selfvertroue, en fasiliteer en integreer motoriese-, kognitiewe-, verbeeldings-, kreatiewe- en sosiale gedrag en ontwikkeling. Hierdie beheer gee vir die kind geloof en vertroue in sy eie vermoëns. Die kind leer dus om self verantwoordelikheid vir sy ontwikkeling te neem.

Die funksies van spel blyk die aggressiewe kind se behoefte aan erkenning, begrip, beheer, ondersteuning, aanvaarding en vertroue aan te spreek. Spel is vir die aggressiewe kind van groot waarde deurdat die kind leer om sy omgewing te beheer deur sy spel. Die kind gebruik toenemend sy verbeelding, maak keuses en neem besluite. Spel verskaf genot en 'n uitlaatklep vir spanning.

Samevattend noem West (1996:13) dat spel vir die kind 'n brug tussen fantasie en realiteit is. Oaklander (in West,1996:13) verduidelik dat spel kinders leer om hul wêreld te ontdek wanneer sy verduidelik: " *Play is therefore essential for healthy development. For children, play is serious, purposeful business through which they develop mentally, physically, and socially. Play is the child's form of self-therapy through which confusions, anxieties and conflicts are often worked through. Through the safety of play children can try out their own ways of being. Play performs a vital function for the child. It is far more than just the frivolous, lighthearted, pleasurable activity than adults make of it. Play also serves as a symbolic language... Children experience much that they cannot as yet express in language, and so they use play to formulate and assimilate what they experience*".

Spel bied dus 'n geleentheid vir die kind om in homself te glo. Spel kan as 'n veilige oefengeleentheid binne 'n beskermende wêreld benut word waartydens die kind uiting aan sy gevoelens kan gee wat vir hom verligting bring. Spel dien as aanknopingspunt tussen die kind en terapeut, en skep 'n forum waarbinne die kind kan kommunikeer. Deur

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

middel van spelterapie kry die kind geleentheid om weer in beheer van sy situasie te kom. Dit is voor die handliggend dat spelterapie vir die aggressiewe kind noodsaaklik is. Vir die aggressiewe kind is spel die mees geskikte vorm van hulp. Deur spel word die kind in sy eie wêreld ontmoet, met ander woorde waar hy homself kan wees.

## 5.4 OMSKRYWING VAN SPELTERAPIE

Volgens Webb (1991:27) is spelterapie 'n psigoterapeutiese metode wat op psigodinamiese en ontwikkelingsbeginsels gebaseer is, wat ten doel het om die emosionele nood van jong kinders te help verlig deur die benutting van 'n verskeidenheid verbeeldingryke en ekspressiewe spelmateriaal soos handpoppe, poppe, klei, bordspeletjies, kunsmateriaal en miniatuurvoorwerpe. Deur middel van spelterapie word die kind dus in kontak met sy gevoelens gebring, ten einde hom te help om weer beheer oor sy lewe te verkry.

Volgens Axline (in West,1996:15) kan spelterapie op die volgende feit gebaseer word: *"Play is the child's natural medium of self-expression. It is a opportunity which is given to the child to 'play-out' his feelings and problems, just as in certain types of adult therapy, an individual 'talks' out his difficulties".* Spel bied dus vir die kind die geleentheid om uitdrukking te gee aan wat hy voel en dink. Spelterapie is dus ook 'n unieke wyse waarbinne die kind "ontmoet" kan word. Hierdie kommunikasiewyse van die kind behoort tot sy maksimum benut te word tydens terapie.

Volgens navorser het die aggressiewe kind spelterapie nodig omdat elke kind as 'n geheel funksioneer. Indien die kind beheer oor sy lewe verloor, kan hy nie as 'n geheel funksioneer nie. Vir die doeleindes van die studie word die gestaltbenadering as basis vir die navorsing benut. In hierdie studie word die basiese beginsels van die gestaltbenadering tydens terapie met die aggressiewe laerskoolkind benut. Dié beginsels hou verband met die gesonde psigiese groei en ontwikkeling van die aggressiewe kind in die middelkinderjare. Vervolgens geniet die beginsels van spelterapie vanuit die gestaltbenadering aandag.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

## 5.5 BEGINSELS IN SPELTERAPIE VANUIT DIE GESTALTBENADERING MET DIE AGGRESSIEWE KIND IN SY MIDDELKINDERJARE

Spelterapie vanuit die gestaltbenadering het spesifiek ten doel om die kind op te bou en te bemagtig, om met sy innerlike kontak te maak en om die realiteite in sy lewe te hanteer. Sodoende kry die kind die geleentheid om van sy interaksies met homself, ander en sy omgewing bewus te word. Die kind leer verantwoordelikheid aan en hy eksperimenteer met nuwe gedrag. Om kontakmaking met die aggressiewe kind te bewerkstellig, word die beginsels van die gestaltbenadering wat in spelterapie benut is, vervolgens bespreek.

### 5.5.1 Holistiese beskouiing

Perls beskou die mens as 'n geïntegreerde organisme wat altyd as 'n eenheid funksioneer (Aronstam,1989:633). Holisme verwys dus na die totaliteit van die mens, wat aspekte soos emosies, liggaam, denke, persepsies en psige insluit. Alhoewel die mens altyd as 'n eenheid funksioneer, kan hy nie sonder sy omgewing bestaan nie en is altyd in kontak daarmee.(vergelyk Aronstam,1989:633 en Congress,1995:118.)

Die waarde van interaksie of positiewe binding tussen ouer en kind blyk dus duidelik te wees, aangesien die mens sy sosiale omgewing nodig het vir die vervulling van liefde, vriendskap, binding en ander sosiale behoeftes. Indien hierdie omgewing nie beantwoord aan die ouer of kind se behoeftes nie, ontstaan 'n wanbalans wat negatiewe emosies prikkel, soos konflik, frustrasies, aggressie en depressie as gevolg van die persoon se belewenis van onregverdigheid en wanbegrip vanuit sy omgewing. Omdat die kind 'n holistiese wese is, beïnvloed sy liggaamlike, emosionele, sosiale en geestelike ervaring, taal, denke en gedrag sy ontwikkeling. Hierdie aspekte moet dus aangespreek word om die kind se ontwikkeling te verbeter. Die aggressiewe kind word dus bemagtig om as 'n holistiese geheel te funksioneer. Hiervoor is die proses van homeostase nodig.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

### 5.5.2 Homeostase/ Selfregulering

Die gesonde organisme funksioneer as 'n eenheid binne homself en met sy omgewing, en is selfregulerend. Die proses waardeur hierdie regulering plaasvind, noem Perls homeostase (Aronstam,1989:633). Die aggressiewe kind in terapie streef na die bevrediging van sy fisiese, emosionele, sosiale, kognitiewe en intellektuele behoeftes, ten einde 'n balans of ekwilibrium te bereik. Deur middel van homeostase is die kind dus in staat om van enige fisiese, psigiese en sosiale wanbalans (onbevredigende behoeftes) bewus te raak en dit deur selfregulering te herstel.

Die bevrediging van behoeftes en die ontwikkeling van homeostase verloop volgens Aronstam (1989:633), Hamilton (1997:57), Frankl (1984:44) en Oaklander (1993:283) in 'n proses. Sodra een fase van die proses voltooi is, kom die volgende belangrike behoefte of wanbalans op die voorgrond, wat bevredig en hanteer moet word. Die waarde en die belangrikheid van die gesonde verloop of ontwikkeling van homeostase, word soos volg deur Oaklander (1993:283) onderstreep: *"As each need surfaces and is met without hindrance, not only does the child achieve homeostasis and balance, but he or she also gains new levels of growth and development"*. Schoeman (1996:35) stem saam met die vorige skrywer dat die kind se behoeftes altyd eerste in terapie gestel moet word.

Die aggressiewe kind in die middelkinderjare het 'n gebrek aan selfregulerende gedrag en dit gee dikwels tot onvervulde behoeftes aanleiding (vergelyk paragraaf 3.3.1). Onvervulde behoeftes gee aanleiding tot onvoltooidhede (Frankl,1984:44). Navorser meen dat die aggressiewe kind bemagtig moet word om selfregulerend op te tree en bewus gemaak moet word met behulp van die beskikbare hulpbronne in die omgewing, ten einde homeostase in stand te hou. Homeostase vind plaas wanneer behoeftes die figuurgrond word, sodat bevrediging kan plaasvind.

### 5.5.3 Figuurgrond en onvoltooidhede

Verskeie skrywers (Aronstam,1989:631; Thompson & Rudolph,1992:111; Oaklander,1993:238 en Hamilton,1997:27) maak melding van die mens se figuurgrond. Die "figuur" word beskou as dit wat op daardie oomblik die betekenisvolste vir die persoon is, met ander woorde, dit wat die persoon se aandag die meeste trek. Die "grond" word beskou as dit wat in die agtergrond gebeur. Sodra die behoefte bevredig is en die gestalt voltooi is, verdwyn die "figuur" weer, met ander woorde dit word deel van die agtergrond en daar kom 'n nuwe behoefte na die voorgrond. Die proses van figuuragtergrond-interaksie is voortdurend aan die gang.

Terapie fokus op die onvoltooidhede in 'n persoon se lewe, deur die verwronge of die onderbreekte dele in die vorming van 'n betekenisvolle figuurgrond-ervaring te verwyder. Alle persone kan 'n mate van onvoltooidheid hanteer, maar wanneer hierdie onderbrekings aanhoudend of oorweldigend word, kan dit 'n mens se funksionering negatief beïnvloed. Onvoltooidhede en vorige onvervulde behoeftes mag die oorsaak wees van die kind se aggressiewe gedrag.

Met behulp van die intervensieprogram moet die aggressiewe kind en sy ouer(s) gelei word om onvoltooidhede na die figuurgrond te bring, sodat voltooiing van die gestalt kan plaasvind. Die natuurlike proses moet dus gefasiliteer word. Hierdeur sal die aggressie van die kind verminder word, en die binding tussen ouer en kind positief beïnvloed word.

### 5.5.4 Die kontakgrens

Alhoewel die kind in kontak met sy omgewing gesien moet word, besit hy egter ook grense wat hom van sy omgewing skei. Hamilton (1997:56) omskryf kontakgrens soos volg: *"Contact boundary is the meeting place of the known and the unknown. It is where energy is shared, and movement toward a new awareness occurs"*. Die kontakgrens is dus nodig om te verhoed dat die kind sy identiteit verloor (Aronstam,1989:634). 'n

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

Kontakgrens is ook nodig dat die kind nog bewus moet wees van wie hy is en nie in samevloeiing met 'n ander persoon moet wees nie.

Die mens kan so rigied word volgens Thompson & Rudolph (1992:111) dat hulle hulle afsluit van ander of van bronne in die omgewing. Oaklander (1993:284) konstateer in hierdie verband: *"In order to avoid rejection, abandonment, and to gain approval, children may manifest many behavioural manifestations and symptoms that keep them from engaging in healthy contact with other children"*. Die aggressiewe kind in die middelkinderjare maak van gedragsmanifestasies, soos projeksies en ontkenning gebruik, ten einde kontak met die wêreld te vermy en hulself te beskerm.(vergelyk Frankl,1984:43 en paragraaf 3.4.) Vir die doeleindes van die studie is die aggressiewe kind tydens spelterapie bemagtig om kontak met sy aggressiewe gevoelens te maak ten einde aggressiewe gedrag te verminder en positiewe ouer-kind verhouding te bevorder. Bewustheid van en kontak met homself en ander bring dus verandering en genesing mee. Kontakgrensversteurings verhoed dat die aggressiewe kind se onvoltooidhede voltooi word.

### 5.5.5 Kontakgrensversteurings

Die aggressiewe kind, om te oorleef en om homself te beskerm, inhibeer, blokkeer, onderdruk en beperk verskeie aspekte van die organisme: die sintuie, die liggaam, emosies en intellek (vergelyk paragraaf 3.4.1). Hierdie beperkinge word kontakgrensversteurings en veroorsaak onderbreking van die natuurlike, gesonde proses van organismiese selfregulering (Oaklander, 1994:144). Die aggressiewe kind is dus nie meer in staat om 'n goeie balans tussen homself en die wêreld te handhaaf nie.

Volgens navorser bied die aggressiewe kind in die middelkinderjare weerstand teen kontak, ten einde pyn te vermy. Die gevolg hiervan is dat verdedigingsmeganismes aangewend word om te verhoed dat die hede ten volle en realisties ervaar word. Behoeftebevrediging vind nie plaas nie, aggressiewe gedrag word geopenbaar en die

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

ouer-kind binding lei gevolglik skade. Aggressie kan ook as verdedigingsmeganisme aangewend word om ander van die kind af weg te hou —dus om homself te beskerm. Die aggressiewe kind kan die volgende verdedigingsmeganismes of kontakgrensversteurings aanwend om kontak te vermy, naamlik retrofleksie, defleksie, samevloeiing, projeksie en introjeksie. Die skrywers Oaklander (1994:144-145); Aronstam (1989:638); Clarkson (1989:51-53) en Thompson & Rudolph (1992:112) se menings is aanvullend tot mekaar en sien soos volg daarna uit:

- **Retrofleksie:** Sekere kinders sal aan hulself doen wat hulle aan ander sou wou doen – retroflekteer. Aggressie en haat word dikwels geretroflekteer deur die volgende gedrag, byvoorbeeld "...ek wil die ander persoon slaan, nou "slaan" ek myself deur nie te eet, slaap of sosiaal te wees nie" (Aronstam, 1989:638). Die kind in die middelkinderjare het 'n behoefte aan "behoort aan". Die aggressiewe kind kan moontlik woede en hartseer reflekteer, omdat hy nie deur sy maats of ouers aanvaar word nie.

- **Defleksie:** Die aggressiewe kind kan ook sy gevoelens uitreageer (deflekteer) deur van die werklike gevoelens van hartseer of woede weg te draai. Hy maak die situasie dus sagter en meer aanvaarbaar. Ander kinders sal weer pynlike emosies vermy deur byvoorbeeld dagdromery. Hierdie kontakgrensversteurings kan dus die aggressiewe kind se gesonde kontak met die self en die omgewing negatief beïnvloed.

- **Samevloeiing:** Die kind ervaar geen grense tussen hom en die omgewing nie. Hy kan nie onderskei waar hy eindig en ander begin nie. Dit verhoed die ontwikkeling van goeie kontak met ander. (vergelyk Aronstam,1989:638 en Clarkson,1989:55.) Volgens navorser is samevloeiing algemeen by kinders wat probleme het om hul eie grense vas te stel. Die kind se binding met die moeder en die stryd om te skei en te individualiseer is 'n lewenslange proses. Sou die kind deur sy ouers verwerp word, is hierdie stryd om skeiding vol angs vir die kind. Die self is so broos dat hierdie kind voortdurend versekering soek vir sy bestaan. (vergelyk Oaklander,1994:145.)

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

Gesonde kontak tussen ouer en kind is dus 'n vorm van natuurlike en gesonde samevloeiing van energie. Samevloeiing word in die studie benut om aggressie by die kind te verminder en die binding tussen ouer en kind te versterk. Die navorser benut juis samevloeiing met die kind se proses tydens die terapiesessies. Die aggressiewe kind mag soveel weerstand bied teen enige vorm van samevloeiing – selfs ook positief, dat dié kontakgrensversteuring die ouer-kind binding negatief beïnvloed.

- **Projeksie:** Dit is die neiging om die omgewing verantwoordelik te hou vir wat in die self ontstaan. Hier moet onderskei word tussen aannames wat op feite en aannames wat op fantasieë gebasseer is. Deur projeksie onteien die individu nie net sy impulse nie, maar ook die dele van homself waar die impulse ontstaan. Die teenpool is toeëiening as die individu die geprojekteerde aspekte kan herken en as sy eie aanvaar (Aronstam,1989:638). Projeksie is 'n tipiese wyse wat kinders het om hulle eie ervaringe te ontken. Navorser is van mening dat die aggressiewe kind dikwels van projeksies gebruik maak, omdat aggressiewe gedrag in skoolverband onaanvaarbaar is. Die kind sal leuens vertel en ontken omdat hy min egokragte het om verantwoordelikheid vir sy gedrag te aanvaar. Hy blameer ander. Die kind doen dit deur sy eie gevoelens op ander te projekteer omdat dit te pynlik is om hierdie gevoelens te besit:" My pa is baie kwaad vir my" is makliker as " Ek is baie kwaad vir my pa" (Oaklander,1994:145).

In spelterapie maak die terapeut juis van projeksie as tegniek gebruik om die kind te help om met behulp van spelmediums sy belewenisse en gevoelens te kommunikeer. Schoeman (1996a:67) konstateer dat met behulp van projeksies in terapie, die kind sy eie vermoëns en potensiaal benut tot probleemoplossing. Wanneer die kind goeie en slegte eienskappe projekteer, is die kind besig om te groei. Projeksie word dus benut om die aggressiewe kind te bemagtig om in homself te glo en sy gedrag aanvaarbaar vir sy ouer(s) te maak, sodat die ouer-kind verhouding weer positief sal wees.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

- **Introjeksie:** Volgens Aronstam (1989:638) is introjeksie die proses waardeur die individu inhoude kritiekloos vanuit sy omgewing opneem en deel van homself maak. Hierdie geïntrojekteerde inhoude (soos waardes, norme, eise) is gewoonlik nie werklik deur die individu geassimileer nie. Die individu se omgewing moet dan ook konstant bly, anders is hy vatbaar vir spanning. Die teenpool van introjeksie is assimilasie waardeur die individu dit wat hy van die omgewing ontvang, verwerk en werklik deelmaak van homself. Introjeksie speel 'n belangrike rol in die groei en ontwikkeling van die kind.

Navorser is van mening dat ouers van opvoedingsfoute bewus moet wees om sodoende negatiewe introjekte te vermy (vergelyk paragraaf 4.7). Introjekte is boodskappe van die self en om in die wêreld-te-wees wat kinders van hulself inkorporeer. 'n Kind het nie die volwassenheid om te diskrimineer nie en glo enigiets wat hy van homself hoor. Baie van hierdie boodskappe word verkeerd deur die kind geïnterpreteer en versteur die gesonde ontwikkeling van die kind. Die kind hoor indirek hy is lui, dom en glo dit. Hierdie introjeksie vernietig sy gevoel van die self, sy selfbeeld en selfagting (Oaklander,1994:145). Laasgenoemde gevoelens van die kind dra volgens navorser tot aggressie by die kind by. Omdat die laerskoolkind aanvaar wil word, speel sy selfkonsep 'n belangrike rol in sy ontwikkeling (vergelyk paragraaf 2.2.5.3). Ouers moet dus meer bewus wees van opvoedingsfoute soos introjekte, sodat die kind goed kan voel oor homself en sy binding met sy ouer as positief beleef.

### 5.5.6 Bewustheid

Bewustheid is noodsaaklik vir gesonde interpersoonlike funksionering van die kind.(vergelyk Schoeman,1996:30; Aronstam,1989:639 en Hamilton,1997:45.) Bewustheid is volgens Yontef (in Schoeman,1996:30) 'n vorm van ervaring; 'n proses van 'in kontak wees' met die self en die omgewing. Bewustheid van die self sluit volgens Oaklander (1993:285) die volgende in: wie die kind is, hoe hy voel, waarvan hy hou en nie hou nie, wat sy behoeftes is, wat hy wil doen en hoe hy dit gaan doen. Bewustheid is

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

dus 'n wyse waarop die kind sy mees dominante behoeftes kan identifiseer en daarvan bewus kan word.

In terapie is dit veral die terapeut se taak om die kind van sy gevoelens bewus te laat word, die gevoelens te laat besit en beleef ten einde daardeur te werk sodat hy sy gedrag wat ontstaan het as gevolg van hierdie onbewuste gevoelens positief verander.

Volgens Thompson & Rudolph (1992:110) het Perls geglo dat bewustheid opsigself terapeuties kan wees. Met volle bewustheid ontwikkel 'n toestand van organismiese selfregulering en die totale persoon neem oor.

Soos die kind van homself bewus word in terapie, raak hy byvoorbeeld van sy aggressiewe gevoelens en gedrag bewus en die invloed van aggressie op al die aspekte van hom as mens. Hy vind dan uit dat hy keuses moet maak en sal daarmee eksperimenteer. As die terapeut die kind kan help om meer bewus te word van wat hy doen en hoe hy dit doen, kan die kind dan keuses hê om verandering te maak ten einde aggressiewe gevoelens en gedrag op 'n sosiaal aanvaarbare wyse, deur middel van positiewe alternatiewe gedrag te hanteer.

### 5.5.7 Polariteite

Volgens die gestaltbenadering bestaan die persoonlikheid uit polariteite of "splits". Gestaltterapie is daarop gerig om die polariteite te integreer, ten einde die mens beter te laat funksioneer en te verseker dat elke deel van die polariteit sy plek in 'n goed-geïntegreerde persoonlikheid vind (Thompson & Rudoplh,1992:117). Voorbeelde van polariteite vir die doeleindes van die studie word in paragraaf 5.7 bespreek. Hamilton (1997:64) het die doel van polariteite soos volg uiteengesit: *"Polarities offer the opportunity to explore the other, less natural, less wellknown parts of ourselves. Exploration of polarities can widen and deepen understanding and awareness"*.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

Volgens Schoeman (1996:27) is 'n kind bang vir teenstellings in die lewe, omdat hy nie verstaan hoe hy vir een persoon (ma of pa) lief kan wees, maar soms ook kan haat nie (liefde kan betoon, maar ook uiters aggressief optree nie). 'n Kind funksioneer in terme van teenoorgesteldes (polariteite) soos liefde en haat. Dit is die taak van die spelterapeut om die kind tot insig en aanvaarding van die normale teenoorgesteldes te lei wat ervaar word. Insig in polariteite stel die kind in staat om die positiewe en negatiewe aspekte van die lewe te aanvaar, te hanteer en as 'n geïntegreerde wese te ontwikkel. Die benutting van polariteite in die studie sal beslis tot die ontwikkeling en groei van die aggressiewe kind in die middelkinderjare en die ouer-kind binding bydra.

Die kind word as gevolg van verskeie redes, hetsy bewustelik of onbewustelik, aan pynvolle ervarings blootgestel. Hierdie belewing van pynvolle ervarings het nie net die afsluiting van negatiewe emosies tot gevolg nie, maar die positiewe emosies word ook in die proses verberg (Venter & Schoeman, 1999:322). Navorser is van mening dat die kind sy aggressie gebruik om homself teen verdere pynlike ervarings te beskerm. As gevolg van die beskerming gee dit tot die verbreking van kontak met homself, ander en die omgewing aanleiding. Die beginsels van die gestaltbenadering kan suksesvol in die studie toegepas word om die aggressiewe kind tot bewusmaking van sy gevoelens te lei. Om die kind van sy gevoelens bewus te maak word sekere vorme van spel onderskei om met die kind op verskillende maniere kontak te maak. Die vorme van spel word vervolgens bespreek.

## 5.6 VORME VAN SPEL WAT IN TERAPIE BENUT WORD

Navorser is van mening dat verskillende soorte spel by verskillende ontwikkelingsfases voorkom. Mildred Parten (in Louw, et al.,1990:314) het reeds so vroeg as 1932 al die spel van kinders dopgehou. Sosiale spel neem toe hoe ouer die kind word. Sosiale patrone word veral in die middelkinderjare gevestig (vergelyk paragraaf 2.2.5). Sosiale deelname neem toe omdat maats en die skool 'n belangrike rol in hierdie lewensfase van die kind speel. Die kind het 'n behoefte aan "behoort aan", en vrees verwerping en eensaamheid. Die nodige leiding van sy opvoeders speel dus hier 'n belangrike rol.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

Volgens Du Toit & Kruger (1991:127) begin die kind in die middelkinderjare se waarneming van mense verander. Die kind ontwikkel 'n sensitiwiteit teenoor ander. Die kind in die middelkinderjare se spel is meer georganiseerd. Spel is nodig vir die kind om homself, ander en die nuwe omgewing te eksperimenteer. Louw et al. (1990:332) konstateer dat 'n afname in egosentrisme in die middelkinderjare waargeneem word. Skoolgaande kinders kommunikeer met mekaar tydens hulle spel. Die soort spel verander egter ook en simboliese spel word deur speletjies met reëls vervang.

Navorser is van mening dat die kind in die middelkinderjare bewus word dat sy maats hom waarneem en dat hulle op grond van hul waarnemings afleidings maak wat hulle optrede teenoor mekaar kan beïnvloed (vergelyk paragraaf 2.2.5.1). Indien die kind dus onaanvaarbare gedrag soos aggressie openbaar, ontlok die kind negatiewe reaksies van ander. Dit blyk dat die kind in die middelkinderjare meer bewus is van sy spel, omdat hy sekere reaksies van ander kan ontlok.

Sekere vorme van spel word doelbewus tydens terapie aangewend om kontak met die aggressiewe kind in die middelkinderjare te maak. Daar word egter vir die doel van die studie onderskei tussen vyf vorme van spel. Van der Merwe (1996:12-13); Porter (1983:216) en Thompson & Rudolph (2000:387) onderskei tussen die volgende vorme van spel, naamlik ontspanningspel, assesseringspel, gedramatiseerde spel, skeppende spel en bibliospel. Die doel van hierdie verskillende vorme en die hulpmiddels wat tydens die aanwending van hierdie vorme aangewend word, word vervolgens bespreek.

### 5.6.1 Ontspanningspel

Die doel van die spel is om 'n rustige atmosfeer vir die kind te skep vir die bou van 'n terapeutiese verhouding. Ontspanningspel help die aggressiewe kind om vertroue in die terapeut te bou omdat die spel nie bedreigend is nie. Die kind ontspan en kry 'n gevoel van beheer. Deur ontspannende spel kry die kind dus die geleentheid om van homself, die terapeut en sy omgewing bewus te word. Ontspannende spel kan volgens navorser in al

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

die sessies benut word om die kind veilig en gemaklik te laat voel, veral aan die begin van 'n sessie om die kind op die hier-en-nou gefokus te kry en aan die einde van die sessies om die kind weer na die realiteit van sy leefwêreld buite die speelkamer terug te neem.

Die volgende tegnieke en hulpmiddels word onder andere benut: sensoriese kontakmaking, musiek, legkaarte, troeteldiere, bordspeletjies en voet- en vingerverf.

### 5.6.2 Assesseringspel

Hierdie spel word benut om die kind se fase van ontwikkeling, sy vaardighede en kontak met die omgewing vas te stel en inligting in te samel. Cantrell (in van der Merwe, 1996a:98) is van mening dat die kind se ontwikkelingsfase in ag geneem moet word wanneer daar geassesseer word. Dit is dus nodig dat die terapeut deeglike kennis van die kind in die middelkinderjare moet hê om die kind se proses waar te neem. Die kind se verbale en nie-verbale kommunikasie moet in ag geneem word om tegnieke en hulpmiddels wat benut gaan word, te bepaal. Die aggressiewe kind is veral geneig om weerstand tydens terapie te bied (vergelyk paragraaf 3.6.3). Die terapeut moet dus die kind se aggressie in ag neem tydens assessering en ruimte vir die kind bied om teen sy eie tempo te ontwikkel.

Die volgende tegnieke en hulpmiddels word byvoorbeeld tydens assesseringspel benut: onvoltooide sinne en projeksiekaarte, grafiese gesinsbeelding, die roosboom-en monstertegnieke, bordspeletjies, lyntekeninge, houtblokkies, en ander fyn en groot motoriese bouspeelgoed, en verskillende speletjies vir vryspel soos poppe, motortjies en diertjies.

### 5.6.3 Gedramatiseerde spel

Die kind word volgens Porter (1983:216) die geleentheid gebied om situasies uit te speel en te dramatiseer. Deur gedramatiseerde spel raak die kind van intense gevoelens ontslae,

herbeleef sy omstandighede, rolle word aangeleer, dit dien as kommunikasiemedium tussen terapeut en kind, en die kind kry beheer oor sy lewe. (vergelyk van der Merwe,1996b:128 en Oaklander, 1988:104.) Die terapeut kan volgens navorser baie inligting deur gedramatiseerde spel rondom die aggressiewe kind bekom, omdat die kind sy aggressie onderdruk en dié spel bied aan hom 'n geleentheid om sy gevoelens veilig te ontlaai. Die kind leer dus om sy onaanvaarbare gedrag met aanvaarbare gedrag te vervang. Die aggressiewe kind ontwikkel verder ook insig in sy probleem deur middel van gedramatiseerde spel. Die terapeut kan byvoorbeeld vir die kind vra om 'n gesinsituasie toe hy baie kwaad was, of 'n klaskamer- of speelgrondsituasie uit te beeld.

Die bekendste hulpmiddels en tegnieke wat benut word, is byvoorbeeld handpoppe, dans en beweging, poppekas, rollespel, en klein miniatuur speelgoed en diertjies.

### 5.6.4 Skeppende spel

'n Kind kommunikeer dit wat hy nie in staat is om in woorde uit te druk op 'n kreatiewe skeppende wyse nie.(vergelyk van der Merwe, 1996c:138.) Volgens Porter (1983:242) lewer skeppende spel 'n belangrike bydrae tot die kommunikasieproses tussen die kind en die terapeut, en ook tot die openbaring van belangrike inligting tydens die terapeutiese proses. Verder voordele van skeppende spel is onder andere: dit bied die kind 'n geleentheid vir die ontlading van gevoelens, bring hom in beheer van sy eie skeppingswêreld, bevorder interaksie tussen terapeut en kind, bied geleentheid vir regressie en gee 'n gevoel van bemeestering.

Hulpmiddels en tegnieke wat tydens skeppende spel benut is, is byvoorbeeld kleiwerk, die sandbak, water, verf, modder, tekeninge en briewe.

### 5.6.5 Bibliospel

Bibliospel impliseer die kreatiewe gebruikmaking van die geskrewe woord. Hierdie geskrewe woord kan op die verlede gerig wees, toekomsgerig, die huidige situasie

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

uitbeeld of 'n fantasie wees wat deur middel van die pen geskep word. Dit kan deur iemand anders geskep word of deur die kind self. Voordele van bibliospel is: die kind kan sy gevoelens op ander karakters wat hy in die geskrewe woord skep, projekteer, hy kan modelle manipuleer om sy onvoltooidhede aan te spreek, hy kan moontlikhede eers 'beproef' sonder dat hy homself blootstel. Dit bied vir hom 'n geleentheid om keuses tussen alternatiewe te maak en om met polariteite (teenoorgesteldes) te eksperimenteer. (vergelyk van der Merwe,1996d:109 en Porter, 1983:274.)

Navorser is van mening dat indien ouers gemotiveer kan word om vir hul kind van kleins af stories te vertel, dit tot 'n versterking van vertroue en die opbou van die ouer-kind binding kan bydra. Indien bibliospel tydens terapie benut word, is dit noodsaaklik dat die terapeut wel die kind se ontwikkelingsfase in ag moet neem.

Die volgende hulpmiddels en tegnieke word benut, byvoorbeeld dagboeke, metafore, lewensboeke, kinderverhale, briewe en gedigte.

Volgens navorser word die vorme van spel, en verskillende mediums en tegnieke deur die terapeut aangewend vir die ontwikkeling en groei van elke kind. 'n Kombinasie van gestalttegnieke, speltegnieke, vorme van spel en mediums kan benut word wanneer daar met die aggressiewe kind en sy ouers gewerk word. Die terapeut se samestelling van bogenoemde vorme moet verantwoordbaar wees ten opsigte van die doel wat geformuleer word. Die vorme van spel word dus benut om te assesseer, te projekteer, emosies te hanteer, hanteringsmeganismes en selfvertroeteling in te oefen.

## 5.7 DIE VERSKILLENDE TEGNIEKE EN HULPMIDDELS WAT TYDENS DIE BETROKKE STUDIE AANGEWEND IS

Die verskillende tegnieke en hulpmiddels wat tydens die betrokke studie aangewend is, is gekies met in agname van die kind se ontwikkelingstake in die middelkinderjare en die aanmeldingsprobleem, naamlik aggressie. Die tegnieke is dus gekies om die maatskaplike

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

funksionering van die kind te verbeter. Vervolgens word die tegnieke aan die hand van die verskillende vorme van spel bespreek.

### 5.7.1 Ontspanningspel

Sensoriese kontakmaking, bordspeletjies, musiek en vingerverf is hulpmiddels wat tydens die studie aangewend is om 'n rustige atmosfeer te skep en die terapeutiese verhouding te bou..

#### 5.7.1.1 Sensoriese kontakmaking

Deur sensoriese kontakmaking maak die kind met die wêreld om hom kontak en ook met sy innerlike self (Oaklander, 1988:109). Die aggressiewe kind ondervind dikwels 'n verlies aan sensoriese kontakmaking (vergelyk paragraaf 3.3.1). Die kind maak dus nie kontak met homself en die wêreld om hom nie, of sy kontakvaardighede is afgesluit. Tydens die studie was dit noodsaaklik om die aggressiewe kind te help om sy sensoriese kontakfunksies op te skerp. Sig, gehoor, tas, smaak, reuk en asemhaling is tydens die betrokke studie as die verskillende kontakmodaliteite beskou.

Daar is ten opsigte van sig veral klem gelê op die waarneming van kleur, vorms en lyne. "Listen Lotto" van Smile Education is aangewend om op die sig en gehoorsintuig aanspraak te maak. Die kind moes geluide op die kassetspeler identifiseer en die regte geluid by die regte objek plaas. Die kind kon op sy gemak na die geluide luister en ontspan (Oaklander,1988:115).

Tydens die terapie kon die kind die geleentheid kry om aan verskillende objekte te raak (Thompson & Rudolph, 2000:174-175). Voorbeelde wat benut is, was onder andere, dat die kind homself hard met 'n growwe doek op dele van sy lyf (sy bene, arms, elmboë voete en gesig) kon afdroog. Die kind het oor verskillende teksture (gras, mat, kombers, plastiek, rubber) gekruip of geseil. Klem is gelê op die gevoelens en ervaringe wat die kind met die aanraking geassosieer het. Die gebruik van "gevoelsgesiggies" gee aan die

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

kind die geleentheid om sy onmiddellike gevoel te lokaliseer (bylae I). Die tassintuig word dus doelbewus benut om die aggressiewe kind van verskillende gevoelens bewus te maak. Vingerverf is op 'n skinkbord uitgesprei en die kind kon daarmee teken. Bogenoemde hulpmiddels word deur Oaklander (1988:109-135); Schoeman (1996b:42-47) en Thompson & Rudolph (2000:174-176) ondersteun.

#### 5.7.1.2 Bordspeletjies

Die doel met bordspeletjies was om die kind se proses waar te neem. Volgens van der Merwe (1996e:81) is speletjies pret, inisieer kommunikasie en dit kan die vertrouensverhouding versterk. Die aggressiewe kind het 'n behoefte aan beheer oor sy omstandighede (vergelyk paragraaf 3.4). Bordspeletjies kan die kind 'n gevoel van beheer laat ervaar. Die doel van die speletjies was om die kind op sy gemak te laat voel en om die terapeutiese verhouding te bou.

### 5.7.2 Assesseringspel

Die grafiese gesinsbeelding, die roosboom- en wurmtegniek is as hulpmiddels en tegnieke tydens die betrokke studie aangewend.

#### 5.7.2.1 Grafiese gesinsbeelding

Tydens die benutting van dié tegniek, word daar van die kind verwag om sy gesin op 'n vel papier te teken, deur elke gesinslid met 'n sirkel voor te stel (Venter, 1993:12-15). Daar word van die kind verwag om die skets met gegewens aan te vul (byvoorbeeld die rigting van kommunikasie, emosionele bindings en die gevoelens wat aan elkeen gekoppel word), ten einde 'n "gestalt" of geheelbeeld van die kind te vorm. Hierdie inligting word dan met die kind bespreek. Vir die doeleindes van die betrokke studie kan die navorser inligting by die kind kry oor die wyse waarop die kind sy gesin sien en ervaar. Bindings met ouers kan dus vasgestel word.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

### 5.7.2.2 Die roosboomtegniek

Die kind kry tydens die implementering van die roosboom 'n geleentheid om te ontspan en in kontak met sy innerlike te wees. Die roosboomtegniek soos wat dit deur Thompson & Rudolph (2000:126) en Oaklander (1988:32) benut word, is tydens die betrokke studie aangewend. Hierdie aktiwiteit kom in die vorm van 'n fantasie voor. Fantasie kan volgens Thompson & Rudolph (2000:171) groot pret vir kinders inhou. Die kind raak ook bewus van wat hy in die hier-en-nou voel. Fantasie vorm 'n sentrale deel van elke kind se ontwikkeling (Schoeman,1996c:85 & Oaklander, 1988:21-52). Fantasie is vir alle kinders van alle ouderdomsgroepe groot pret.

Tydens spelterapie kan gebruik gemaak word van fantasie, soos die roosboomtegniek, waar die kind 'n boom van sy eie keuse kies. Klem word gelê op hoe die roosboom lyk (het hy byvoorbeeld blare, rose, dorings, wortels, is hy groot, klein, sterk of swak).Vervolgens word daar gefokus op waar die roosboom staan. Die kind moet vervolgens visualiseer of daar ander plante, kinders, diere of mense naby is en of dit alleen staan. Suggesties rondom die weer en of iemand vir die roosbaam sorg, word ook gemaak. Na afloop van hierdie beskrywing kry die kind die geleentheid om die roosboom te teken. Die terapeut en die kind kry 'n geleentheid om sy tekening, sy belewenisse as 'n roosboom, en sy wense en vrese te bespreek. Die aggressiewe kind se projeksies wat tydens die gesprek oor die roosboom gemaak is, kom na vore en word gekoppel aan sy huidige lewensituasie, en met die kind bespreek.

Navorser is van mening dat hierdie tegniek suksesvol met die aggressiewe kind benut kan word. Die aggressiewe kind is dikwels geneig om sy gevoelens weg te steek of te onderdruk. Deur middel van die roosboomtegniek kan die kind se siening van homself en sy sekuriteite in sy lewe (soos sy ouers) geassesseer word. Fantasie kan dus 'n geleentheid vir die veilige ontlading van gevoelens vir die aggressiewe kind wees. Dit bied dus 'n gespreksgeleentheid tussen die kind en die terapeut.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

#### 5.7.2.3 Wurmtegniek

Volgens van der Merwe (1994:30) word hierdie hulpmiddel tydens assessering benut om die kind en die terapeut te help om doelwitte vir terapie te stel. Hierdie tegniek word dus benut om 'n hanteringstrategie of 'n plan van behandeling uit te werk. Die kind word gevra om 'n appel met wurms te teken (bylae H). Die wurms eet die kind se lewensappel (probleme en behoeftes wat die kind se lewe negatief beïnvloed). Byvoorbeeld, die kind is kwaad vir sy pa, baklei met sussie, geen maats, haat skool of pa is oorlede. Die kind moet ook die "wurm" aanwys wat die meeste eet. Hierdeur kan die kind se primêre behoeftes of probleme vasgestel word. Metafories moet die kind dan 'n "tipe gif" vir elke wurm neerskryf, sodat die wurms nie sy lewensappel moet opeet nie. Die oorsprong van elke wurm word dus bespreek.

Tydens die terapie kan elke probleem of behoefte aangespreek word, ten einde die kind te help om as geheel te funsioneer en beheer oor sy lewensituasie te verkry. Hierdie hulpmiddel is interessant vir laerskoolkinders, en help met hul konsentrasie en kommunikasie tydens terapie. Deur middel van hierdie projeksies is dit makliker vir die aggressiewe kind om sy gevoelens tydens terapie te verbaliseer. Probleemoplossende vaardighede word dus ook aangeleer.

### 5.7.3 Gedramatiseerde spel

Handpoppe en die leë-stoeltegniek is tydens die betrokke studie aangewend.

#### 5.7.3.1 Handpoppe

Die benutting van handpoppe is 'n medium wat suksesvol in terapie met die aggressiewe kind in die vroeë middelkinderjare benut kan word. Die sukses van hierdie medium is daarin geleë dat die kind deur middel van die handpop kan kommunikeer, terwyl hy ook met die handpop kan identifiseer. Volgens Oaklander (1988:104) en Webb (1991:33) is dit dikwels vir 'n kind makliker om deur middel van handpoppe te kommunikeer as om

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

direk te sê wat hy voel of ervaar. Die handpop bied veral vir die aggressiewe kind die nodige afstand en die kind voel veiliger om van sy innerlike gevoelens uit te druk.

**5.7.3.2 Die leë-stoeltegniek**

Tydens die tegniek word 'n leë stoel geneem waarin die kind enigiemand kan plaas. Die kind tree in gesprek met wie in die stoel geplaas is. Die kind ruil stoele en neem byvoorbeeld die rol van die ander persoon in die stoel in. (vergelyk Aronstam, 1989:642; Thompson & Rudolph, 2000:170 en Oaklander, 1988:151.) Rolle word omgeruil totdat die kind die konfliksituasie uitgesorteer het en saam met die terapeut die probleemoplossing bereik het. 'n Gedeelte van die self kan ook in die leë-stoel geplaas word ten einde innerlike/interpersoonlike konflik uit te sorteer en integrasie tussen polariteite te verkry. Die tegniek is bruikbaar indien 'n kind konflikte tussen hom en ander of innerlike konflik moet uitsorteer, wat waarskynlik die situasie met die aggressiewe kind is.

Die leë-stoeltegniek help om groter bewustheid en helderheid in terapie te verseker. Onafgehandelde situasies word na die hede gebring en ontlading hiervan bring kalmte en perspektief by die kind (Oaklander, 1988:151). In die betrokke studie kan die kind se aggressiewe gedrag deur hierdie tegniek aangespreek word. Die kind kan sy aggressie byvoorbeeld teenoor sy ouer(s) ontlaai en self verantwoordelikheid vir sy gedrag neem.

**5.7.4 Skeppende spel**

Teken, klei en die sandbak is tydens die betrokke studie as hulpmiddels aangewend. Skeppende spel bied die ideale geleentheid vir kreatiewe genot. Vir die aggressiewe kind in die middelkinderjare is dit moeilik om gegewens realisties aan te bied en gevoelens te verbalisee.(vergelyk paragraaf 3.4). 'n Hulpmiddel is dus nodig.

Tydens skeppende spel word daar van projeksies gebruik gemaak. Projeksies word ook by ander vorme van spel benut, maar dit speel 'n deurslaggewende rol tydens skeppende

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

spel. 'n Projeksie word omskryf as 'n proses waardeur 'n persoon sy eie emosies op 'n ander persoon of objek van toepassing maak in 'n poging om dit self nie te beleef nie (Schoeman, 1996a:64 en Oaklander,1994:144). Die aggressiewe kind gebruik dus projeksies om sy seer en kwaad gevoelens op die spelmedium oor te plaas. Die kind is dus dikwels nog besig met onvoltooidhede en nog nie gereed om daaroor te kommunikeer nie. Met behulp van 'n speelding kan die inligting of gevoelens as projeksies weergegee word. Onvoltooidhede kan volgens Schoeman (1996:37) gesien word as onuitgedrukte gevoelens en onbevredigde behoeftes. Die laasgenoemde skrywer konstateer dat die klem van projeksies op die hier-en–nou moet val.

Die aggressiewe kind moet dus gehelp word om sy gevoelens in die hier-en-nou te rig om sodoende kontak met sy innerlike belewenisse in sy huidige situasie te maak. Die kind moet dus die geleentheid gebied word om in homself te glo en om sosiaal aanvaarbare gedragswyses aan te leer.

In tekeninge, sandbak en kleiwerk kom dit dikwels voor dat kinders hul emosies en gevoelens uitbeeld, en hierdie medium word dus doelbewus aangewend om die kind te help om sy storie te vertel. Hierdie projeksies hou 'n bepaalde waarde vir die terapie in. Dit is ook 'n nie-bedreigende wyse om met die aggressiewe kind se emosies om te gaan. Vir die doeleindes van die betrokke studie om onvoltooidhede in die kind se lewe aan te spreek, is die hantering van die aggressiemonster in die kind se lewe in tekeninge en kleiwerk as hulpmiddels benut (Oaklander, 1988:28).

Die kind word gevra om die monster in sy lewe te identifiseer en te teken, of met klei te maak of in die sandbak uit te beeld. Ten slotte word die volgende aspekte volgens Schoeman (1996a:68-69) tydens die gesprek oor die monster hanteer.

- Hoe lank bestaan die monster al?
- Is daar ander persone wat van die monster weet?
- Is daar iets oor die monster wat die kind bang maak?
- Is hy gewillig om die monster in sy lewe te hê en daarmee saam te leef?

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

- Kan hy 'n naam aan die monster gee?
- Hoe oud was hy toe die monster in sy lewe gekom het?
- Kan hy sy gevoelens rondom die monster uitspreek, teken of in klei uitbeeld?
- Kan hy met die monster praat?

Vir die doeleindes van die betrokke studie kon bogenoemde tegniek suksesvol met die aggressiewe kind in die middelkinderjare bespreek word. Die kind kry ook die geleentheid om sy aggressiewe gevoelens deur middel van projeksie op die monster uit te haal.

**5.7.4.1 Oaklander se model**

Oaklander se model bestaande uit 14 stappe is deurgaans benut vir die hantering van projeksies wat die aggressiewe kind in sy teken, sand- en kleiwerk gemaak het. Oaklander se model fokus op die bemagtiging van die kind se lewensituasie, en om sy gevoelens te besit en te aanvaar. Oaklander se model kan soos volg uiteengesit word (Oaklander, 1988:53-56):

- Motiveer die kind om sy ervaring wat hy met sy tekening beleef het, met jou te deel.
- Gee die kind die geleentheid om sy tekening met jou te deel. Laat die kind die tekening in sy eie woorde beskryf.
- Motiveer die kind om op verskillende dele van die tekening uit te brei.
- Vra die kind om die tekening te beskryf asof hy die tekening is.
- Kies spesifieke aspekte in die prent vir die kind om mee te identifiseer.
- Vra vrae om die proses aan te help.
- Fokusseer op die verskerping van gewaarwording – lig sekere dele uit en beklemtoon.
- Laat die kind toe om 'n gesprek tussen die dele van die prent te voer.
- Moedig die kind aan om aandag te skenk aan die kleur wat hy gebruik het.
- Waarneming van die kind se verbale en nie-verbale uitdrukkings is belangrik – benut stiltes.
- Werk aan identifikasie – help die kind om die tekening te besit.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

- Bring die tekening met die kind se eie belewenis in verband – let op na onvoltooidhede wat na vore kom.
- Soek ontbrekende dele in die prent.
- Fokus op die kind se "voorgrond".

Bogenoemde stappe kan by die verskillende mediums wat in spelterapie gebruik word, geïntegreer word, om as hulpmiddel benut te word om met die kind te kommunikeer.

Dit blyk dat verskeie tegnieke en hulpmiddels tydens terapie met die aggressiewe kind aangewend kan word om die doel van die sessie te bereik en om kommunikasie met die kind te bewerkstellig. Die kind word dus gehelp om in kontak met sy gevoelens te kom deur die benutting van die bogenoemde vorms van spel. Die kind leer om sy gevoelens te ervaar, te besit, te aanvaar, te geniet en te hanteer. Navorser is van mening dat die verskillende tegnieke en hulpmiddels wat tydens die betrokke studie aangewend is, die doelstellings van die studie bekragtig, naamlik om die aggressiewe kind in die middelkinderjare van sy aggressie bewus te raak dat hy sy aggressie verstaan en kan hanteer, en sodoende kan die ouer-kind binding versterk word. Om hierdie doelstelling tydens die betrokke studie te bereik, is dit egter noodsaaklik dat die speelkamer en speelmateriaal vir die aggressiewe kind ingerig moet wees. Sekere riglyne geniet vervolgens aandag.

## 5.8 RIGLYNE VIR SPELTERAPIE

### 5.8.1 Die speelkamer

Sommige terapeute het 'n spesifieke speelkamer, terwyl ander hul speelmateriaal saam met hulle ronddra, omdat 'n speelkamer nie beskikbaar is nie. Die terapeut en die kind kan selfs onder 'n boom werk. Wanneer daar met kinders in terapie gewerk word, is dit van groot waarde om wel 'n toegeruste speelkamer in te rig waarbinne die kind veilig kan voel (Geldard & Geldard,1997:85). Die ideale speelkamer behoort klankdig te wees. Dit

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

help met die beginsel van vertroulikheid en dat die kind nie bekommerd moet wees dat ander hom kan hoor nie.

Volgens Geldard & Geldard (1997:85) en van der Merwe (1996:14) moet die ruimte in die speelkamer die regte afmetinge, kleur en atmosfeer hê, sodat dit uitnodigend sal wees wanneer die kind binnekom. Geldard & Geldard (1997:85) noem dat 'n venster ruimte bied en dat die kind nie benoud sal voel nie. Die speelkamer moet dus 'n warm en vriendelike atmosfeer skep.

Genoeg spasie vir aktiewe en gedramatiseerde spel is 'n aanwins. 'n Wasbak met ruimte vir kleispel, 'n sandbak en 'n plek om te verf moet ingerig wees. Die speelkamer moet dus voorsien wees van speelmateriaal soos water, sandbak met bepaalde afmetings, verf en klei. Gevormde speelmateriaal soos byvoorbeeld mak en wilde diere, bome, motortjies, klein mensfiguurtjies, pophuise, poppe, groot blokke, ensomeer kan in die speelkamer ingerig word.(vergelyk Geldard & Geldard, 1997:85; van Wyk,1974:71 en van der Merwe, 1996:13.) By die keuse van speelmateriaal vir die speelkamer is navorser van mening dat in gedagte gehou moet word dat seuns en dogters daarheen kom en dat die verskillende ouderdomme in ag geneem moet word. O' Connor (1991:209) konstateer dat kinders in die middelkinderjare 'n verskeidenheid van speelmateriaal geniet, omdat die kind meer realistiese denke oor sy wêreld of fantasie het. Vir die doeleindes van die betrokke studie was daar 'n verskeidenheid van speelmateriaal vir die kind in die middelkinderjare ten einde hom te interesseer.

Sekere speelkamers het 'n eenrigtingspieël met 'n videokamera. Dit is noodsaaklik dat die ouers en die kind ingelig moet word oor die benutting van die eenrigtingspieël en videokamera (Geldard & Geldard,1997:87) vir doeleindes van konfidensialiteit en etiek.

Volgens Orton (1997:225-226) en Oaklander (1988:191-192) kan die volgende items in die speelkamer van waarde wees: 'n tafel met stoele (meestal vir die ouers), 'n verftafel en rakke of kaste vir die speelmateriaal.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

'n Verskeidenheid van speelgoed kan aangehou word. Orton (1997:225) konstateer dat die meeste terapeute saamstem dat speelgoed gevoelsuitdrukking en kreatiwiteit fasiliteer. Dit help kinders om emosies te ontlaai en dien as medium vir die ontlading van aggressie. Speelmateriaal maak dit dus makliker vir die terapeut om die kind se innerlike wêreld te verstaan. Volgens navorser kan sekere speelmateriaal spesifiek vir die aggressiewe kind aangewend word. Die speelmateriaal kan die aggressiewe kind help om sy gevoel makliker uit te druk.

**5.8.2 Speelmateriaal spesifiek vir die aggressiewe kind**

Vir die doeleindes van die studie word daar in terapie op die aggressiewe kind gefokus. Verskeie skrywers (Orton,1997:226; Thompson & Rudolph, 2000:386-387; Kaduson & Schaefer,1997:224,250,246,281,283 en Webb,1991:32) is van mening dat die volgende speelmateriaal spesifiek vir aggressiewe kinders aangewend kan word, naamlik speelgoedgewere, plastiekmesse en swaarde, 'n wapenskild, hammer en spykers, balle, 'n drom, soldaatmannetjies, maskers en 'n slaansak. Skiet, slaan en steek is simboliese uitdrukkings van aggressie. Dit is maklik vir kinders om met klei te werk en dit hou nie 'n bedreiging in nie. Klei kan veral met aggressiewe kinders benut word, omdat dit 'n geleentheid bied vir die uitdrukking van gevoelens. Die kind kan die klei rol, slaan, druk, knyp, sny en vorm.(vergelyk Webb,1991:32 en Oaklander,1988:69.) Klei is dus buigbaar en vormbaar, wat die behoeftes van die aggressiewe kind kan vervul. In die betrokke studie is dit vir die aggressiewe kind moontlik om deur middel van die benutting van klei, sensories met homself kontak te maak.

Die doel van die speelmateriaal vir aggressiewe kinders is om terapeutiese katarsis te bereik en 'n geleentheid vir die kind te bied om sy opgehoopte energie uit te speel. Dit is dus noodsaaklik dat wanneer daar met die aggressiewe kind gewerk word die regte speelmateriaal gekies moet word, ten einde die kind se aggressie aan te spreek. Spel word ook doelbewus deur die terapeut gefasiliteer om die kind te stimuleer om sekere reaksies uit te lok. Navorser is van mening dat kinders egter sal kies waarmee hulle wil speel. Elke

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

kind is uniek. Die terapeut moet die kind se keuse aanvaar en respekteer sodat die kind veilig voel om te eksploreer.

Die spelterapeut moet oor sekere eienskappe en vaardighede beskik om met kinders te kan werk. Vervolgens word hierdie eienskappe bespreek.

## 5.9 DIE SPELTERAPEUT

Die terapeutiese verhouding wat gebaseer is op die gestaltbenadering is volgens Schoeman & van der Merwe (1996:4); Oaklander (1993:281) en Geldard & Geldard (1997:7) 'n belangrike instrument om die kind se diepste gevoelens, vrese en frustrasies te ontlok. Die kind se behoeftes tydens die terapeutiese verhouding word dus aangespreek.

Die spelterapeut moet besef dat die groeiproses tydens terapie stadig kan wees, en dat die kind nie gedruk en aangejaag moet word nie (Landreth,1991:153). Die terapeut moet dus geduldig wees en die kind se proses begryp, asook die kind die geleentheid gee om in kontak met sy leefwêreld te kom.

Daar gaan vervolgens op die spelterapeut se kwaliteite gefokus word wat nodig is om 'n terapeutiese verhouding op te bou, ten einde terapeutiese beweging te bewerkstellig.

### 5.9.1 Die terapeut se professionele eienskappe en vaardighede

Ten einde 'n terapeutiese verhouding tussen die terapeut en die kind te bewerkstellig, moet die spelterapeut oor die volgende eienskappe beskik, soos deur Axline (1989:69-70); van der Merwe (1996:10-11); West (1996:18); Landreth (1991:154-155); O'Connor (1991:97-98) en Geldard & Geldard (1997:15-17) uiteengesit:

- Die terapeut moet emosioneel volwasse wees om in alle krisisse 'n redelike mate van stabiliteit te kan handhaaf.

- Intellektuele vermoë speel 'n belangrike rol by die terapeut, aangesien die kind se gedrag kompleks kan wees en geheime agendas kan hê. Professionele redenasie en probleemoplossende vaardighede is hier ter sprake.
- Die terapeut moet 'n warm , vriendelike verhouding met die kind ontwikkel, waarin terugvoer so spoedig moontlik sal plaasvind.
- Begryp, ken en aanvaar die kind se situasie.
- Wees altyd gereed om die gevoelens wat 'n kind uitdruk, te erken en aan hom terug te reflekteer, ten einde insigontwikkeling by die kind te bewerkstellig.
- Voorsien aan die kind die geleentheid om verantwoordelikheid vir homself en sy probleme te aanvaar, en 'n gevoel van beheer te ontwikkel.
- Die terapeut moet sover moontlik eerlik, opreg, nederig, sowel as ywerig binne die terapeutiese verhouding wees.
- Die terapeut moet nooit poog om die kind se gedrag of gesprekke op enige wyse te rig nie. Die kind wys die weg aan en die terapeut volg. Moet nooit interpreteer nie, maar kontroleer van wat die kind bedoel.
- Die terapeut moet sensitief vir kinders se behoeftes wees.
- Emosionele warmte en respek van die terapeut vir die kind speel 'n belangrike rol tydens terapie.
- Dit is noodsaaklik dat die terapeut moet aktief kan luister ten einde selfs die kleinste veranderinge in stemtoon waar te neem.
- Kommunikasie, veral oogkontak, fisiese aanraking en die terapeut se gesigsuitdrukking is belangrik. Dit skep 'n atmosfeer waarbinne die kind veilig kan voel. Die kind kommunikeer tot 'n groot mate hoofsaaklik nie-verbaal. Fyn waarnemings van die nie-verbale is uiters belangrik.
- Die terapeut probeer ook nie die terapie aanjaag nie. Dit is 'n geleidelike proses en word so deur die terapeut erken. Oaklander (1988:194) meen kinders beweeg in kort entjies op 'n slag.
- Professionele, gespesialiseerde en praktiese ervaring is 'n vereiste wanneer daar met kinders in terapie gewerk word.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

'n Spelterapeut moet 'n ware liefde vir kinders hê en in elke faset van die kind belangstel. Die kind se gedrag en spel moet aanvaar word. Die verhouding word slegs positief opgebou indien bogenoemde eienskappe geïmplimenteer word. Die spelterapeut moet haarself dus voortdurend afvra of sy die kind ten volle verstaan en of die kind gelukkig is. Bogenoemde eienskappe en vaardighede behoort die aggressiewe kind op sy gemak te laat voel, omdat die terapeut nie bedreigend vir hom is nie. Navorser is van mening dat die aggressiewe kind van sy gevoelens bewus kan word en sy verhouding met sy ouer(s) slegs kan verbeter indien die kind tydens terapie veilig gevoel het om sy ware gevoelens te ontlaai en sy "storie te vertel".

**5.9.2 Die geslag van die terapeut**

Tydens terapie speel die geslag van die terapeut nie 'n belangrike rol nie. (vergelyk West,1996:19.) Sekere kinders identifiseer makliker met 'n spesifieke geslag as ander, veral mishandelde kinders. Tydens spelterapie speel en fantaseer die kind, en sien meesal nie die terapeut se geslag raak nie, omdat die kind soveel projekteer en fantaseer met verskillende geslagsfigure in hul lewens. Navorser is van mening dat indien daar warmte, respek en vertroulikheid in die terapeutiese verhouding is, die kind die terapeut sal aanvaar.

Volgens Schoeman (1995:82) verwys die kind se proses na die kind se unieke manier van omgang met die omgewing. Dit is die kind se wyse om 'n situasie of inligting te hanteer.

Deur bogenoemde eienskappe en vaardighede van die spelterapeut kan die terapeut die kind se proses waarneem en in samevloeiing met die kind bly. Ten einde die aggressiewe kind se proses tydens die betrokke studie te evalueer, is dit belangrik om na verskeie aspekte op te let wat tydens die verloop van die terapie na vore kom.

### 5.9.3 Probleme en struikelblokke in spelterapie

Verskeie probleme en struikelblokke tydens die bou van die terapeutiese verhouding kan geïdentifiseer word. Navorser is van mening dat foute in terapie met kinders maklik na vore kan kom. Vervolgens word die struikelblokke en probleme in terapie bespreek:

- 'n Kind kan die terapeut soms irriteer. As dit gebeur, gaan daar volgens Oaklander (1988:194) 'n rooi lig aan. Die terapeut moet stop en kyk wat die kind doen, hoe die kind reageer en waar sy eie reaksies vandaan kom. Hierdie insig is baie belangrik vir die terapeutiese proses.

- Onvoldoende kennis in verband met die ontwikkeling van die kind kan 'n struikelblok wees wanneer daar gepoog word om 'n terapeutiese verhouding op te bou (van der Merwe,1996:22). Vir die doeleindes van die studie is voldoende kennis van die middelkinderjare nodig om die kind se ontwikkelingsvlak vas te stel.

- Die angstige kind skep dikwels probleme vir die terapeut, volgens Landreth (1991:165). Die terapeut sal 'n terapeutiese fout maak as sy van mening is dat daar niks is om op te reageer, as die kind nie wil speel of praat nie. Landreth (1991:165) dui daarop dat kinders altyd kommunikeer, verbaal of nie-verbaal. Juis hieroor is daar dus altyd iets waarop die terapeut kan reageer.

- Indien subjektiwiteit of intense emosionele betrokkenheid by die kind en sy probleme ontstaan, meen die navorser dat dit skadelik vir die terapeutiese verhouding kan wees.

- Volgens West (1996:20) kon die verwysing van die kind vir spelterapie nie so noodsaaklik gewees het nie. Die kind het dus nie 'n behoefte gehad om in terapie aangespreek te word nie.

- 'n Terapeut met 'n negatiewe gesindheid kan terapie laat misluk. Van der Merwe (1996:24) meld hierby dat die terapeut se persoonlike probleme 'n struikelblok is en

dat die terapeut haar eie probleme opsy moet skuif tydens terapie met 'n kind. Navorser is van mening dat die terapeut te midde van moeilike omstandighede, altyd tydens spelterapie positief ingestel moet wees en aan die kind en ouer gee.

- Moustakas (in Schoeman & van der Merwe,1996:15) maak die volgende stelling: *"Without limits there would be no therapy"*. Grense het dus 'n definitiewe invloed op die terapeutiese verhouding. Sonder grense kan die kind in onbekende emosionele areas inbeweeg, wat tot angs en skuldgevoelens kan lei. Hierdie gevoelens kan die terapeutiese verhouding blokkeer.

- Professionele taalgebruik in kommunikasie met die kind moet volgens Landreth (1991:98) vermy word, aangesien kinders dit as onvermoë van die spelterapeut beskou. Hulle heg geen waarde daaraan nie en verstaan dikwels nie die terme, uitdrukkings en opdragte nie. Landreth (1991:98) noem die volgende: *"The play therapist is not a supervisor, teacher, peer, baby sitter, or parent-substitute"*. Professionaliteit kan dus as 'n struikelblok dien, aangesien die kind dan vanuit die 'volwasse' raamwerk hanteer word.

- Wanneer die terapie aangejaag word, is die navorser van mening dat dit kunsmatig kan wees, en dat die terapie nie so effektief sal wees nie. Tydens terapie met die aggressiewe kind moet die terapeut veral geduldig wees, aangesien die aggressiewe kind vir 'n tydperk weerstand kan bied voordat hy in kontak met sy gevoelens kan kom.

- Navorser is van mening dat speelgoed in die speelkamer op 'n versigtige wyse geselekteer moet word, aangesien sommige speelgoed nie interaksie bevorder nie. Landreth (1991:238) lig verder uit dat die terapeut attent moet wees daarop dat kinders soms speelgoed na die speelkamer kan saambring. Die verkeerde speelgoed kan dus die interaksie tussen die kind en die terapeut belemmer. Vir die doeleindes van die betrokke studie moes spesifieke speelgoed vir die aggressiewe kind in ag geneem word (vergelyk paragraaf 5.8.2).

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

Indien terapie misluk, moet die spelterapeut volgens West (1996:20) versigtig termineer sodat die kind nie voel dat hy misluk het nie. Die terapeut moet die kind dus steeds bemagtig en in die kind se beste belang optree. Navorser wil aanbeveel dat alle terapeute moet poog om hierdie struikelblokke uit die weg te ruim, en ook op die uitkyk te wees vir ander potensiële probleme. Dit is uiters belangrik dat die effek van hierdie probleme uitgeskakel sal word ten einde 'n goeie, effektiewe terapeutiese verhouding met die kind op te bou, om daardeur ook die effektiwiteit van die terapie te verseker. 'n Kind sal altyd die verhouding toets. Dit is daarom belangrik om vir die betrokke studie deeglike kennis te hê van die kind se ontwikkelingsvlak, die aggressiewe gedrag wat hy openbaar, die tipe ouer-kind binding en kennis rondom die gestaltbenadering.

## 5.10 DIE SPELTERAPEUTIESE PROSES MET DIE KIND

Dit is belangrik dat elke spelterapeut wat die gestaltbenadering toepas, in staat moet wees om die kind se proses waar te neem. Die proses is juis die eiesoortige eienskappe van die kind wat hom anders maak as ander kinders. Dit is dus die verantwoordelikheid van die terapeut om geleenthede binne die terapie te voorsien waardeur elke kind sy innerlike self kan ontdek, sy gevoelens kan uitspreek en sodoende dit wat hy geslote hou, kan uitbring en dit hanteer. Die kind kry dus die geleentheid om sy self bloot te stel. Aangesien die betrokke studie die gestaltbenadering as basis benut, word die kind se proses tydens spelterapie aan die hand van sekere aspekte van dié benadering gerig.

Ten einde elke kind deur sy afsonderlike proses te begelei, moet die terapeut bewus wees van, en elke kind in die bemeestering van die volgende komponente van sy proses help en ondersteun. Elkeen van die komponente word vervolgens bespreek:

### 5.10.1 Ontwikkeling van die verhouding: Die Ek/Jy verhouding

Die terapeutiese verhouding is 'n besondere verhouding waarin verskeie beginsels ter sprake is (vergelyk paragraaf 5.5). Landreth (1991:73) verduidelik dat hierdie verhouding soos geen ander een is wat 'n kind nog ooit beleef het nie. In hierdie

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

verhouding word kinders deur die volwassene toegelaat om net te "wees". Die kind word dus aanvaar vir wie en wat hy op daardie spesifieke oomblik is. Die aggressiewe kind het 'n behoefte om aanvaar te word. Die terapeutiese verhouding blyk dus 'n belangrike rol vir die aggressiewe kind te speel.

Die ideaal is dat daar geen kunsmatige muur tussen die terapeut en die kind moet wees nie. Die terapeut het die verantwoordelikheid om die kind, hoe hy hom ookal aanbied, met respek en agting te ontmoet. Die terapeut moet kongruent wees, maar ook sy eie grense ken (Oaklander,1994:143). Navorser is van mening dat die aggressiewe kind dikwels nie weet hoe om gesonde verhoudings op te bou nie en beleef verwerping deur volwassenes en maats. Vir die kind in die middelkinderjare is aanvaarding deur maats juis belangrik (vergelyk paragraaf 2.2.5.1). Dit is noodsaaklik dat die spelterapeut die kind dus moet respekteer en nooit druk op die kind moet plaas nie.

Die terapeut poog deur spelmediums en tegnieke om die verhouding te laat ontwikkel. Die kind gee as't ware aan die terapeut toestemming om sy innerlike wêreld te verken.(vergelyk Thompson & Rudolph,1992:113 en Landreth, 1991:73.) Die terapeutiese verhouding is volgens van der Merwe (1996:22) die deurslaggewende faktor in die proses waardeur die kind gehelp word. Die kwaliteit van hierdie verhouding bepaal die kind se openheid vir terapeutiese insette. Volgens navorser is die aggressiewe kind geneig om weerstand te bied, hy gebruik sy aggressiewe gedrag om homself te beskerm (vergelyk paragraaf 3.4.2). Die terapeut moet dus die kind se weerstand respekteer en aanvaar. Geldard en Geldard (1997:71) is van mening dat die kind spontaan geneig is om geblokkeerd te raak en weerstand te toon wanneer sy bewustheid verhoog word. Dus ook wanneer die kind se aggressie na die oppervlak gebring word. Oaklander (1988:198) beklemtoon dat weerstand selfs voorkom nadat die terapeutiese verhouding tussen die terapeut en die kind gevestig is. Volgens navorser is dit 'n aanduiding dat die proses van die kind vordering toon. Die kind moet dus gelei word na bewustheid en kontakmaking met sy gevoelens om sodoende sy aggressie te aanvaar en te besit.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

### 5.10.2 Kontakfunksies

Deur middel van speltegnieke poog die spelterapeut om die kind in kontak met homself en sy omgewing te bring. Die eerste en belangrikste stap is om op die kind se bewustheid van sy sintuie (gesig, gehoor, aanraking , smaak en reuk) te let en indien nodig dit te herstel of te versterk. Deur die kind se sensoriese persepsies te verbeter, maak die kind nie net kontak met die wêreld om hom nie, maar ook met sy innerlike self (Oaklander,1988:109). Die skrywer noem dat die belangrikste wyse waarop die kind van die wêreld om hom bewus word en leer, is deur te sien, te observeer, te ondersoek en waar te neem. Deur sensoriese waarneming kan die kind dus sy wêreld verstaan.

Volgens Schoeman (1996b:44) is sensoriese bewustheid en gevoelens onderling verbind met mekaar. Indien 'n kind dus in kontak met sy sintuie en liggaam is, kan dit die kind ook help om met sy gevoelens in kontak te kom. Die aggressiewe kind kan dus gehelp word om van sy aggressie bewus te raak en wyses of maniere om dit beter te hanteer aan te leer. Ouers kan in die proses betrek word en sodoende sal die ouer-kind binding ook versterk word.

Kontakmaking tussen terapeut en kind vind nie slegs in die eerste terapeutiese sessie nie, maar deurgaans in die terapeutiese proses plaas. Die struktuur van die persoonlikheid word in vyf lae verdeel. Verskillende skrywers (Thompson & Rudolph,1996:143; Clarkson,1989:111-113 en Aronstam, 1989:635) meen dat die kind deur 'n proses ten opsigte van die struktuur van die persoonlikheid tot 'n beter aanvaarbare gestaltleefwyse beweeg. Volgens navorser verwys die kind se proses na die volgende proses van ontvouiingslae soos deur Perls beskryf, wat by elke kind plaasvind:

- **Die valse laag:** Die kind is in 'n valse bestaan vasgevang. Hy poog om iets te wees wat hy nie is nie. Hierdie fase word deur baie konflikte wat nooit opgelos word nie, gekenmerk. Navorser is van mening dat die aggressiewe kind bepaalde rolle in gesinsverband aanneem ten einde homself te beskerm en om die swak ouer-kind binding te hanteer en te verwerk. Die kind se gedrag word dus gemotiveer deur

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

introjekte wat deur sy ouers verwag word (vergelyk paragraaf 5.5.5). Hierdie rolle is nie altyd negatief van aard nie, maar dit strem die kind ongelukkig dikwels in sy persoonlike innerlike groeiproses en in sy strewe na selfaktualisering. Die kind raak ook later gefrustreerd met hierdie bestaan, wat sy doelwitte blokkeer en aggressiewe gedrag uitlok (vergelyk paragraaf 3.2). Dit is dus belangrik dat die terapeut die kind moet ondersteun om insig in hierdie rolle te ontwikkel, ten einde hom bewus te maak van die rolle wat hy moet aanneem. Die kind kan slegs na die volgende laag gaan indien hy die rolle aangeneem het en hanteer het.

- **Die fobiese laag:** Die belangrikste kenmerk van hierdie laag is weerstand teen dit wat die kind kan wees (Aronstam, 1989:636). Volgens Clarkson (1989:111) poog die kind om homeostase in sy funksionering te herstel, maar aan die ander kant poog die kind om enige onaangename ervaringe te vermy of te onderdruk.(vergelyk Thompson & Rudolph,1996:112.) Navorser is van mening dat die aggressiewe kind vrees dat hy verwerp sal word indien werklike inligting omtrent die self openbaar word. Die spelterapeut moet dus die kind se vrese, angs en moedeloosheid binne die veiligheid van die terapeutiese verhouding hanteer. Die kind is dus bewus van wat hy voel, maar weet nie hoe om op te tree nie.

- **Die impasse laag:** Die kind besef dat hy nie van 'n beter manier weet om sy vrese of aggressie te hanteer nie. Hy raak verskrik en weier om vorentoe te beweeg. 'n Hoë mate van weerstand kom tydens hierdie laag voor. Die aggressiewe kind behoort tydens hierdie fase weerstand te bied, omdat hy soveel onverwerkte gevoelens het en onderdruk. Oaklander (1988:196) merk die volgende op ten opsigte van weerstand: *"I take resistance seriously. I acknowledge it and I want to very delicately move past it, over it, under it, around it"*. Dit is dus belangrik dat die spelterapeut die aggressiewe kind se weerstand in hierdie fase moet aanvaar, aangesien dit 'n aanduiding van groei is. Die kind moet ook bemagtig word en genoeg ruimte gegee word om self teen sy eie tempo deur hierdie fase te beweeg.

- **Die implosiewe laag:** Die kind raak bewus van hoe hy homself inperk. Hy is bereid om iets ten opsigte van sy onvoltooidheid te doen. Die aggressiewe kind begin met nuwe gedrag eksperimenteer. Die spelterapeut moet die kind veral in hierdie fase bemagtig, aangesien die kind steeds vrese vir die onbekende kan hê. Die kind moet met sy vrese in kontak gebring word, sodat energie vrygestel kan word. Kontakgrensversteurings moet dus uit die weg geruim word (vergelyk paragraaf 5.5.5). Dit is vir die aggressiewe kind belangrik dat die terapeut hom moet ondersteun. Die vertrouensverhouding speel dus hier 'n belangrike rol.

- **Die eksplosiewe laag:** Wanneer daar na hierdie laag beweeg word, raak die kind betrokke by die loslating van gevoelens. Die kind bereik die stadium wanneer die eksperimentering suksesvol was. Hy ontdek nou ongebruikte energie wat voorheen deur sy valse bestaan in beslag geneem was. Wanneer die kind in hierdie fase verkeer, kan ware emosie ervaar en uitgedruk word, en onvoltooidhede kan opgeklaar word (Clarkson,1989:;112). Navorser is van mening dat die aggressiewe kind tydens hierdie fase ondersteun moet word om met sy gevoelens kontak te maak. Die kind moet toestemming kry om sy gevoelens te aanvaar, te hanteer en te besit. Hierdie fase het dus ten doel dat die kind homeostase bereik en self verantwoordelikheid vir sy gedrag aanvaar.

Volgens navorser moet die terapeut in elke stadium of laag as 'n kunstenaar optree om effektief kontak met elke kind te maak, 'n kunstenaar in die sin dat kennis, vaardighede, tegnieke en werkswyses by die bepaalde konteks aangepas en benut word. Die fokus van spelterapie is dus om die kind te help om kontak te met homself, ander en sy omgewing te behou.

### 5.10.3 Selfonderhouding

Selfonderhouding impliseer die kind se hantering van onvoltooidhede en bevrediging van voorgrondsbehoeftes. Schoeman (1996:181) is van mening dat die kind slegs in beheer van sy lewe en sy proses kan wees as hy leer om homself te ondersteun en te onderhou.

Landreth (1991:84) konstateer dat 'n kind leer om homself te aanvaar deurdat hy voortdurend onvoorwaardelik deur die terapeut aanvaar word. Hierdie selfaanvaarding lei tot selfonderhouding en selfvertroeteling.

Die aggressiewe kind voel oorweldig deur gevoelens van magteloosheid, angstigheid en minderwaardigheid indien hy aan probleemsituasies en traumatiese gebeure blootgestel word wat buite sy beheer of bo sy vermoë is om te hanteer. Kinders blameer en kritiseer hulself ook dikwels vir die negatiewe omstandighede waarin hulle hulself bevind. Swak ouer-kind binding kan dus ook tot onaanvaarbare gedrag by die kind aanleiding gee, veral waar aandag 'n behoefte is. Tydens die betrokke studie fokus die terapeut dus spesifiek op selfonderhouding.

Volgens Oaklander (1988:282) moet die terapeut die kind help om negatiewe self-boodskappe in positiewe boodskappe te herformuleer. Deur die gebruik van positiewe selfgerigte stellings word die kind se selfkonsep en sy gevoel van beheer en bemeestering verhoog (Thompson & Rudolph,1992:114). Die aggressiewe kind moet aangemoedig word om selfgerigte stellings in die "hier-en-nou" te maak. Die kind word dus gehelp om verantwoordelikheid vir sy gevoelens, gedagtes en gedrag te aanvaar. Die kind leer dus om homself in byvoorbeeld prentjies te beskryf (Schoeman,1996a:74). Die kind leer dus om homself maar nie sy aggressiewe gedrag lief te hê nie.

'n Kind het 'n basiese behoefte aan mag. Hy wil graag dinge doen en sê wat 'n verskil kan maak. Om die een of ander rede dink volwassenes dat kinders onderdanig moet wees anders kan hulle nie gedissiplineer word nie. Die kind hunker na homeostase in sy lewe (vergelyk paragraaf 5.5.1). Om hierdie homeostase te handhaaf, het die kind nodig om in beheer van sy lewe en sy omstandighede te wees. Mag beteken dat die kind verantwoordelikheid vir sy eie lewe moet aanvaar, dus ook vir sy aggressie en die gevolge van sy aggressie. (Hierdeur kry die kind beheer oor sy lewe) (Schoeman,1996:173). Wanneer 'n kind nie beheer het nie, word hy gekenmerk deur vae grense, 'n swak selfbeeld, swak sosiale vaardighede, wantroue, vrese, fobies, ensomeer (Oaklander,1994:290). Die kind bereik dus nie homeostase in sy lewe nie. Deurdat die

kind beheer het, verkry hy die selfvertroue om 'n nuwe uitdaging te bemeester. Die kind kan dus poog om sy verhouding met byvoorbeeld sy ouers, onderwysers en vriende te verbeter en dus in beheer van sy gevoelens te kom. Die kind kan dus makliker besluite maak, keuses uitoefen en verantwoordelikheid neem vir sy gedrag.

**5.10.4 Emosionele uitdrukking**

Die kind se emosionele uitdrukking is 'n aanduiding van die aard van die kind se proses (Oaklander,1988:122). Die terapeut kan struikelblokke ondervind wanneer daar gepoog word om die kind met sy gevoelens in kontak te bring. Dit is vir die kind moeilik om die regte intensiteit van sy gevoelens deur te gee (Schoeman,1996b:52).

Die terapeut moet tegnieke benut om die kind in kontak met sy gevoelens in die hier-en-nou te bring. Die kind moet bemagtig word om oor sy gevoelens te praat. Weerstand kan veral by die aggressiewe kind na vore kom. Wanneer die terapeut weerstand respekteer, word die kind volgens Oaklander (1994:285) gemotiveer om daardeur te werk en gevolglik die gevoelens te verwerk (vergelyk paragraaf 5.10.3). Weerstand kan beskou word as 'n wyse om die self teen verandering en groei te beskerm en dit is 'n manier waarop daar om hulp en ondersteuning gevra word.

Volgens Oaklander (1988:122) ervaar kinders 'n beperking in die kommunikering van hul gevoelens. Hulle sien dinge as swart en wit. Dit is belangrik dat kinders moet weet watter soort gevoelens daar is, dat elke persoon gevoelens het, dat gevoelens geverbaliseer en gedeel kan word. 'n Kind moet bewus wees van keuses oor hoe om sy gevoelens uit te druk. Vir die doeleindes van die betrokke studie is gevoelsgesiggies aan die kinders gewys om die kind in staat te stel om verskillende gevoelens te identifiseer en te benaam.(vergelyk Schoeman,1996b:52.)

Volgens Oaklander (1988:122-123) praat sy altyd met kinders oor hoe hul liggame op gevoelens reageer. Soms werk sy van binne na buite. Om in die liggaam in te beweeg, kan 'n mens vertel wat 'n mens voel. Sy praat ook met kinders oor hoe gevoelens ontken

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

kan word deur dit weg te stoot, weg te steek of te bedek. Die aggressiewe kind gebruik byvoorbeeld sy aggressie as verdedigingsmeganisme om homself te beskerm. Die liggaam stoor hierdie gevoelens en raak nie daarvan ontslae nie. Eers wanneer die gevoelens erken en ervaar word, kan hierdie energie gebruik word om iets positiefs aan te wend.

'n Bewuswordingskontinuum word benut met die doel om kinders van hul liggaam bewus te maak en om van negatiewe onderdrukte gevoelens ontslae te raak (Oaklander,1988:123). Die kind en die terapeut speel 'n speletjie waar hulle hul innerlike en uiterlike gewaarwordinge deel, byvoorbeeld: " Ek is bewus van jou blou oë... ek is bewus dat my hart pomp". "Wanneer ek kwaad word, klop my hart...en my oë...".

Die kind kan ook sy gevoelens deur verskeie projeksietegnieke weergee. Projektiewe tegnieke en vorme van spel word benut om die projeksie van gevoelens aan te moedig (vergelyk paragraaf 5.7). Die terapeut moet die kind help om al sy projeksies na die hier-en-nou te verwys. Navorser is van mening dat die aggressiewe kind aangemoedig moet word om sy projeksies te besit. Die kind moet dus toestemming kry om te voel soos wat hy voel.

Projeksies kan angstigheid of onvoltooidhede reflekteer. Die kind kan deur middel van projeksies, gevoelens deel wat vir hom moeilik is om in die realiteit weer te gee.Wense, behoeftes, fantasieë, vrae, houdings, ontbrekinge en nuuskierigheid kan deur middel van projeksies na vore tree. Die terapeut het nie die reg om die projeksie te interpreteer nie, maar dit is tog nodig dat die terapeut die kind van die projeksie bewus maak, naamlik deur met die kind daaroor in gesprek te tree, en die verbale en nie-verbale voortdurend met die kind te kontroleer (vergelyk paragraaf 5.7.4). Die terapeut moet die kind tydens terapie aanmoedig en die geleentheid gee om aan sy gevoelens uiting te gee.(vergelyk Schoeman,1996a:75.) Volgens navorser moet die terapeut die kind se emosies aanvaar sonder om dit te veroordeel. Dit is nie die taak van die terapeut om die kind beter te laat voel of om die gevoel weg te praat nie. Die kind moet gehelp word om sy gevoel te ervaar, besit en realistiese probleemoplossings vir die huidige situasie te maak.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

Navorser is van mening dat die terapeut 'n veilige en ontspanne atmosfeer binne die terapeutiese verhouding moet skep, om sodoende die kind aan te moedig om sy gevoelens te verbaliseer. Dit is nodig dat die aggressiewe kind die terapeut vertrou. Vir die doeleindes van die studie is dit noodsaaklik dat die terapeut die kind oor aggressie moet vertel sodat die kind sy woede kan verstaan. Die doel hiervan is om die aggressiewe kind gemaklik te laat voel oor sy gevoelens, dat hy dus hanteringstrategieë kan aanleer om sy aggressie sosiaal aanvaarbaar te kan maak. Hierdie bewusmaking en groei by die aggressiewe kind dra tot die versterking van die ouer-kind binding by.

### 5.10.5 Selfvertroeteling

Alhoewel 'n kind ondersteuning en gerusstelling vanaf sy spelterapeut en ouers ontvang, ervaar hy dikwels nog gevoelens van skuld en skaamte. 'n Kind neem homself kwalik vir dit wat met hom gebeur en hy voel skaam oor sy gedrag (al sal hy dit nie erken nie), want hy beleef en kry die boodskap van almal dat sy gedrag negatief is.

Volgens Oaklander (1993:295) is dit belangrik dat die kind nie net van die terapeut of ander persone afhanklik moet wees om hom te ondersteun en te bemoedig ten einde sy probleem te hanteer nie, maar hy moet homself ook as hulp- en ondersteuningsbron sien en benut. Soos reeds genoem moet die terapeut die kind help en bemoedig, ten einde beheer oor homself en sy omstandighede te verkry, en sodoende homself te onderhou. Schoeman (1996:181) konstateer in dié verband: *"In order for the child to maintain this power, he must learn to nurture himself"*.

Navorser is van mening dat die kind homself moet vergewe vir dit wat hy gedoen het. Die kind moet in kontak met die polariteite in homself, naamlik die positiewe en negatiewe dele gebring word. Indien die kind dit aanvaar en leer om die teenoorgestelde dele te onderhou, ervaar hy integrasie in sy totale wese (Schoeman,1996:181). Deur selfvertroeteling kan die kind dus leer om sy innerlike krag te behou.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

Die aggressiewe kind word nie vertroetel nie, omdat sy ouers en vriende sy gedrag as sosiaal-onaanvaarbaar beskou. Die kind word dus eenkant gestoot. Die kind word dus nie los van sy onaanvaarbare gedrag gesien nie. Dit is die rol van die terapeut om ouers te help om die kind as hulle kind met bepaalde behoeftes te sien en die aggressiewe gedrag as 'n optrede wat nie aanvaarbaar is nie, en nie geduld kan word nie en waarteen ouer en kind as 'n span moet veg.

Hierdie gedrag van die kind is volgens navorser 'n bydraende oorsaak tot swak ouer-kind binding. Tydens terapie kan die aggressiewe kind dus ondersteuning ervaar. Die kind moet gelei word om 'n veilige plek te ontdek of te skep wat uniek is en net vir die kind bedoel is. Die funksie van die veilige plekkie is selfvertroeteling en die herstel van balans.(vergelyk Schoeman,1996:181 en Oaklander, 1994:295.) Die aggressiewe kind kan dus in kontak met sy gevoelens kom en sy gedrag kan sosiaal-aanvaarbaar vir ander wees. Die ideaal sou wees as ouer en kind saam na 'n veilige plekkie kon gaan en die aggressiewe gedrag buite laat.

### 5.10.6 Hantering van die innerlike proses

Nadat die kind in kontak met sy sintuie, liggaam en emosies gebring is, asook geleer het hoe om sy gevoelens te hanteer en homself te onderhou, is dit belangrik dat die kind verder sal leer hoe om sy innerlike proses te hanteer.

Volgens Oaklander (1988:189) moet elke kind se ontoepaslike of destruktiewe gedrag geïdentifiseer en gekonfronteer word. Die kind moet besef dat hy die vermoë, toerusting en beheer het om iets aan sy eie situasie te kan verander. Die kind moet ook begelei word om die realiteit van sy situasie te besef en te aanvaar, sodat ontwikkeling langs normale weë kan plaasvind. Navorser is van mening dat daar op die hier-en-nou gefokus moet word.

Dit is belangrik dat die kind verantwoordelikheid vir sy eie situasie en gedrag sal aanvaar. Landreth (1991:195) is van mening dat kinders nie hul eie potensiaal en

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

innerlike hulpbronne kan ontwikkel en ervaar, indien die geleentheid nie daarvoor bestaan nie. Hy konstateer in dié verband: *" ...return responsibility to children, thus helping children to feel in control and to become intrinsically motivated".*
Die kind moet dus verantwoordelikheid vir sy eie gedrag aanvaar, en aangemoedig en ondersteun word om met nuwe gedrag te eksperimenteer, ten einde positiewe en konstruktiewe gedragspatrone aan te leer, byvoorbeeld hoe om aggressie tuis, en by die skool en tussen maats te hanteer.(vergelyk Oaklander,1988:282 en Schoeman,1996:36.)

Vir die doeleindes van die betrokke studie is die ouer(s) van die aggressiewe kind ook in terapie betrek (vergelyk paragraaf 3.6.3 , 4.10 en hoofstuk 7). Die aggressiewe kind het steunstelsels buite die terapeutiese verband nodig om steeds in kontak met sy gevoelens te bly. Die aggressiewe kind sal dus sy innerlike proses makliker kan hanteer indien hy die nodige ondersteuning van byvoorbeeld sy ouers het. Die binding tussen ouer en kind versterk ook indien die ouer bewus is van die kind se behoeftes en kan saamwerk om nuwe hanteringstrategieë te laat realiseer.

**5.10.7 Termineringsprosedure**

Die terapeut behoort volgens Landreth (1991:170) die kind vir afsluiting voor te berei. Afsluiting is 'n belangrike komponent van die spelterapeutiese proses. Volgens Oaklander (1994:155) is terapie in 'n sekere sin die voorgrond, die figuur in die kind se lewe, en die voltooiing van die gestalt laat die kind na 'n nuwe plek rondbeweeg. Soos behoeftes bevredig word en nuwe ontdekkings gemaak word, volg 'n periode van homeostase en tevredenheid. Volgens Perls se lae van neurose, beweeg die kind tydens hierdie fase van terapie in Perls se eksplosiewe laag (vergelyk paragraaf 5.10.2).

Kinders behoort volgens Oaklander (1988:199) 'n plato in terapie te bereik. Dit is gewoonlik 'n goeie tyd om die terapie te termineer. Somtyds is hierdie plato 'n teken van weerstand wat gerespekteer moet word. Die kind besef dat hy nie nou deur die muur kan breek nie, hy het tyd nodig.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

Redes vir terminasie volgens Landreth (1991:328) en Oaklander (1988:199) is:

- Die kind se gedrag het verander, soos gerapporteer deur die skool en die ouers;
- Die kind is minder afhanklik en kan op sy eie funksioneer;
- Die kind kan op homself fokus en sy behoeftes openlik bespreek;
- Die kind is innerlik direktief en buigbaar;
- Die kind raak betrokke by buitemuurse aktiwiteite;
- Die terapie begin in die pad van die kind se lewe te wees.

Verbeterde gedrag as sulks is nie 'n goeie rede vir terminasie nie. Kinders het gewoonlik genoeg werk tydens terapie gedoen sodat hulle op hul eie kan voortgaan. Dit is veral van toepassing waar die ouers by die terapie betrokke is. Die noodsaaklikheid van die betrokkenheid van die aggressiewe kind se ouer(s) in die studie word hier uitgewys. Dit is moontlik volgens Oaklander (1988:201) en West (1992:94) dat terapie te vroeg getermineer kan word. Die kind sal na vorige gedrag terugkeer. Die ouer as steunstelsel speel dus 'n belangrike rol in die handhawing van die kind se aggressie.

Dit is belangrik om die aggressiewe kind op die terminering van die terapie voor te berei. Die terapeut moet die kind se verandering in sy aggressiewe gedrag en die verbetering van die ouer-kind verhouding in ag neem ten einde terminasie te bepaal. Terminasie moet nie as 'n finale afsluiting gesien word nie- die kind moet verseker word dat hy kan terugkom indien dit nodig sou wees. Oaklander (1993:298) maak gebruik van totsienskaartjies wat die terapeut en die kind vir mekaar maak. Die skrywer gee ook 'n adres en telefoonnommer aan die kind en vra vir die kind om haar te skakel of vir haar te skryf as die kind wil.

## 5.11 SAMEVATTING

Hierdie hoofstuk beklemtoon die belangrikheid van spel vir die kind. Spel is die grondslag vir elke kind se ontwikkeling. Om te speel is vir die kind in die middelkinderjare belangrik. Dit is sy manier om dinge te ontdek, uiting te gee aan

gevoelens wat hy andersins moet onderdruk en om "gesond" groot te word. Die kind in die middelkinderjare ontwikkel op geestelike, liggaamlike, kognitiewe en sosiale vlak deur middel van spel. Die kind leer om gevoelens soos, angs, spanning, aggressie en ander emosionele probleme deur middel van spel te hanteer.

Spel het 'n waardevolle betekenis vir die kind in die middelkinderjare. Die kind leer om te kommunikeer deur middel van spel. Sonder spel kan die kind nie oorleef nie. Dit dien as uitlaatklep vir sy gevoelens. Die kind openbaar sy innerlike wêreld deur middel van spel.

Die doel en waarde van spel in die middelkinderjare is daarop gebaseer dat die kind se spel meer gestruktureerd, logies en reëls-georienteerd is, as spel van die voorskoolse kind. Spel in die middelkinderjare skep dus orde in die kind se lewe. Aangesien die laerskoolkind se maats 'n groot rol in sy lewe speel, bied spel vir die kind mag. Hy het 'n behoefte aan beheer en mag. Spel blyk dus noodsaaklik vir die kind te wees, omdat dit 'n fisieke, emosionele en intellektuele betekenis vir hom het. Spel het dus ook 'n funksie op elke ontwikkelingsterrein van die kind se lewe.

Spel het ook 'n funksie in terapie, dit help met eksplorering, evaluering en assessering. Deur middel van spelterapie kan die kind die geleentheid gebied word om op 'n veilige plek sy gevoelens te ontlaai. Spelterapie bied vir die kind 'n oefengeleentheid om in homself te glo. Aangesien navorser die gestalt as benadering vir die betrokke studie benut, word sekere beginsels in spelterapie toegepas om die kind van sy interaksie met homself, ander en die omgewing bewus te maak. Bepaalde beginsels moet gehandhaaf word, byvoorbeeld homeostase, die kind se figuurgrond, kontakgrense en kontakgrensversteurings, bewustheid en polariteite.

Die verskillende vorme van spel, naamlik ontspanningspel, assesseringspel, gedramatiseerde spel, skeppende spel en bibliospel moet tydens die terapie afgewissel word om die terapie interessant, tog terapeuties te laat verloop. Verskillende tegnieke en hulpmiddels wat tydens die betrokke studie aangewend is, is bespreek. Deur middel van

die tegnieke en hulpmiddels leer die aggressiewe kind om sy gevoelens te ervaar, te besit, te aanvaar en te geniet. Die terapeut moet die kind respekteer ten opsigte waarmee hy wil speel en hoe hy op daardie oomblik voel.

Die speelkamer en spesifiek die speelmateriaal vir die aggressiewe kind moet egter so ingerig wees dat dit die behoeftes van die aggressiewe kind aanspreek. Die regte atmosfeer in die speelkamer maak dit vir die kind makliker om te speel en sy wêreld te verken. Die spelterapeut moet oor sekere eienskappe beskik waaronder geduld en onvoorwaardelike liefde vir kinders sterk na vore moet kom. Die terapeut moet met die kind kan speel en die kind werklik op sy vlak kan ontmoet.

Die kind se proses moet tydens terapie waargeneem word ten einde die kind se beleweniswêreld te verstaan. Die fokus is op die hier-en-nou en die ontwikkeling van die "ek-jy" verhouding. Die doel van terapie is dat die kind van homself en sy gevoelens bewus word. Die kind se innerlike krag word dus opgebou, hy leer verantwoordelikheid aan, kan besluite neem en keuses maak, en sodoende word homeostase bereik.

Sekere probleme en struikelblokke kan in terapie voorkom. Dit is belangrik dat die spelterapeut die nodige kennis van spelterapie moet hê ten einde hierdie struikelblokke te voorkom. Vir die doeleindes van die betrokke studie is deeglike kennis van die aggressiewe kind in die middelkinderjare dus noodsaaklik.

Hoofstuk 6 handel oor die empiriese gegewens wat geloods is om die hipoteses wat gemaak is, te toets. Ses kinders tussen die ouderdom van 6-9 jaar is vir die doel van die navorsing betrek.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

# HOOFSTUK 6
# DIE EMPIRIESE ONDERSOEK EN DIE VERWERKING EN INTERPRETASIE VAN GEGEWENS

## 6.1 INLEIDING

In die vorige teoretiese hoofstukke is daar op die middelkinderjare, aggressiewe gedrag wat tydens hierdie fase voorkom, die invloed van die ouer-kind binding op die kind se aggressie en die aanwending van spelterapie vanuit die gestaltbenadering met die aggressiewe kind in die middelkinderjare gefokus.

Die doel van hierdie hoofstuk is om aan te dui watter empiriese werkswyses gevolg is om die invloed van 'n spelterapeutiese intervensieprogram op die junior- primêre skoolkind se aggressie en die ouer-kind binding vas te stel. Vervolgens word die doel van die navorsing, die navorsingstelling, die navorsingsmetodologie en die meetinstrument aan die hand van hoofstuk 1 kortliks saamgevat. Die verloop van die intervensie word in tabelvorm weergegee en die gegewens word by wyse van gevallestudies hanteer.

## 6.2 DIE DOEL VAN DIE STUDIE

Die doelstelling en doelwitte is breedvoerig in hoofstuk 1 bespreek. Vervolgens word die doelstelling en doelwitte saamgevat ten einde die uiteensetting en die interpretasie van gegewens te vergemaklik:

**Doelstelling:**

- Om 'n spelterapeutiese intervensieprogram saam te stel en te implimenteer ten einde aggressie by die kind in die vroeë middelkinderjare te hanteer en die ouer-kind binding te versterk.

**Doelwitte:**

- Om kennis en begrip met betrekking tot die middelkinderjare, aggressiewe gedrag in die middelkinderjare, die ouer-kind binding en spelterapie uit te brei, ten einde die intervensieprogram ooreenkomstig die aggressiewe kind se behoeftes, vermoëns, potensiaal en beperkinge te kan rig.

- Om 'n spelterapeutiese intervensieprogram met die gestaltbenadering as basis en met behulp van speltegnieke saam te stel en te implementeer, ten einde die aggressiewe kind in die middelkinderjare en sy ouer(s) te ondersteun en te bemagtig om die kind se aggressie te hanteer en sodoende die ouer-kind binding te versterk.

- Om na afloop van die intervensieprogram gevolgtrekkings en aanbevelings aan ouers en maatskaplike werkers te verskaf rondom die identifisering en hantering van aggressie by die middelkinderjare kind en die versterking van die ouer-kind binding.

## 6.3 NAVORSINGSHIPOTESE

Die navorsingshipotese is soos volg: "**Indien die aggressiewe kind in sy middelkinderjare by die spelterapeutiese intervensieprogram betrek word, en sy ouer(s) deur die intervensieprogram bemagtig word, kan die kind gehelp word om van sy aggressie bewus te word, dit te beheer en te verminder om sodoende die ouer-kind binding te versterk**".

## 6.4 NAVORSINGSMETODOLOGIE

Intervensienavorsing is in die vorm van 'n kombinasie tussen kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing aangewend. Tydens die betrokke studie het navorser se betrokkenheid by en waarneming van die proefpersone, navorser gehelp om inligting rondom die kind se aggressie en die ouer-kind binding te kry. Skale as kwantitatiewe data-insamelingsmetode is aan die kind en sy ouer(s) gegee om die verband tussen veranderlikes te meet. Die doel van die spesifieke navorsing was om aggressiewe gedrag

by die kind in die middelkinderjare en die invloed daarvan op die ouer-kind binding, uit te brei en 'n program te ontwikkel wat as riglyn sal dien in die hulpverlening aan die aggressiewe kind en die versterking van die ouer-kind binding.

Kwasi-eksperimentele navorsing met enkelstelselontwerp is vir die doeleindes van die studie aangewend. Sodoende kon die navorser vasstel tot watter mate die onafhanklike veranderlike (die spelterapeutiese intervensieprogram) die afhanklike veranderlike (die middelkinderjare kind se aggressie en die ouer-kind binding) beïnvloed.

Die enkelstelselontwerp het vir die doeleindes van die studie 'n voortoets-natoets ontwerp (A-B-A ontwerp) aangeneem. Die voortoets van die afhanklike veranderlike is as basis vir die vergelyking van die natoets gebruik. Die resultate van die voortoets-natoets is dus met mekaar vergelyk om die impak van die intervensie te bepaal. Tydens die betrokke studie is navorsing onder gekontroleerde omstandighede deur middel van die veldopname uitgevoer. In die veldopname is daar van persoonlike onderhoude, spelterapeutiese sessies, skale en gekontroleerde waarnemings gebruik gemaak. Ses kinders tussen die ouderdom van 6-9 jaar van albei geslagte wat aggressiewe gedrag getoon het en die betrokke ouer(s) is tydens die intervensieprogram betrek. Die respondente is doelgerig vanuit navorser se privaatpraktyk vir die studie geselekteer.

## 6.5 DIE SKALE EN INTERVENSIEPROGRAM

Die enkelstelselontwerp (A-B-A metode) is gebruik en gestandaardiseerde skale is as meetinstrumente benut. Die skale is gebruik om die aggressiewe kind se gedrag asook die ouer-kind binding te bepaal. Die volgende skale het die betrokke kind voor die aanvangs van die intervensie voltooi:

- Kinderfunksioneringsinventaris (om die kind se maatskaplike funksionering te bepaal) (Bylae E);

Die volgende skale het die betrokke kind voor afloop van die intervensie en na afloop daarvan voltooi:

- Kind se houding teenoor ma (Bylae F) en
- Kind se houding teenoor pa (Bylae G).

Die volgende skale het die betrokke ouer(s) voor afloop van die intervensie en na afloop daarvan voltooi:

- Indeks van ouergesindheid (Binding van ouer met kind)( Bylae C).
- Kindergedragskadering skaal (Ouer se bewustheid van die kind se aggressie) (Bylae D).

Die A-B-A metode het uit die volgende stappe bestaan:

- A verteenwoordig die voormeting wat in die periode 18-25 Augustus 2000 plaasgevind het.
- Die B verteenwoordig die intervensieprogram wat tussen 25 Augustus 2000 en 11 Oktober 2000 geïmplementeer is.
- A dui op die nameting wat op 13 Oktober 2000 plaasgevind het, waar dieselfde skale as in die voormeting benut is, en weer deur die respondente en die ouers voltooi is. Die voor- en nameting is met mekaar vergelyk om die invloed van die intervensieprogram op die kind se aggressie en die ouer-kind binding te bepaal.

### 6.5.1 Verwerking van inligting vanuit die skale

Die betrokke skale (bylae C,D,E,F,en G) het ten doel gehad om die kind se bewustheid van sy aggressie en die ouer-kind binding te meet. Die respondente het skale vir die voor- en nameting voltooi. Volgens Faul & van Niekerk (1999:90-92) is die items op die skale in 'n bepaalde volgorde geklassifiseer. Vir die doel van die studie is die inligting volgens bepaalde formules van die Perspektief Opleidings Kollege

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

verwerk.(vergelyk Faul & van Niekerk,1999:89-106.) Die skale is verwerk volgens bepaalde persentasies in die vorm van staafdiagramme (vergelyk paragraaf 6.8). Vir die doel van die studie kon die voortoets-natoets met mekaar vergelyk word en kon die invloed wat die intervensie op die afhanklike veranderlikes gehad het, vasgestel word.

## 6.6 DIE INTERVENSIE

Tydens die intervensie is daar deurlopend gepoog om die respondente se bewustheid te verhoog, om hulle in staat te stel om keuses te maak, besluite te neem en om beheer en verantwoordelikheid vir hul lewens te neem. Die respondente kon die geleentheid kry om met hul gevoelens in kontak te kom en sodoende die onvoltooidhede in hul lewens op te los. Tydens die intervensie is verskillende speltegnieke en -mediums benut om die respondente by die terapeutiese proses te betrek, en om die intervensie sinvol deur te voer. Vervolgens word die spelterapeutiese intervensieprogram in tabelvorm weergegee. Die doelwitte van elke sessie, verloop van die sessie, en die tegnieke en mediums wat benut is, word vervolgens in tabel 6.1 uitgelig. Die spelterapeutiese intervensieprogram word volledig in hoofstuk 7 bespreek.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

| INTERVENSIE MET DIE AGGRESSIEWE KIND EN SY OUER(S) | | | |
|---|---|---|---|
| Sessie | Doelwitte van die sessie | Verloop van die sessie | Hulpmiddels en tegnieke |
| Sessie 1: betrokke kind met sy ouer(s) | • Kennismaking en verhoudingsbou met die kind en sy ouer(s).<br>• Assessering en kontraksluiting.<br>• Voormeting deur die kind en sy ouer(s) met behulp van die skale. | • Bespreking van die intervensieprogram.<br>• Kontraksluiting met die kind en sy ouer(s), en vasstelling van hul doelwitte (Bylae A en B).<br>• Insameling van inligting deur die voltooiing van die skale. Meting vind plaas in terme van die ouer(s) se bewustheid van hul kind se aggressie en die graad van ouer-kind binding (Bylae C en D). Die kind voltooi die skale om sy maatskaplike funksionering te bepaal (Bylae E). | • Benutting van kontrakte (bylae A en B) en die skale (bylae C, D, en E)<br>• Ongestruktureerde spel. |

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

INTERVENSIE MET DIE AGGRESSIEWE KIND EN SY OUER(S)

| Sessie | Doelwitte van die sessie | Verloop van die sessie | Hulpmiddels en tegnieke |
|---|---|---|---|
| Sessie 2: betrokke kind alleen | • Om kontakmaking en die bou van 'n terapeutiese verhouding tussen die kind en terapeut te bewerkstellig deur die kind op sy vlak te ontmoet, aan hom die geleentheid te gee om die spelterapeut te leer ken, en genotvolle ervarings te deel..<br>• Om die skale saam met die kind te voltooi.<br>• Om die belangrikheid van keuses aan die kind te bied. | • Bou van die terapeutiese verhouding.<br>• Fokus op die kind se doelwitte en sy verwagtings ten opsigte van die sessies en die terapeut.<br>• Meting van die kind se bewustheid van sy aggressie en emosionele bindinge in gesinsverband deur middel van die skale (Bylae F en G).<br>• Fokus op keuses en sensoriese kontakmaking. | • Skale (bylae F en G).<br>• Ongestruktureerde spel van die kind se keuse. |

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

INTERVENSIE MET DIE AGGRESSIEWE KIND EN SY OUER(S)

| Sessie | Doelwitte van die sessie | Verloop van die sessie | Hulpmiddels en tegnieke |
|---|---|---|---|
| | • Deur bewuswording van die kind se sensoriese en die self bepaal die kind en die terapeut kontakgrense en voorgrondsbehoeftes.<br>• Ongestruktureerde spel en verhoging van bewustheid. | | |
| Sessie 3: betrokke kind alleen | • Om die kind se ontwikkelingsfase waarin hy homself bevind, te identifiseer.<br>• Om die kind se sensoriese kontak te versterk. | • Fokus op sensoriese bewustheid (gesig, gehoor, aanraking, smaak en reuk), liggaamshouding en asemhaling. Hierdie bewusmaking vind in al die terapeutiese sessies plaas.<br>• Oriëntering van die hier-en-nou. | • Sensoriese kontakmaking (smaak en reukbotteltjies).<br>• Legkaarte, musiek en bordspeletjies.<br>• Gevoelsgesiggies. |

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

INTERVENSIE MET DIE AGGRESSIEWE KIND EN SY OUER(S)

| Sessie | Doelwitte van die sessie | Verloop van die sessie | Hulpmiddels en tegnieke |
|---|---|---|---|
| | • Om die kind van verskillende gevoelens bewus te maak.<br>• Fokus op polariteite.<br>• Ontspannende spel. | • Bepaling van emosies – fokus op negatiewe en positiewe gevoelens. | |
| Sessie 4: betrokke kind alleen | • Om die ek/jy verhouding te versterk – ontmoet die kind op sy vlak.<br>• Om kennis en insigontwikkeling van aggressie as gevoel by die kind te bewerkstellig.<br>• Om die belangrikheid van keuses vir die kind te bied. | • Oriëntering van die hier-en-nou.<br>• Die verhoging van verdere bewustheid (aanraking en gevoelens).<br>• Identifiseer polariteite in die kind se lewe.<br>• Fokus op die kind se potensiaal om sy aggressie te hanteer en te verstaan. | • Die benutting van vingerverf as projeksiemedium.<br>• Die roosboomtegniek. |

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

INTERVENSIE MET DIE AGGRESSIEWE KIND EN SY OUER(S)

| Sessie | Doelwitte van die sessie | Verloop van die sessie | Hulpmiddels en tegnieke |
|---|---|---|---|
| | • Om geleentheid vir projeksie van die kind se voorgrondsbehoefte en gevoelens rondom sy aggressie te bied.<br>• Om die kind se proses en die hantering van sy voorgrondsbehoefte en gepaardgaande emosies te hanteer.<br>• Assesseringspel en skeppende spel. | | |
| | | | |

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

INTERVENSIE MET DIE AGGRESSIEWE KIND EN SY OUER(S)

| Sessie | Doelwitte van die sessie | Verloop van die sessie | Hulpmiddels en tegnieke |
|---|---|---|---|
| Sessie 5: betrokke kind alleen | • Om die kind se proses te bepaal waardeur die self moet beweeg ten einde tot volle bewustheid te kan beweeg.<br>• Assessering van die gesinsdinamiek.<br>• Om die kind op 'n fantasiereis te neem waar die kind enige persoon kan kies om saam te gaan. | • Leer om gevoelens in die hier-en-nou te besit.<br>• Fokus op die gesinsamestelling, die emosionele binding tussen en kommunikasiepatrone van gesinslede.<br>• Fokus op voorgrondsbehoeftes, polariteite en die neem van verantwoordelikheid.<br>• Fokus op sensoriese kontakmaking.<br>• Bemagtig die kind om met sy gevoelens kontak te maak. | • Grafiese gesinsbeelding.<br>• Benutting van'n fantasiereis.<br>• Teken as projeksiemedium (aggressiemonsters en 'n veilige plekkie) |

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

INTERVENSIE MET DIE AGGRESSIEWE KIND EN SY OUER(S)

| Sessie | Doelwitte van die sessie | Verloop van die sessie | Hulpmiddels en tegnieke |
|---|---|---|---|
| | • Om deur die benutting van teken as medium geleentheid vir die kind se gevoelens rondom hierdie persoon te bied.<br>• Om deur die terapeutiese proses te bepaal watter invloede die betekenisvolle persone in die kind se lewe op sy emosionele funksionering het. | | |

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)



| Sessie | Doelwitte van die sessie | Verloop van die sessie | Hulpmiddels en tegnieke |
|---|---|---|---|
| | • Om deur die gebruik van selfvertroeteling die kind 'n geleentheid te bied om sy aggressiewe gevoelens te aanvaar en te mag besit.<br>• Assessering- en skeppende spel. | | |
| Sessie 6: betrokke kind alleen | • Om verhoogde sensoriese kontak by die kind te fasiliteer. | • Leer om gevoelens in die hier-en-nou te besit. | • Sand as projeksiemedium. |

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

INTERVENSIE MET DIE AGGRESSIEWE KIND EN SY OUER(S)

| Sessie | Doelwitte van die sessie | Verloop van die sessie | Hulpmiddels en tegnieke |
|---|---|---|---|
| | • Om deur die benutting van sand as medium geleentheid vir projeksie van die kind se voorgrondsbehoeftes rondom sy aggressie te bied.<br>• Deurlopende assessering en evaluering van die kind se proses.<br>• Om die kind tot insig oor sy aggressiewe gevoelens en ouer-kind binding te begelei en te verduidelik.<br>• Skeppende spel. | • Fokus op verhoogde bewustheid van die kind se siening van homself, die struktuur en die sekuriteit in sy lewe, introjekte, sy gevoelens en selfonderhouding.<br>• Fokus op die wyse waarop die ouer-kind binding die kind negatief beïnvloed..<br>• Bemagtig die kind om sy aggressie te identifiseer, te besit en te hanteer.<br>• Bied vir die kind hanteringstrategieë met betrekking tot sy aggressie. | |

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

INTERVENSIE MET DIE AGGRESSIEWE KIND EN SY OUER(S)

| Sessie | Doelwitte van die sessie | Verloop van die sessie | Hulpmiddels en tegnieke |
|---|---|---|---|
| Sessie 7: betrokke kind alleen | • Om die kind se sensoriese bewustheid te verhoog.<br>• Om deur die benutting van klei as medium geleentheid vir projeksie van die kind se aggressie te bied.<br>• Om die kind tot aktiewe gebruik van sy gevoelens te begelei en dit uit te druk.<br>• Om die kind in beheer van sy situasie te plaas deur sy aggressie te besit. | • Fokus op die identifisering, die besit en die hantering van gevoelens in die hier-en-nou..<br>• Fokus op die verhoging van die kind se bewustheid en kontakmaking met sy aggressie.<br>• Die neem van verantwoordelikheid vir sy gedrag en selfonderhouding.<br>• Om deur middel van rollespel die kind voor te berei om met sy ouer(s) te kommunikeer. | • Die benutting van klei as projeksiemedium.<br>• Die leë-stoeltegniek. |

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)



| Sessie | Doelwitte van die sessie | Verloop van die sessie | Hulpmiddels en tegnieke |
|---|---|---|---|
| | • Om die kind voor te berei om sy ouer(s) te betrek tydens die volgende sessie.<br>• Skeppende- en gedramatiseerde spel. | | |
| Sessie 8: betrokke kind saam met die ouer(s) | • Om die ouer(s) en kind te begelei om hul gedrag te evalueer.<br>• Om die ouer(s) sowel as die kind van hanteringsfoute bewus te maak en gevoelens wat die ouer-kind binding negatief beïnvloed. | • Fokus op die identifisering, die besit en die hantering van gevoelens deur die kind teenoor sy ouers en verskaf toestemming aan die kind om aan sy gevoelens uiting te gee.<br>• Identifisering van moontlike probleme en bronne van konflik tussen ouer en kind. | • Die wurmtegniek.<br>• Bied geleentheid vir projeksie deur enige medium van hul keuse. |

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

INTERVENSIE MET DIE AGGRESSIEWE KIND EN SY OUER(S)

| Sessie | Doelwitte van die sessie | Verloop van die sessie | Hulpmiddels en tegnieke |
|---|---|---|---|
| | • Om deur die terapeutiese proses die ouer(s) en die kind bewus te maak van die doel en betekenis van aggressie en dit positief te rig.<br>• Assesseringspel. | • Fokus op bemagtiging en bied aan die ouer en kind geleentheid om idees vir probleemoplossing te vind en sinvolle hanteringstrategieë voor te stel.<br>• Fokus op die verhoging van bewusmaking van die ouer-kind interaksie en die kind se aggressie.<br>• Bemagtig die kind om sy steunstelsels te benut. | |
| Sessie 9: betrokke kind saam met die ouer(s) | • Om die ouer(s) en kind tot die identifisering van projeksie en onvoltooidhede binne die self te begelei. | • Die verhoging van bewustheid.<br>• Bied geleentheid vir projeksie deur middel van rollespel en handpoppe. | • Handpoppe en rollespel.<br>• Bied geleentheid vir projeksie deur enige medium van hul keuse te kies. |

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

INTERVENSIE MET DIE AGGRESSIEWE KIND EN SY OUER(S)

| Sessie | Doelwitte van die sessie | Verloop van die sessie | Hulpmiddels en tegnieke |
|---|---|---|---|
| | • Uitbreiding van kommunikasievaardighede en vaardighede in probleemoplosssing.<br>• Om die ouer(s) en kind te begelei tot verantwoordelikheidsne=ming ten opsigte van hul gevoelens, gedrag en optrede.<br>• Voorbereiding op terminering.<br>• Gedramatiseerde spel. | • Fokus op die kind en die ouer se gedragspatrone, en ondersteun hulle om insig in hierdie gedragspatrone te ontwikkel.<br>• Fokus op die bewusmaking van die kind en ouer se behoeftes en leemtes in hul verhouding.<br>• Fokus op voorgrondsbehoeftes.<br>• Bemagtig die ouer en kind in die neem van verantwoordelikheid en selfonderhouding.<br>• Help die kind om in die teenwoordigheid van sy steunstelsels te leer om met nuwe gedrag te eksperimenteer. | |

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

INTERVENSIE MET DIE AGGRESSIEWE KIND EN SY OUER(S)

| Sessie | Doelwitte van die sessie | Verloop van die sessie | Hulpmiddels en tegnieke |
|---|---|---|---|
| | | • Berei die kind op terminering voor. | |
| Sessie 10: betrokke kind saam met die ouer(s) | • Om die sessies te termineer, groei te evalueer en die ouer(s) en die kind te bemagtig en te motiveer.<br>• Om die skale met die betrokke ouer(s) en kind weer te voltooi ten einde die resultate van die intervensie te bepaal. | • Erkenning van goeie vordering wat gemaak is.<br>• Hanteer enige onvoltooidhede wat die kind moontlik ten opsigte van terminering van die terapeutiese proses ervaar.<br>• Beplanning van ongestruktureerde opvolgsessies indien nodig. | • Skale (bylae C,D,F en G).<br>• Ongestruktureerde spel (partytjie). |

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

## 6.7 VERWERKING EN INTERPRETASIE VAN GEGEWENS AAN DIE HAND VAN DIE GEVALLESTUDIES

Die verwerking van die kwalitatiewe en kwantitatiewe gegewens word vervolgens by wyse van gevallestudies hanteer. Die gegewens en die terapeutiese proses van elke kind wat tydens die betrokke studie betrek is en die terapeutiese proses voltooi het, word bespreek. In die betrokke studie is daar ses kinders in hul vroeë middelkinderjare betrek. Die intervensieprogram het uit tien sessies bestaan. Slegs vyf van die ses respondente het die tien sessies voltooi. Klem word spesifiek op elke respondent se gesinsomstandighede, sy unieke proses, die tipe ouer- kind binding, verdedigingsmeganismes en kontakgrensversteurings wat die respondent aanwend, die wyse waarop hy deur die vlakke van neurose beweeg, die bewusmaking van sy aggressie en die versterking van die ouer-kind verhouding, geplaas. Elke respondent se maatskaplike funksionering word aan die hand van staafdiagramme bespreek. Skuilname word ter wille van konfidensialiteit gebruik.

Vervolgens word daar op die biografiese besonderhede van die laerskoolkinders wat tydens die hoofondersoek betrek is, gefokus. Die respondente wat by die studie betrek is, is almal blank.

Tabel 6.2 Respondente se geslag

| RESPONDENTE SE GESLAG | |
|---|---|
| Geslag | Aantal |
| Seuns | 4 |
| Dogters | 1 |
| Totaal n= | 5 |

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

Dit is uit tabel 6.2 duidelik dat 1 dogter en 5 seuns by die studie betrek is. Tydens die hoofondersoek het een dogter egter vanuit die sessies onttrek, as gevolg van erge weerstand. Die navorser beplan om na afloop van die betrokke studie terapie met hierdie dogter voort te sit. Moontlike tourette-sindroom dra tot die dogter se aggressie by.

Tabel 6.3 Respondente se skoolgraad

| RESPONDENTE SE SKOOLGRAAD | |
| --- | --- |
| Graad | Aantal |
| Graad 1 | 2 |
| Graad 2 | 1 |
| Graad 3 | 2 |
| Totaal n= | 5 |

Dit is uit tabel 6.3 duidelik dat die respondente almal in die laerskool is en dat die resultate verteenwoordigend van die junior-primêre skoolkind is.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

Tabel 6.4 Respondente se huistaal

| RESPONDENTE SE HUISTAAL | |
|---|---|
| Huistaal | Aantal |
| Afrikaans | 5 |
| Engels | 0 |
| Totaal | 5 |

Dit is uit tabel 6.4 duidelik dat die resultate verteenwoordigend van Afrikaanse kinders is.

Tabel 6.5 Biografiese besonderhede van die ouer(s)

| BIOGRAFIESE BESONDERHEDE VAN DIE OUER(S) | |
|---|---|
| Huwelikstatus | Aantal |
| Getroud | 2 |
| Geskei | 1 |
| Weduwee | 2 |
| Ander (bv: ongetroud) | 0 |
| Totaal | 5 |

Dit is uit tabel 6.5 duidelik dat die respondente se ouer(s) tot verskillende huwelikstatusse behoort. Die betroubaarheid van die studie kon dus makliker aan die hand van verskillende opvoedingsituasies bepaal word. Oorsake van aggressie by die laerskoolkind kon breedvoerig vanuit bogenoemde inligting verkry word.

Vervolgens word elke respondent aan die hand van gevallestudies bespreek. Die doelwitte van elke sessie en die verloop van elke sessie kan met tabel 6.1 vergelyk word. Skuilname word gebruik.

### 6.7.1 Wayne, 7 jaar oud

**Agtergrondsgeskiedenis:**

Wayne se moeder het hom vir terapie ingeskakel. Wayne is die jongste van twee seuns. Wayne se vader was jare lank 'n alkoholis. Die gesin was ook lank by die dorp se maatskaplike dienste betrokke. Wayne se vader is 'n jaar gelede deur 'n vriend van die moeder voor Wayne doodgeskiet. Wayne se skoolprestasies is ondergemiddeld, hy herhaal tans graad 1. Aanmeldingsprobleem: Wayne se onbeheerbare gedrag en ongehoorsaamheid teenoor sy moeder.

#### 6.7.1.1 Verloop van sessie een (kind en moeder)

Wayne was baie opgewonde om by spelterapie betrokke te raak. Tydens die eerste sessie is daar dadelik goeie kontak met hom bewerkstellig. Die navorser kon die uiteensetting van die tien sessies en kontraksluiting (Bylae A en B) met beide ouer en kind bespreek. Tydens die sessie het Wayne se moeder skale (Bylae C en D) voltooi, terwyl Wayne aan aktiwiteite kon deelneem. Hy het geïnteresseerd na die speelkamer en die speelmateriaal gekyk. Hy wou dadelik weet hoe lank hy is en het gou teen die lengtekaart gaan staan.

Tydens die voltooiing van die skaal (Bylae E) het Wayne swak konsentrasie openbaar. Wayne wou op daardie stadium net speel en het sy behoefte uitgespreek om met navorser

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

te speel. Wayne het die geleentheid gehad om enigiets te kies waarmee hy wou speel. Navorser kon weer na 'n rukkie die skaal met hom voltooi.

Wayne het die vrymoedigheid gehad om te noem dat dit vir hom baie sleg is om nie meer 'n vader te hê nie. Hy noem dat sy maatjies hom spot daaroor. Navorser bemagtig Wayne deur te sê dat die sessies hom gaan help om beter te voel en sy gevoelens te verstaan. Wayne voel beter en is bereid om die skaal nou te voltooi. Wayne noem dat hy die sessie geniet het en na die volgende afspraak uitsien. Wayne se moeder het haar skale voltooi en vir navorser gegee.

**Assessering**

Baie goeie kontak is tussen Wayne en navorser bewerkstellig. Wayne het van die begin van die sessie lus gehad om saam met navorser te speel en was baie opgewonde oor die sessies. Aanvanklik was sy konsentrasie swak, maar toe hy aan die speelkamer gewoond raak, kon hy entoesiasties saamwerk. Dit was duidelik dat hy die individuele aandag van die terapeut en die saamspeel nodig gehad het.

Wayne het 'n endomorfiese bou. Hy openbaar negatiewe gevoelens teenoor homself (vergelyk paragraaf 2.2.1.1). Dit kom voor asof sy maats hom oor sy gewig spot en omdat hy nie meer 'n pa het nie. Vir die kind in die middelkinderjare is dit belangrik om suksesvol te ontwikkel (om "te behoort"). Indien die kind nie al sy ontwikkelingstake bemeester nie en verliese ervaar, kan dit tot aggressiewe gedrag aanleiding gee.

Wayne se energievlak was baie hoog. Hy het dit aan die begin van die sessie moeilik gevind om op een aktiwiteit te fokus. Hy het sy moeder geïgnoreer wanneer sy hom streng aangespreek het. Dit was vir navorser opvallend dat Wayne sy moeder op enige wyse kon behandel sonder dat sy hom regwys of aanspreek.

Dit blyk dat Wayne nie goeie kontak met homself en die omgewing handhaaf nie. Hy aanvaar volgens sy moeder geen verantwoordelikheid nie en kan nie maklik keuses

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

uitoefen nie. Hy ervaar verskeie emosies, maar weet nie hoe om dit te beheer nie. Wanneer 'n kind nie sy gedrag verstaan nie, lei dit dikwels tot verwarring en skuldgevoelens (vergelyk paragraaf 2.2.3). Na aanleiding van beide Wayne en sy moeder se skaalvoltooiing is dit vir navorser duidelik dat Wayne se vader se dood en sy onbeheerbare gedrag tot 'n groot mate 'n belemmerende invloed op alle vlakke van Wayne se funksionering uitoefen. Wayne is tans nie bewus van die impak van hierdie invloed op sy lewe nie. Sy verhouding met sy moeder blyk hierdeur skade te gekry het.

Navorser wil die aanname maak dat Wayne nie van sy aggressie bewus is nie. Hy sien sy aggressiewe optredes as normaal en aanvaarbaar. Hy behandel sy moeder soos hy wil sonder dat hy raas kry. Dit kom vir navorser voor dat Wayne sy moeder wil toets om sodoende altyd die oorhand te kry.

Wayne funksioneer in die valse laag van Perls. Hy poog om iets te wees wat hy nie is nie. Probleme word by Wayne geïdentifiseer, maar hy weet nie hoe om dit op te los nie.

**6.7.1.2 Verloop van sessie twee (kind alleen)**

Wayne was baie bly om navorser te sien. Hy hardloop dadelik na al die speelgoed in die speelkamer. Hy noem dat dit met hom goed gaan.
Navorser bied aan Wayne die keuse om met enigiets te speel of te teken voordat die skaal (Bylae F) voltooi moet word. Wayne wil graag 'n prentjie van sy gunsteling motor teken. Hy vertel spontaan vir navorser van sy droom motor. Die navorser en Wayne kon saam die verwagtings van die sessies bespreek deur dit op 'n plakkaat neer te skryf. Wayne noem dat hy opgewonde is oor elke sessie.

Tydens die invul van die skaal (Bylae F) konsentreer Wayne baie beter. Wayne vul egter nie die skaal oor sy houding teenoor sy vader in nie. Hy vul net die skaal in oor sy houding teenoor sy moeder. Op navorser se vraag of Wayne tevrede voel oor die skaal, het hy geantwoord dat hy sy pa mis, maar nie nou oor hom wil gesels nie. Hy verkies om net die vrae oor sy ma in te vul.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

Tydens die invul van die kinderfunksioneringsinventaris blyk dit dat Wayne negatiwiteit teenoor die skool, sy maats en volwassenes beleef. Wayne noem: " Ek hou nie van skool nie, dis sommer simpel". Hy ervaar aggressiewe gedrag as normaal in sy sosialisering met maats. Hy noem dat hy die "kwaaiste en sterkste in sy klas is". Sy aandag dwaal voortdurend wat vereis dat navorser gereeld leiding moet neem om die skaal verder te voltooi.

Die gebruik van legkaarte om Wayne se ontwikkelingsfase te bepaal was vir hom baie genotvol. Hy het genoem dat hy nie legkaarte by sy huis het nie. Wayne het sy oë toegemaak toe hy die verskillende legkaartstukke uitsorteer. Hy het die verskillende legkaartstukke wat hy wou gebruik, versigtig uitgesorteer. Toe hy sy oë oopmaak, raak hy egter moedeloos toe hy nie die legkaart kon voltooi nie.

Hy wou nie opruim nie en het dadelik gevra dat navorser moet opruim. Navorser het hom hierna aangemoedig om op te ruim en weer die reëls van die speelkamer met hom bespreek. Wayne noem dat sy ma alles opruim en dat hy nie nodig het om op te ruim nie. Dit bevestig aan navorser dat Wayne min of geen verantwoordelikheid tuis het nie. Dit is vir hom moeilik om verantwoordelikheid vir sy gedrag te aanvaar. Navorser moedig vir Wayne aan om die komende week te gaan dink oor dinge wat hy kan doen om dit nog makliker te maak om met takies in die huis te help en om sy ma te ondersteun.

**Assessering**


Wayne bind sterk met die navorser. Die feit dat hy dadelik noem dat hy eers later oor sy pa wil gesels, dui daarop dat hy navorser vertrou. Hy was deurgaans aktief en wou net speel. Dit wys vir navorser dat Wayne 'n behoefte aan aandag het en dat sy huislike omstandighede nie toelaat dat hy baie kan speel nie.

Wayne het goeie samewerking tydens die invul van die skale (Bylae E, F en G) gegee. Hy het die vrae duidelik verstaan en kon maklik sy keuses deurgee. Die

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

kinderfunksioneringsinventaris (Bylae E) is slegs in die studie benut om die kind se maatskaplike funksionering te bepaal. Hierdie skaal is nie deel van die voor- en nameting van die betrokke studie nie. Volgens die verwerking van die skaal (Bylae E) kan Wayne se selfpersepsie soos volg in figuur 6.1 uiteengesit word:

Figuur 6.1 Selfpersepsie van Wayne




Daar moet in ag geneem word dat die verwerking van die kinderfunksioneringsinventaris deurgaans op dieselfde wyse in elke gevallestudie verwerk word. Puntetellings ten opsigte van die kernaspekte van selfpersepsie word duidelik in figuur 6.1 getoon. Puntetellings strek vanaf 0 tot 100. 'n Totaal van meer as 40% toon 'n behoefte aan verbetering; 'n totaal van tussen 36% en 40% dui op 'n waarskuwing dat aandag benodig word en 'n totaal van minder as 36% val in die aanbevole gebied, naamlik dat die kind gesond ontwikkel en groei.


Vervolgens word die drie hoogste tellings bespreek. Wayne se huidige telling vir skuldgevoelens is 100. Volgens die verwerking van die kinderfunksioneringsinventaris (Bylae E) aanvaar Wayne skuld vir alles wat verkeerd loop. Wayne voel dat hy gestraf moet word en dat sy skuldgevoelens sy lewe beheer. Volgens navorser kan Wayne skuldgevoelens ervaar rondom sy vader se dood en dat hy dit kon verhoed het. Dit sal in die volgende sessie met Wayne gekontroleer word.

Wayne se huidige telling vir verantwoordelikheid teenoor ander is 93. Hy voel verantwoordelik vir ander se geluk en probeer aanhoudend om ander uit die moeilikheid te hou. Wayne se moeder noem dat hy gereeld self in die moeilikheid by die skool is, maar dat hy ander kinders teen moeilikheid beskerm. Navorser is van mening dat Wayne deur middel van sy aggressie en ongehoorsaamheid aandag wil trek om juis in beheer van sy gevoelens te kom. Sy onaanvaarbare gedrag is waarskynlik 'n verdedigingsmeganisme om homself te beskerm. Hy besef net nog nie die erns van sy gedrag nie.

Wayne se huidige telling vir angstigheid is 87. Hy beleef 'n gebrek aan sekuriteit in verhoudings en is bang om emosioneel seer te kry. Volgens die verwerking van die skaal blyk dit dat Wayne deur sy omstandighede bedreig voel en bang is vir die toekoms. Hy is bang vir verwerping en mislukking. Wayne is nie bewus van die invloed van sy negatiewe gedrag op sy maatskaplike funksionering nie. Hy kan nie sy emosies verbaal uitspreek nie. Die traumadinamika van Wayne se skaal kan soos volg in figuur 6.2 uiteengesit word:

Figuur 6.2 Wayne se traumadinamika

**WAYNE SE TRAUMADINAMIKA**



Volgens die verwerking van die kinderfunksioneringsinventaris (Bylae E) is Wayne se huidige stigmatelling 100. Hy beleef homself anders as ander kinders. Dit kan aan Wayne se endomorfiese bou en onaanvaarbare gedrag toegeskryf word. Wayne toon 'n hoë telling in terme van sy hulpeloosheid. Wayne gee nie om oor hoe hy optree nie. Sy ervaringswêreld is baie negatief en sentreer rondom gevoelens van verwerping, swaarmoedigheid, doelloosheid, magteloosheid, eensaamheid en 'n gevoel dat niks meer sin het nie. Dit blyk dat Wayne 'n swak geheue het. Wayne het heel moontlik die insident van sy vader se dood ver weg gebêre. Hierdie kan 'n moontlike oorsaak vir Wayne se aggressie wees. Sy houding teenoor volwassenes is dan ook negatief en sy moeder se swak dissiplinestyl versterk dit.

Wayne se gedrag dui daarop dat hy in Perls se fobiese laag beweeg. Hy bied weerstand, en vermy of onderdruk onaangename ervaringe in sy lewe. Wayne is bang vir verwerping.

**6.7.1.3 Verloop van sessie drie (kind alleen)**

Wayne was baie bly om die navorser te sien en het genoem dat dit met hom goed gaan.

Tydens die benutting van verskillende reuk- en smaakbotteltjies kon Wayne gou die verskillende geure en smake uitken. Hy het dit baie geniet. Hy het genoem dat hy van die reuke nie geken het nie, maar daarvan gehou het. Op navorser se vraag hoe hy voel as hy die botteltjies ruik, het hy geantwoord dat dit baie lekker is en dat hy nog nooit soveel botteltjies geruik het nie. Hy noem dat hy van die reuke herken wanneer sy ma in die kombuis werk. Hy noem: "...dit laat my lekker voel, want dan weet ek my ma maak kos". Wayne geniet dit om aan die verskillende teksture te raak en maak selfs sy oë toe om te raai waaraan hy raak.

Tydens die benutting van die "Listen Lotto" speletjie het Wayne aanvanklik gesukkel om die verskillende geluide te identifiseer. Hy geniet die musiek baie en kon kies watter geluide hy wou identifiseer deur na die kaarte te kyk. Wayne kon die geluide aan die

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

regte prentjies koppel. Tydens die speletjie het Wayne en die navorser met mekaar gekompeteer oor wie die meeste geluide kan identifiseer. Wayne wou graag elke keer wen.

Navorser het verskillende gesigsuitdrukkings vir Wayne gewys. Op navorser se vraag of Wayne gesiggies kan kies wat by verskillende situasies in sy lewe pas, het hy al die kwaai en hartseer gesiggies gekies. Hy noem weer dat sy maats hom spot en dan word hy "sommer baie kwaad". Sy ma raas met hom oor sy onbeheerbare gedrag en dan voel hy ook hartseer. Navorser wys vir Wayne dat daar verskillende gevoelens is en dat hy self kan kies hoe hy wil voel. Op navorser se vraag, antwoord hy dat hy graag gelukkig wil wees en dat hy nie bang wil voel nie. Hy voel bang omdat hy nie meer 'n pa het nie en bang is vir "die slegte oom". Navorser moedig hom aan om te wys hoe hy gevoel het vandat sy pa oorlede is. Wayne kon noem dat hy kwaad voel vir die oom wat sy pa geskiet het. Hy wys sy vuiste vir navorser en sê: " Ek wil die oom al geslaan het". Wayne is baie kwaad.

Wayne noem dat hy kwaad en hartseer voel. Wayne noem dat hy homself "beskerm" deur "kwaai en sterk" op te tree teen byvoorbeeld maats wat hom spot. Hy noem dat hy hierdie gevoelens nie kan wegsteek nie, want dan spot die maats hom eers. Hy is bang vir verwerping. Tydens hierdie ontwikkelingsfase is dit belangrik vir die kind om 'n gevoel van "behoort aan " te ervaar. Maats speel 'n belangrike rol in die middelkinderjare (vergelyk paragraaf 2.2.5.1). Wayne kon tydens die sessie hierdie gevoelens weer ervaar en uitdruk, en besluit dat hy ander maniere moet kry om dit te hanteer.

**Assessering**

Wayne was tydens die sessie meer ontspanne en het goeie oogkontak met navorser gehandhaaf.

Wayne het die bewuswording van sy sintuie baie geniet. Die ervaring en bewusmaking van sy sintuie het Wayne gehelp om van verskillende gevoelens bewus te raak. Hy was

van verskillende gevoelens bewus wat deur 'n mens ervaar kan word en kon dit maklik identifiseer. Hy kon dit ook maklik aan situasies in sy eie lewe koppel, en het spesifiek die reaksies waardeur hy gegaan het tydens sy vader se dood en sy huidige situasie uitgelig.

Wayne raak van die invloed van sy aggressiewe gedrag op sy maatskaplike funksionering bewus. Hy is egter nie in beheer van sy gevoelens nie. Hy weet nog nie hoe om sy seer en kwaad gevoelens te hanteer nie. Hy kon tydens die sessie hierdie gevoelens verbaal erken en uitdruk. 'n Kind wat in die middelkinderjare stres ervaar, soos Wayne wat aan moord blootgestel is, toon makliker aggressiewe gedrag as kinders wat nie aan stres blootgestel word nie (vergelyk paragraaf 3.3.1).

Dit blyk dat die doel van die sessie bereik is, deurdat Wayne en navorser reeds 'n vertrouensverhouding gebou het. Wayne slaag daarin om meer van sy sensoriese kontakmodaliteite bewus te word. Wayne voel op hierdie stadium dat hy van sy negatiewe optredes bewus raak, maar nog nie hanteringstrategieë het om sy optredes te beheer nie. Hy wil graag oplossings kry om sy gedrag te verbeter en sosiaal aanvaarbaar te wees.

Wayne se gedrag dui daarop dat hy in Perls se implosiewe laag beweeg. Hy het aanvanklik gesukkel om gevoelens uit te druk en weerstand gebied (Perls se impasse laag). Tans raak hy by die loslating van gevoelens betrokke. Hy wil graag oplossings vir sy negatiewe gedrag identifiseer en toets.

#### 6.7.1.4 Verloop van sessie vier (kind alleen)

Wayne was baie bly om navorser te sien en vertel entoesiasties dat al die junior skoolkinders vir 'n uitstappie na die dieretuin was. Wayne het spontaan sy uitstappie in detail vir navorser vertel. Hy het dit regtig baie geniet.

Wayne het die geleentheid gekry om weer na al die gevoelsgesiggies te kyk. Wayne en navorser het die kwaad- en hartseer gesiggies bespreek. Navorser kon aan Wayne verduidelik wat die "kwaad-gevoel" is. Wayne noem dat hy maklik kwaad word wanneer iemand met hom lelik is. Wayne kon vir navorser vertel dat hy vir sy maatjies en sy ma kwaad is. Hy kry altyd die skuld vir alles wat verkeerd loop. Navorser het vir Wayne gevra om sy aggressiewe gevoelens met vingerverf te verf. Wayne krabbel die hele bladsy vol verf. Hy geniet egter hierdie oefening.

Wayne het verskillende kleure verf op sy prent gebruik en groot sirkels gemaak. Op navorser se vraag of hierdie tekening in sy lewe pas, noem hy dat dit sy lewe voorstel. Hy voel deurmekaar en weet nie meer hoe om op te tree nie. Hy noem dat hy altyd in die moeilikheid by die skool en by die huis is. Hy en sy ma baklei baie omdat hy nie help in die huis nie. Wayne wil graag soet wees, maar sukkel om dit reg te kry omdat niemand vir hom luister nie. Hy wens sy pa het nog gelewe. Hy wil hom nie steur met die "krabbel" in sy lewe nie. Navorser kon Wayne bemagtig om sy gevoelens te verbaliseer en te verstaan. Wayne het vir navorser gewys en gesê hoe hy voel as hy kwaad word, naamlik: "My oë rek groot en ek maak vuiste, net reg om te slaan".

Navorser gee Wayne toestemming om iets vir sy krabbelprentjie te sê. Hy sê dan vir die krabbelprentjie dat hy moeg is om altyd raas te kry. Hy wil ook nie meer so kwaad voel nie. Wayne skeur sommer die prentjie op. Wayne lag toe daaroor en noem dat hy graag soet wil wees. Met navorser se aanmoediging sê hy dan self vir sy aggressie prentjie dat hy nie so wil wees nie.

Wayne sê dat kinders hom nie verstaan as hy so kwaad word nie. Sy maats spot hom dan baie oor sy negatiewe gedrag. Hy noem dat hy nie vir die juffrou daarvan vertel nie omdat hy dan eers gespot gaan word. Hy kan maar net terug lelik wees. Navorser stel voor dat Wayne sy maats moet ignoreer as hulle hom weer sou spot. Wayne dink dis 'n goeie plan.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

Navorser vra vir Wayne om 'n boom van sy eie keuse te teken. Wayne teken 'n boom met geld in (vergelyk figuur 6.3). Hy teken 'n baie groot boom. Die boom staan alleen. Wayne projekteer dat hy graag ryk wil wees, dan het hy niks probleme nie. Wayne koppel geluk aan rykdom. Navorser kon aan Wayne verduidelik dat enigiemand hartseer of kwaad kan voel, al is hulle ryk of arm. Wayne wil graag soos sy pa wees, soos die boom, sterk en slim. Wayne se huidige situasie is aan armoede en die verlies van sy vader gekoppel. Wayne kon hier sy gevoelens rondom sy pa en sy hartseer uitspreek.


**Assessering**

Daar bestaan 'n goeie verhouding tussen navorser en Wayne. Hy voel op sy gemak en kan makliker sy gevoelens verbaliseer. Wayne se konsentrasie was baie beter tydens hierdie sessie en hy kon luister en maklik met navorser gesprek voer.

Wayne het hom ten volle in sy krabbelprentjie ingeleef. Hy het dadelik genoem dat sy lewe ook so deurmekaar voel. Dit dien as bewys dat Wayne van sy seer en aggressiewe

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

Figuur 6.3: Wayne se roosboom




gevoelens bewus raak. Hy slaag daarin om sy projeksies deel van sy eie ervaringswêreld te maak. Navorser wil die aaname maak dat die versteurde gesinsverhoudings

(alkoholmisbruik by pa voor hy oorlede is, en die huidige emosionele verwaarlosing van Wayne) tot sy aggressiewe gedrag kan bydra.

Wayne kon maklik tussen die verskillende gevoelens onderskei, en verstaan beter wat aggressie is en hoe dit ontstaan. Hy kon goed daarmee in sy eie lewe identifiseer. Hy is in kontak met die verskillende dele (polariteite) binne homself. Hy het genoem dat hy soos die krabbel prentjie voel, maar aan die ander kant wil hy graag soet wees.

Wayne begin in kontak met die emosies te kom wat deur sy vader se dood en sy huidige omstandighede veroorsaak word. Hy kan sy onaanvaarbare gedrag en negatiewe gevoelens verbaliseer en erken. Hy kon sy moedeloosheid en hartseer wanneer sy maats hom spot en sy ma met hom raas, uitspreek.

Dit was tydens hierdie sessie duidelik dat Wayne meer beheer oor sy situasie begin ervaar. Tydens sy krabbelprentjie het hy al sy aggressie en hartseer op die prentjie uitgehaal. Hy kon uit sy tekening van die boom oplossings vind en bemagtig word oor sy huidige omstandighede. Wayne wil graag verantwoordelikheid vir sy gedrag aanvaar. Hy wil nie meer kwaad voel nie.

Wayne spreek sy gevoelens uit en begin meer beheer oor sy gevoelens ervaar. Hy verstaan sy aggressie beter en sy gedrag toon dat hy in die implosiewe laag van Perls beweeg. Hy is besig om nuwe kragte in homself te ontdek en is bereid om met nuwe gedrag te eksperimenteer.

**6.7.1.5 Verloop van sessie vyf (kind alleen)**

Wayne noem dat dit met hom goed gaan. Hy sê dat daar kinders in sy klas is wat hom gespot het. Hy het probeer om hulle te ignoreer, maar dit was nogal moeilik. Wayne noem dat dit nogal lekker was om nie so gou kwaad te word nie. Wayne se week verder by die skool was lekker.


Navorser vra Wayne om 'n prentjie te teken waar hy sy gesin moet voorstel as sirkels en elkeen moet nommer soos wat hy hulle teken. Wayne teken sy ma en boetie. Hy teken egter nie homself nie. Op navorser se vraag waar hy homself wil teken, antwoord Wayne dat hy hom langs sy ma wil teken. Vanuit die assessering van die grafiese gesinsbeelding noem Wayne dat sy ma en sy boetie goed oor die weg kom. Hy voel soms alleen, maar wil baie graag ook met sy ma speel en gesels. Hierdie aspek sal in sessie 8 aandag geniet. Wayne het altyd met sy pa gesels en grappies gemaak. Hy mis dit. Wayne is meer bewus van die verskillende gevoelens wat hy ervaar, en kon sy gevoelens rondom sy ma en boetie en sy verlange na sy vader verbaliseer. Hy voel kwaad vir sy ma omdat sy pa oorlede is. Sy ouers het baie baklei. Wayne weet nie wat gebeur het die dag toe sy pa geskiet is nie. Hy noem dat hy onseker is oor wat gebeur het. Sy ma het genoem dat dit 'n ongeluk was. Dit blyk of Wayne geen negatiewe gedagtes soos die alkoholmisbruik aan sy pa koppel nie. Die oom wat sy pa geskiet het, is in die tronk. Sy ma is nie weer getroud nie.

Tydens die fantasiereis was Wayne baie ontspanne. Hy het sy asem baie diep ingetrek en dit net so hard weer uitgeblaas. Hy geniet die fantasiereis. Navorser vra Wayne om te teken wie hy saam op sy reis geneem het. Wayne teken sy pa en homself. Hy noem dat hy sy pa baie mis en dat hy kwaad voel vir die oom wat sy pa doodgeskiet het. Hy voel kwaad vir sy ma omdat sy altyd met hom raas. Wayne wil net by sy pa wees. Op navorser se vraag of die aggressiewe gevoel in die prentjie inpas, skud Wayne sy kop op en af. Hy voel sommer baie kwaad. Hy verbaliseer dat hy vir die oom kwaad is.

Navorser reageer hierop deur Wayne toestemming te gee om sy aggressiewe gevoel te teken. Hy teken 'n mannetjie wat huil (vergelyk figuur 6.4). Op navorser se vraag oor hoe hierdie mannetjie in sy lewe inpas, antwoord hy dat dit hyself is. Hy huil ook en voel kwaad oor alles. Hy wil ophou huil en gelukkig voel. Sy maatjies spot hom omdat hy altyd stout is en raas kry. Wayne kry 'n geleentheid om vir sy pa te sê hoe hy voel.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

Figuur 6.4: Wayne se agressiemonster



Hy raas met sy maatjies en kan ook vir sy ma sê hoe hy voel. Met navorser se aanmoediging sê hy dan self vir die mannetjie op sy tekening dat hy nie wil huil of stout wees nie.

Navorser het hierna selfvertroeteling by Wayne gefasiliteer deur hom aan te moedig om sy aggressie te aanvaar en te besit. Navorser en Wayne het verskillende maniere om aggressie te openbaar, bespreek. Hy noem dat dit nie help as hy lelik met sy maats is nie. Dit maak hom net verder kwaad en dan raas sy ma weer met hom. Hy besef dat die beste oplossing sal wees om sy maats te ignoreer. Hy wil ook vergeet van die oom wat sy pa geskiet het want dan voel hy net hartseer.

Navorser het hierna daarop gefokus om vir Wayne te vra om 'n veilige plekkie te teken. Hy teken sy huis (vergelyk figuur 6.5). Wayne noem dat hy veilig voel by sy ma al raas sy so baie met hom. Hy is baie lief vir haar. Navorser moedig Wayne aan dat sy ma hom kan beskerm teen seerkry en dat hy haar mag vertrou. Wayne skree spontaan "ja" en lag lekker. Hy wil nie sy ma ook verloor nie. Navorser en Wayne kon saam hanteringstrategieë uitwerk om sy aggressiewe gedrag te verminder. Navorser bemagtig hom om daarmee vol te hou.


**Assessering**

Wayne het tydens hierdie sessie baie goeie kontak met die terapeut gemaak. Hy is meer van sy gevoelens bewus en kon dit maklik verbaliseer. Hy het meer selfvertroue gehad om sy gevoelens met navorser te deel.

Wayne het homself ten volle in die fantasiereis ingeleef. Hy het spontaan gesels en in die terapiekamer rondbeweeg. Dit blyk dat hy sy pa baie mis en al manier hoe hy dit kan wys, is deur aggressief teenoor homself, sy maats en sy ma op te tree. Hy het genoem dat hy die meeste van die tyd kwaad voel. Hy fokus veral op sy maats en sy verhouding met sy moeder.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

Figuur 6.5: Wayne se veilige plekkie



Wayne is in kontak met die emosies wat deur laasgenoemde veroorsaak word en kan ook die negatiewe gevoelens verbaliseer en erken. Hy wil graag goed met sy ma oor die weg kom, want hy is baie lief vir haar. Wayne was bereid om alternatiewe maniere te vind om sy aggressie te hanteer. Dit dui daarop dat Wayne verantwoordelikheid vir sy gedrag wil aanvaar. Hy is oortuig daarvan dat hy nie verder gespot en kwaad wil word nie. Dit dui daarop dat Wayne beheer oor sy leefwêreld wil hê. Die doel van die sessie is bereik deurdat Wayne sy aggressie kon ervaar en besit.

Wayne beweeg steeds in die implosiewe laag van Perls. Hy is besig om nuwe kragte in homself te ontdek en met nuwe gedrag te eksperimenteer.

### 6.7.1.6 Verloop van sessie ses (kind alleen)

Wayne is bly om navorser weer te sien. Hy sien uit om vandag in die sand te speel. Die gebruik van die sandbak as projeksiemedium was vir Wayne genotvol. Hy het homself in die sandbak met die verskillende miniatuur figuurtjies ingeleef. Wayne het dadelik geweet met watter figure hy iets wil bou. Dit is 'n aanduiding vir navorser dat hy van sy gevoelens bewus raak en makliker keuses kan uitoefen.

Wayne maak 'n gelukkige en 'n ongelukkige sandtoneel. Hy speel graag met die weermagmannetjies. Op navorser se vraag oor wat in die ongelukkige toneel gebeur, vertel Wayne dat die weermagmanne sleg is en dat hulle iemand gevang het. Die man in die vliegtuig gaan die gevangene red. Wayne noem dat die storie gelukkig eindig want die goeie man red sy vriend. Hulle vlieg toe oor die slegte manne en gooi bomme op hulle. Wayne lag lekker omdat die man gered is. Hy gooi die slegte mannetjies sommer net daar met die sand toe.

Op navorser se vraag of die toneel in sy lewe inpas, antwoord hy dat hy ook wil wen en gelukkig wees. Navorser vra wie in die toneel hy sal wil wees. Wayne antwoord en sê dat hy die man in die vliegtuig wil wees. Die een wat hy moet red is sy ma. Wayne voel trots op homself dat hy so iets kan regkry. Navorser gee hom erkenning dat hy sterk en braaf

is. Die slegte mannetjies is die skelms wat sy pa geskiet het en dit is ook maatjies wat hom spot. Wayne sê dat hy bang is sy ma voel alleen omdat sy nie meer 'n man het nie. Wayne wil haar nie hartseer sien nie. Wayne besluit net daar dat hy sy ma 'n drukkie gaan gee as hy by die huis kom. Wayne voel in beheer toe hy weer die skelms en die maatjies onder die sand kon begrawe. Navorser moedig hom aan om dit weer te doen.

Wayne noem dat hy beter voel en dat hy nie meer vir die oom bang is nie, en dat hy sy maatjies gaan ignoreer as hulle hom weer spot. Hy vertel dat sy maats hom spot omdat hy vet is en sy pa dood is. Wayne word dan so kwaad dat hy op hulle skree en selfs slaan. Hy wil nie eintlik so kwaad word nie. Navorser stem saam met Wayne en noem dat dit 'n goeie plan is om anders op te tree as sy maatjies hom weer sou spot. Navorser stel voor dat Wayne ook vir sy ma kan vertel eerder as om haar te vermy. Wayne se moeder aanvaar hom net soos hy is en hy is baie spesiaal. Sy ma sal baie trots wees op hom. Wayne skud sy kop tevrede en stem saam. Hy noem dat hy ten minste altyd wen want hy is "tog groot"! Navorser lag lekker saam.

**Assessering**

Wayne is meer bewus van sy gevoelens en sy sensoriese bewustheid is hoog. Wayne se onvervulde behoeftes gee tot onvoltooidhede in sy lewe aanleiding. Sy maats aanvaar hom nie en spot hom gedurig. Wayne beskerm homself deur aggressief op te tree. Wayne luister nie vir sy ma nie en hul verhouding lei skade omdat Wayne ongehoorsaam is teenoor haar.

Tydens die sessie besef Wayne dat sy gedrag onaanvaarbaar is en dat hy homself en sy ma hartseer maak. Hy kry skaam oor sy gedrag (al erken hy dit nie), want hy beleef en kry die boodskap van almal af dat sy gedrag negatief is. Wayne verbaliseer dat hy baie lief is vir sy ma en dat hy haar wil beskerm. Wayne probeer vir ander se gedrag verantwoordelikheid neem en vergeet van sy eie emosionele behoeftes.

Wayne het tydens die sessie bewus geraak van wie hy is en dat hy nie met ander vergelyk hoef te word nie. Wayne projekteer sy behoeftes tydens die sandspel en raak van sy gevoelens bewus. Bewustheid van en kontak met homself en ander het tydens die sessie verandering in Wayne se denke meegebring. Wayne kon sy aggressie verstaan, ervaar en besit. Wayne vind uit dat hy keuses kan maak om met sy gedrag te eksperimenteer. Hy kan sy aggressiewe gevoelens en gedrag sosiaal aanvaarbaar maak deur positiewe alternatiewe gedrag te vind.

Wayne gebruik sy aggressie as verdedigingsmeganisme om sy maats en ma van hom af weg te hou. As iemand te na aan hom kom, tree hy aggressief op. Moontlike introjekte in Wayne se opvoeding kan tot sy aggressie aanleiding gee. Hierdie introjekte vernietig 'n kind se gevoel van self, sy selfbeeld en selfagting. Wayne voel nie goed oor homself nie. Wayne wil graag deur sy maats aanvaar word. Dit is dus nodig om Wayne van homself en sy omgewing bewus te maak.

Deur middel van sandspel en die benutting van polariteite kon Wayne beslis tot insig oor sy aggressiewe gevoelens kom en die invloed wat dit op sy sosialisering en op die ouer-kind binding het. Die doelwitte van die sessie kon bereik word. Wayne is steeds in die implosiewe laag van Perls, maar maak gereed om in die eksplosiewe laag van Perls te beweeg. Hy het nog vrese vir die onbekende, maar dit is vir hom makliker om toenemend verantwoordelike keuses te maak. In die sandbak kon Wayne sy aggressiewe gevoelens rondom sy maats en die ouer-kind binding loslaat.

**6.7.1.7 Verloop van sessie sewe (kind alleen)**

Wayne was bly om navorser te sien. Hy het genoem dat hy die naweek fiets gery en geval het, maar darem nie te seer gekry nie. Verder gaan dit goed met hom.

Wayne het daarvan gehou om met die klei te werk. Hy het baie goeie kontak met die medium gemaak, en met groot aandag en baie detail sy skepping voltooi. Sy kleiskepping bestaan uit 'n groot boom met baie takke en blare. Hy noem dat die boom oud is en al die

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

ander bome vra raad van die ou boom. Die boom dra nie vrugte of blomme nie, net baie takke en blare. Die boom voel gelukkig want hy is die grootste en kan oor almal kyk. Op navorser se vraag of die boom hartseer kan voel, antwoord Wayne dat hy hartseer was toe hy klein was en nie so sterk was nie. Ander bome het hom geterg omdat hy so alleen staan en klein was. Die ander bome het nooit gedink hy sal so groot word nie.

Wayne noem dat hy soos die groot boom wil wees. Hy wil groei en sterk wees. Hy wil nie meer baklei nie, want hy kom altyd in die moeilikheid by die skool en by die huis. Miskien moet hy soos die boom groei. Navorser moedig Wayne aan om sy gevoelens uit te druk en in beheer van sy aggressie te kom. Op navorser se vraag of sy aggressie 'n invloed op sy maats en sy verhouding met sy ma het, antwoord hy "ja". As hy vir sy maats kwaad word, dan spot hulle hom en los hom uit. Hy het dan nie so baie maats nie. Wayne noem uit sy eie uit dat hy nie meer wil baklei nie. Hy wil graag maatjies hê. Hy luister ook nie na sy ma nie. Navorser moedig Wayne aan om die boom se stem te wees , waarna hy die volgende gesê het:

"Ek is Wayne en ek wil nie graag met my maatjies baklei nie. Ek wil graag vir my ma luister en in die huis help. Ek gaan my maatjies ignoreer as hulle aanhou om my te spot. Ek kan en mag vir mamma sê hoe ek voel".

Wayne wil net so baie maatjies hê soos die boom met sy baie takke. Dit dui vir navorser dat insigontwikkeling plaasgevind het. Wayne kon die boom in 'n leë stoel plaas en noem hoe hy voel, en vir die boom sê wat hy beplan. Navorser en Wayne dink saam aan oplossings om sy gedrag meer aanvaarbaar te maak.

Navorser wys vir Wayne die "gelukkige" en die "ongelukkige aggressiemonster". Wayne noem vir navorser dat hy die "goeie aggressiemonster " kies. Hy verstaan sy aggressie, maar wil dit graag beheer. Wayne noem aan die einde van die sessie dat hy die "ongelukkige aggressiemonster" gaan oorwin.

Navorser berei Wayne voor om in die volgende sessie vir sy ma te vertel hoe hy voel. Navorser noem vir Wayne dat sy ma saam met hom en navorser gaan speel. Navorser en Wayne besluit saam om vir sy ma van die aggressiemonsters te vertel en te sê wat hom pla. Navorser moedig Wayne weer aan om sy aggressie te besit en sy gevoelens te verbaliseer. Wayne is bly om sy ma deel van die sessie te maak. Hy wil haar graag vertel wat hy besluit het.

**Assessering**

Dit is duidelik dat daar 'n sterk verhouding tussen Wayne en navorser bestaan. Volgens die verwerking van die vraelyste sukkel Wayne om mense te vertrou. Hy noem self in die sessies dat dit vir hom baie lekker is om te kom speel.

Wayne se energievlak is steeds hoog, maar sy konsentrasie het baie verbeter.Hy het soos tydens die vorige sessies gemaklik en spontaan op die aktiwiteite gereageer.

Dit was tydens die sessie duidelik dat Wayne van sy sensoriese modaliteite bewus was. Hy het aan die klei geruik en die "modder" wat die klei op sy hande los, geniet. Hy het selfs aan die klei geproe. Dit was vir navorser duidelik dat Wayne 'n behoefte aan aandag en stimulering nodig het. Hy geniet elke aktiwiteit terdeë. Wayne kon tydens die sessie sy emosionele energie op die klei uithaal. Hy het deur middel van projeksies 'n boom gemaak wat sy eie leefwyse voorstel. Wayne het insig in sy ontwerp getoon. Hy aanvaar en erken sy emosies, en noem dat dit vir hom makliker is om daaroor te praat.

Wayne het tydens die sessie self alternatiewe maniere uitgedink om sy aggressie te verminder en dit meer sosiaal-aanvaarbaar te maak. Hy geniet die erkenning vanaf die navorser. Dit blyk dat hy vasbeslote is om sy gedrag positief te verander, sodat hy en veral sy ma, beter kan voel. Hy noem dat dit beter is om nie so aggressief te word nie. Hy is van die gevolge van die "ongelukkige aggressiemonster" bewus. Dit dui op toenemende verantwoordelikheidneming vir sy gedrag.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

Wayne ervaar ook toenemende beheer oor sy situasie. Dit word duidelik in sy woorde gestaaf dat hy die "ongelukkige aggressiemonster" oorwin het.

Wayne se gedrag val definitief in Perls se eksplosiewe laag. Hy het nuwe energie ontdek wat hy nou benut om sy aggressie al hoe meer te beheer. Soos hy dit self stel, groei hy net so groot soos die boom en wen op die einde.

#### 6.7.1.8 Verloop van sessie agt (kind en moeder)

Wayne was baie opgewonde om saam met sy ma te kom. Wayne se ma noem dat hy die sessies baie geniet en dat sy sommer al klaar kan sien dat dit met hom beter gaan. Wayne wil dadelik vir sy ma wys wat hy al gedoen het. Navorser gee Wayne die geleentheid om sy tekeninge vir sy ma te wys. Wayne is baie trots op sy tekeninge.
Navorser vra vir Wayne om 'n groot appel te teken. Wayne se ma help hom om die appel te teken. Hy geniet haar ondersteuning. Wayne behou die heeltyd oogkontak met sy ma. Wayne het wurms langs die appel geteken. Wayne en sy ma moes saam oplossings uitdink om die wurms dood te maak voordat die appel opgeët kan word. Hulle lag lekker saam, wat vir navorser 'n aanduiding is dat hul verhouding reeds verbeter het.

Wayne het na afloop van die metaforiese verduideliking van die wurmtegniek saam met sy ma die "ongelukkige aggressiemonster" bespreek. Die probleme(wurms) in sy lewe, veroorsaak dat hy aggressief optree, en dit het 'n uitwerking op sy sosialisering en sy menswees (die appel). Wayne was nie bang om vir sy ma te vertel hoe hy voel nie. Dit dui vir navorser dat Wayne beheer oor sy aggressie begin kry het. Die probleme wat Wayne self kon opsom, was:

- Hy is ongehoorsaam;
- Hy baklei baie met sy maats as hulle hom spot;
- Hy is hartseer oor pappa en kwaad vir die oom;
- Hy sukkel om in die klas te konsentreer.

Wayne en sy ma moes saam oplossings vind om die probleme aan te spreek. Navorser wil die aanname maak dat Wayne oor 'n goeie bewustheid van sowel sy aggressie as die invloed daarvan op sy totale funksionering en die ouer-kind verhouding beskik. Hy neem beter beheer oor sy gevoelens. Hulle kon saam 'n plan vir aksie uitdink. Sy ma gee hom erkenning oor die hantering daarvan, en help hom om oplossings te vind om sy gedrag sosiaal-aanvaarbaar te maak. Wayne noem vir sy ma dat hy maatjies ignoreer as hulle hom spot en dit help. Wayne se egokragte het beslis versterk.

Navorser bied 'n geleentheid vir Wayne en sy ma om hul gevoelens te bespreek. Wayne kon vir sy ma die verskil tussen die "ongelukkige" en die "gelukkige aggressiemonster" verduidelik. Wayne geniet die oefening baie. Navorser bied 'n geleentheid vir Wayne en sy ma om enige medium te kies waarmee hulle wou speel. Wayne kies die legkaarte. Wayne se ma kry die geleentheid om saam met hom die legkaart te bou. Wayne vat gedurig sy ma se arm en sê: "ag, nie so nie ma!" Hy geniet die aandag en lag lekker saam met sy ma.

**Assessering**

Wayne wys in hierdie sessie dat hy die aggressiemonster kan en gaan beheer. Wanneer hy met sy ma oor sy gevoelens praat, noem hy dat hy gelukkig wil wees. Hy maak 'n lys van probleme en toon insig in die gevolge van die probleme. Wayne beplan saam met sy ma alternatiewe maniere om sy gedrag te verbeter. Hy is vasbeslote dat hy die "ongelukkige aggressiemonster" gaan oorwin. Wayne se moeder besef dat haar ouerskapstyl 'n invloed op Wayne se gedrag het. Sy moet duidelike grense stel om dissipline ordelik te handhaaf. Wayne wil graag weet wat van hom verwag word.

Op navorser se vraag hoe Wayne in die hier-en-nou voel, antwoord hy dat hy gelukkig voel. Dit is vir navorser 'n aanduiding dat hy groei en dat Wayne verantwoordelikheid begin aanvaar. Wayne se gedrag val definitief in die eksplosiewe laag van Perls.

### 6.7.1.9 Verloop van sessie nege (kind en moeder)

Wayne en sy ma noem dat dit goed gaan. Beide het 'n lekker week gehad. Wayne noem dat hy hartseer is omdat die sessies amper klaar is. Hy geniet die sessies baie.

Tydens die rollespel en handpoppe, fokus Wayne en sy moeder op hul gevoelens. Navorser lees vir hulle 'n storie soortgelyk aan Wayne se probleme. Wayne en sy ma bespreek die storie en elkeen fokus daarop om te sê hoe hulle voel. Op navorser se vraag hoe Wayne oor die storie voel, antwoord hy " ek voel jammer vir die seuntjie". Hy kon sy gevoelens met sy ma deel en beide moes weer oplossings vind om die seuntjie met sy omstandighede te help. Navorser vra vir Wayne en sy ma of die storie in hulle lewe inpas. Wayne se ma antwoord en noem dat sy ook soms moedeloos raak as Wayne nie luister nie. Wayne wil nie hê dat sy ma hartseer moet wees nie. Hulle dink saam aan 'n oplossing om 'n boks in die huis neer te sit waar Wayne en sy ma elke week 'n briefie moet ingooi om te sê wat hulle pla en hoe hulle daaroor voel. Aan die einde van die week moet hulle vergader en die probleme oplos. Wayne dink dis 'n goeie idee. Sy boetie kan dit ook doen.

Wayne noem dat dit nou makliker vir hom word om sy gevoelens met sy ma te deel. Hy sien daarna uit om te lees wat in die eerste briefie staan. Dit wys vir navorser iets van Wayne se proses. Hy neem verantwoordelikheid en kan keuses maak.

Navorser berei Wayne voor op afsluiting. Wayne wil weet of hy weer sal kan kom kuier. Hy geniet die spelterapie baie.

**Assessering**

Wayne is in kontak met homself en die omgewing. Hy is bereid om verantwoordelikheid vir sy optredes te neem. Tydens hierdie sessie was dit vir navorser duidelik dat Wayne maklik keuses kan maak. Hy weet wat sy primêre behoeftes is, naamlik om sy gevoelens

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

te ken, te verstaan en te beheer. Wayne is in staat om homself te onderhou en in kontak met homself te wees. Sy verhouding met sy moeder het beslis versterk.

**6.7.1.10 Verloop van sessie tien (kind en moeder)**

Wayne en sy ma is baie opgewonde oor die sukses van die tien sessies. Wayne se ma noem dat Wayne die week baie soet was en dat die "gelukkige aggressiemonster" meer teenwoordig was as die "ongelukkige aggressiemonster". Wayne verstaan nou dat aggressie 'n normale gevoel is, maar dat hy kan kies hoe hy gaan optree. Hy moet self verantwoordelikheid aanvaar.

Navorser gee 'n geleentheid vir beide Wayne en sy moeder om die skale weer te voltooi om die sukses van die terapie te meet. Wayne vul met gemak sy skale in. Hy besluit self om net die skaal oor sy ma in te vul. Na voltooiing van die skale vra navorser hulle om self aan elke sessie te dink en wat bereik is. Wayne kon vir sy ma sê dat hy geleer het om nie so kwaad te word nie en om te verstaan hoekom hy kwaad word. Hy voel sommer baie beter. Wayne se moeder noem dat Wayne se houding teenoor haar baie verbeter het en dat Wayne nou selfs in die huis met takies help. Navorser noem 'n paar riglyne vir Wayne en sy moeder om hul verhouding te versterk en wat hulle kan doen om aggressiewe gedrag te voorkom (vergelyk paragraaf 4.10 en 3.5).

Wayne gebruik 'n "ek-boodskap" om vir navorser te sê hoe hy voel. Hy sê:" Ek voel bly om hier by tannie te kon gespeel het". Dit dui vir navorser op bewusmaking van sy gevoelens. Wayne is in staat om te sê hoe hy voel.

Navorser en Wayne bespreek al die sessies en die sukses daarvan. Wayne het dit baie geniet. Navorser ontvang positiewe terugvoer vanaf Wayne se moeder. Navorser praat van verdere opvolgsessies indien dit nodig sou wees. Die sessie word afgesluit deur saam lekker partytjie te hou.

**Assessering**

Wayne het 'n behoefte aan erkenning en liefde gehad. Tydens die sessies kon Wayne van sy gevoelens bewus word en hierdie gevoelens met sy ma deel. Die binding tussen ma en kind het beslis verbeter. Wayne is in kontak met sy gevoelens en sy omgewing. Hy weet nou wat van hom verwag word. Hy verstaan aggressie en kies om die "gelukkige aggressiemonster" te volg.

Wayne se botsende gevoelens oor sy pa se dood, en sy verhouding met maats en sy ma het veroorsaak dat hy aggressiewe gedrag openbaar. Deur middel van die sessies het Wayne geleer hoe om sy aggressie te hanteer en hanteringstrategieë aan te leer. Wayne kan nou vir sy aggressiewe gedrag verantwoordelikheid neem. Hy kon saam met sy ma aan oplossings dink om sy gedrag meer sosiaal-aanvaarbaar te maak. Dit is vir navorser duidelik dat Wayne deur die loop van die sessies vanaf die valse laag tot die eksplosiewe laag gegroei het. Die doelstellings van die studie is in die verloop van die sessies bereik. 'n Duidelike uiteensetting van die groei word in paragraaf 6.8 bespreek.

### 6.7.2 Melissa, 7 jaar oud

**Agtergrondsgeskiedenis:**

Melissa se moeder verwys haar vir terapie. Melissa se ouers is die afgelope jaar met 'n egskeiding besig. Melissa se vader woon tans in 'n ander dorp. Weinig tot geen kontak kom die afgelope jaar van die vader af nie. Die egskeiding is nog nie afgehandel nie. Dit blyk of die moeder toesig en beheer oor Melissa sal kry. Melissa en haar ma woon alleen in 'n woonstel. Melissa is die enigste kind. Aanmeldingsprobleem: sedert die egskeiding het Melissa aggressiewe gedrag openbaar. Volgens die moeder vertel sy leuens. Melissa se skoolvordering is egter positief. Melissa se moeder is bekommerd oor haar aggressiewe gedrag en die invloed wat die egskeiding op Melissa het.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

### 6.7.2.1 Verloop van sessie een (kind en moeder)

Melissa is baie opgewonde oor die sessies. Goeie kontak is tydens die sessie bewerkstellig. Die navorser kon die uiteensetting van die tien sessies en kontraksluiting met beide ouer en kind bespreek (Bylae A en B). Melissa se vader sal nie die sessies kan bywoon nie, aangesien hy in 'n ander dorp woon. Melissa se ma gee toestemming dat navorser hom telefonies mag kontak. Tydens die sessie het Melissa se ma die skale (Bylae C en D) voltooi, terwyl navorser saam met Melissa na die speelkamer gegaan het. Navorser wys vir Melissa al die speelgoed en verduidelik die reëls van die speelkamer.

Navorser help Melissa om die skaal (Bylae E) te voltooi. Melissa toon belangstelling in die vrae. Sy gee goeie samewerking. Melissa vertel dadelik vir navorser dat haar ouers nie meer bymekaar woon nie. Hulle is besig om te skei. Melissa noem dat sy haar pa baie min sien. Sy sal bly wees as hy ook hier kon wees. Melissa vertel vir navorser dat sy in Graad 1 is en dit baie geniet. Melissa gesels graag met navorser. Sy is op haar gemak. Daar bestaan reeds 'n vriendskapsverhouding tussen Melissa en navorser.

Melissa wil graag bal gooi in die speelkamer. Op navorser se vraag of sy baie buite speel, noem sy dat sy net by die skool kan speel. By die woonstel is dit te gevaarlik om alleen buite te speel. Sy kan by haar pa speel, want hy het 'n groot huis en 'n tuin, maar sy sien hom min. Navorser bemagtig Melissa en noem dat sy hier in die speelkamer mag bal gooi. Melissa en navorser gaan sit by haar ma en beplan die volgende sessie. Melissa sien uit om weer te kom.

**Assessering**

Daar bestaan reeds 'n goeie verhouding tussen Melissa en navorser. Melissa gesels maklik met navorser, wat 'n aanduiding van vertroue is. Sy toon tans geen tekens van aggressie nie en kan moontlik haar gevoelens ontken. Melissa funksioneer in die valse laag van Perls. Sy tree spontaan op en poog om haar seer weg te steek.

Melissa vertel tydens die sessie dat haar ouers besig is om te skei. Sy is bewus van die situasie tussen haar ouers. Sy toon geen negatiewe gevoelens toe sy vir navorser van haar omstandighede vertel het nie. Melissa is 'n ekstrovert. Sy het 'n mesomorfiese bou. Haar liggaamsbou blyk nie 'n negatiewe invloed op haar ontwikkeling te hê nie. Melissa blyk nie skaam te wees nie en toon baie belangstelling in die sessies. Volgens Melissa se ma sosialiseer sy goed met haar maats. Sedert die egskeiding luister sy nie vir haar ma nie. Melissa wil geen verantwoordelikhede nakom nie.

Melissa se reaksie rondom die egskeiding is tipies die van'n kind wat nie tyd en ruimte ervaar om haarself te vind nie (vergelyk paragraaf 4.8.1). Voortdurende rusies en toutrekkery tussen die ouers kan verwarring by Melissa veroorsaak.

**6.7.2.2 Verloop van sessie twee (kind alleen)**

Melissa is baie bly om navorser te sien. Sy noem dat dit met haar goed gaan. Melissa het haar pa die afgelope drie maande nie gesien nie. Volgens Melissa werk haar pa en kan nie so ver ry om haar te kom haal nie. Melissa noem dat sy haar pa mis.

Navorser bied vir Melissa keuses om enige medium te kies om mee te speel. Melissa hou van teken en wil graag vir navorser 'n prentjie teken. Sy teken 'n huis met baie bome en blomme om die huis. Melissa noem dat dit hulle huis was. Sy en haar ouers het in die huis gewoon. Melissa wil nie verder oor haar prentjie praat nie. Sy bêre die prentjie op navorser se tafel. Sy toon weerstand om verder oor haar prentjie uit te brei. Melissa en navorser vul haar skaal (Bylae E) verder in. Sy verstaan die vrae en vul maklik die vrae oor haar skool, maats en haarself in.

Melissa voltooi beide skale (Bylae F en G) oor emosionele bindinge met haar vader en moeder. Sy noem dat sy baie lief vir haar pa en haar ma is. Dit is vir haar moeilik om tussen hulle te kies. Melissa vertel uit haar eie uit dat haar ouers oor haar baklei. Sy weet soms nie meer wie om te glo nie. Navorser bemagtig haar deur vir haar 'n storie oor egskeiding te lees, sodat sy dit beter kan verstaan. Melissa noem dat sy hartseer voel en

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

wens dat haar ouers weer bymekaar sal wees. Op navorser se vraag of haar ouers haar van die egskeiding vertel het, antwoord sy dat haar pa eerste weg is. Hy bly nou by 'n ander tannie. Melissa se ma blyk die primêre versorger te wees, maar dit blyk dat haar ma haar nie vertel wat hul (die ouers) beplanning is nie. Dit veroorsaak dat Melissa verward is en self skuldgevoelens oor die egskeiding ervaar.

Navorser verduidelik aan Melissa watter gevoelens tydens 'n egskeiding na vore kan kom. Navorser verduidelik ook die ouers se rol tydens egskeiding. Melissa noem dat sy vir nog seerkry bang is. Sy identifiseer haar seer gevoelens met navorser se metaforiese verduideliking. Melissa sê: "Ek wil niemand vertrou nie, grootmense maak net seer as hulle baklei. Tannie ek voel bang". Melissa raak van haar gevoelens bewus, maar kan dit nog nie erken nie. Melissa vra of sy kan legkaart bou. Haar konsentrasie dwaal volgens navorser. Dit kan 'n aanduiding wees dat sy verdedigingsmeganismes gebruik om te verhoed dat navorser by haar ware gevoelens uitkom.

Melissa geniet die legkaarte. Daar is ruimte gelaat vir keuses, byvoorbeeld sy kon kies waar sy wou sit en watter legkaart sy mee wil speel. Keuses gee aan die kind beheer (vergelyk paragraaf 5.3). Tydens die legkaartbou gee navorser vir Melissa die geleentheid om in beheer van haar gevoelens te kom. Sy voel ontspanne en geniet die sessie, en navorser se teenwoordigheid. Melissa ruim die legkaarte op. Navorser berei haar op die volgende sessie voor.


**Assessering**

Baie goeie kontak is tussen die navorser en Melissa bewerkstellig. Egskeiding bring emosionele omwenteling en verliese vir die kind na vore (vergelyk paragraaf 4.8.1). Melissa beskik nog nie oor konkrete begrippe vir egskeiding nie en ervaar die egskeiding as 'n "ongeïdentifiserende vyand" wat haar gesonde proses van kindwees bedreig. Melissa het tydens die sessies 'n sterk fantasie ten opsigte van die hereniging van haar ouers beleef.

Melissa voel tydens die sessie onseker wat van haar ouers verwag word, aangesien dit blyk dat daar baie konflik tussen die ouers is. Haar reaksie is "seer gevoelens" wat moontlik tot aggressiewe gedrag kan lei. Melissa kon tydens die invul van die vraelyste reeds vir navorser vertel van haar behoeftes wat 'n aanduiding is dat sy navorser vertrou. Dit blyk egter asof sy nie enige vertroue in volwassenes het nie. Melissa maak tans nog gebruik van verdedigingsmeganismes omdat sy nie in kontak met haar gevoelens is nie.

Die kinderfunksioneringsinventaris (Bylae E) is slegs benut om die kind se maatskaplike funksionering te bepaal. Die voor-en nameting van die ander skale word aan die einde van elke gevallestudie bespreek. Volgens die verwerking van hierdie skaal kan Melissa se selfpersepsie soos volg in figuur 6.6 deurgegee word.

Figuur 6.6 Selfpersepsie van Melissa





Volgens die verwerking van die kinderfunksioneringsinventaris (Bylae E) is Melissa se hoogste tellings angstigheid, voel verantwoordelik vir ander en skuldgevoelens. Volgens die verwerking van die vraelys beleef Melissa 'n gebrek aan sekuriteit in verhoudings en is bang om emosioneel seer te kry. Sy is bang vir die toekoms, en vrees verwerping en mislukking. Navorser is van mening dat as gevolg van Melissa se huidige onsekerhede, die proses van rou oor die verlies aan die bekende, asook gesinsdisintegrasie geblokkeer word. Haar leefwêreld word dus as gevolg van onsekerhede gefragmenteer. Sy weet byvoorbeeld nie wanneer haar pa haar vir besoeke kom haal nie. Struktuur in die verband

sou haar lewe aansienliker makliker maak. Sy hoef dan ook nie verantwoordelik te voel vir haar pa se optredes nie en sal ook minder skuldgevoelens ervaar.

Die traumadinamika van Melissa se skaal kan as volg in figuur 6.7 uiteengesit word.

Figuur 6.7 Melissa se traumadinamika




Volgens die verwerking van die kinderfunksioneringsinventaris vind Melissa dit moeilik om ander te vertrou. Die oorsaak kan toegeskryf word aan die teleurstelling oor haar ouers se optredes. Haar pa stel haar ook teleur deurdat hy nie besoeke nakom nie. Melissa voel hulpeloos, haar ervaringswêreld is baie negatief. Sy voel verwerp, eensaam en niks het meer sin in die lewe nie. Volgens navorser het Melissa 'n behoefte aan "behoort-aan". Die huidige omstandighede laat toe dat Melissa nie kan stabiliseer nie.

Melissa se gedrag dui daarop dat sy in Perls se fobiese laag beweeg. Sy onderdruk steeds haar seer gevoelens, omdat sy bang vir verwerping is.

**6.7.2.3 Verloop van sessie drie (kind alleen)**

Melissa was bly om navorser te sien. Sy vertel dat sy 'n lekker week gehad het. Sy noem uit haar eie uit dat haar pa haar gebel het en gesê het dat hy haar oor twee weke kom haal vir 'n naweekbesoek. Melissa is baie opgewonde hieroor.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

Tydens die benutting van die verskillende reuk- en smaakbotteltjies kon Melissa maklik die verskillende geure en smake identifiseer. Sy geniet die herkenning van verskillende teksture baie. Dit blyk dat Melissa van haar verskillende sintuie bewus is. Sy haal diep asem en ruik aan die botteltjies. Sy proe en gril vir suur smake. Sy geniet die soet smake en raak met verskillende dele van haar liggaam (hande, elmboë, voete en knieë) aan die verskillende teksture.

Tydens die benutting van die "Listen Lotto" speletjie kan Melissa maklik die verskillende geluide identifiseer. Sy geniet die musiek baie. Melissa kies kaartjies wat vir haar mooi is en pas elke kaartjie by die bypassende geluide. Dit is vir navorser duidelik dat dit deel van Melissa se proses is om netjies en versigtig te werk. Sy kies die verskillende kaarte maklik.

Navorser en Melissa kyk na 'n kaart met verskillende gesigsuitdrukkings. Melissa het nie geweet dat daar so baie verskillende gesiggies is nie. Sy hou die meeste van die gesiggies wat lag en bly is. Op navorser se vraag oor hoe sy gevoel het toe haar ouers uitmekaar is, wys sy na die hartseer gesiggies. Melissa spreek weer haar behoefte uit om haar ouers bymekaar terug te hê. Na navorser se verduideliking van die egskeidingsproses in die vorige sessie, verstaan Melissa dat dit nie tans moontlik is nie. Melissa noem dat sy soms na haar pa verlang, maar te bang is om vir haar ma daarvan te vertel. Melissa noem dat haar ma nie meer van haar pa hou nie. Partykeer klink dit vir haar of haar pa sleg is. Op navorser se vraag oor hoe dit haar laat voel, antwoord sy dat sy deurmekaar raak, want haar ouers baklei baie. Sy weet nie wie se kant om te kies nie. Dit is 'n aanduiding vir navorser dat Melissa haar lojaliteit teenoor beide ouers uitspreek. Navorser bemagtig Melissa deurdat sy nie tussen haar ouers hoef te kies nie. Albei is ewe lief vir haar. Melissa kan weer gelukkig voel, omdat haar ouers vir haar lief is. Melissa identifiseer gelukkige gesiggies op die gevoelskaart en kan gebeurtenisse in haar lewe onthou wat lekker was.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

**Assessering**

Melissa is ontspanne tydens die sessie. Dit is vir navorser duidelik dat Melissa graag haar pa wil sien. Dit blyk of sy elke keer met besoeke haar vertroue in hom plaas, maar telke male stel hy haar teleur deur nie op te daag nie.

Melissa blyk in kontak met haar sintuie te wees. Sy ken die verskillende sintuie en geniet die oefeninge baie. Melissa raak van verskillende gevoelens bewus. As gevolg van die spanning tussen Melissa se ouers veroorsaak dit negatiewe gevoelens by haar. Melissa weet nie wat van haar ouers verwag word nie, omdat hulle gedurig rusies het. Melissa se pa blyk nie sy besoeke na te kom nie, wat veroorsaak dat sy verder negatiewe gevoelens ervaar. Melissa onderdruk haar gevoelens, omdat sy bang is haar ouers verwerp haar. Sy is baie lojaal teenoor beide haar ouers.

As gevolg van die onsekerhede in Melissa se lewe en die onvermoë om te weet hoe om dit te hanteer, gebruik sy haar negatiewe gevoelens, soos aggressie en ongehoorsaamheid teenoor haar moeder, as wapen om haarself te beskerm. Struktuur in dié verband sal haar lewe aansienlik makliker maak, haar die geleentheid bied om binne grense te funksioneer, en onnodige fragmentasies en onsekerhede uit skakel.

Melissa gee nog nie in haar aggressiewe gedrag uiting nie. Sy raak van haar gevoelens bewus, maar weet nie hoe om dit te hanteer nie. Sy wil graag 'n oplossing hê om beter te voel. Die doel van die sessie is bereik deurdat Melissa haar gevoelens rondom die egskeiding kon verbaliseer en daarvan bewus word.

Melissa bied nie meer weerstand in die sessie nie. Sy beweeg vanaf die impasse laag van Perls na die implosiewe laag van Perls. Sy wil graag met haar gevoelens in kontak kom en oplossings daarvoor kry.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

**6.7.2.4 Verloop van sessie vier (kind alleen)**

Melissa is baie opgewonde om navorser te sien. Sy vertel dat hulle vandag op 'n uitstappie na die dieretuin was. Sy het dit baie geniet.

Navorser en Melissa kyk na die gevoelsgesiggies en bespreek die vorige sessie se gevoelens. Navorser vra vir Melissa om 'n prentjie te verf oor hoe sy voel. Melissa verf 'n prentjie van haar gesin. Sy sê dat sy net hartseer voel. Op navorser se vraag oor wie haar hartseer maak, antwoord sy dat haar ouers haar kwaad maak. Sy is die enigste kind en het niemand om mee te praat nie. Melissa sê sy voel soms so kwaad dat sy sommer sal wegloop. Navorser vra Melissa om 'n dialoog met die verskillende dele in haar prentjie te voer. Melissa kan vir haar ouers sê dat sy hartseer voel. Sy vra hulle om op te hou baklei. Sy spreek weer die behoefte uit om haar pa te sien. Sy raas met hom en sê sy is kwaad wanneer hy nie opdaag nie. Melissa kyk vir navorser en sê dat navorser ook iets moet sê. Navorser kon positiewe dialoog oor Melissa se ouers voer. Navorser vertel weer die redes van die egskeiding en dat haar ouers keuses gemaak het. Navorser verduidelik aan Melissa keuses en koppel dit aan gevoelens. Navorser verduidelik aggressie as gevoel. Melissa noem dat sy al baie kwaad geword het. Sy wil graag kies om net gelukkig te voel.

Tydens die benutting van die roosboomtegniek, teken Melissa 'n boom wat in 'n tuin staan met appels in (vergelyk figuur 6.8). Sy maak van projeksies gebruik deurdat die boom 'n "magic" boom is. Die appels in die boom stel geluk voor. Sy noem dat appels altyd rooi is en lekker proe. Haar lewe kan ook rooi (mooi) en lekker (gelukkig) wees. Melissa noem dat sy altyd vir haar ouers lief bly. Die boom is ook spesiaal omdat hy die grootste in die tuin is en kan toor. Melissa wens dat haar lewe weer kan wees soos dit was. Sy vertel vir navorser van hulle huis en haar honde. Sy fantaseer oor die hereniging van haar ouers. Navorser en Melissa kon saam haar gevoelens oor die huidige situasie bespreek. Melissa kon hier haar ware gevoelens erken en verstaan.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

**Assessering**

Daar bestaan 'n goeie vertrouensverhouding tussen Melissa en navorser. Melissa het tydens die sessie op haar gemak gevoel en kon maklik 'n dialoog met haar prentjie voer. Melissa kon haar ten volle in haar prentjie inleef.

Melissa raak van haar gevoelens bewus en kon tussen haar hartseer en haar kwaad gevoelens 'n onderskeid tref. Volgens navorser neem die ouers nie Melissa se behoeftes in ag nie. Melissa het 'n behoefte aan sekuriteit en erkenning. 'n Kind kan slegs in kontak met sy gevoelens wees indien sy behoeftes bevredig word (vergelyk paragraaf 4.2).

Dit was vir navorser tydens die sessie duidelik dat Melissa meer beheer oor haar situasie begin ervaar. Melissa verstaan die egskeidingsproses en kon insig in haar ouers se optredes toon. Melissa het in beheer gevoel toe sy 'n dialoog met die verskillende dele in haar prentjie kon voer. Sy wil nie meer hartseer wees nie.

Melissa se gedrag toon daarop dat sy in die implosiewe laag van Perls beweeg. Sy ontdek nuwe kragte in haarself en is bereid om deur middel van alternatiewe maniere van optredes haar omstandighede te hanteer.



Figuur 6.8: Melissa se roosboom

### 6.7.2.5 Verloop van sessie vyf (kind alleen)

Navorser vra vir Melissa of sy die naweek by haar pa was. Melissa noem dat haar pa haar nie kom haal het nie. Hy het gewerk. Melissa noem dat dit "okay" is. Navorser kan wel die teleurstelling op haar gesig raaksien. Melissa noem dat dit verder goed gaan. Tydens die grafiese gesinsbeelding teken Melissa haarself met haar ma. Sy noem dat dit net hulle twee alleen is wat saamwoon. Vanuit die assessering van die grafiese gesinsbeelding noem Melissa dat sy en haar ma goed oor die weg kom. Sy baklei soms met haar ma, want haar ma wil nie vir haar "goed" koop wat sy nodig het nie. Volgens Melissa werk haar ma net die heeltyd. Melissa noem dat haar ma geld moet verdien om vir hulle te sorg. Dit blyk of Melissa se ma haar reeds ingelig het oor die nuwe veranderings in hul lewenstandaarde. Op navorser se vraag oor hoe Melissa oor haar pa voel, antwoord sy dat sy hom mis. Haar pa het altyd vir haar alles gekoop. Maar nou kan hy ook nie meer net koop nie. Melissa noem dat haar verhouding met haar pa goed is.

'n Kind se reaksie rondom egskeiding kan die ouer-kind verhouding skade aandoen, aangesien die kind nie die egskeiding verstaan nie, nie weet hoe om sy gevoelens te hanteer nie en dan die ouer (hoofsaaklik die primêre ouer) as teiken gebruik vir onaanvaarbare gedrag soos ongehoorsaamheid (vergelyk paragraaf 4.8.1). Volgens die moeder luister Melissa nie vir haar nie, is ongehoorsaam en kry woede-uitbarstings. Dit dui daarop dat Melissa verdedigingsmeganismes benut het om haarself te beskerm. Die ouers sowel as die kind kan dus 'n oorsaak wees van swak ouer-kind verhoudings (vergelyk paragraaf 2.4.1).

Melissa geniet die fantasiereis baie. Sy vertel vir navorser dat sy saam met haar ouers na die maan wil vlieg. Melissa beplan saam met navorser die hele episode na die maan. Tydens die fantasiereis teken Melissa haar gesin met elkeen se tas wat gepak is, net reg om te vlieg. Navorser vra vir Melissa of die aggressiewe gevoel in haar prentjie is. Melissa noem dat sy steeds kwaad voel oor wat met haar ouers gebeur het. Sy is ook vir haar pa kwaad wat haar nie wil sien nie. Melissa beleef die min kontak met haar pa as

baie negatief. Hierdie onsekerhede weerhou haar daarvan om ten volle met haar gevoelens kontak te maak.

Navorser gee vir Melissa toestemming om kwaad te mag wees. Sy noem dat haar pa en ma regtig lyk of hulle hulle tasse gepak het. Melissa raas met haar prentjie. Sy raas tot met haarself en sê:" Jy mag nie meer jok nie, dis lelik, jy moet mooi wees met jou mamma en pappa". Op navorser se vraag of Melissa in die werklike lewe soos in die prentjie voel, antwoord sy "ja". Sy vertel soms nie die hele waarheid nie, want sy is bang haar ma raas met haar. Dit wil voorkom of Melissa bang is om haar gevoelens rondom haar pa voor haar ma te noem. Melissa beskerm haarself deur leuens te vertel.

Navorser moedig Melissa aan om positiewe gevoelens te kies. Sy hoef nie bang te wees nie. Melissa kies gevoelsgesiggies en plak dit op haar prentjie. Navorser moedig Melissa aan om haar aggressiewe gevoelens te erken en te besit. Sy besef dat sy beter sal voel as sy luister en haar gevoelens sê.

Navorser het hierna daarop gefokus om vir Melissa te vra om 'n veilige plekkie te teken. Melissa teken die woonstel en noem dat sy tog veilig daar voel. Melissa stel voor dat sy haar pa sal bel en sê hoe sy voel. Dalk kan sy hom altyd bel as sy baie verlang. Navorser stem saam en dink dis 'n goeie idee. Melissa se ma moet ook daarvan weet. Melissa dink ook daaraan om haar ouers se egskeiding te aanvaar. Navorser moedig haar aan om haar gevoelens weer te sê. Melissa voel beter.

**Assessering**

Melissa geniet die sessies baie. Sy kan op hierdie stadium makliker vir navorser sê hoe sy voel.

Melissa geniet die fantasiereis en leef haar ten volle daarin. Die belangrikste persone in haar leefwêreld blyk haar ouers te wees. Melissa beskou haar vader en haar moeder as beskermers. Sy beleef haar verhouding met beide positief wanneer sy alleen by elkeen is.

Die las wat daar op haar geplaas word om onregverdige keuses te maak en haar onsekerhede oor die toekoms veroorsaak dat Melissa nie in kontak met haar gevoelens kan kom nie. Volgens navorser het Melissa grense nodig waarbinne sy veilig kan voel en gesonder kan funksioneer.

Aan die begin van die sessie het Melissa 'n gebrek aan selfregulerende gedrag getoon, omdat sy nie van haar aggressiewe gedrag bewus is nie. Tydens die benutting van die aggressiewe gevoel kon Melissa meer van haar kwaad gevoelens bewus word. Sy poog om verantwoordelikheid vir haar gedrag te aanvaar. Dit dui vir navorser daarop dat sy beheer oor haar gevoelens wil neem. Die sessie is afgesluit deur aan Melissa te vra om 'n veilige plekkie te teken. Melissa beleef sekuriteit by haar moeder. Sy voel veilig in haar bekende omgewing.

Melissa is steeds in die implosiewe laag van Perls. Melissa erken dat sy graag die egskeiding wil aanvaar en haar behoeftes met haar ouers wil deel. Sy wil graag met nuwe gedrag eksperimenteer.

**6.7.2.6 Verloop van sessie ses (kind alleen)**

Melissa is opgewonde om navorser te sien. Sy noem dat haar ouers se egskeiding nog nie verby is nie. Haar ma was in die hof gewees om te besluit waar Melissa moet bly. Melissa noem dat sy graag eerder by haar ma wil bly. Dis lekker by haar pa, maar sy werk neem te veel tyd in beslag om vir haar te versorg. Sy wil ook nie saam met die ander tannie bly by wie haar pappa nou is nie. Melissa vertel dat haar ma vir haar gesê het dat haar pa iemand anders het waarvoor hy nou lief is. Melissa sê sy was hartseer om dit te hoor, maar sy kon vanuit die vorige sessies beter voel oor haar ouers se egskeiding.

Tydens die sandspel word Melissa die geleentheid gebied om 'n positiewe en 'n negatiewe sandtoneel te maak. In die positiewe sandtoneel kies sy die diere wat geen gevaar inhou nie. Sy kies 'n gesin. Sy speel herhaaldelik 'n toneel uit waar die baba-perdjie deur die ander beskerm word. In die negatiewe sandtoneel het sy 'n aantal

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

gevaarlike diere gekies (vergelyk figuur 6.9). Navorser skets 'n storie waar die baba-perdjie se lewe bedreig word. Melissa het dadelik genoem dat niemand die "mamma-perdjie", "pappa-perdjie" of die "baba-perdjie" mag seermaak nie. Sy laat die goeie diere met die slegte diere baklei en begrawe al die slegte diere. Sy begrawe herhaaldelik die diere in die sand.

Op navorser se vraag of die toneel in haar eie lewe inpas, antwoord sy "ja". Sy noem dat sy net partykeer nog vir haar ouers kwaad is. Sy hou nie van egskeiding nie. Melissa maak van projeksies gebruik deur te sê dat die slegte diere die egskeiding voorstel. Egskeiding vernietig geluk. Sy wens sy kon haar ouers weer bymekaar kry, maar sy besef dat dit tans onmoontlik is. Dit maak haar net hartseer en kwaad. Navorser gee Melissa toestemming om haar gevoelens te mag ervaar en dat sy nie hoef bang te voel nie. Melissa besluit om 'n dagboekie te maak waarin sy al haar gevoelens gaan neerskryf. Navorser moedig haar aan om dit te doen.

Melissa vertel vir navorser dat haar maatjie se ouers lank terug geskei is. Haar maatjie bly ook by haar ma. Sy lyk gelukkig. Navorser moedig Melissa aan om met die maatjie oor egskeiding te gaan praat. Melissa dink dis 'n goeie idee.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

Figuur 6.9: Melissa se sandtoneel



University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

**Assessering**

Melissa het die sandbak geniet. Die sandkorrels is grof en Melissa het gedurig voor die toneel met haar vingers in die sand gespeel. Sy het selfs vir navorser gevra of dit seesand is. Dit is 'n aanduiding vir navorser dat Melissa se bewustheid hoog is.

Melissa het duidelik in beheer gevoel toe sy haar eie miniatuurwêreld in die sandbak kon skep. Tydens die sandtoneel is daar deurentyd 'n behoefte aan beskerming en veiligheid deur Melissa geopenbaar. Sy voel veilig met mense naaste aan haar en daarom posisioneer sy hulle om haar sodat hulle haar teen "slegte diere" kan beskerm. Sy erken tydens die sessie haar behoeftes en onvoltooidhede. Sy begin haar ouers se standpunte insien waarom hulle besig is om te skei. Dit is normaal vir Melissa om teen die egskeiding weerstand te bied, omdat sy sekuriteit in haar lewe nodig het. Een van die mees traumatiese gebeurtenisse in kinders se lewe is egskeiding. Kinders verwag dat hul ouers hulle sal versorg en altyd daar sal wees (vergelyk paragraaf 4.8.1). Melissa voel kwaad en toon onaanvaarbare gedrag juis omdat sy teleurgesteld in haar ouers voel. Haar botsende gevoelens kan selfs 'n oorsaak wees hoekom sy aggressief optree.

Tydens die sandtoneel kon Melissa haar aggressie besit en aanvaar. Sy kon haar gevoelens met navorser gedeel het. Sy toon 'n behoefte aan sekuriteit en liefde. Melissa kon deur die benutting van polariteite in haar lewe en die erkenning van gevoelens, tot insig kom oor haar onaanvaarbare optredes teenoor haar moeder. Sy besef dat haar negatiewe gedrag 'n invloed op haar verhouding met haar ouers kan hê.

Melissa se gedrag toon daarop dat sy steeds in die implosiewe laag van Perls is. Sy kon aan haar gevoelens uiting gee, en dit besit en aanvaar. Melissa kon verantwoordelikheid begin neem vir haar gedrag.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

**6.7.2.7 Verloop van sessie sewe (kind alleen)**

Melissa was bly om navorser te sien. Sy noem dat sy die vakansie na haar pa gaan. Haar ma moet vir 'n groot operasie gaan. Haar pa werk te hard om haar nou vir naweke te kom haal. Melissa is opgewonde oor die vakansie. Verder gaan dit goed met haar.

Tydens die benutting van klei as projeksiemedium, geniet Melissa die "modder-gevoel". Sy maak haar vingers met water nat en druk die klei tussen haar vingers. Dit lyk soos modder as die klei nat word. Melissa ruik en proe ook aan die klei. Sy gril vir die smaak. Sy kon enige klei modelletjie maak vir wie sy kwaad voel. Hierna vra Melissa of sy twee balletjies kan maak. Sy noem die balletjies "mamma" en "pappa". Weens die onderdrukte aggressie wat Melissa nog beleef, kan sy die klei op die tafel gooi en sê hoe sy voel. Melissa gooi die balletjies op die tafel en spreek weer haar seer oor die egskeiding uit. Sy bevestig weer haar ongemak met die egskeidingsproses en dat sy beide ouers bymekaar wil hê.

Die sessie word afgesluit deur 'n positiewe dialoog met die handpoppe tussen navorser en Melissa. Navorser gee 'n geleentheid vir Melissa om met die handpoppe te oefen wanneer sy met haar ma of pa wil gesels. Sy geniet dié tegniek baie. Navorser en Melissa dink saam aan maniere om haar aggressie te ontlaai. Melissa besluit om haar gevoelens in 'n dagboek te skryf. Navorser stel voor dat Melissa koerantpapier skeur as sy kwaad is. Sy kan ook vir haar ouers vertel as sy kwaad voel. Navorser gee Melissa toestemming om kwaad te mag word, maar verduidelik aan haar die grense verbonde aan aggressiewe gedrag. (Alhoewel aggressie as 'n normale gevoel beskou word, skep die wyse waarop dit tot uiting kom dikwels probleme.)

Navorser bespreek die "gelukkige" en die "ongelukkige aggressiemonster" met Melissa. Melissa verstaan haar aggressie en sy kies om die "gelukkige aggressiemonster" te volg. Sy wil die "ongelukkige aggressiemonster" oorwin.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

Navorser berei Melissa voor om tydens die volgende sessie saam met haar ma te kom. Melissa en navorser gaan gevoelens met haar ma bespreek. Melissa is nie meer bang om haar gevoelens rondom die egskeiding te bespreek nie. Sy wens net dat haar pa ook by kan wees. Navorser stel voor dat navorser haar pa sal kontak en telefonies terugvoer gee.

**Assessering**

Melissa is ontspanne by die navorser. 'n Goeie vertrouensverhouding bestaan tussen Melissa en navorser.

Melissa geniet die kleispel baie. Sy is in kontak met haar gevoelens en haar omgewing. Melissa spreek haar ongemak oor die egskeiding gemaklik uit, deur die benutting van klei as projeksietegniek. Sy kon haar aggressiewe gevoelens teenoor die egskeiding en teenoor haar ouers erken en daaraan uiting gee.

Melissa dink tydens die sessie self alternatiewe maniere uit om haar aggressie te verminder en om haar gevoelens te beheer. Melissa het insig in haar negatiewe optredes begin kry. Sy kan makliker keuses maak en verantwoordelikheid vir haar gedrag neem. Melissa ervaar toenemende beheer oor haar omstandighede.

Melissa se gedrag val in Perls se eksplosiewe laag. Sy kan self kies en verstaan hoe sy voel. Sy weet hoe om haar aggressie te beheer. Melissa is bereid om haar gevoelens wat voorheen onderdruk was, met navorser en haar ouers te deel.

**6.7.2.8 Verloop van sessie agt (kind en moeder)**

Melissa se ma het genoem dat Melissa se gedrag al beter is. Sy sukkel nog met dissipline tuis, maar Melissa se woede-uitbarstings en leuens het verbeter. Melissa is bly om navorser weer te sien en wens dat sy altyd by navorser kan kom speel.

Navorser vra vir Melissa dat sy 'n groot appel moet teken. Melissa se ma help haar om die appel te teken (deel van binding). Navorser vra dat Melissa en haar ma wurms langs die appel moet teken. Dié tegniek help met verhoudingsbou tussen Melissa en haar ma. Ná die metaforiese verduideliking van die wurmtegniek, moes Melissa en haar ma al die struikelblokke en probleme in Melissa en haar ouers se lewe op elke wurm inskryf. Melissa het maklik vir haar ma vertel wat haar pla en erken dat sy nie altyd vir haar ma luister nie. Die egskeiding het 'n invloed op Melissa se menswees en al manier hoe sy uiting aan haar gevoelens kon gee was deur aggressief op te tree en nie te luister nie.

Melissa vertel vir haar ma die verskil tussen die "gelukkige en die ongelukkige aggressiemonster". Melissa noem uit haar eie uit dat sy gelukkig wil wees. Melissa gee 'n aanduiding aan navorser dat sy in beheer van haar gevoelens is. Melissa en haar ma vind saam oplossings oor hoe om die probleme wat hulle geïdentifiseer het, te verminder. Melissa se ma noem dat sy nie bewus was dat die egskeiding so 'n groot invloed op Melissa gehad het nie. Sy raak bewus van Melissa se behoeftes.

Melissa was nie lus om iets in die speelkamer te kies om mee te speel nie. Sy vra egter of sy vir haar ma 'n prentjie kan teken. Melissa teken haar ma en haarself waar hulle in die tuin speel. Melissa noem dat die prentjie haar gelukkig laat voel. Melissa se ma gee haar erkenning vir die mooi prentjie. Melissa sien uit na die volgende sessie. Sy wil dadelik weet of haar ma weer saam kom. Sy wil dit graag so hê.

**Assessering**

Melissa toon tydens die sessie beheer oor haar gevoelens en haar ouers se egskeiding. Melissa noem dat sy saam met haar ma gelukkig wil wees. Sy wil nie meer die "ongelukkige aggressiemonster" wees nie. Sy oortuig haar ma en navorser dat sy haar onaanvaarbare gedrag verstaan en uiting kan gee aan gevoelens wat seer en kwaad is. Melissa maak makliker keuses en beplan saam met haar ma om oplossings te vind vir die struikelblokke wat hulle verhouding skade aandoen, sowel as haar eie seer.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

Melissa kan haar gevoelens in die hier-en-nou ervaar. Dit is vir navorser 'n aanduiding dat Melissa gegroei het tydens die sessies en dat sy beslis in die eksplosiewe laag van Perls is.

#### 6.7.2.9 Verloop van sessie nege (kind en moeder)

Melissa en haar ma noem dat dit goed gaan. Dis amper vakansie en dan gaan Melissa na haar pa toe. Melissa sien uit na die kuier by haar pa.

Tydens die sessie gee navorser 'n geleentheid vir Melissa en haar ma om die wurmtegniek te evalueer. Melissa noem dat sy nie in die week eers raas gekry het nie. Haar ma noem dat sy Melissa meer in ag neem en dat hulle elke aand tyd vir mekaar maak om te gesels oor alles wat pla of wat die dag lekker was. Laasgenoemde dui vir navorser daarop dat Melissa en haar ma se verhouding verbeter het en dat beide mekaar se behoeftes in ag neem. Melissa se ma noem dat Melissa ook nou elke Woensdag met haar pa oor die telefoon gesels. Dit maak haar gelukkig.

Tydens die sessie word daar deur die benutting van handpoppe en rollespel op hulle verhouding gefokus. Melissa geniet die oefening baie. Navorser bemagtig Melissa deur haar toestemming te gee om weer met die handpop (haar ma) te raas en te sê hoe sy voel. Melissa neem 'n besluit om haar aggressie te beheer. Sy vertel vir die handpop dat sy lank terug vir haar ma kwaad was. Toe die ander pop vra hoekom sy kwaad was, kon Melissa antwoord dat haar ma haar nie verstaan het nie en van haar vergeet het. Melissa noem dat sy reeds beter voel, want haar ma is weer terug. Melissa noem dat dit werklik gebeur het. Navorser motiveer Melissa en gee haar erkenning omdat sy haar gevoelens kon vertel het. Melissa se ma gee haar 'n drukkie.

Navorser berei Melissa op afsluiting van die sessies voor. Melissa vra weer vir navorser of haar pa gekontak kan word. Sy toon 'n behoefte om haar gevoelens met hom te deel. Melissa se ma gee toestemming dat haar pa gekontak kan word

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

**Assessering**

Melissa toon dat sy tans in balans van haar gevoelens, haar self en die omgewing is. Sy is voorberei om self verantwoordelikheid vir haar gedrag te neem. Sy maak makliker keuses. Melissa se gedrag sal weer negatief raak indien die ouers nie saamwerk nie. Melissa se gedrag is tipies dié van 'n kind wat aan egskeiding blootgestel word. Melissa se ma en pa behoort leiding te ontvang om in belang van Melissa op te tree. Dit blyk dat gesonde kontakmaking en gesonde identifikasie met haar ouers slegs moontlik is indien beide partye in belang van Melissa optree. Melissa se ma kon tydens die sessie tot besef kom dat Melissa ook behoeftes het wat bevredig moet word. Hierdie sessie is dus positief benut deurdat die moeder by terapie ingeskakel het.

Melissa is in staat om haarself te onderhou en in kontak met haar gevoelens te wees, mits die ouers haar behoeftes in ag neem. Met toenemende konflik tussen die ouers, "toutrekkery" oor naweekbesoeke en gesprekke oor mekaar, word Melissa se gesonde groei en emosionele aanpassing net verder belemmer.

**6.7.2.10 Verloop van sessie tien (kind en moeder)**

Melissa voel hartseer omdat dit die laaste sessie is. Sy is darem opgewonde om haar pa binnekort te sien. Navorser het haar pa gekontak en Melissa se behoeftes met hom bespreek. As gevolg van die twis tussen die ouers, het Melissa se pa dadelik die skuld vir haar ma gegee oor Melissa so aggressief geword het. Navorser kon slegs die egskeidingproses vir die vader verduidelik en die trauma waardeur 'n kind gaan. Hy kom egter bombasties voor en het nie veel insig getoon nie. Navorser kan net hoop dat hy Melissa reg sal hanteer om aan haar die nodige erkenning te gee. Melissa het dit nodig.

Melissa en haar ma evalueer die sessies en noem dat dit baie waardevol vir hulle verhouding was. Daar word 'n geleentheid gegee om die vraelyste weer in te vul. Na afloop van die vraelyste hou navorser saam met Melissa en haar ma partytjie. Verdere

sessies word beplan indien Melissa se gedrag herhaal, veral na die vakansie wanneer sy van haar pa af terugkom.

**Assessering**

Vanuit die spelterapeutiese sessies blyk dit dat Melissa met haarself en die omgewing in kontak is. Sy het duidelik na die eksplosiewe laag van Perls gegroei. Melissa se gedrag het volgens die moeder verbeter. Sy neem meer verantwoordelikheid en luister beter. Melissa vertel nie meer leuens nie. Melissa se ma se aandag is nou op Melissa se behoeftes gefokus. Insigontwikkeling het dus plaasgevind. Die vader behoort ook leiding te ontvang om in belang van Melissa op te tree.

Die doelstellings van die studie is bereik deurdat Melissa van haar aggressie bewus is en die ouer-kind verhouding verbeter het. Melissa se ma is bereid om weer vir ouerleiding, spesifiek vir enkelouers in te skakel. Dit lyk of Melissa se ma die sessies waardevol en leersaam ervaar het.

### 6.7.3 Heinrich, 8 jaar oud

Agtergrondsgeskiedenis:
Heinrich se ouers skakel hom vir terapie in. Hy is die jongste van drie kinders. Hy het twee sussies. Heinrich se ouers is bekommerd oor sy aggressiewe gedrag by die huis en by die skool. Hy hou nie van skool nie, en soek gedurig verskonings om nie skool toe te gaan nie. Heinrich konsentreer swak en is geneig om sy ouers te manipuleer.

#### 6.7.3.1 Verloop van sessie een (kind en ouers)

Heinrich blyk nie baie lus vir die sessies te wees nie. Hy vra sy ma om vir hom lekkers te gaan koop waarop sy "nee" geantwoord het. Heinrich probeer sy ma voor navorser manipuleer en vra weer. Sy ma gee in en en sê dat sy vir hom na die sessie lekkers sal gaan koop. Heinrich is tevrede. Navorser wil die aanname maak dat Heinrich sy ouers

manipuleer en dat sy ouers nie baie streng optree nie. Dit lyk asof sy ouers die permissiewe ouerskapstyl volg, aangesien daar geen grense en/of dissipline gehandhaaf word nie (vergelyk paragraaf 2.4.2).

Heinrich is nie baie opgewonde oor die sessies nie. Hy stem in om te kom, maar sy nie-verbale gedrag toon negatiwiteit. Navorser bespreek die sessies en kontraksluiting met Heinrich en sy ouers (Bylae A en B). Heinrich se ouers kry die geleentheid om hulle skale (Bylae C en D) in te vul, terwyl navorser en Heinrich na die speelkamer toe gaan. Heinrich vertel vir navorser dat hy moeg is, want hy het 'n lang dag by die skool gehad. Hulle het klasse skoongemaak en versier. Daar is 'n kompetisie oor wie se klas die mooiste lyk.

Heinrich voltooi die kinderfunksioneringsinventaris (Bylae E) sonder dat hy kla of nie verstaan nie. Hy geniet die vrae. Hy twyfel nie oor die vrae nie, en merk elke keer sy antwoord dadelik. Heinrich wil weet met watter speelgoed hy mag speel. Navorser sê dat hy enige medium mag kies. Heinrich wil graag 'n prentjie teken. Hy teken waar hy rugby speel. Hy vertel vir navorser dat hy en sy maats baie van rugby hou. Hy oefen elke middag. Navorser vra of Heinrich van ander sport ook hou. Hy noem dat sy pa by die hoërskool krieket afrig. Hy hou van krieket, maar doen net een sport, want dan kan hy al sy aandag daaraan gee. Dit blyk of Heinrich graag wil presteer. Heinrich is tydens die sessie meer ontspanne.

Navorser en Heinrich gaan terug na sy ouers waar hulle reeds die skale voltooi het. Navorser berei Heinrich voor vir die volgende sessie.

**Assessering**

Heinrich toon weerstand tydens die begin van die sessie. Hy probeer sy ouers manipuleer deur verantwoordelikhede te ontduik en kwaad te word as hy nie sy sin kry nie. Dit blyk of sy ouers geen grense stel nie, met die gevolg dat Heinrich nie weet wat van hom verwag word nie.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

Heinrich is nie bewus van sy aggressiewe gedrag nie. Dit wil vir navorser voorkom of Heinrich sy ouers toets en manipuleer, omdat daar geen grense gestel word nie. Hy wil beheer oor sy optredes hê en aanvaar geen gesag vanaf sy ouers nie. Heinrich het tydens die sessie die skaalvoltooiing geniet. Hy was positief oor die vrae en het die vrae duidelik verstaan. Aan die einde van die sessie het Heinrich vir navorser gesê dat hy graag die volgende sessie sal wil bywoon. Hy wil net nie sy rugby oefeninge by die skool mis nie. Dit blyk of daar reeds in die eerste sessie 'n vertrouensverhouding tussen Heinrich en navorser bestaan.

Heinrich is tans in die valse laag van Perls. Hy bied baie weerstand en ontken sy aggressiewe gedrag. Hy is nie in kontak met sy gevoelens nie, en poog om iets te wees wat hy nie is nie.

**6.7.3.2 Verloop van sessie twee (kind alleen)**

Heinrich is nie baie lus vir die sessie nie. Hy was kwaad toe sy ma hom afgelaai het. Heinrich noem dat sy ma hom in die pouse kom haal het en hy wou nog gespeel het. Navorser noem dat hy in die middae sy rugby sou mis, indien hy nie kan speel nie. Heinrich ignoreer navorser en loop na die tafel. Navorser wil die aaname maak dat Heinrich van sy negatiewe gedrag bewus is, maar dat hy sy aggressie teenoor sy ma gebruik om in beheer te wees. Hy weet dat hy nie gestraf word nie en daarom kry hy dit reg om sy ouers te manipuleer.

Heinrich het reeds tydens die eerste sessie die kinderfunksioneringsinventaris voltooi. Tydens hierdie sessie voltooi hy die skale oor sy verhouding met sy ouers (Bylae F en G). Heinrich blyk nie goed met sy ouers oor die weg te kom nie. Hy noem dat sy ma gereeld met hom raas, al doen hy niks verkeerd nie. Heinrich noem dat hy beter met sy pa as met sy ma oor die weg kom. Hy noem dat sy pa baie besig is by die skool. Hy mag in die middae na sy pa gaan wanneer sy pa by die Hoërskool rugby afrig. Heinrich voel kwaad omdat sy pa nie by die laerskool rugby afrig nie. Op navorser se vraag hoekom hy kwaad

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

voel, antwoord hy dat hy lekkerder sou gewees het as sy pa rugby kon afrig, want dan hoef hy nie die heeltyd saam met sy ma rond te ry nie.

Heinrich het die skale vinnig en maklik ingevul. Hy ontken dat sy negatiewe gedrag 'n probleem in die gesin is. Hy onderdruk sy gevoelens en verloor dus kontak met homself en met die omgewing. Tydens die invul van die skale ervaar Heinrich onvoltooidhede en spreek gedurig sy behoeftes uit om meer tyd saam met sy pa te spandeer. Hy wil graag sy omstandighede beheer.

Heinrich geniet die legkaartbou, en kan maklik die verskillende legkaarte en speletjies van sy ontwikkelingsfase voltooi. Hy het maklik keuses gemaak oor watter legkaarte om te bou. Heinrich noem dat hy wens hy kon ook so lekker by die skool gespeel het as in die terapiekamer. Op navorser se vraag of hy van skool hou, antwoord hy dat dit sleg is. Op navorser se vraag of hy positiewe en negatiewe elemente by die skool kan noem, kon hy dit met gemak doen. Dit blyk of hy maklik in die moeilikheid by die skool kom. Navorser en Heinrich kon saam goeie herinneringe oor skool deel. Heinrich vertel graag vir navorser van al die "kattekwaad" wat hy en sy maats in die klasse aanvang. Dit lyk of Heinrich 'n leier is en moeilik gesag of voorstelle van ander maats aanvaar. Hy wil in beheer wees en maats moet hom volg.

Heinrich help navorser opruim en noem dat hy die sessie geniet het. Navorser berei hom vir die volgende sessie voor.


**Assessering**

Heinrich het tydens die sessie makliker op navorser se vrae en opdragte gefokus. Hy begin om navorser makliker te vertrou. Dit blyk of hy nie van sy aggressiewe gedrag bewus is nie. Heinrich ontken steeds dat hy verkeerd optree en plaas die skuld op sy ouers se optredes. Dit blyk of Heinrich nie werklik weet wat onaanvaarbare gedrag is nie. Hy toon steeds weerstand oor sy aggressiewe optredes. Heinrich spel die behoefte uit om meer tyd saam met sy pa te spandeer. Volgens navorser ervaar Heinrich se moeder sy

aggressiewe gedrag meer intens as wat sy vader dit beleef. Dit kan toegeskryf word aan die feit dat Heinrich meer tyd saam met sy moeder deur die dag spandeer en daarom reageer hy meestal aggressief teenoor haar as teenoor sy vader. Heinrich se pa ervaar tans nie sy aggresiewe gedrag as sosaal-onaanvaarbaar nie. Hierdie verskil tussen die ouers maak dit dan ook makliker vir Heinrich om sy ouers te manipuleer en te toets. Sy pa sien hom min, daarom kan hy maak soos hy wil wanneer hy by sy pa is.

Volgens die verwerking van die kinderfunksioneringsinventaris (Bylae E) toon Heinrich 'n hoë telling in angstigheid. Heinrich onderdruk sy gevoelens omdat hy bang is om seer te kry. Heinrich se selfpersepsie vanuit in die verwerking van die skaal verkry, kan soos volg in figuur 6.10 uiteengesit word.


Figuur 6.10 Selfpersepsie van Heinrich




Vanuit die verwerking van die kinderfunksioneringsinventaris (Bylae E) voel Heinrich verantwoordelik vir ander se geluk. Tydens die sessie noem hy dat hy graag soos sy pa rugby wil speel. Hy probeer hard om sy pa tevrede te stel sodat sy pa trots op hom kan wees. Navorser wil die aanname maak dat Heinrich sy ware gevoelens blokkeer en ontken, om sy pa dus gelukkig en trots te hou.

Heinrich se traumadinamika kan as volg in figuur 6.11 uiteengesit word.

Figuur 6.11 Heinrich se traumadinamika




Volgens die verwerking van die kinderfunksioneringsinventaris hou Heinrich nie van skool nie en kom hy maklik in die moeilikheid by die skool. In skoolverband voel hy moedeloos en hulpeloos om homself te beskerm. Hy reageer aggressief teenoor maats en volwassenes om sy standpunt te bewys. Sy gedrag is kenmerkend van die mesomorfiese bou. Hy tree aggressief en sterk op teenoor sy maats (vergelyk paragraaf 2.2.1.1). Heinrich hou nie van verloor nie en wil graag in beheer wees. Tydens die middelkinderjare word die behoefte om "te behoort" veral beklemtoon. Indien 'n kind nie met maats kan kompeteer en kan leer om te deel nie, word hy maklik verwerp en raak nie deel van 'n groep nie. Heinrich moet dus leer om te deel en om ander se standpunte ook in te sien.

Heinrich is tans in Perls se fobiese laag. Hy blokkeer steeds sy gevoelens en kan nog nie aan sy gevoelens uiting gee nie.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

### 6.7.3.3 Verloop van sessie drie (kind alleen)

Heinrich en sy ma het tot 'n ooreenkoms gekom om die sessies tydens die skoolpouse te hou sodat hy nie sy sport na skool mis nie en ook nie te veel skool mis nie. Heinrich blyk tevrede te wees met die reëling. Hy noem dat dit met hom goed gaan. Heinrich se ma noem vir navorser dat hy nog glad nie sy samewerking by die huis gee nie. Hy wil nog steeds nie vir haar luister nie. Dit blyk nie om vir Heinrich te pla nie.

Heinrich ignoreer sy ma toe sy uit die terapiekamer stap. Op navorser se vraag of iets hom pla of ongelukkig maak, antwoord hy "nee". Dit blyk steeds of Heinrich sy gevoelens wegsteek. Dis vir hom belangrik dat navorser van hom moet hou. Dit is dan ook tipies van hierdie lewensfase van die kind. Tydens die benutting van die verskillende smaak-en reukbotteltjies het Heinrich van stiltes gebruik gemaak om die verskille uit te ken. Navorser het vir hom ruimte gebied om sy keuses te maak. Hy geniet die oefening baie. Heinrich kon aanvanklik nie sê hoe hy tydens die benutting van die reuk- en smaakbotteltjies voel nie. Dit wys vir navorser dat hy nie in kontak met sy gevoelens is nie. Hy raak aan die verskillende teksture en slaag daarin om dit uit te ken.

Heinrich geniet die "Listen Lotto" speletjie en begin spontaan sy gevoelens wys. Met navorser se aanmoediging kon hy saam probeer om die verskillende geluide self na te maak. Heinrich voel meer ontspanne en gemaklik om sy gevoelens weer te gee. Tydens die benutting van die gevoelsgesiggies was Heinrich verbaas hoeveel verskillende gevoelens 'n persoon kan ervaar. Op navorser se vraag of hy gesiggies kan identifiseer van hoe hy al gevoel het, het hy dadelik die hartseer, kwaad en bly gesiggie gekies. Keuses bied aan die kind beheer. Dit was nodig dat Heinrich aan keuses blootgestel moes word, sodat hy sy gevoelens kan besit. Op navorser se vraag hoekom hy die gesiggies gekies het, noem Heinrich dat hy bly voel as hy by sy maatjie gaan speel. Hy voel kwaad vir sy ma omdat sy altyd met hom raas en hy niks mag doen nie. Heinrich vertel vir navorser dat hy hartseer voel omdat sy pa altyd by die Hoërskool is. Hy wens dat sy pa ook by sy skool kan sport afrig. Navorser en Heinrich bespreek verskillende gevoelens en hoe hy sal reageer as hy byvoorbeeld bly, hartseer of kwaad is. Heinrich hou van rollespel

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

en besluit om verskillende reaksies met die handpoppe voor te stel. Volgens navorser raak hy meer van sy gevoelens bewus en dat sekere gevoelens nie altyd aangenaam is nie.

Navorser verduidelik aan Heinrich die "aggressiewe gevoel". Hy noem dat hy ook so kwaad kan word. Heinrich vertel vir navorser dat sy maatjies by die skool hom wil slaan. Hy wen hulle gewoonlik omdat hy terugslaan. Hy was al by die skoolhoof omdat hy té kwaad word by die skool. Dit blyk nie vir Heinrich te pla dat hy raas kry nie. Navorser kry die geleentheid om die "aggressiewe gevoel" se voordele en nadele met hom te bespreek. Heinrich kies self dat hy eerder soet as stout wil wees. Hy weet nog nie hoe om sy gedrag te verbeter nie. Hy tree aggressief op omdat dit die enigste manier is wat hy ken om homself te beskerm.

**Assessering**

Heinrich toon tydens die sessie meer belangstelling om saam te werk. Hy en sy ma kon tot 'n ooreenkoms kom oor die tye van die sessies. Hierdeur leer Heinrich om nie net te ontvang nie, maar ook om te gee. Hy blyk steeds sy moeder te manipuleer en om in beheer te wil wees.

Tydens die benutting van die reuk-en smaakbotteltjies geniet hy die oefening baie. Heinrich sukkel aanvanklik om bewus te word van gevoelens wat hy ervaar, maar kon na 'n rukkie sê hoe hy voel. Hy raak van verskillende gevoelens bewus deur die benutting van die gevoelsgesiggies. Heinrich identifiseer makliker die gevoelens wat hy gereeld ervaar. Hy kon gemaklik met navorser deel oor die rede waarom hy hierdie spesifieke gevoelens ervaar. Hy beskik tans nog nie oor hanteringstrategieë om sy negatiewe gevoelens te beheer nie. Heinrich is ook nie bewus van die impak wat sy aggressiewe gedrag op sy verhouding met sy ouers het nie. Navorser is van mening dat Heinrich se moeder meer aan sy aggressiewe gedrag blootgestel word as sy vader. Sy vader beleef sy aggressie nie as 'n probleem nie, omdat hy min tyd saam met Heinrich spandeer en dié tyd word kwalitatief benut. Navorser wil die aanname maak dat Heinrich se pa nie sensitief is vir Heinrich se optredes nie (vergelyk paragraaf 4.6).

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

Heinrich se gedrag dui daarop dat hy in Perls se implosiewe laag beweeg. Hy het aanvanklik gesukkel om in kontak met sy gevoelens te kom en om sy gevoelens uit te druk. Hy probeer tydens die sessie om sy gevoelens te verstaan en om oplossings vir sy aggressiewe gedrag te vind.

**6.7.3.4 Verloop van sessie vier (kind alleen)**

Heinrich is bly om navorser te sien. Hy noem dat dit goed gaan. Heinrich vertel vir navorser van sy rugbywedstryd en vertel entoesiasties dat hy 'n drie gedruk het. Heinrich noem dat dit by die skool goed gaan. Hy het nie die afgelope week met maats baklei nie. Hy vertel dat dit hom nogal "lekker" laat voel het.

Navorser en Heinrich bespreek weer die gevoelsgesiggies en besluit om oor die "kwaai gesiggie" te gesels. Op navorser se vraag of hy hierdie gesiggie baie sien, antwoord hy dat hy gou kan kwaad word. Heinrich vertel vir navorser dat hy vir sy ma kwaad is. Op navorser se vraag wat hom oor sy ma kwaad maak, antwoord hy dat sy die heeldag met hom raas terwyl sy pa nooit met hom raas nie. Dit voel vir hom asof sy ma hom nie liefhet nie, omdat sy so baie raas. Op navorser se vraag of sy pa ook met hom raas, antwoord hy "nee". Heinrich toon insig toe navorser aan hom verduidelik dat sy pa hom min sien, en daarom kan hy nie altyd en heeldag met hom raas nie. Heinrich noem dat hy by tye ook vir sy pa kwaad voel. Hy sien sy pa min en wens dat hy al Hoërskool toe kan gaan.

Navorser gee aan Heinrich toestemming om vir sy ouers kwaad te mag wees. Navorser vra vir Heinrich om enige medium op die tafel te kies waarmee hy sy gevoelens kan beskryf. Heinrich kies die koukies en teken gesiggies wat kwaad is. Hy teken sekere gesiggies wat skree, ander wat lelike gesigte trek en huil. Op navorser se vraag of hy soos die gesiggies voel, antwoord hy "ja". Heinrich raak van sy aggressiewe gedrag bewus en besef dat hierdie gevoelens vir hom onaangenaam is. Heinrich toon insig in sy optredes maar spreek ook die behoefte uit om meer by sy pa te wees.

In Heinrich se prent van sy roosboom teken hy 'n boom met 'n slang in (vergelyk figuur 6.12). Die slang pik al die diere wat naby die boom kom.

Figuur 6.12: Heinrich se roosboom



University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

Heinrich noem dat hy soos die slang voel, omdat hy vir al die kinders en sy ouers kwaad word. Hy sal enigiets doen (aggressief optree) om homself te beskerm. Heinrich slaag daarin om van sy aggressie bewus te word.

**Assessering**

Heinrich toon geen weerstand tydens die sessie nie. Daar bestaan 'n goeie verhouding tussen die navorser en Heinrich.

Tydens die verduideliking van die "aggressiewe gevoel" kon Heinrich daarin slaag om homself met dié gevoel te identifiseer. Insigontwikkeling vind plaas. Dit lyk asof Heinrich met die verskillende polariteite in sy lewe in kontak kom. Hy toon geen weerstand nie en wil graag sy gedrag verstaan.

Tydens die benutting van die roosboomtegniek, projekteer Heinrich homself met die slang in die boom. Hy ervaar aggressie as 'n verdedigingsmeganisme om homself teen maats te beskerm wat met hom lelik is en teen sy ouers se optredes. Dit lyk asof Heinrich se ouers se ouerskapstyle verskil en dit kan tot Heinrich se aggressiewe gedrag bydra. Om aandag te soek, tree hy aggressief op.

Vanuit die inligting verkry, blyk dit dat Heinrich se pa 'n onbetrokke ouer is. Hy stel geen grense en is nie by Heinrich se groei en behoeftes betrokke nie (vergelyk paragraaf 2.4.2). Heinrich se ma blyk die "slagoffer"van Heinrich se aggressiewe gedrag te wees, omdat sy die meeste van die tyd by Heinrich is. Sy moeder is moedeloos om hom te beheer, aangesien Heinrich haar manipuleer. Heinrich wil graag beheer oor sy aggressiewe optredes hê. Hy wil nie meer soos die slang die "diere" pik nie. Hy wil leer om sy aggressie te beheer en om sy behoeftes met sy ouers te deel.

Na afloop van die sessie begin Heinrich sy gedrag beter verstaan en toon insig in sy optredes. Sy gedrag dui op die implosiewe laag van Perls. Heinrich ontdek nuwe kragte in homself en wil met nuwe gedrag eksperimenteer.

#### 6.7.3.5 Verloop van sessie vyf (kind alleen)

Heinrich se moeder noem voor die aanvang van die sessie dat hy die afgelope week onmoontlik was. Hy wou glad nie na haar luister nie en het gereeld woede-uitbarstings gehad. Sy moeder noem verder dat Heinrich se pa glad nie by die opvoeding betrokke is nie en dat sy alles alleen moet hanteer. Vanuit die inligting verkry asook die vorige sessie het navorser reeds vasgestel dat die opvoedingsverskille tussen Heinrich se ouers tot sy aggressie bydra. Heinrich weet nie wat van hom verwag word nie, omdat sy ouers in hul opvoedingstyl verskil. Heinrich noem dat dit met hom goed gaan. Hy is vriendelik en sien uit na die sessie.

Tydens die benutting van die grafiese gesinsbeelding, teken Heinrich homself eenkant en die res van sy gesin bymekaar. Op navorser se vraag hoe hy daaroor voel om so alleen te staan, noem Heinrich dat hy sleg voel. Hy noem dat hy altyd in die moeilikheid is en dat sy sussies voorgetrek word. Heinrich noem weer dat hy met sy pa wil speel en dat hy wens hy was in die Hoërskool. Heinrich se behoefte om by sy pa te wees en meer tyd saam met hom te spandeer, kan moontlik tot sy onaanvaarbare gedrag bydra. Hy het 'n behoefte aan aandag, en die enigste manier wat hy dit kan toon, is deur aggressief op te tree. Sy skoolwerk word afgeskeep, omdat hy nie in die klas konsentreer nie. Dit is duidelik dat meer kontak met sy pa 'n noodsaaklikheid is.

Navorser bemagtig Heinrich deur hom aan te moedig om 'n fantasiereis na die maan te beplan en iemand saam met hom te neem. Heinrich teken 'n ruimteskip en kies om sy pa saam te neem (vergelyk figuur 6.13). Op navorser se vraag hoe hy in sy prentjie voel, antwoord hy dat hy gelukkig voel. Heinrich deel met navorser dat hy in die "werklike lewe" hartseer voel, omdat hy sy pa min sien. Heinrich kon sy aggressiewe gevoelens met navorser deel.


Tydens die tekening van Heinrich se "aggressiemonster", teken hy 'n "kwaai spook" (vergelyk figuur 6.14). Hy vertel dat hy kwaad word as sy ma met hom raas, en dat

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)


niemand hom verstaan nie. Heinrich vertel dat sy pa nie by sy skool en sport betrokke is nie. Hy voel dan soos 'n spook wat alleen moet rond vlieg. Niemand sien hom raak nie. Hy is 'n kwaai spook. Navorser bemagtig Heinrich deur hom aan te moedig om sy gevoelens te besit en te aanvaar. Heinrich besluit om vir sy pa te vertel hoe hy voel. Dis vir hom makliker om 'n briefie te skryf. Navorser moedig hom aan en gee leiding waar nodig.

Navorser het hierna daarop gefokus om vir Heinrich te vra om 'n veilige plekkie te teken. Hy teken 'n huis op 'n berg by die see. Hy teken 'n posbus langs die huis. Heinrich vertel dat hy en sy pa alleen by die see vakansie gaan hou. Niemand kan hulle dan pla nie en slegs briewe kan gepos word as iemand wil hoor hoe dit met hom gaan. Op navorser se vraag wie nog in die huis mag wees, antwoord hy dat sy ma mag kom kuier. Maar eers wil hy alleen met sy pa kuier. Die sessie word afgesluit deur Heinrich met sy tekening in kontak te bring. Hy maak sy oë toe en ruik die see, en luister na die golwe wat teen die rotse breek. Heinrich het hierdie fantasiereis geniet.

Figuur 6.13: Heinrich se fantasiereis



University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)




Figuur 6.14: Heinrich se aggressiemonster

**Assessering**

Aan die begin van die sessie blyk dit dat Heinrich weerstand bied, maar hy voel gou gemaklik toe sy moeder die terapiekamer verlaat. Volgens navorser is dit normaal dat 'n kind se gedrag vererger wanneer hy van sy gedrag bewus word. Tydens die sessie is dit makliker vir Heinrich om sy gevoelens te verbaliseer, omdat hy daarvan bewus raak. Vanuit die sessie blyk dit dat Heinrich hartseer en kwaad voel wanneer hy min kontak met sy pa het. Dit lyk asof sy pa baie besig is en dat Heinrich se ma die grootste gedeelte van die dag na hom kyk. Wanneer Heinrich wel by sy pa is, tree hy nie aggressief op nie, omdat die kontak min is en hy elke oomblik daarvan geniet. Heinrich se ma is moedeloos oor sy negatiewe gedrag. Heinrich soek aandag deur aggressief op te tree. Hy manipuleer sy ma met die doel om by sy pa te wees. Dit blyk of sy verhouding met sy ma nie goed is nie.

Tydens die fantasiereis speel Heinrich die behoefte uit om by sy pa te wees. Heinrich wil graag met sy pa identifiseer en met hom speel. As gevolg van sy pa se werksomstandighede en sportverpligtinge is dit tans nie moontlik vir Heinrich se pa om meer tyd aan hom af te staan nie. Heinrich slaag daarin om sy aggressiewe gevoel te verbaliseer en te erken. Heinrich wil graag verantwoordelikheid vir sy gedrag aanvaar. Hy wil ook goed met sy ma oor die weg kom. Hy toon 'n behoefte aan beheer oor sy leefwêreld.Heinrich beweeg steeds in die implosiewe laag van Perls.

**6.7.3.6 Verloop van sessie ses (kind alleen)**

Heinrich vertel vir navorser dat hy die brief vir sy pa gegee het. Sy pa het verbaas gereageer en belowe om meer tyd te maak. Volgens Heinrich gaan sy pa en hy elke aand probeer om meer te kuier. Dit blyk of Heinrich trots voel oor wat hy bereik het.

Die gebruik van die sandbak as projeksiemedium was vir Heinrich baie lekker. Hy het hom veral met die weermagmannetjies in die sandbak vermaak. Heinrich kon maklik

keuses maak oor watter miniatuur figuurtjies hy mee wou speel. Dit is 'n aanduiding vir navorser dat hy makliker keuses kan uitoefen en in kontak met sy gevoelens kom.

Heinrich bou 'n toneel waar die weermagmannetjies wilde diere deur die bosse begelei na 'n veiliger plek om te bly. Hy noem in sy toneel dat die "missie" suksesvol was en dat die diere gelukkig is. Op navorser se vraag of die toneel in sy lewe inpas, noem hy dat die weermagmannetjies sy gesin voorstel. Hy wil graag hê dat sy gesin moet saamstaan en dat hulle dinge saam moet doen, net soos die weermagmannetjies. Heinrich noem: "Ek wil graag gelukkig wees en nie meer stout wees nie". Navorser wil die aanname maak dat Heinrich van sy aggressiewe gedrag bewus is en dat hy graag 'n goeie verhouding met sy ouers wil hê. Navorser verduidelik aan Heinrich dat hy sy gevoelens met sy ouers mag deel. Heinrich noem dat hy nie weet hoe om met sy ma te praat nie. Sy raas altyd met hom. Navorser kon aan Heinrich 'n voorstel maak dat hy die gevoelsgesiggie kaart kan benut om vir sy ma te vertel hoe hy elke dag voel. Heinrich dink dis 'n goeie idee. Heinrich vertel dat hy graag met albei sy ouers wil speel en dat dit nie lekker is om ongelukkig te wees nie. Hy wil graag sy bes probeer om goed met albei sy ouers oor die weg te kom. Navorser moedig hom aan om hierdie positiewe gedrag voort te sit.

**Assessering**

Heinrich toon tydens die sessie meer insig in sy probleem. Sy onvoltooidhede word tydens die sessie aangespreek. Heinrich kon sy gevoelens erken, aanvaar en besit. Hy verstaan dat sy aggressiewe optredes teenoor sy ma onaanvaarbaar is en dat hy nie net homself in die proses seermaak nie.

Tydens die sessie probeer Heinrich verantwoordelikheid vir sy gedrag te neem. Hy probeer oplossings vind om sy verhouding met sy ouers te verbeter. Die sandbak het 'n geleentheid vir Heinrich gebied om in kontak met sy gevoelens te kom. Deur die benutting van polariteite kon Heinrich tot insig kom oor sy aggressiewe optredes en die invloed wat dit op sy verhouding met sy ouers, veral sy ma het.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

Heinrich funksioneer steeds in Perls se implosiewe laag. Hy berei homself voor om na Perls se eksplosiewe laag te beweeg.

### 6.7.3.7 Verloop van sessie sewe (kind alleen)


Heinrich is bly om navorser te sien. Hy noem dat dit met hom goed gaan.

Heinrich geniet die kleiwerk baie. Hy gee uiting aan sy aggressie deur die klei op die tafel te gooi en die klei te vorm soos hy wil. Hy geniet dit om in beheer van die klei te wees. Heinrich se kleiskepping bestaan uit 'n groot gesig (vergelyk figuur 6.15). Hy gee vir die gesig 'n naam en 'n ouderdom. Die gesiggie voel bly. Op navorser se vraag of Heinrich soos die gesiggie voel, antwoord hy dat hy graag gelukkig wil wees. Heinrich vertel dat hy soms ongelukkig voel. Navorser motiveer hom om sy gevoelens uit te druk. Heinrich slaag daarin om sy gevoelens uit te druk en in beheer van sy aggressie te kom.

Navorser en Heinrich maak van die leë-stoel tegniek gebruik, deurdat Heinrich die gesiggie in die stoel kan plaas om hom te "help" om positiewe gedrag aan te leer. Heinrich geniet die sessie baie. Hy is meer ontspanne en toon selfvertroue om aan sy gevoelens uiting te gee.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

Figuur 6.15: Heinrich se kleiwerk



Heinrich toon insig tydens die verduideliking van die "gelukkige" en die "ongelukkige aggressiemonster". Hy maak maklik 'n keuse en kies om die "gelukkige aggressiemonster" te kies. Heinrich verstaan dat aggressie 'n normale gevoel is en dat hy dit nie mag misbruik nie. Heinrich neem verantwoordelikheid vir sy gedrag en noem dat hy sy aggressie wil wen. Navorser motiveer hom om aan sy gevoelens uiting te gee. Heinrich wil graag vir sy ouers van die sessies vertel. Dit blyk of hy gelukkig voel omdat hy sy aggressie verstaan.

Navorser berei Heinrich op die volgende sessie voor. Hy wil graag beide sy ouers by die sessie betrek. Die belangrikheid van beide ouers word hier sterk beklemtoon.

**Assessering**

Heinrich bied geen weerstand tydens die sessie nie. Sy houding teenoor skool blyk meer positief te wees as voorheen. Dit was vir navorser duidelik dat Heinrich se houding teenoor die skool en sy maats meer positief geword het. Hy het meer selfvertroue opgebou om sy gevoelens te beheer en om op 'n aanvaarbare wyse daaraan uiting te gee.

Heinrich se sensoriese bewustheid is verder verhoog deur die benutting van klei as projeksietegniek. Heinrich geniet die klei en slaag daarin om uiting aan sy aggressiewe gevoelens te gee. Heinrich het tydens die sessie in beheer van sy situasie gekom. Hy poog om sy aggressie te beheer en te besit. Hy neem verantwoordelikheid vir sy gedrag. Hy eksperimenteer met alternatiewe maniere om sy ouers te hanteer sonder om altyd kwaad te word. Erkenning tydens hierdie fase was 'n baie belangrike aspek vir Heinrich. Heinrich is vasbeslote om te voel soos die "gelukkige aggressiemonster".

Heinrich se gedrag is in Perls se eksplosiewe laag. Hy het nuwe energie ontdek om sy aggressie te beheer.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)


### 6.7.3.8 Verloop van sessie agt (kind en ouers)

Heinrich is baie opgewonde om sy ouers na die sessie saam te bring. Sy ma het vir hom 'n piekniekmandjie gepak om tydens die sessie te geniet. Heinrich se ouers noem dat daar 'n verbetering in Heinrich se gedrag is en dat hulle graag wil weet wat Heinrich tydens die sessies aanvang.

Tydens die benutting van die wurmtegniek kon Heinrich sonder dat hy weerstand gebied het vir sy ouers vertel wat hom hartseer en kwaad gemaak het (vergelyk figuur 6.16). Heinrich behou tydens die sessie die heeltyd oogkontak met sy pa. Dit was opvallend vir navorser dat Heinrich se pa saam kon fantaseer tydens die wurmtegniek. Navorser kon aan Heinrich se ouers verduidelik wat die gevolg is van die probleme in Heinrich se lewe. Heinrich verduidelik sy aggressiewe optredes saam met navorser. Dit blyk of Heinrich se pa verbaas is oor die feit dat Heinrich 'n behoefte het om meer tyd saam met sy pa deur te bring. Heinrich se ma erken die probleem en noem dat sy die meeste van die tyd vir die kinders se opvoeding verantwoordelik is. Heinrich se pa toon insig in die probleem, en dink saam met Heinrich en sy ma oplossings uit om die probleem aan te spreek. Heinrich het beheer oor sy gevoelens gekry en kon sy gevoelens met sy ouers deel. Sy ouers kon saam met hom oplossings uitdink om die probleme in sy lewe te verminder of te vergemaklik.

Tydens die sessie kon Heinrich vir sy ouers van die aggressiemonster vertel. Hy vertel spontaan en noem self vir sy ouers dat daar reëls in die huis opgestel moet word. Heinrich wil graag hê dat sy ma en pa dieselfde reëls in die huis moet hê. Insigontwikkeling het hier plaasgevind. Heinrich het deurlopend vir sy ouers van sy vordering tydens die sessies vertel. Navorser wil die aanname maak dat Heinrich positiewe vordering getoon het omdat hy veilig gevoel het om sy gevoelens tydens die sessies te ontlaai.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)




Figuur 6.16: Heinrich se wurmtegniek

**Assessering**

Tydens die sessie slaag Heinrich daarin om sy aggressiewe gevoelens met sy ouers te deel. Hy en sy ouers kon saam aan oplossings dink om sy gedrag sosiaal-aanvaarbaar te maak. Heinrich verstaan aggressie as gevoel en kon selfs tydens die betrokke sessie die "teorie" aan sy ouers verduidelik. Die ouer-kind interaksie blyk in die sessie te verbeter. Heinrich se pa het spontaan aan aktiwiteite deelgeneem.

Heinrich se gedrag val in Perls se eksplosiewe laag omdat hy vir sy gedrag verantwoordelikheid neem en verstaan hoe hy voel. Sy ouers blyk insig in Heinrich se aggressie te toon, en gee goeie samewerking om sy gedrag te verminder en selfs te voorkom. Daar bestaan wel 'n behoefte aan ouerleiding.

**6.7.3.9 Verloop van sessie nege (kind en ouers)**

Heinrich se pa kon nie die sessie bygewoon het nie as gevolg van skoolverpligtinge. Heinrich noem dat hy hartseer voel dat sy pa nie die sessie kon bywoon nie. Navorser kry die geleentheid om Heinrich te bemagtig en hy slaag daarin om sy gevoelens met sy ma te deel. Heinrich het definitief meer van sy gevoelens bewus geword en die nodige hanteringstrategie aangeleer om sy gevoelens te beheer. Dit was vir navorser sleg dat Heinrich se pa nie die sessie kon bywoon nie, aangesien Heinrich se aggressiewe gedrag hoofsaaklik weens die afwesigheid van die vaderfiguur ontstaan.

Heinrich se ma kry 'n geleentheid om haar gevoelens rondom Heinrich se aggressie te deel. Sy noem dat Heinrich se gedrag meer aanvaarbaar is en dat hy meer na haar luister. Sy voel dat die sessies tot voordeel van Heinrich is. Heinrich voel self beter en noem dat hy graag sy ouers gelukkig wil hou en dat hy sy gevoelens met hulle kan deel.

Tydens die benutting van handpoppe kon navorser 'n storie soortgelyk aan Heinrich se situasie tuis vertel. Met behulp van sekere vrae kon Heinrich en sy ma die storie bespreek het, en deur die benutting van rollespel oplossings vind om die storie 'n gelukkige einde

te gee. Heinrich geniet die handpoppe en maak gedurig grappies met sy ma. Hy probeer op 'n stadium sy ma manipuleer, maar slaag nie daarin nie. Heinrich gee sy samewerking ten volle en geniet die handpoppe. Heinrich het self daarop aangedring om oplossings vir die karakters in die storie te vind en kon leiding neem. Hy en sy ma kon spontaan kommunikeer. Dit was duidelik dat Heinrich sy ma vertrou het en dat hy vir haar geluister het.

Tydens die eerste paar sessies was dit duidelik dat dit deel van Heinrich se proses was om voor te gee dat dit goed gaan, dat alles reg in sy gesin is en dat hy in beheer is. Soos wat sy bewustheid egter verhoog is en hy ondersteuning vanaf sy ouers en navorser ontvang het, het die beeld wat hy voorgegee het, begin vervaag. Tydens die benutting van die handpoppe het Heinrich gevoelens van magteloosheid, aggressie en hartseer op die handpoppe geprojekteer. Hy het daarin geslaag om sy gevoelens rondom sy eie lewensituasie te identifiseer en te besit. Hy het die afwesigheid van sy pa en die konflik tussen die ouers duidelik met die handpoppe voorgestel.

Dit is deel van Heinrich se proses om nou verantwoordelikheid vir sy gedrag te aanvaar. Die sessies het tot insigontwikkeling in sy aggressiewe optredes bygedra. Heinrich spreek wel die behoefte uit om sy pa meer by hom te hê. Sy ma kon die situasie met hom hanteer en die verantwoordelikheid wat sy pa by die skool het, aan hom verduidelik. Navorser noem dat Heinrich die sessie met sy pa by die huis kan bespreek. Sy ma moedig hom aan en besluit om saam met hom met sy pa te gesels. Heinrich dink dis 'n goeie idee.

Navorser berei Heinrich voor op afsluiting, en stel voor dat hy en sy pa na afloop van die sessies weer na navorser mag kom. Heinrich is bly oor die aanbeveling. Heinrich se ma noem vir navorser dat dit tot voordeel van Heinrich sou wees om sy pa meer bewus te maak van die rol wat hy in Heinrich se lewe speel.

**Assessering**

Heinrich blyk met homself en die omgewing in kontak te wees. Hy is bereid om verantwoordelikheid vir sy gedrag te neem en kan maklik keuses maak. Hy toon insig in sy aggressiewe optredes en wat van hom verwag word. Heinrich slaag daarin om homself te onderhou en sy gevoelens met sy ouers te deel. Sy verhouding met sy ma het verbeter. Dit blyk of Heinrich se pa van Heinrich se behoeftes bewus is. Navorser wil die aanname maak dat Heinrich se pa se skoolverpligtinge dieselfde sal bly, maar dat sy pa ook insig in Heinrich se primêre behoefte moet toon, naamlik om meer tyd saam met sy pa te spandeer. Indien dit gebeur sal Heinrich se gedrag meer positief wees, omdat hy dan 'n gevoel van "behoort aan" sal ervaar.

**6.7.3.10 Verloop van sessie tien (kind en ouers)**

Heinrich en sy ouers woon die sessie by. Heinrich is bly om navorser te sien. Sy ouers kry 'n geleentheid om terugvoer oor Heinrich se optredes die afgelope tyd te gee. Vanuit die inligting ontvang, blyk dit dat Heinrich se aggressiewe gedrag verbeter het. Sy ouers verstaan hom beter en probeer om sy behoeftes meer in ag te neem. Heinrich se pa is bewus van die feit dat hy 'n groot rol in Heinrich se lewe speel. Hy noem dat hy en Heinrich saam beplan het om een keer 'n maand 'n "pa-seun naweek" te hê. Heinrich is baie opgewonde oor hul eerste naweek alleen.

Heinrich se ouers kry 'n geleentheid om die skale in te vul. Heinrich blyk self oor die sessies tevrede te wees. Hy noem aan navorser dat sy pa "regtig" meer met hom speel. Navorser stel voor dat hy en sy pa by navorser kan kom speel. Heinrich vertel dadelik vir sy pa en hy stem in om weer 'n afspraak te maak.

Navorser kon die nodige erkenning aan Heinrich gee. Hy verstaan sy aggressie en weet beter hoe om dit te hanteer. Sy ouers gaan by navorser se ouerleidingsprogram inskakel, sodat hulle altyd sal weet hoe om Heinrich te hanteer.

Die sessies word positief met 'n partytjie afgesluit.

**Assessering**

Heinrich het goeie samewerking tydens die tien sessies gegee. Volgens navorser het Heinrich met sy gevoelens in kontak gekom. Hy was in staat om te sê hoe hy voel en kon verantwoordelikheid vir sy gedrag aanvaar. Volgens sy ouers het sy gedrag baie verbeter en was hy meer positief op sy skoolwerk ingestel. Vanuit die sessies het sy gedrag baie verbeter en het insigontwikkeling plaasgevind.

## 6.7.4 Derreck, 8 jaar oud

**Agtergrondsgeskiedenis:**

Derreck se moeder skakel hom vir terapie in . Derreck is die jongste van twee kinders. Sy sussie is twee jaar ouer as hy. Derreck se vader is twee jaar gelede weens kanker oorlede. Hy was 'n geruime tyd siek gewees en is by die huis deur verpleegpersoneel versorg. Derreck se oupa woon ook by die gesin. Volgens sy moeder het Derreck en sy oupa 'n goeie verhouding. Volgens die moeder het Derreck die afgelope jaar aggressiewe gedrag geopenbaar en hy kla gereeld dat maats hom spot. Sy sukkel ook met dissiplinehantering omdat Derreck nie wil luister nie en geen verantwoordelikheid wil neem nie.

### 6.7.4.1 Verloop van sessie een (kind en moeder)

Derreck was voorheen vir terapie by 'n sielkundige ingeskakel, maar volgens die moeder is geen vordering getoon nie. Derreck se skoolonderwyseres is van sy onbeheerbare gedrag in die skool bewus en noem dat hy en sy maats gereeld baklei. Sy kon tot op hede nie vasstel wat hom pla nie, maar sy negatiewe gedrag kan negatiewe gevolge vir sy skoolvordering beteken. Derreck blyk gemaklik in die terapiekamer te wees. Hy kom ernstig voor en maak nie oogkontak met die navorser nie.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

Tydens die eerste sessie verduidelik navorser die intervensieprogram aan Derreck en sy moeder en 'n kontrak word tussen navorser, Derreck en sy moeder gesluit (Bylae A en B). Alhoewel Derreck ernstig voorkom, toon hy geen weerstand teenoor die sessies nie. Hy het vrymoedigheid gehad om tydens die sessie vrae te vra.

Derreck en sy moeder kry die geleentheid om die skale te voltooi (Bylae C, D en E). Derreck hou nie baie van skryf nie, maar stem in om die skaal te voltooi. Derreck begin uit sy eie 'n gesprek met navorser te voer en vra of navorser kinders het. Op navorser se antwoord, blyk dit dat hy tevrede is. Derreck sukkel nie met sy vraelys nie. Dit wil vir navorser voorkom of Derreck nie baie maats het nie en dat sy verhouding met sy suster en moeder nie goed is nie. Tydens die sessie noem Derreck dat hy aan geen sport deelneem nie, en in die middae by die naskoolsentrum inskakel. Sy ma werk tot laat en hy mag nie alleen huis toe gaan nie.

Na die voltooiing van die skale noem Derreck dat hy daarna uitsien om die sessies by te woon. Navorser motiveer hom en gee erkenning vir sy positiwiteit. Hy geniet die aandag.

**Assessering**

Derreck blyk positief ingestel op die intervensieprogram te wees. Sy moeder toon nie veel belangstelling in die proses om Derreck te help nie. Sy noem dat sy net vir Derreck uit die moeilikheid wil hou en dat hy minder met sy sussie moet baklei. Derreck en sy moeder blyk nie 'n emosionele verhouding te hê nie. Sy maak ook nie fisiese kontak met haar seun nie. Dit wil vir navorser voorkom of hierdie verhouding kenmerkend is van die permissiewe ouerskapstyl (vergelyk paragraaf 2.4.2). Sy noem dat sy baie besig is en sal probeer om die nodige sessies by te woon.

Derreck het 'n ektomorfiese bou, wat moontlik kan aanleiding gee dat hy min selfvertroue het en sensitief vir kritiek is (vergelyk paragraaf 2.2.1.1). Hy kom teruggetrokke voor en maak nie graag uit sy eie met navorser kontak nie. Navorser wil die aanname maak dat Derreck nie oor die nodige energie en selfvertroue beskik om

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

homself voor maats te beskerm, wanneer hy byvoorbeeld gespot word nie. Dit sal 'n invloed op bepaalde ontwikkelingstake wat hy op sy ouderdomsvlak moet bemeester, hê.

Dit blyk of Derreck nie in kontak met sy gevoelens en sy omgewing is nie. Hy aanvaar volgens sy moeder geen verantwoordelikheid nie en kom gedurig in die moeilikheid by die huis. Derreck het tydens die sessie nie sy vader bespreek nie. Hy vermy die gesprek en fokus veral op navorser se verantwoordelikhede. Derreck blyk nie bewus te wees dat sy aggressiewe gedrag 'n invloed op sy ontwikkeling het nie.

Derreck funksioneer in die valse laag van Perls. Hy poog om iets te wees wat hy nie is nie. Hy is nie bewus van die impak van sy onaanvaarbare gedrag op sy huidige funksionering nie.

**6.7.4.2 Verloop van sessie twee (kind alleen)**

Derreck het nie vir sy afspraak opgedaag nie en navorser moes 'n nuwe datum vasstel. Hy het vergeet van die sessie. Tydens die sessie noem Derreck dat dit met hom goed gaan. Hy noem dat sy ma in Bronkhorstspruit werk en dat hy haar min sien. Sy oupa kyk tans na hom en sy sussie. Op navorser se opmerking dat hy gelukkig is om 'n oupa te hê, antwoord hy dat hy en sy oupa baie baklei. Sy sussie vertel stories by sy oupa en dan kry hy altyd raas. Hy noem dat hy nie sy oupa se "witbroodjie" is nie. Op navorser se vraag hoe hy daaroor voel, noem Derreck dat dit hom nie pla nie. Hy ry eerder buite fiets en geniet homself. Dit wil voorkom of Derreck sy behoeftes onderdruk en fietsry telkens as 'n uitlaatklep gebruik.

Derreck noem dat hy navorser baie in die kerk sien. Hy en sy oupa en sussie sit altyd bymekaar. Derreck noem dat sy ma min kerk toe gaan, omdat sy soms op Sondae moet werk. Hy noem dat sy pa oorlede is. Derreck verander die onderwerp en bied weerstand om verder oor homself te gesels. Navorser vra of hy die skale oor sy verhouding met sy ouers sal invul. Hy stem in, maar vul slegs die skaal van sy moeder in (Bylae F). Derreck vul maklik die skaal in.


University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

Na afloop van die skaalvoltooiing bou Derreck 'n legkaart van sy keuse. Hy geniet die legkaartbou en vertel graag van al die speelgoed waarvan hy hou. Derreck ontspan tydens die sessie en kan 'n gemaklike dialoog met navorser voer. Hy ruim op. Navorser berei hom voor op die volgende sessie. Derreck sien uit om weer te kom.

**Assessering**

Derreck is meer op sy gemak tydens die sessie. Dit blyk dat Derreck sy ware gevoelens onderdruk en blokkeer. Hy vermy die gesprek rondom sy vader se dood. Die onvoltooidhede en verlies aan beheer in Derreck se lewe het 'n invloed op sy bewusmaking van sy ware gevoelens en kontak met die omgewing. Hy bied goeie samewerking tydens die voltooiing van die skale, maar vermy gesprekke rondom homself. Volgens die verwerking van die kinderfunksioneringsinventaris (Bylae E) kan Derreck se selfpersepsie soos volg in figuur 6.17 deurgegee word.


Figuur 6.17 Selfpersepsie van Derreck




Volgens die verwerking van die skaal ervaar Derreck 'n gebrek aan selfgelding. Dit kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat hy nie maklik verhoudings met ander kan aanknoop nie. Hy raak soms angstig om homself voor ander bloot te stel. Sy gevoel oor homself speel ook hier 'n belangrike faktor. Sy ektomorfiese bou kan moontlik tot min selfvertroue bydra wat veroorsaak dat hy moeilik maats maak.

Tydens die sessie het navorser tot die gevolgtrekking gekom dat Derreck min vertroue in homself het. Hy maak van verdedigingsmeganismes gebruik om homself te beskerm. Fietsry is tans 'n uitlaatklep wanneer hy sy oupa en sussie as 'n bedreiging ervaar. Die traumadinamika van Derreck se skaal kan soos volg uiteengesit word.

Figuur 6.18 Derreck se traumadinamika




Volgens die verwerking van die kinderfunksioneringsinventaris (Bylae E) beleef Derreck homself anders as die ander kinders in sy klas. Dit kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat sy pa oorlede is en dat hy klein gebou is in vergelyking met die ander kinders in Graad 2. Hy kan gou moedeloos word as hy nie iets regkry nie. Derreck maak van aggressiewe gedrag gebruik om aan sy gevoelens uiting te gee. Hy besef nog nie dat sy gedrag 'n invloed op sy normale ontwikkeling van kindwees het nie.

Omdat Derreck weerstand bied en sy gevoelens onderdruk, beweeg hy in Perls se fobiese laag. Hy beskerm homself teen verwerping en tree dan aggressief op. Hierdeur verkry hy mag en voel in beheer.

### 6.7.4.3 Verloop van sessie drie (kind alleen)

Derreck is bly om navorser te sien. Hy bring 'n boks sywurms saam en vertel vir navorser van die siklus van die sywurm. Derreck geniet sy sywurms en noem dat al die maats in die skool nou wurms verkoop. Derreck noem dat sy ma miskien nie na die sessies sal kom nie, aangesien sy 'n nuwe werk gekry het.

Tydens die benutting van die reuk-en smaakbotteltjies kon Derreck maklik die verskille uitken. Hy geniet ook die verskillende teksture en die uitkenning daarvan. Navorser en Derreck kon aan gevoelens aandag skenk wat hy ervaar as hy die botteltjies ruik of proe. Hy onderskei moeilik tussen verskillende gevoelens. Die "Listen Lotto" as hulpmiddel het Derreck ook baie geniet. Hy kon maklik die verskillende geluide identifiseer en die kaartjies met die regte maats groepeer.

Navorser en Derreck identifiseer verskillende gevoelens. Derreck noem die volgende gevoelens, naamlik kwaad, hartseer, lelik, bang en bly. Op navorser se vraag of die gevoelens in sy lewe pas, antwoord hy "soms". Hy vertel dat hy kwaad voel as maats hom spot. Hy is hartseer omdat hy nie meer 'n pa het nie. Hy voel lelik omdat maats hom spot. Somtyds is hy bang in die aand. Hy noem: "Ek is bly as alles darem vir een dag goed kan gaan!". Dit kom voor dat Derreck meer negatiewe as positiewe gevoelens ervaar. Hy is bewus van hierdie gevoelens, maar weet nie hoe om dit te hanteer nie. "Maatjies spot my, omdat ek maer is en nie so sterk gebou is nie". Een maatjie het hom gespot omdat sy pa dood is. Hy voel sleg hieroor. Navorser kon hom bemagtig deur aan hom 'n soortgelyke storie te vertel. Derreck het aandagtig geluister en kon met die seuntjie identifiseer. Navorser moedig hom aan om uiting aan sy gevoelens te gee.

Navorser bespreek die gevoelsgesiggiekaart met Derreck. Hy was verbaas dat daar so baie gevoelens is wat hy kan kies. Die feit dat sy maats hom oor sy voorkoms en sy pa se dood spot, veroorsaak dat Derreck nie beheer oor sy gevoelens het nie. Hy voel hulpeloos, kwaad en hartseer. Dit blyk dat hy aggressief optree om homself te beskerm. Hy wil graag "behoort" en dra 'n masker om sy seer weg te steek. Maatjies is belangrik in

hierdie ontwikkelingsfase en speel 'n groot rol in die kind se ontwikkeling (vergelyk paragraaf 2.2.5.1). Derreck raak van sy gevoelens bewus maar sukkel nog om daaraan uiting te gee. Hy blyk bekommerd te wees dat sy ma nie sal verstaan nie. Navorser bied hom die nodige ondersteuning.

**Assessering**

Goeie kontak is tussen navorser en Derreck bewerkstellig. Hy is spontaan en vriendelik.

Die ervaring en bewusmaking van Derreck se sintuie het tot die bewusmaking van verskillende gevoelens bygedra. Derreck kon self sekere gevoelens identifiseer en bewus raak van watter invloed dit op sy maatskaplike funksionering het. Hy is egter nog nie in staat om sy gevoelens te beheer en te besit nie. Dit was duidelik dat Derreck 'n mate van angs, hulpeloosheid en aggressie teenoor sy maats ervaar en dat hy geen beheer daaroor het nie. Doelbewuste pogings is aangewend om hom te ondersteun om in homself te glo en om aan sy ware gevoelens uiting te gee.

Derreck se gedrag dui op Perls se impasse laag. Dit is vir hom nog moeilik om sy gevoelens uit te druk.

**6.7.4.4 Verloop van sessie vier (kind alleen)**

Navorser het weer 'n nuwe datum geskeduleer, aangesien Derreck weer van sy afspraak vergeet het. Navorser wil die aanname maak dat Derreck se ma nie die sessies ernstig opneem nie. Sy doen nie moeite om hom te herinner nie en die skool tree tans as middelman vir afsprake op. Navorser is bekommerd oor die ondersteuning wat Derreck vanaf sy moeder kry. Derreck noem dat dit met hom goed gaan.

Navorser bespreek die "aggressiewe gevoel" met Derreck. Na afloop van die verduideliking kon Derreck vertel dat hy soms kwaad kan word. Hy vertel vir navorser van insidente by die skool waar maats hom gespot het. Hy noem veral een seuntjie se

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

naam wat hom gedurig kwaad maak. Dit blyk of Derreck nie gewild onder sy maats is nie. Hy beskou homself as 'n alleenloper. Derreck kry die geleentheid om sy gevoelens op papier te verf. Hy was nie lus om te verf nie. Navorser en Derreck kon 'n gemaklike dialoog voer om oplossings te vind vir die maats wat hom so spot.

In die prent van sy roosboom, teken hy 'n boom met 'n bosluis in wat met kettings vas gemaak is (vergelyk figuur 6.19). Dit was vanuit die projeksie in sy roosboom duidelik dat hy 'n behoefte aan maats het. Hy noem dat hy altyd "vasgemaak" is en dat hy niemand kan vertrou nie. Hy noem dat hy seker net so lelik soos die bosluis is. Sy hartjie word seer as maats hom oor sy pa spot. Navorser kon Derreck aanmoedig om sy gevoelens uit te druk en om oor sy pa te gesels en hom te bemagtig. Derreck noem die volgende: " Ek voel beter dat my pa dood is, maar ek mis hom baie. My oupa sê altyd wat ek moet doen, en ek hou niks daarvan nie". Dit blyk of hy weerstand teen sy oupa se gesag bied en daarom luister hy ook nie na sy ma nie. Derreck noem ook dat sy sussie voorgetrek word. Hy slaag daarin om sy gevoelens te verbaliseer.

**Assessering**

Derreck het navorser begin vertrou en het meer selfvertroue opgebou om aan sy gevoelens uiting te gee. Sy kommunikasievaardighede het aansienlik verbeter. Derreck slaag daarin om sy gevoelens te deel. Hy vertel vir navorser van sy "aggressiewe gevoelens" wat 'n aanduiding is dat hy met sy gevoelens in kontak kom.

Hy was nie lus om te verf nie, maar kon steeds met behulp van sy projeksie sy behoeftes uitspel. Hy kon met die verskillende polariteite binne homself in kontak kom. Dit was tydens die sessie duidelik dat Derreck meer beheer oor sy situasie begin kry. Hy wil graag 'n oplossing vind om homself te onderhou en nie meer kwaad te word nie. Sy gedrag is kenmerkend van Perls se implosiewe laag. Hy ontdek nuwe kragte binne homself en wil met nuwe gedrag eksperimenteer.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

Figuur 6.19 Derreck se roosboom



### 6.7.4.5 Verloop van sessie vyf (kind alleen)

Derreck was opgewonde om navorser weer te sien. Hy noem dat sy ma vir hom 'n nuwe fiets gekoop het. Sy ander fiets gaan hy verkoop. Derreck vertel vir navorser dat dit beter by die skool gaan. Hy probeer om nie te baklei nie.


Tydens die grafiese gesinsbeelding teken Derreck sy ma, sussie, homself en sy oupa. Hy noem dat hy en sy oupa goed oor die weg kom, maar dat hul soms baklei oor die reëls in die huis. Hy en sy sussie baklei baie. Derreck noem dat hy baie lief is vir sy ma, maar dat hulle baie baklei. Sy ma het onlangs 'n nuwe werk gekry. Sy werk lang ure en in 'n ander nabygeleë dorp. Hy sien haar min. Derreck vertel dat dit vir hom sleg is om sy ma so min te sien. Hy slaag daarin om sy gevoelens uit te druk.

Tydens die benutting van die fantasiereis teken Derreck sy ma en homself waar hulle saam na die maan reis. Dit was duidelik vanuit sy projeksies dat hy 'n behoefte aan meer kontak met sy ma het. Hy noem dat sy ma hom kan beskerm en help as sy maats met hom lelik is. Hy voel kwaad as sy maats hom spot. Navorser vra of hy sy gevoel kan teken. Derreck teken 'n geraamte (vergelyk figuur 6.20). Hy noem dat hy soos die geraamte voel. Sy maatjies jaag hom weg en spot hom. Navorser is van mening dat Derreck homself beskerm deur aggressief op te tree. Dit veroorsaak dat hy kwaad by die huis aankom en nie na sy ma luister nie.

Derreck het 'n behoefte om in homself te glo en om goed by sy portuurgroep aan te pas. Indien 'n kind nie in die skool aanpas nie, kan dit tot nadeel van die kind wees (vergelyk paragraaf 2.3.1). Hy wil 'n gevoel van "behoort aan" ervaar. Navorser en Derreck dink saam aan oplossings om sy gedrag aanvaarbaar te maak. Navorser bied aan hom die nodige ondersteuning om sy maats te ignoreer en die kragte in homself te versterk.

Derreck teken 'n veilige plekkie en noem dat hy graag by die huis wil wees waar hy net homself kan wees en niemand met hom lelik is nie. Navorser moedig hom aan om altyd so te voel. Hy kan kies hoe hy wil voel. Derreck geniet dit om te teken en teken sommer

Figuur 6.20: Derreck se aggressiemonster



University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

sy nuwe fiets. Dis ook sy veilige plekkie. Hy kan ry waar hy wil en niemand kan hom jaag nie.

**Assessering**

Derreck het tydens die sessie goeie kontak met die navorser gemaak. Hy kon maklik tydens die sessie sy gevoelens verbaliseer.

Derreck het homself ten volle in die fantasiereis ingeleef. Dit blyk dat hy graag 'n goeie verhouding met sy ma wil hê. Omdat sy die naaste aan hom is, word sy makliker aan Derreck se aggressiewe gedrag blootgestel. Derreck is van die aggressie bewus wat hy teenoor sy skoolmaats ervaar. Hy wil graag aanvaar word en deel van die "groep" wees. Derreck is in kontak met sy gevoelens wat deur laasgenoemde veroorsaak word. Hy kan sy negatiewe gevoelens verbaliseer en erken. Hy is oortuig daarvan dat hy nie gaan toelaat dat sy maats met hom lelik mag wees nie. Dit dui daarop dat hy beheer oor sy leefwêreld wil hê.

Derreck se gedrag dui steeds op Perls se implosiewe laag.

**6.7.4.6 Verloop van sessie ses (kind alleen)**

Derreck noem dat dit baie goed met hom gaan. Hy wens egter sy ma kan die sessie bywoon. Hy wil graag saam met haar in die speelkamer speel. As gevolg van skoolverpligtinge kan hy net die helfte van die sessie bywoon.

Tydens die benutting van die sandbak maak Derreck 'n positiewe en 'n negatiewe toneel. Vanuit sy projeksie is dit duidelik dat hy homself baie negatief ervaar het, maar met die verloop van die sessies voel hy meer positief oor homself. Hy vertel dat hy beter oor homself voel en dat hy nie gaan toelaat dat maatjies hom afbreek nie. Navorser moedig hom aan om daarmee vol te hou. Navorser moedig Derreck aan om die negatiewe gevoelens te begrawe en om die positiewe gevoelens te laat wen. Hy geniet die spel en

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

doen dit oor en oor. Dit dui daarop dat hy eksperimenteer om die negatiewe te probeer oorwin en dat hy graag positiewe gevoelens wil ervaar.

Derreck maak die volgende besluit: " Ek wil graag goed oor myself voel. Ek gaan my maatjies ignoreer as hulle my spot en lelik met my is". Volgens navorser het sy selfwaarde verbeter en sal hy in staat wees om homself voor sy maatjies te handhaaf, sonder enige negatiewe gedrag.

**Assessering**

Derreck se sensoriese bewustheid is baie hoog en hy maak maklik kontak met sy gevoelens. Omdat hy nie in staat was om sy gevoelens te beheer nie, kon hy nie die onvoltooidhede in sy lewe hanteer het nie. Die sandbak as projeksietegniek het bygedra dat Derreck van sy positiewe en negatiewe gevoelens bewus kon word, en dat hy oplossings kon vind om sy negatiewe gedrag positief aan te wend.

Derreck slaag daarin om sy aggressie te verstaan, te ervaar en te besit. Dis vir hom makliker om keuses te maak en om met nuwe gedrag te eksperimenteer. Derreck het aggressief opgetree omdat hy gedink het hy sal mag verkry en dat maats sal dink hy is "sterk". Derreck het nie besef dat sy aggressiewe gedrag 'n negatiewe invloed op sy sosialisering met maats sal hê nie. Deur die benutting van polariteite kon Derreck tot insig oor sy aggressiewe gedrag kom.

Derreck maak gereed om in Perls se eksplosiewe laag te beweeg. Hy vrees nog die onbekende, maar dis vir hom makliker om verantwoordelike keuses te maak.

**6.7.4.7 Verloop van sessie sewe (kind alleen)**

Derreck het vergeet van die sessie en 'n nuwe afspraak is vir sessie sewe geskeduleer. Derreck voel sleg dat hy nie die sessie kon bywoon nie, maar is bly dat hy weer 'n afspraak kon kry. Derreck noem dat sy ma steeds baie werk en dat sy oupa die meeste

van die tyd na hom en sy sussie kyk. Hy noem dat hy die afgelope twee weke gelukkig was en dat niks hom kwaad gemaak het nie.

Derreck geniet die klei. Derreck maak 'n mannetjie uit sy klei en skenk baie aandag aan die detail van sy skepping. Vanuit die projeksie noem Derreck dat hy wens hy was so sterk soos die kleimannetjie. Hy noem dat sy maats hom nie sou spot nie. Navorser wil die aanname maak dat Derreck se liggaamsbou 'n groot rol in sy sosialisering met sy maats speel. Dit lyk asof sy maats hom spot omdat hy klein gebou is en nie fisies sterk is nie.

Derreck noem dat hy graag sterk wil wees. "Dis nie lekker as my maatjies my so spot nie". Navorser kon Derreck bemagtig deur op sy goeie kwaliteite as seuntjie te fokus. Aangesien Derreck van sy gevoelens bewus is was dit vir hom makliker om insig in sy situasie te toon. Hy kon self vir die kleimannetjie sê hoe hy voel en dat hy wel eendag sterk sal wees. Dit was 'n aanduiding vir navorser dat hy vertroue in homself ontwikkel het en dat sy selfvertroue toegeneem het. Navorser maak gebruik van die geleentheid om aan Derreck die verskil tussen die "ongelukkige" en die "gelukkige aggressiemonster" te verduidelik. Derreck verstaan sy aggressie en kies om soos die "gelukkige aggressiemonster" te wees.

Navorser berei Derreck voor op vir die volgende sessie saam met sy ma. Sy nie-verbale gedrag het daarop getoon dat hy bang is sy ma kan nie die sessie bywoon nie. Navorser bemagtig Derreck en noem dat telefoniese kontak met sy ma ook goed sal wees. Derreck het 'n behoefte om sy verhouding met sy ma te verbeter en haar van sy gevoelens te vertel.

**Assessering**

Daar bestaan 'n goeie verhouding tussen Derreck en navorser. Hy is gemakliker met sy gevoelens en is nie skaam om te sê hoe hy voel nie.

Derreck is in kontak met sy gevoelens en geniet die kleispel. Hy kon homself in sy kleifiguur inleef. Derreck maak van projeksies gebruik en noem dat hy 'n behoefte aan aanvaarding deur sy maats het. Volgens navorser tree hy juis aggressief op om homself te beskerm. Derreck noem dat hy hom eintlik skaam vir sy gedrag. Hy het nie geweet hoe om dit beter te hanteer nie. 'n Kind kry dikwels skaam oor sy gedrag, al erken hy dit nie, want hy beleef en kry die boodskap van ander dat sy gedrag negatief is (vergelyk paragraaf 5.3).

Derreck kon saam met navorser alternatiewe maniere uitdink om sy aggressie te beheer en sosiaal-aanvaarbaar te maak. Hy besluit om "sterk van binne" te wees, al is hy klein gebou. Hy is bereid om verantwoordelikheid vir sy gedrag te neem. Derreck se gedrag is 'n duidelike aanduiding van Perls se eksplosiewe laag.

#### 6.7.4.8 Verloop van sessie agt (kind alleen)

Derreck se moeder het laat weet dat sy nie die sessies sal kan bywoon nie. Haar werk laat dit tans nie toe nie. Derreck voel ongelukkig hieroor, maar navorser kon telefoniese terugvoer vir sy ma gee. Navorser en Derreck beplan saam om die sessie voort te sit en 'n opsomming van die vorige sewe sessies te maak.

Navorser maak van die wurmtegniek gebruik as opsomming van Derreck se probleme wat hy met maats en sy ma ondervind het. Hy geniet die metaforiese verduideliking en kon maklik probleemareas identifiseer. Navorser en Derreck kon saam oplossings vind om sy gedrag sosiaal-aanvaarbaar te maak. Die klem tydens die benutting van die wurmtegniek blyk steeds sy maats te wees wat hom spot (vergelyk figuur 6.21). Navorser kon die nodige ondersteuning aan Derreck bied om weer aan sy gevoelens uiting te gee.

Navorser en Derreck oefen met die handpoppe om gevoelens met sy ma te deel. Hy geniet die sessie en verbaliseer maklik sy gevoelens. Dit wil voorkom of Derreck baie

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

Figuur 6.21: Derreck se wurmtegniek



positief teenoor homself en sy verhouding met sy moeder is. Dit sou vir Derreck makliker gewees het om sy ma saam in die intervensieprogram te kon betrek. Hy het 'n behoefte aan haar aandag en om die sukses van sy sessies met haar te deel. Navorser en Derreck beplan om tydens die volgende sessie af te sluit en die nodige skale te voltooi.

**Assessering**

Derreck is teleurgesteld dat sy ma nie die sessies kon bywoon nie, maar hy toon ook insig dat haar werksomstandighede dit nie toelaat nie. Derreck slaag daarin om 'n opsomming van sy gevoelens te gee en om oplossings te vind vir gevoelens wat negatief was. Hy het besluit om die "ongelukkige aggressiemonster" te oorwin.

Derreck beleef homself tans as gelukkig en kan sy gevoelens maklik verbaliseer.Groei het tydens die sessies plaasgevind. Sy gedrag val definitief in Perls se eksplosiewe laag.

### 6.7.4.9 Verloop van sessie nege (kind alleen)

Derreck noem dat sy ma op hom trots is en dat hy bly is dat navorser haar kon kontak. Hy vertel vir navorser dat sy maats hom minder spot en hy baklei nie meer met hulle nie. Volgens Derreck se moeder luister Derreck meer na haar en kan takies in die huis uitvoer sonder dat hy kla. Dit dui op toenemende verantwoordelikheidsneming.

Navorser kon die nodige skale vir Derreck se moeder deurgee en sy het dit by die huis voltooi. Derreck kry ook die geleentheid om sy skale te voltooi. Navorser stel voor dat Derreck en sy moeder weer na navorser kan kom, sodra sy ma se werk dit toelaat. Derreck dink dis 'n goeie plan. Die sessie word met 'n partytjie afgesluit.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

### 6.7.5 Kobus, 9 jaar oud

**Agtergrondsgeskiedenis:**

Kobus is deur sy ouers vir terapie verwys. Hy is die jongste van twee kinders. Kobus was ongeveer drie jaar gelede vir terapie by 'n sielkundige en 'n arbeidsterapeut weens aggressiewe gedrag en konsentrasieprobleme ingeskakel. Volgens die ouers toon Kobus die afgelope jaar weer erge aggressiewe gedrag. Hy gee veral aan verbale aggressie uiting en het 'n negatiewe houding teenoor sy ouers. Volgens die moeder ervaar Kobus geen skoolprobleme en/of akademiese probleme nie.

#### 6.7.5.1 Verloop van sessie een (kind en moeder)

Kobus en sy moeder woon die eerste sessie by. Kobus se pa kan nie die sessies bywoon nie, aangesien hy 'n mediese praktyk het en sy werk dit nie toelaat om tyd af te neem nie. Kobus is baie negatief teenoor navorser en die sessies. Dit het baie motivering van sy moeder gekos om hom vir die eerste sessie te bring.

Kobus maak geen oogkontak met navorser nie en raak baie kwaad vir sy ma omdat hy die sessie moet bywoon. Kobus weier om die skale te voltooi. Sy moeder voltooi die skale terwyl navorser met Kobus probeer kontak maak. Kobus tree egter baie aggressief op en weier om enige vorm van samewerking te gee. Hy wil nie in die speelkamer ingaan nie en maak glad nie met navorser kontak nie. Navorser bespreek die sessies met Kobus se moeder en beplan die volgende sessie. Kobus was nie lus om die sessie by te woon nie. Hy vra gedurig vir sy ma wanneer hulle huis toe gaan.

**Assessering**

Kobus bied baie weerstand tydens die sessie. Hy weier om samewerking te gee en vermy kontak met navorser. Volgens navorser ervaar Kobus onderdrukte aggressie en is nie met homself en sy omgewing in kontak nie. Sy moeder noem dat hy geen verantwoordelikheid by die huis aanvaar nie. Hy luister nie en gebruik vuil taal.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

Kobus sien sy pa baie min, aangesien sy pa 'n mediese dokter is en lang ure werk. Kobus se moeder is primêr vir die kinders se opvoeding verantwoordelik. Sy noem dat Kobus 'n "ander kind" by die skool is en dat geen probleme met maats of die skool na vore kom nie. Navorser wil die aanname maak dat Kobus 'n behoefte aan aandag het. Hy gebruik sy aggressie as verdedigingsmeganisme en tree aggressief op teenoor die gesinslid by die huis wat hy die meeste sien, naamlik sy ma. Kobus beweeg in die ouderdomsfase waar hy graag met sy pa wil identifiseer en graag tyd saam met hom wil spandeer (vergelyk paragraaf 2.2.5.2 en 2.4). Dit wil voorkom of Kobus aggressief optree as gevolg van sy pa se afwesigheid.

Kobus se gedrag is kenmerkend van Perls se fobiese laag. Hy bied weerstand teen dít wat hy kan wees. Hy vermy en onderdruk sy ware gevoelens.

**6.7.5.2 Verloop van sessie twee (kind alleen)**

Kobus bied steeds weerstand toe sy moeder hom by die terapiekamer aflaai. Hy huil en skree vir sy ma dat hy nie die sessie wil bywoon nie. Na 'n rukkie kon navorser Kobus gerusstel en hom oorreed om die sessie by te woon. Kobus het sy samewerking gegee.

Kobus weier steeds om die kinderfunksioneringsinventaris in te vul. Navorser en Kobus kon tot 'n ooreenkoms kom om die sessies te verminder mits hy probeer om die sessies by te woon. Kobus noem dat hy slegs vyf sessies wil bywoon. Navorser kon saam met hom beplan en het 'n kontrak geteken om hom te motiveer. Navorser het vir hom die nodige ruimte gegee om die speelkamer te eksploreer. Hy kon kies waarmee hy wou speel, maar hy was nie lus om tydens die sessie iets te doen nie. Kobus maak steeds nie oogkontak nie en wil nie opdragte uitvoer nie. Navorser maak van stiltes gebruik. Kobus voer nie uit sy eie 'n gesprek nie, maar reageer beter op vrae as die vorige sessie.

Navorser en Kobus beplan die volgende sessie. Hy blyk nie positief te wees op die sessie nie.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

**Assessering**

Kobus is nie bewus dat sy negatiewe optredes 'n invloed op sy maatskaplike funksionering het nie. Navorser poog om 'n terapeutiese verhouding met Kobus te bou, maar hy bied steeds baie weerstand. Navorser kon met verloop van die sessie met Kobus kontak maak deur aan hom keuses te stel. Kobus het die geleentheid gehad om self te kies hoeveel sessies hy wil bywoon.

Navorser kon Kobus nie dwing om die skale te voltooi nie. Kobus bied weerstand om aan sy ware gevoelens uiting te gee. Dit wil vir navorser voorkom of hy sy ouers manipuleer deur sy aggressiewe gedrag. Hy kry maklik sy sin. Navorser moes egter poog om kontak met Kobus te bewerkstellig, al het dit beteken dat die sessies verminder moet word.

Kobus beweeg in Perls se impasse laag. Hy besef dat hy nie van 'n beter wyse weet om sy aggressie te hanteer nie. Kobus toon steeds 'n hoë graad van weerstand.

**6.7.5.3 Verloop van sessie drie (kind alleen)**

Kobus is tydens die sessie meer positief ingestel. Hy maak nog weinig oogkontak met navorser.

Kobus wil nie samewerking gee tydens die benutting van die reuk-en smaakbotteltjies nie. Navorser wil die aaname maak dat die benutting van die reuk-en smaakbotteltjies ten doel sal hê om Kobus meer bewus te maak van sy sensoriese modaliteite en om sy gevoelens makliker te verbaliseer. Navorser kon slegs waarneem. Kobus se nie-verbale gedrag toon negatiwiteit en min belangstelling. Nadat navorser Kobus se samewerking gekry het, geniet hy die verskillende botteltjies. Navorser het veral op keuses gefokus en Kobus kon kies watter botteltjie vir hom die lekkerste ruik. Hy wou aanvanklik nie kies nie, maar met navorser se nodige motivering en bemagtiging, het hy sy keuse gemaak.

Tydens die benutting van die "Listen Lotto" speletjie kon Kobus die verskillende geluide maklik identifiseer. Hy gee beter samewerking tydens hierdie spel. Navorser fokus veral op die identifisering van gevoelens in die hier-en–nou. Kobus onderdruk sy gevoelens en wil nie graag gesels oor wat hy op die oomblik voel nie. Navorser bied aan Kobus genoeg ruimte sodat hy teen sy eie tempo kan beweeg.

Op navorser se vraag of Kobus al ooit soveel verskillende gevoelsgesiggies gesien het, begin Kobus meer ontspan en vir die snaakse gesiggies lag. Hy kon vir die eerste keer 'n gesprek met navorser voer. Navorser vra vir Kobus om gesiggies uit te wys oor hoe hy al gevoel het. Tot navorser se verbasing kies Kobus 'n "bly", en 'n "kwaadgesiggie" en 'n gesiggie wat "warm" kry. Kobus vertel dat hy bly is by die skool. Hy speel rugby en geniet dit baie. Hy verduidelik dat hy soms kwaad word as kinders baklei, en wanneer hy en sy sussie baklei. Navorser kon aan Kobus die volgende vraag vra: " Kobus, dit het vir my gelyk of jy en mamma vir mekaar kwaad is? Kan tannie raai of ek reg is?" Kobus het vir 'n rukkie stil gebly, maar noem dat hy kwaad word vir sy ma omdat sy hom vir terapie gebring het. Hy noem dat daar niks fout is met hom nie.

Navorser bemagtig Kobus en laat hom veilig voel in die speelkamer. Kobus noem verder dat sy ma en pa baie baklei, en dat dit hom kwaad maak. Kobus slaag daarin om van sy gevoelens met navorser te deel, maar is steeds versigtig om te veel van homself te deel. Hy noem dat hy die "warm gesiggie" gekies het omdat hy elke dag warm kry. Hy voel ook in die middae na skool moeg. Kobus vertel vir navorser dat hy skool geniet. Hy vertel van sy maats. Navorser benut die geleentheid om 'n verhouding met Kobus te bou. Hy geniet die sessie verder. Kobus stem in om die volgende sessie by te woon.

**Assessering**

Kobus slaag daarin om tydens die sessie beter kontak met navorser te maak. Tydens die benutting van die reuk-en smaakbotteltjies raak Kobus meer van sy gevoelens bewus. Hy slaag daarin om verskillende gevoelens met navorser te bespreek. Dit blyk of daar nie skolastiese probleme is wat tot Kobus se aggressiewe gedrag aanleiding gee nie. Volgens

navorser ontstel dit vir Kobus as hy aan konflik binne gesinsverband blootgestel word. Dit wil voorkom of Kobus slegs negatiewe gedrag in gesinsverband toon en nie by die skool nie. Die oorsprong van sy aggressie kan dus vanuit huislike omstandighede bepaal word.

Kobus funksioneer steeds in Perls se impasse laag. Hy het gevoelens begin deel, maar raak verskrik en weier om diepere gevoelens te deel. Hy bied steeds weerstand.

#### 6.7.5.4 Verloop van sessie vier (kind alleen)

Kobus bied weerstand tydens die aanvang van die sessie en wil saam met sy ma huis toe gaan. Kobus se moeder verlaat die speelkamer, hy is egter kwaad en weier om met navorser kontak te maak.

Kobus ignoreer navorser vir 'n geruime tyd. Navorser motiveer Kobus om 'n prentjie te teken oor hoe hy op die oomblik voel. Kobus was nie lus om te teken nie. Hy maak egter van die verf gebruik en begin 'n boom teken. Na 'n rukkie verf hy sy hele prentjie met swart verf en donker kleure toe (vergelyk figuur 6.22). Dit was vanuit sy projeksie duidelik dat hy vir sy ouers kwaad is. Hy het 'n boom geteken wat in hulle tuin staan. Kobus beplan al lankal saam met sy pa om 'n boomhuis te bou, maar niks realiseer nie. Kobus noem dat sy pa te besig by die werk is en dat daar "seker nooit 'n boomhuis sal wees nie".

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

Figuur 6.22: Kobus se roosboom



University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

Vanuit Kobus se projeksie toon hy 'n behoefte aan aandag vanaf sy pa.Kobus slaag daarin om sy gevoel met navorser te deel. Hy noem: " Ek is kwaad vir my ma omdat sy altyd raas. My pa is nooit daar om my storie te hoor nie". Die onvoltooidhede en verlies aan beheer wat hy weens die afwesigheid van sy vader ervaar, word heel moontlik in sy verhouding met sy moeder uitgedruk. Kobus het die hele dag met haar kontak en sy word die "slagoffer" van sy aggressiewe gedrag.

Kobus is nie lus om verder te verf of te teken nie. Kobus toon weerstand en wil nie verder gesels nie. Navorser kan sy gedrag toeskryf aan die feit dat groei plaasvind, aangesien hy inligting van homself en sy ouers kon oordra. Navorser maak van die geleentheid gebruik om aan Kobus aggressie as gevoel te verduidelik en 'n soortgelyke storie soos sy situasie te skep. Navorser kom agter dat Kobus luister, al probeer hy navorser ignoreer. Navorser bied vir Kobus die geleentheid om enige medium te kies waarmee hy wil speel. Hy weier egter en wil net huis toe gaan.

Navorser motiveer Kobus vir die volgende sessie. Dit blyk of hy nie lus is om weer te kom nie. Navorser kon Kobus van sy "deal" met navorser bewus maak. Kobus blyk nie opgewonde te wees nie.

**Assessering**

Kobus toon weerstand tydens die sessie, wat moontlik op groei kan dui. Kobus het in sy tekening genoem dat hy vir sy pa kwaad is. Hy verbaliseer dat hy sy pa min sien en dat sy ma die heeltyd raas. Volgens navorser het Kobus 'n behoefte aan aandag en kwaliteit tyd saam met sy pa.

Hy gee aan sy aggressie uiting deur sy prentjie toe te verf. Kobus slaag daarin om te sê hoe hy voel. Hy is egter nie bereid om sy gevoelens verder te deel nie. Navorser respekteer hom hiervoor. Kobus toon vrees vir die onbekende. Hy weet nie van 'n beter manier om sy aggressie te hanteer nie. Volgens navorser moet Kobus genoeg ruimte hê om navorser te vertrou, voordat hy sy ware gevoelens sal deel. Hy kan nog nie met nuwe

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

gedrag eksperimenteer nie. Navorser kon die geleentheid benut om aan Kobus aggressie as gevoel te verduidelik, sodat hy sy gedrag beter kan verstaan.

Kobus raak bewus dat hy homself inperk. Hy kan met die nodige motivering en ondersteuning iets ten opsigte van sy onvoltooidhede doen. Sy gedrag val steeds in Perls se impasse laag, maar hy begin na Perls se implosiewe laag beweeg.

#### 6.7.5.5 Verloop van sessie vyf

Kobus weier om die sessie by te woon. Sy ma probeer saam in die sessie bysit, maar Kobus wil niks van die sessie weet nie. Hy noem aan sy ma dat hy nie weer wil kom vir afsprake nie. Hy toon 'n uiters hoë graad van aggressie.

Volgens Kobus se moeder is hy baie aggressief teenoor haar. Hy tree egter nie so aggressief op teenoor sy pa nie. Sy noem dat Kobus met tye beter raak, maar dat sy gedrag steeds onaanvaarbaar is. Sy het 'n groot behoefte aan ouerleiding.

Kobus weier om die sessies verder by te woon. Na 'n gesukkel en 'n verder twee afsprake besluit navorser en Kobus se ma om die sessies te staak. Navorser beveel aan dat meer aandag aan kontakmaking met Kobus se vader geskenk moet word. Kobus se moeder noem dat sy vermoed dat 'n deel van Kobus se aggressie die pa-seun verhouding is. Kobus het beslis 'n behoefte aan meer kontak met sy pa. Indien die kontak realiseer, sal Kobus se gedrag verbeter. Kobus sou by verdere terapie baatvind. Die moeder gaan vir ouerleiding in navorser se privaatpraktyk inskakel. Dit blyk of die vader nie die probleem as ernstig beskou nie.

## 6.8 VOOR- EN NAMETINGS RESULTATE TER ONDERSTEUNING VAN DIE HIPOTESE

Die volgende empiriese gegewens en data-insameling ondersteun die gestelde hipotese:

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

" Indien die aggressiewe kind in sy middelkinderjare by die spelterapeutiese intervensieprogram betrek word, en sy ouer(s) deur die intervensieprogram bemagtig word, kan die kind gehelp word om van sy aggressie bewus te word, dit te beheer en te verminder om sodoende die ouer-kind binding te versterk".

**6.8.1 Interpretasie van gegewens**


**6.8.1.1 Voor-en-nametings resultate van die betrokke kinders en hul ouer(s)**

Die betrokke kinders het die kinderfunksioneringsinventaris (Bylae E) tydens die eerste sessie voltooi. Hierdie skaal is slegs as 'n voormeting benut, ten einde 'n basislyn van die kind se maatskaplike funksionering te verkry. Die betrokke kinders het met behulp van die intervensieprogram meer van hul aggressiewe gedrag bewus geword, wat 'n positiewe uitwerking op die ouer-kind binding gehad het.
Die skale wat die betrokke kind oor sy houding teenoor sy ma (Bylae F) en houding teenoor sy pa (Bylae G) ingevul het, is as voor-en nameting in die studie benut, ten einde te bepaal of die kind ná bewustheid van sy aggressie 'n beter en sterker verhouding met sy ouer(s) sal hê. Tydens die verwerking van beide die skale (Bylae F en G) moet daar in ag geneem word dat 'n hoë persentasie ('n totaal bo 60%) na onvoldoende binding wys en 'n lae persentasie ('n totaal onder 35%) 'n aanduiding is dat die binding tussen ouer en kind, volgens die kind, positief is of versterk het.

Tydens die verwerking van die skale wat die ouer(s), oor hul bewustheid van hul kind se aggressie (Bylae D) voltooi het, dui 'n hoë persentasie op die ouer se bewustheid van sy kind se aggressie terwyl 'n lae persentasie 'n aanduiding is dat die kind se aggressie hanteerbaar is of volgens die ouer verbeter het. In die skaal oor die ouer se binding met sy kind (Bylae C) dui 'n hoë persentasie op onvoldoende binding, terwyl 'n lae persentasie 'n aanduiding is dat die binding tussen ouer en kind positief is of versterk het. Vervolgens word die voor-en nametings resultate van die betrokke kinders en hul ouer(s) deurgegee:

- **Wayne**


Figuur 6.23 Houding teenoor ma (Bylae F)





Vanuit figuur 6.23 is dit duidelik dat Wayne se houding teenoor sy ma voor die intervensie 68% was, en na die intervensie na 34% verbeter het. Dit is vanuit die terapeutiese sessies duidelik dat Wayne van sy aggressie bewus geword het, en dat hy sy gevoelens kon beheer en hanteer. Sy gedrag is vir sy ma meer aanvaarbaar en hul verhouding het verbeter. Vanuit die gevallestudies is dit duidelik dat Wayne reeds vanaf sessie een sy moeder probeer manipuleer het en dat hy nie vir haar luister wanneer sy met hom praat nie. Vanuit die assessering kom dit na vore dat Wayne sy moeder uittoets om sodoende oor situasies beheer te kry. Volgens sy moeder tree Wayne gereeld aggressief op as hy nie sy sin kry nie. Navorser is van mening dat Wayne sy aggressie gebruik om homself te beskerm. Tydens die verloop van die sessies het Wayne duidelik deur die lae van Perls beweeg, deurdat hy meer van sy aggressie bewus geword het en hanteringstrategieë aangeleer het om sy aggressie te beheer en te hanteer. Wayne slaag daarin om tydens sessie vyf sy gevoelens te erken en te besit, en spreek sy behoefte uit om meer tyd saam met sy ma te spandeer. Wayne en sy moeder kon saam hanteringstrategieë beplan om Wayne se aggressie te beheer en om hul verhouding te versterk. Dit blyk dus dat die intervensieprogram 'n positiewe invloed op Wayne se aggressie en die binding tussen hom en sy moeder gehad het.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

Figuur 6.24 Ouer se bewustheid van die kind se aggressie voor en na terapie (Bylae D)




Figuur 6.25 Binding van ouer met kind voor en na terapie (Bylae C)





Dit is duidelik vanuit figuur 6.24 dat Wayne se gedrag voor die intervensieprogram baie negatief deur sy moeder beleef is. Sy aggressie en onbeheerbare gedrag het na afloop van die intervensieprogram met 36% verbeter. Vanuit figuur 6.25 kom dit duidelik na vore dat Wayne se moeder haar en Wayne se binding voor terapie (71%) negatief ervaar en na afloop van die intervensie het die verhouding tussen hom en sy ma verbeter (34%). Dit

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

blyk dus vanuit die resultate dat die intervensieprogram 'n positiewe invloed op Wayne se bewusmaking van sy aggressie en die ouer-kind binding gehad het.


- **Melissa**

Figuur 6.26 Houding teenoor ma (Bylae F)





Vanuit figuur 6.26 is dit duidelik dat Melissa se verhouding met haar ma vanaf 82% na 47% verbeter het. Melissa kon tydens die terapeutiese sessies haar gevoelens erken, aanvaar en besit. Sy het reeds in sessie twee meer van haar negatiewe gevoelens rondom die egskeiding bewus geword. Sy het die geleentheid gekry om te sê hoe sy voel, en wat sy tydens die egskeiding van haar ma en pa verwag. Melissa kon na afloop van die intervensieprogram met haar gevoelens in kontak kom en weet wat van haar ma verwag word. Tydens die grafiese gesinsbeelding noem Melissa dat sy nie goed met haar ma oor die weg kom nie. Vanuit haar projeksie noem Melissa dat sy 'n behoefte aan sekuriteit en liefde van haar ma verlang. Tydens die verloop van die sessie slaag Melissa daarin om haar gevoelens rondom haar ma te erken en te besit. Melissa se gedrag toon aan dat sy deur al die lae van Perls beweeg het, en daarin geslaag het om met haar gevoelens in kontak te kom en verantwoordelikheid vir haar gedrag te neem.

Figuur 6.27 Melissa: Houding teenoor pa (Bylae G)





Vanuit figuur 6.27 kom dit na vore dat Melissa steeds vir haar pa kwaad is. Haar vader kon nie die sessies bywoon nie. Volgens die verwerking van die skaal blyk daar steeds onvoldoende binding tussen Melissa en haar pa te wees. Met die voormeting was haar telling 87% en met die nameting 79%. Die rede hiervoor is dat Melissa se pa tydens die terapeutiese sessies nie sy samewerking gee nie en Melissa steeds voel dat haar pa nie vir haar omgee nie. Tydens die verloop van die sessies slaag sy daarin om haar gevoelens rondom haar pa te erken en verantwoordelikheid vir haar gedrag te neem. Sy toon egter steeds 'n behoefte aan kontak met haar vader. Melissa verstaan nie altyd waarom haar vader haar nie kontak nie en dit gee moontlik tot die onvoldoende binding tussen haar en haar vader aanleiding.

Figuur 6.28 Ouer se bewustheid van die kind se aggressie voor en na terapie (Bylae D)




Uit figuur 6.28 is dit duidelik dat Melissa se moeder meer van Melissa se aggressie (63%) voor die intervensie as na die intervensie (37%) bewus was. Melissa se moeder was veral bekommerd oor haar aggressiewe uitbarstings tydens die egskeiding. Na afloop van die intervensieprogram kon Melissa se moeder 'n afname in Melissa se aggressiewe gedrag waarneem. Dit blyk dus dat Melissa tydens die intervensie van haar aggressie bewus geraak het en haar aggressie kon beheer.

Figuur 6.29 Binding van ouer met kind (Bylae C)




University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

Vanuit figuur 6.29 is die voormeting telling 78% en die nameting telling 54%. Daar is dus 'n positiewe neiging van 24% deur die moeder beleef. Die binding tussen Melissa en haar moeder het dus verbeter na afloop van die intervensieprogram. Tydens die laaste drie sessies slaag Melissa en haar moeder daarin om saam hanteringstrategieë aan te leer om onaanvaarbare gedrag uit te skakel en om die egskeiding vir Melissa makliker te maak.


- **Heinrich**

Figuur 6.30 Houding teenoor ma (Bylae F)





Dit is duidelik uit figuur 6.30 dat Heinrich se verhouding met sy moeder verbeter het. Voor die intervensieprogram was Heinrich se houding teenoor sy moeder baie negatief. Met die voormeting was die telling 75% en met die nameting het die telling na 37% verbeter. 'n Positiewe neiging van 38% is dus deur Heinrich beleef. Aan die begin van die terapeutiese sessies het Heinrich baie weerstand getoon. Hy aanvaar geen gesag vanaf sy moeder nie. Tydens die verloop van die sessies slaag Heinrich daarin om sy gevoelens te erken, te aanvaar en te besit. Hy kom tydens sessie ses tot insig en noem vanuit sy projeksie dat hy graag saam met sy ouers wil speel en gelukkig wees. Hy slaag daarin om van sy aggressie bewus te word en sodoende die verhouding tussen hom en sy moeder te verbeter.

Figuur 6.31 Houding teenoor pa (Bylae G)





Heinrich se vader het tydens die verloop van die sessies meer insig in Heinrich se behoeftes getoon. Sy vader het meer tyd aan hom spandeer, maar noem dat hy tog die behoefte aan ouerleiding het. Dit is duidelik vanuit figuur 6.31 dat Heinrich se verhouding met sy vader vanaf 78% na 63% verbeter het. Die ouer-kind verhouding behoort nog aandag te geniet.

Figuur 6.32 Ouers se bewustheid van die kind se aggressie voor en na terapie (Bylae D)



University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

Figuur 6.33 Binding van ouers met kind (Bylae C)





Vanuit figuur 6.32 is dit duidelik dat Heinrich se aggressiewe gedrag vanaf 59% na 41% na afhandeling van die intervensieprogram afgeneem het. In figuur 6.33 is dit ook duidelik dat sy verhouding met sy ouers verbeter het. Heinrich was geneig om sy ouers te manipuleer en hul grense te toets as gevolg van verskillende opvoedingstyle van sy ouers. Sy ouers het hom voor terapie as aggressief en moeilik hanteerbaar ervaar. Na voltooiing van die intervensieprogram het Heinrich met sy gevoelens in kontak gekom en minder aggressiewe gedrag getoon. Die verhouding tussen hom en sy vader het meer aandag geniet en is deur die terapieproses versterk. Meer aandag kan aan ouer-kind binding gegee word.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

- **Derreck**


Figuur 6.34 Houding teenoor ma (Bylae F)





Volgens Derreck se moeder was hy onbeheerbaar en het geen verantwoordelikheid aanvaar nie. Vanuit die verwerking van die skale en terapeutiese sessies blyk dit dat Derreck se verhouding met sy moeder voor die intervensieprogram nie sterk was nie (79%). As gevolg van sy aggressiewe gedrag kon sy moeder hom nie beheer nie. Na afloop van die intervensie is Derreck van sy onaanvaarbare gedrag bewus en het dit 'n positiewe uitwerking op die ouer-kind verhouding gehad (37%). Tydens die verloop van die sessies noem Derreck dat sy ma gereeld van die huis af weg is en dat hulle min tyd saam spandeer. Derreck het vanuit sy projeksie genoem dat hy 'n behoefte aan aanvaarding vanaf sy maats het. Sy selfbeeld was baie swak gewees en hy het tydens die aanvangsfase aggressie getoon om homself te beskerm. Hierdie gedrag het 'n direkte invloed op die ouer-kind binding gehad. Derreck slaag daarin om deur die lae van Perls te beweeg en kon self besluit om verantwoordelikheid vir sy gedrag te aanvaar en aan sy gevoelens uiting te gee.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

Figuur 6.35 Ouer se bewustheid van die kind se aggressie voor en na terapie (Bylae D)




Figuur 6.36 Binding van ouer met kind (Bylae C)





Daar blyk 'n duidelike verskil in Derreck se moeder se bewustheid van sy aggressie voor (71%) en na (29%) die intervensie te wees. Daar is dus 'n positiewe neiging van 42% deur die moeder beleef. Derreck het aggressief opgetree om homself te beskerm, veral teenoor maats wat hom spot. Na bewusmaking van sy gevoelens en bemagtiging om homself in moeilike situasies te handhaaf, slaag Derreck daarin om sy aggressie te beheer. Vanuit figuur 6.36 is dit dan ook duidelik dat die ouer-kind binding sodoende versterk het.


- Kobus

Kobus het geweier om die skale in te vul. Sy ouers het die skale ingevul en dit word vervolgens bespreek.

Figuur 6.37 Ouers se bewusmaking van die kind se aggressie voor en na terapie (Bylae D)




Figuur 6.38 Binding van ouers met kind (Bylae C)



University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

Volgens Kobus se moeder ervaar Kobus geen skolastiese probleme nie. Hy is baie aggressief by die huis. Kobus toon baie weerstand tydens terapie en weier samewerking. Navorser kon egter tydens sessie vier kontak met hom bewerkstellig. Vanuit sy projeksie met die roosboom slaag Kobus daarin om sy gevoelens met navorser te deel. Hy toon egter weer weerstand, en weier om verder samewerking te gee. Dit blyk of Kobus van sy negatiewe gedrag bewus geword het en sy moeder kon verandering in sy gedrag waarneem. Vanuit figuur 6.37 is dit duidelik dat Kobus se aggressie met 9% verbeter het. Volgens die moeder het Kobus se gedrag verbeter, maar hy het steeds weerstand teen terapie gebied. Die nodige raad en leiding vanaf navorser aan Kobus se moeder kon tot die vermindering van Kobus se aggressie aanleiding gegee het. Die intervensieprogram is egter na sessie vyf gestaak. Die ouer-kind verhouding het vanaf 80% verbeter na 76%.

#### 6.8.1.2 Afleidings vanuit die interpretasie van gegewens

Die volgende afleidings kan op grond van die verwerking van die skale en die gevallestudies gemaak word:

- Die ontwikkeling van die kind in sy middelkinderjare wat aggressief optree, word deur sy gedrag benadeel.
- Besluitneming en die uitoefening van keuses is vir die aggressiewe kind moeilik, aangesien die aggressiewe kind nie verantwoordelikheid vir sy gedrag wil neem nie.
- Die aggressiewe kind ervaar onsekerheid oor sy vermoëns en raak dus aggressief teenoor homself of ander.
- Vanuit die ondersoek het dit duidelik na vore gekom dat die aggressiewe kind verwerping van sy ouers en maats vrees. Hierdie vrees dra tot die versterking van sy aggressiewe gedrag by.
- Sosiale aanpassing word belemmer weens 'n gebrek aan selfvertroue en 'n negatiewe houding oor die self.
- Die binding tussen ouer en kind word beslis negatief beïnvloed weens die aggressiewe gedrag van die kind.


University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

- Volgens die voor-en nametings resultate van die kind en sy ouer(s) blyk dit dat die kind van sy aggressie bewus geword het en dat die ouer-kind binding versterk het. Die intervensieprogram blyk dus 'n positiewe invloed op die kind se bewusmaking van sy aggressie en die ouer-kind binding te hê.

Die hipotese kon dus deur die studie ondersteun word. Die aggressiewe kind kon van sy aggressie bewus geword het. Hy kon dit verstaan, erken en besit. Dit het tot die neem van verantwoordelikheid en die versterking van die ouer-kind binding aanleiding gegee.


### 6.8.2 Vergelykende interpretasie van gegewens

Figuur 6.39: Respondente se aggressie voor– en na intervensie




Vanuit figuur 6.39 is dit duidelik dat die respondente se aggressiewe gedrag met 21,83% verbeter het. Daar kan dus afgelei word dat die intervensieprogram die kind tot die bewusmaking van sy gevoelens gelei het en dat die kind sy aggressie kan erken, besit en aanvaar.

Figuur 6.40: Respondente se binding met hul ouers voor- en na intervensie




Dit is vanuit figuur 6.40 duidelik dat die kind se verhouding met sy ouers met 23,67% verbeter het. Die kind is tydens die intervensieprogram van sy aggressiewe gevoelens bewus gemaak, sodoende kon die kind leer om sy gevoelens te beheer en te hanteer en die ouer-kind binding kon dus versterk word.

## 6.9 SAMEVATTING

Die empiriese gegewens is gebaseer op data wat deur middel van terapeutiese onderhoude en gestandaardiseerde skale ingesamel is. Die inligting wat in die onderhoude verkry is, stem met inligting wat deur middel van die literatuurstudie ingewin is, ooreen.

Die intervensieprogram kon suksesvol met die respondente aangewend word. Vier kinders in hul middelkinderjare kon die program suksesvol voltooi het. Die vyfde kind het egter na sessie vyf weens erge weerstand en swak samewerking gestaak. Verdere sessies word op 'n latere stadium met die betrokke kind beplan.

Die betrokke respondente slaag daarin om met hul gevoelens in kontak te kom. 'n Interessante tendens is dat die aggressiewe kind makliker met sy gevoelens kon kontak maak toe hy aan sensoriese kontakfunksies blootgestel is.

Skeppende- en assesseringspel kon suksesvol aangewend word om die aggressiewe kind te help om met sy gevoelens in kontak te kom. Vanuit die ondersoek het die kind se aggressiewe gedrag verminder. Die ouer-kind verhouding het verbeter na afloop van die sessies. Die hipotese van die studie kon dus bekragtig word.

In hoofstuk 7 word die spelterapeutiese intervensieprogram volledig bespreek.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

# HOOFSTUK 7

## 'N SPELTERAPEUTIESE INTERVENSIEPROGRAM MET DIE AGGRESSIEWE KIND

### 7.1 INLEIDING

In die voorafgaande hoofstuk is die gegewens uit die empiriese navorsing verwerk en die resultate is bespreek. Klem is veral gelê op elke respondent se hantering en bewusmaking van sy aggressie, en die invloed wat die intervensieprogram op die ouer-kind verhouding het. In hierdie hoofstuk word die intervensieprogram wat geïmplementeer is tydens die betrokke studie met die junior- primêre skoolkind wat aggressiewe gedrag toon, uiteengesit. Daar word op die tegnieke en hulpmiddels in spelterapie vanuit die gestaltbenadering gefokus en die doel van elke sessie word uitgelig.

Navorser wil egter beklemtoon dat wanneer daar met die aggressiewe kind gewerk word, dit belangrik is dat die terapeut oor 'n uitgebreide kennisbasis ten opsigte van die aggressiewe kind, sy ontwikkelingsfases en sy gesinsopset moet beskik. Hoofstukke 2, 3 en 4 van die betrokke studie behoort ter voorbereiding van waarde te wees. Daar moet verder in gedagte gehou word dat die intervensieprogram die gestaltbenadering as basis benut het en dat die terapeutiese proses aan die hand van spelterapie as 'n unieke werkswyse met die kind as kliënt deurgevoer is. Die terapeut wat van hierdie intervensieprogram gebruik maak, behoort dus met die gestaltbenadering vertroud te wees en oor voldoende opleiding as spelterapeut beskik. Hoofstuk 5 kan ook as aanvullende literatuur oor spelterapie vanuit die gestaltbenadering dien. Die spelterapeutiese intervensieprogram met die junior-primêre skoolkind word vervolgens vir die doel van die studie uiteengesit. Elke sessie word afsonderlik uiteengesit.

Navorser wil ten slotte ook beklemtoon dat die gespesialiseerde tegnieke en werkswyses wat tydens die intervensieprogram aangewend is (byvoorbeeld die leëstoel-tegniek, die roosboomtegniek, sandwerk en kleiwerk) terapeutiese vaardighede is wat slegs deur praktiese opleiding opgedoen kan word. Om bloot op literatuur staat te maak om hierdie

University of Pretoria etd – Du Toit, K  (2006)

vaardighede aan te leer, is nie voldoende nie. Terapeute wat van hierdie intervensieprogram gebruik maak, behoort dus voldoende praktiese opleiding te hê en met die tegnieke en werkswyses vertroud te wees. Hierdie tegnieke en werkswyses word dus nie in die intervensieprogram uiteengesit nie.

## 7.2 DIE SPELTERAPEUTIESE INTERVENSIEPROGRAM

**SESSIE 1 –betrokke kind saam met sy ouer(s)**

**Doelwitte van die sessie:**

- Kennismaking en verhoudingsbou met die ouer(s) en die kind ten einde hul samewerking te verkry.
- Assessering en kontraksluiting.
- Voormeting deur die kind en sy ouer(s) met behulp van skale.

**Verloop van die sessie:**

- Sessie met ouer(s) en kind – duur ongeveer 60minute.
- Assesseer ouer(s) en kind se verwagtinge en doelwitte, en bepaal wie/wat die ouer(s) as 'n probleem sien, waaroor hulle bekommerd is en wat hulle wil bereik.
- Bespreek die intervensieprogram, konfidensialiteit en die ouer(s) se rol en betrokkenheid by die terapeutiese proses.
- Sluit 'n kontrak ( Bylae A en B).
- Betrek die ouer(s) by die voltooiing van die skale (bylae C en D) terwyl die kind na die speelkamer gaan en sy skaal voltooi (bylae E).
- Gee vir die kind geleentheid om die speelkamer te verken en aan ongestruktureerde spel deel te neem.

**Metodes, tegnieke en hulpmiddels:**

- Ongestruktureerde onderhoudvoering (15 minute).

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

- Voltooiing van kontrakte (bylae A en B) (10 minute).
- Voltooiing van die meetinstrumente (bylae C en D vir die ouers) (20 minute).
- Ontspannende spel – bied geleentheid vir die kind om te ontspan en die speelkamer te verken (10 minute).
- Die kind voltooi sy skaal (bylae E) (20 minute).

**Riglyne**

- Die kind voel moontlik gespanne en kwaad vir sy ouer(s)- weerstand kan dus voorkom
- Die ouer(s) het dikwels self 'n behoefte aan terapie - maak 'n voorstel dat die ouer(s) vir ouerleiding na die tien sessies inskakel.
- Die kind moet by die gesprek met die ouer(s) betrek word- dit dra tot die vertrouensverhouding by.
- Terugvoer word aan die ouer(s) gegee, slegs as die kind van die terugvoer bewus is. Die kind moet met ander woorde toestemming verleen oor inligting wat aan die ouers deurgegee word.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

**SESSIE 2- betrokke kind alleen**

**Doelwitte van die sessie**

- Verhoudingsbou tussen die terapeut en die kind.
- Assessering van die kind se gedragspatrone, selfbeeld, emosionele, sosiale, kognitiewe en fisiologiese funksionering.
- Om die belangrikheid van keuses aan die kind te benadruk.
- Deur bewuswording van die kind se sensoriese en die self, bepaal die kind en die terapeut kontakgrense en voorgrondsbehoeftes.
- Voltooiing van die skale (Bylae F en G).
- Ongestruktureerde spel van die kind se keuse.

**Verloop van die sessie:**

- Duur ongeveer 45 minute.
- Bou van die terapeutiese verhouding.
- Fokus op die kind se doelwitte en sy verwagtings ten opsigte van die sessies en die terapeut.
- Fokus op die kind se siening waarom hy vir terapie ingeskakel is.
- Bied aan die kind keuses om aan die intervensieprogram deel te neem en om die skale in te vul.
- Voltooi die skale saam met die kind (bylae F en G).
- Gee 'n geleentheid vir ontspannende spel van die kind se keuse.

**Metodes, tegnieke en hulpmiddels:**

- Bespreking: Om die kind se verwagtings van die sessies te bespreek. Benodigdhede: 'n Plakkaat met opsommings van die sessies.(20 minute).
- Benutting van meetinstrumente.(15 minute).
- Ontspannende spel: legkaarte en toerusting vir ongestruktureerde spel van die kind se keuse (blokkies, klei, verf of tekeninge) (15 minute).

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

**Riglyne:**

- Die aggressiewe kind is geneig om grense te toets en sukkel om volwassenes te vetrou.
- Laat die kind veilig voel, skep 'n ontspannende atmosfeer en tree nie-veroordelend op, veral as die kind weerstand bied.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

## SESSIE 3- betrokke kind alleen

**Doelwitte van die sessie:**

- Verhoudingsbou.
- Om die kind se ontwikkelingsfase waarbinne hy homself bevind, te identifiseer.
- Verhoging van die kind se bewustheid deur middel van sensoriese kontakmaking.
- Om die kind van verskillende gevoelens bewus te maak.
- Fokus op polariteite.
- Hulp aan die kind om te ontspan.

**Verloop van die sessie:**

- Fokus op die kind se sintuie (gesig, gehoor, aanraking, smaak en reuk), sy liggaamshouding en sy asemhaling. Hierdie bewusmaking vind deur al die terapeutiese sessies plaas ten einde bewustheid en kontak met die kind se gevoelens te bewerkstellig.
- Gee toestemming aan die kind om sy gevoelens in die hier-en-nou te ervaar.
- Fokus op negatiewe en positiewe gevoelens – polariteite.

**Metodes, tegnieke en hulpmiddels:**

1. **Ontspannende spel** (25 minute)

Sensoriese kontakmaking:

- Om bewustheid te verhoog.
- Benodigdhede: ses reukbotteltjies met verskillende geure (byvoorbeeld asyn, vanieljegeursel, sjampoe, koffie, bleikmiddel en vuurhoutjies).
- Ses smaakbotteltjies met eetbare inhoude (byvoorbeeld suiker, grondboontjiebotter, sout, peper, sjokolade en asyn).

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

- Ondeursigtige sak met sagte, harde, growwe en gladde items (byvoorbeeld watte, klippe, skuurpapier, spons en plastiek) Die teksture word met verskillende dele van die liggaam aangeraak, byvoorbeeld die hande, voete, elmboë en knieë.
- Bordspeletjies en musiek ("Listen Lotto" van Smile Education).

Metode: Die kind kry die geleentheid om die verskillende geure, smake en teksture te identifiseer en te beskryf. Fokus veral op die kind se gevoelens rondom elke objek en laat hom die gevoel bespreek. Die kind wat weerstand bied, sal groter vrymoedigheid hê as die terapeut saam met hom daaraan deelneem. Die bordspeletjies help met die kind se luister- en gehoorvaardighede. Die aggressiewe kind wil graag in beheer wees. Hierdie speletjie bied mag aan die kind.

**2. Assesseringspel** (20 minute)

- Doel: om die kind van verskillende gevoelens bewus te maak.
- Benodigdhede: Gevoelsgesiggies- word volledig uiteengesit in Van der Merwe, M. 1996. The use of play techniques when counselling young children in a divorce situation. In Schoeman, J.P. & Van der Merwe,M 1996. **Entering the child's world. A Play therapy Approach.** Pretoria: Kagiso.

Metode: Die terapeut bespreek verskillende gevoelens met die kind en vra die kind om gevoelens te kies wat aan hom bekend is. Die kind moet die gevoelens bespreek en daar word op polariteite gefokus.

**Riglyne:**

- Die terapeut moet met die tegnieke in sensoriese kontakmaking vertroud wees. Praktiese opleiding is 'n vereiste.
- Hoewel die gevoelsgesiggies ten doel het om die kind se gevoelens te assesseer en bewus te maak; is dit soms noodsaaklik dat hierdie fase terapeuties benut moet word, aangesien die kind bepaalde onvoltooidhede in sy lewe kan ervaar.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

**SESSIE 4- betrokke kind alleen**

**Doelwitte van die sessie:**

- Om die ek/jy verhouding te versterk – ontmoet die kind op sy vlak.
- Om kennis en insigontwikkeling in aggressie as gevoel by die kind te bewerkstellig.
- Om die belangrikheid van keuses vir die kind te bied.
- Identifiseer onvoltooidhede in die kind se lewe.
- Om 'n geleentheid vir projeksie van die kind se voorgrondsbehoeftes en gevoelens rondom sy aggressie te bied.
- Assesserings- en skeppende spel.

**Verloop van die sessie:**

- Duur ongeveer 45 minute.
- Identifiseer verskillende polariteite in die kind se lewe.
- Fokus op die kind se siening van aggressie, introjekte en sy emosionele belewenisse.
- Assesseer die impak van die kind se aggressie op sy huidige funksionering.
- Ondersteun die kind en bemagtig hom om sy gevoelens te besit. Hy moet sy aggressie verstaan en kan hanteer – hanteringstrategieë word saam met die kind geëksploreer.
- Fokus op verdere bewustheid van sy sensoriese modaliteite (aanraking en gevoelens).

**Metodes, tegnieke en hulpmiddels:**

1. **Skeppende spel** (20 minute)

- Skeppende spel het ten doel om kommunikasie tussen die kind en terapeut te bewerkstellig. Tydens die sessie word die gevoelsgesiggies weer met die kind bespreek. Die terapeut kan aan die hand van literatuur verskillende gevoelens verduidelik en fokus word op die "aggressie-gevoel" geplaas. Die kind kry die geleentheid om in die hier-en-nou wat hy voel te verf. Oaklander (1988:53-56) se veertien stappe-model bied 'n geleentheid vir die maak van projeksies, die insameling

van inligting, en die identifisering en uitdrukking van gevoelens. Tekeninge, klei, verf en sand is sinvolle mediums om met die aggressiewe kind aan te wend. Daar word aangeneem dat die terapeut wat die intervensieprogram gaan gebruik, met hierdie mediums, tegnieke en Oaklander se werkswyses in spelterapie vertroud is.

**2. Assesseringspel** (30 minute)

- Die roosboomtegniek word volledig in paragraaf 5.7.2.2 bespreek. Daar word aangeneem dat die terapeute wat hierdie intervensieprogram gebruik, met hierdie tegniek vertroud is en word dit dus nie omskryf nie. Die roosboomtegniek word op bladsy 33 van "Oaklander,V.1993. **Windows to Our Children: a Gestalt Therapy Approach for Children and Adolescents.** New York: Gestalt Journal Press", bespreek.
- Die doel van die tegniek is om op die kind se siening van homself, die sekuriteite in sy lewe en sy emosionele belewenisse te fokus. Onvoltooidhede in die kind se lewe word ook hanteer.
- Benodigdhede: Papier, kryte/potlode of koki's.

Metode: Laat die kind ontspan sodat hy met sy innerlike kan kontak maak. Strelende musiek kan gespeel word. Die kind word op 'n fantasiereis geneem waartydens die roosboom beskryf word. Dit mag nodig wees dat die terapeut die storie weer moet vertel, aangesien die aggressiewe kind weerstand kan bied en die storie verlore gaan. Laat die kind ontspan. Gee die kind 'n geleentheid om sy roosboom te teken en bespreek dit met hom. Fokus veral op polariteite. Fokus op die verband tussen die kind se projeksies en sy huidige funksionering. Onvoltooidhede moet hanteer word. Die terapeut moet ondersteuning aan die kind bied, en hom bemagtig om sy ware gevoelens te identifiseer en te besit.

**Riglyne:**

- Die aggressiewe kind kan tydens hierdie sessie weerstand bied, aangesien hy van sy gevoelens bewus raak. Dit is belangrik dat die terapeut die nodige kennis aangaande

die aggressiewe kind as mens moet beskik, om sodoende die kind suksesvol te bereik.

- Die roosboomtegniek is 'n waardevolle tegniek om die aggressiewe kind van sy ware gevoelens bewus te maak. Die terapeut moet met die tegniek vertroud wees.
- Die terapeut moet oor die nodige vaardighede beskik om die kind se projeksies op 'n effektiewe manier te hanteer.
- Tydens hierdie sessie behoort die kind van sy ware gevoelens bewus te word en moet beheer oor sy aggressie begin neem.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

**SESSIE 5 – betrokke kind alleen**

**Doelwitte van die sessie:**

- Om die kind se proses te bepaal waardeur die self moet beweeg ten einde tot volle bewustheid te kan beweeg.
- Assessering van die gesinsdinamiek.
- Om die kind op 'n fantasiereis te neem waar hy enige persoon van sy keuse kan kies om saam te gaan.
- Om deur die benutting van teken as medium 'n geleentheid vir die kind se gevoelens oor die persoon te bied.
- Om deur die terapeutiese proses te bepaal watter invloed die persone in die kind se lewe op sy emosionele funksionering het.
- Om deur die gebruik van selfvertroeteling die kind 'n geleentheid te bied om sy aggressiewe gevoelens te aanvaar en te besit.
- Assesserings- en skeppende spel.

**Verloop van die sessie:**

- Duur ongeveer 45 minute.
- Leer om gevoelens in die hier-en-nou te besit.
- Fokus op die gesinsamestelling, die emosionele bindinge en die kommunikasiepatrone onder die lede.
- Fokus op voorgrondsbehoeftes, polariteite en die neem van verantwoordelikheid.
- Fokus op sensoriese kontakmaking.
- Bemagtig die kind om kontak met sy gevoelens te maak.

**Metodes, tegnieke en hulpmiddels:**

1. **Assesseringspel** (15 minute)

- Grafiese gesinsbeelding word volledig in Venter, C.A. 1993. "Graphic Family Sculpting as a Technique in Family Therapy." **Die Maatskaplikewerk-Navorser-**

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

**Praktisyn,** 6(2): 12-15, bespreek. Daar word aangeneem dat terapeute wat hierdie intervensieprogram gebruik, met hierdie tegniek vetroud is, en dit word dus nie omskryf nie. Paragraaf 5.7.2.1 van die betrokke studie gee 'n duidelike uiteensetting van grafiese gesinsbeelding.

- Die doel van die tegniek is om die kind se gesinsamestelling en -funksionering te assesseer. Emosionele bindinge kan ook vasgestel word.
- Benodigdhede: Papier en skryfgoed.

Metode: Die grafiese gesinsbeelding kan soos volg aan die kind verduidelik word. Versoek die kind om elke gesinslid met 'n gesiggie aan te dui. Die gevoelsgesiggies kan vir hierdie tegniek benut word. Die take en gevoelens wat die kind aan elke gesinlid koppel, word neergeskryf. Die terapeut kan vrae vra soos " Na wie kyk jou ma?" en "Met wie praat jou pa?". Die inligting wat tydens die grafiese gesinsbeelding verkry word, word met die kind bespreek.

2. **Skeppende spel** (30 minute)

- Neem die kind op 'n fantasiereis waar hy enige persoon kan kies om op die reis saam te gaan. Die terapeut vertel 'n storie waar die kind met 'n ruimteskip na die maan vlieg. Die terapeut vra die kind om sy tekening te teken.
- Benodigdhede: Sagte strelende musiek sodat die kind kan ontspan. Papier en skryfgoed.

Metode: Nadat die kind sy fantasiereis geteken het, kry hy 'n geleentheid om sy ware gevoelens te teken. Die terapeut wat die intervensieprogram benut, behoort oor die nodige kennis en praktiese ondervinding te beskik om die aggressie-monster sinvol aan te wend. Die monsters in 'n kind se lewe word op bladsy 69 in Schoeman, J.P. & van der Merwe, M. 1996. "**Entering the Child's World: A Play Therapy Approach.** Pretoria:Kagiso uitgewers", bespreek. Die aggressie-monster word in paragraaf 5.7.4 van die betrokke studie bespreek.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

Die kind kry 'n geleentheid om sy negatiewe gevoelens te teken. Die terapeut bespreek die aggressiemonster met die kind. Die kind kry 'n geleentheid om sy onvoltooidhede wat hy in sy lewe ervaar, te hanteer. Hy kry ook die geleentheid om introjekte op te los. Die benutting van die aggressiemonster help die kind om aan sy ware gevoelens uiting te gee. Na afloop van die aggressiemonster word die kind gevra om 'n veilige plekkie te teken. Die doel van hierdie tekening is om die kind te bemagtig en veilig te laat voel. Oaklander (1988:53-56) se veertien stappe word hier benut.

**Riglyne:**

- Dit is belangrik dat die kind se tekening met hom bespreek word en dat alle aspekte met die kind gekontroleer word. Die tekening moet nie deur die terapeut geïnterpreteer word nie.
- Tydens die bespreking van die kind se tekening moet die terapeut in samevloeiing met die kind wees. Fokus op gevoelens in die hier-en-nou.
- Ondersteun die kind om oor sy aggressie-monster te praat. Die aggressiewe kind is dikwels geneig om weerstand te bied, aangesien hy bewus raak dat sy gevoelens op die voorgrond is.
- Gee die kind toestemming om byvoorbeeld vir sy pa kwaad in die terapiekamer te mag voel. Gee hanteringstrategieë vir toepassing in sy werklike lewe binne sy gesin.
- Ondersteun die kind tot insigontwikkeling in sy gedrag. Dit is belangrik dat die terapeut die kind se veilige plekkie moet respekteer en hom bemagtig, sodoende voel die kind veiliger om sy gevoelens te aanvaar en te besit.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

## SESSIE 6 –betrokke kind alleen

**Doelwitte van die sessie:**

- Om verhoogde sensoriese kontak by die kind te fasiliteer.
- Om deur die benutting van sand as medium 'n geleentheid vir projeksie van die kind se voorgrondsbehoeftes rondom sy aggressie te bied.
- Deurlopende assessering en evaluering van die kind se proses.
- Om die kind tot insig oor sy aggressiewe gevoelens en ouer-kind binding te begelei en te verduidelik.
- Skeppende spel.

**Verloop van die sessie:**

- Duur ongeveer 45 minute
- Fokus op die identifisering, die besit en die hantering van gevoelens, en verskaf toestemming aan die kind om sy gevoelens te besit en uit te druk.
- Fokus op verhoogde bewustheid van die kind se siening van homself, die struktuur en die sekuriteit in sy lewe, introjekte, polariteite en selfonderhouding.
- Fokus op die wyse waarop die ouer-kind binding die kind negatief beïnvloed.
- Laat die kind sy projeksies besit.
- Bied vir die kind hanteringstrategieë met betrekking tot sy aggressie.

**Metodes, tegnieke en hulpmiddels:**

1. **Skeppende spel** (45 minute)

- Die doel van die sandbak as projeksietegniek is om die kind die geleentheid te gee om sy storie te vertel. Die kind se projeksies help om sy onvoltooidhede in sy lewe op te los. Die kind word bemagtig om vir sy gedrag verantwoordelikheid te neem en alternatiewe maniere om sy aggressie te hanteer word, word oorweeg.
- Benodigdhede: 'n Sandbak en miniatuur speelgoed soos byvoorbeeld plaasdiere, weermagmannetjies, bome, heinings, goggas, slange, blokkies, ensomeer.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

Metode: Die terapeut wat van hierdie intervensieprogram gebruik maak, behoort oor die nodige kennis en praktiese ondervinding te beskik om sandwerk as projeksietegniek sinvol aan te wend. Sandwerk word in paragraaf 5.7.4 bespreek.

Die kind moet op sy gemak wees voordat hy 'n sandtoneel bou. Strelende agtergrondmusiek kan help om die kind te laat ontspan. Die kind kies verskillende miniatuurfiguurtjies waarmee hy sandtonele gaan bou. Die kind se sandtoneel word aan die hand van Oaklander (1988:53-56) se veertien stappe-model hanteer.

**Riglyne:**

- Die kind se sandtoneel moet volledig met hom bespreek word. Fokus veral op polariteite in die kind se lewe.
- Fokus op die kind se voorgrondsbehoeftes en die belewing van die kind se gevoelens in die hier-en-nou.
- Die kind moet die geleentheid kry om sy ware gevoelens wat vanuit sy projeksies verkry is, in die sand uit te speel. Onvoltooidhede word so bemeester. Die kind kry dus ook die geleentheid om met nuwe gedrag te eksperimenteer.
- Die kind moet geleer word om homself te onderhou en verantwoordelikheid vir sy gedrag te neem.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

## SESSIE 7- betrokke kind alleen

**Doelwitte van die sessie:**

- Om die kind se sensoriese bewustheid te verhoog.
- Om deur die benutting van klei as medium 'n geleentheid vir projeksie van die kind se aggressie te bied.
- Om die kind tot aktiewe gebruik van sy gevoelens te begelei en om dit uit te druk.
- Om die kind in beheer van sy situasie te plaas deur sy aggressie te aanvaar, te erken en te besit.
- Om die kind op sy ouer(s) se inskakeling by die volgende sessie voor te berei.
- Skeppende en gedramatiseerde spel.

**Verloop van die sessie:**

- Duur ongeveer 45 minute
- Fokus op die identifisering, die besit en die hantering van gevoelens, en verskaf toestemming aan die kind om sy gevoelens te besit en te hanteer.
- Leer om gevoelens in die hier-en-nou te besit.
- Fokus op die kind se verhoging van die bewustheid van sy aggressie en watter invloed dit op die ouer-kind verhouding het.
- Die neem van verantwoordelikheid vir sy gedrag en selfonderhouding.
- Deur middel van rollespel die kind voor te berei om met sy ouer(s) te kommunikeer.

**Metodes, tegnieke en hulpmiddels:**

**1. Skeppende spel** (30 minute)

- Die doel van kleiwerk is om aan die kind die geleentheid te bied om aan sy aggressiewe gevoelens uiting te gee.
- Benodigdhede: Pottebakkersklei, 'n tafel waarop daar gewerk kan word, 'n houer met water en gereedskap soos 'n hammer, skrapers, kombuistoerusting soos 'n aartappeldrukker, messe en vurke.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

Metode: Die terapeut wat van hierdie intervensieprogram gebruik maak, behoort oor die nodige kennis en praktiese ondervinding te beskik om kleiwerk as projeksietegniek in spelterapie sinvol aan te wend. Kleiwerk word in paragraaf 5.7.2 bespreek. Oaklander (1988:53-56) se veertien stappe-model word ook tydens die kleiwerk benut. Na afloop van die kleiwerk kry die kind die geleentheid om sy aggressie deur middel van 'n bespreking oor die "gelukkige" en die "ongelukkige aggressiemonster" te verstaan. Prente ter illustrasie word aan die kind gewys (hulpmiddel 7.1). Die terapeut fokus op polariteite, en verduidelik die aanvaarbare en onaanvaarbare gedrag aan die kind. Hierdie oefening word in sessie 8 ook met die ouers bespreek.

2. **Gedramatiseerde spel** (15 minute)

- Die leëstoel-tegniek word gebruik sodat die kind direk aan sy gevoelens uiting kan gee en innerlike konflik kan hanteer. Die kind toon groter insig in sy situasie, gevoelens en gedrag. Die kind word deur hierdie proses voorberei om sy gevoelens met sy ouer(s) te deel.

- Benodigdhede: 'n Stoel waarop 'n denkbeeldige persoon geplaas word. Die aggressiewe kind kies om 'n handpop of sy kleimodel in die stoel te plaas.

Metode: Die terapeut wat van hierdie intervensieprogram gebruik maak, behoort oor die nodige kennis en praktiese ondervinding te beskik om die leëstoel-tegniek sinvol aan te wend. Die leëstoel-tegniek word in paragraaf 5.7.3.2 van hierdie studie bespreek.

**Riglyne:**

- Dit is belangrik dat die kind sy kleimodel met die terapeut moet bespreek.
- Ondersteun die kind om sy projeksies te besit sodat die kind insig in sy negatiewe gedrag sal ontwikkel. Fokus op eksperimentering met nuwe gedrag.
- Die kind moet geleer word om homself te onderhou en verantwoordelikheid vir sy gedrag te neem.
- Die kind kan die "aggressiemonsters" gebruik om insig in sy gedrag te toon en dat


University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

aggressie op 'n aanvaarbare manier gehanteer kan word. Dit is belangrik om aan die kind te verduidelik dat aggressie 'n normale gevoel is en dat die kind soos die "gelukkige aggressiemonster" mag voel.

- Ondersteun die kind om tydens die leëstoel-tegniek dialoog te voer. Moedig die kind aan om van stoele te wissel, dit gee tot insigontwikkeling by die kind aanleiding. Hy leer om ander se konflikte te begryp.
- Die kind moet bemagtig word om sy gevoelens te besit en daaraan uitdrukking te gee.
- Die leëstoel-tegniek kan met die "aggressiemonster" gekombineer word.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

Hulpmiddel 7.1: Ongelukkige aggressiemonster



University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

Hulpmiddel 7.1: Gelukkige aggressiemonster



University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

## SESSIE 8 –betrokke kind saam met sy ouer(s)

**Doelwitte van die sessie:**

- Om die ouer(s) en die kind te begelei om hul gedrag te evalueer.
- Om die ouer(s) sowel as die kind bewus te maak van hanteringsfoute en gevoelens wat die ouer-kind binding negatief beïnvloed.
- Om deur die terapeutiese proses die ouer(s) en die kind van die doel en die betekenis van aggressie bewus te maak en dit positief te rig.
- Assesserings- en ontspannende spel.

**Verloop van die sessie:**

- Duur ongeveer 45 minute
- Fokus op die identifisering, die besit en die hantering van gevoelens deur die kind aan sy ouers en verskaf toestemming aan die kind om aan sy gevoelens uiting te gee.
- Fokus op die kind en die ouer(s) se hantering van gevoelens in die hier-en-nou.
- Identifiseer moontlike probleme en bronne van konflik tussen ouer en kind.
- Fokus op bemagtiging, en bied aan die ouer en kind die geleentheid om idees vir probleemoplossing te vind en sinvolle hanteringstrategieë voor te stel.
- Fokus op die verhoging van die bewusmaking van die ouer-kind interaksie en die kind se aggressie.
- Fokus om die kind te help om sy steunstelsels te benut.

**Metodes, tegnieke en hulpmiddels:**

1. **Assesseringspel** (30 minute)

- Die wurmtegniek het ten doel om die ouer van die kind se behoeftes bewus te maak en om ouer-kind interaksie te verhoog deur gesamentlike oplossings vir die kind se aggressie te vind. Die tegniek word dus benut om 'n hanteringstrategie tussen ouer en kind uit te werk en sodoende die kontak tussen hulle te versterk.
- Benodigdhede: Papier en skryfgoed of verf.

Metode: Die terapeut wat van hierdie intervensieprogram gebruik maak, behoort oor die nodige kennis en praktiese ondervinding te beskik om die wurmtegniek sinvol aan te wend. Die wurmtegniek word op bladsy 30 in van der Merwe, M. 1994. "Assessment of problems and needs: Greedy worms eating life apple." **Maatskaplikewerk-Praktyk.** 3(94):30, bespreek. Die wurm-tegniek word in paragraaf 5.7.2.3 in die studie bespreek.

**2. Ontspannende spel** (15 minute)

- Die kind en sy ouer(s) kry die geleentheid om te ontspan en saam te speel.
- Benodigdhede: Toerusting vir ongestruktureerde spel van die kind se keuse (blokkies, klei, verf, legkaarte of teken)

**Riglyne:**

- Motiveer die kind om sy gevoelens met sy ouer(s) te deel. Dit is makliker vir die aggressiewe kind om sy gevoelens aan die hand van die "gelukkige " en die "ongelukkige aggressiemonster" te deel.
- Skep 'n ondersteunende atmosfeer in die speelkamer, en moedig die kind en die ouer aan om sensitief vir mekaar se gevoelens te wees.
- Poog om die ouer(s) werklik by die wurmtegniek betrokke te maak, sodat die kind 'n gevoel van "behoort aan " kan ervaar.
- Neem die ouer-kind interaksie waar en evalueer.
- Bemagtig die kind en die ouer met wyses om die probleemgedrag uit te skakel en die nodige oplossings saam te beplan. Die aggressiewe kind wil graag die nodige erkenning vanaf sy ouer(s) ontvang.
- Die kind en die ouer moet geleer word om mekaar in ag te neem en verantwoordelikheid vir hul gedrag te aanvaar.

**SESSIE 9- betrokke kind saam met sy ouer(s)**

**Doelwitte van die sessie:**

- Om die kind en sy ouer(s) tot die identifisering van projeksie en onvoltooidhede binne die self te begelei.
- Uitbreiding van kommunikasievaardighede en vaardighede in probleemoplossing.
- Om die kind en sy ouer(s) tot verantwoordelikheidsneming ten opsigte van hul gevoelens, gedrag en optrede te begelei.
- Voorbereiding op terminering.
- Gedramatiseerde spel.

**Verloop van die sessie:**

- Duur ongeveer 45 minute.
- Bied geleentheid vir projeksie deur middel van rollespel en handpoppe.
- Fokus op die kind en die ouer se gedragspatrone, en ondersteun hulle om insig in hierdie gedragspatrone te ontwikkel.
- Fokus op die bewusmaking van die kind en die ouer se behoeftes en die leemtes in hul verhouding.
- Bemagtig die kind en die ouer om die probleme en konflikte te hanteer en op te los.
- Fokus op voorgrondsbehoeftes.
- Bemagtig die ouer en die kind in die neem van verantwoordelikheid en selfonderhouding.
- Help die kind om in die teenwoordigheid van sy steunstelsels te leer om met nuwe gedrag te eksperimenteer.
- Berei die kind op terminering voor.

**Metodes, tegnieke en hulpmiddels:**

1. **Gedramatiseerde spel** (30 minute)

- Die handpoppe het ten doel om verdere onvoltooidhede tussen die ouer en die kind

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

aan te spreek, en om sodoende nuwe gedragspatrone en kommunikasievaardighede in te oefen.

- Benodigdhede: Verskillende handpoppe (byvoorbeeld handpoppe bestaande uit 'n gesin, verskillende diere en slegte handpoppe soos 'n duiwel en 'n heks)

Metode: Die terapeut moet 'n storie vertel wat met die kind en sy ouer se situasie ooreenstem. Die kind en die ouer kan karakters kies en die storie vertel. Die kind en die ouer kry dan 'n geleentheid om vanuit hulle projeksies positiewe gedragspatrone te identifiseer en 'n plan van aksie uit te dink ten einde die probleem aan te spreek. Die ouer en die kind kry 'n geleentheid om konfliksituasies te hanteer. Handpoppe word in paragraaf 5.7.3.1 in die studie bespreek. Daar kan veral op die volgende gefokus word:

- Hoe om potensiële aggressie vroegtydig by die kind te identifiseer en te vermy.
- Wat om te doen wanneer my kind aggressief optree?
- Hoe kan ek werk aan 'n positiewe verhouding met my kind?

Die terapeut berei die kind en sy ouer(s) op die terminering van die intervensieprogram voor. Die kind en die ouer neem aan ontspannende spel van hul eie keuse deel (15 minute).

**Riglyne:**

- Die kind moet tydens die spel verantwoordelikheid vir sy gedrag aanvaar en aggressie vroegtydig identifiseer.
- Die ouer en die kind moet aangemoedig word om hul gevoelens met mekaar te deel en om positiewe gedragspatrone aan te leer.
- Hierdie gedrag moet herhaaldelik ingeoefen word. Verdere ouerleidingsessies kan net tot voordeel van die kind en sy ouer(s) wees.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

**SESSIE 10 – betrokke kind saam met sy ouer(s)**

**Doelwitte van die sessie:**

- Om die sessies te termineer, groei te evalueer, en die kind en sy ouer(s) te bemagtig en te motiveer.
- Om die skale met die betrokke kind en sy ouer(s) te voltooi ten einde die resultate van die intervensie te bepaal.

**Verloop van die sessie:**

- Duur ongeveer 45 minute.
- Erkenning van vordering tydens die sessies.
- Beplanning van ongestruktureerde opvolgsessies indien nodig.
- Hanteer enige onvoltooidhede wat die kind moontlik ten opsigte van die terminering van die terapeutiese proses ervaar.

**Metodes, tegnieke en hulpmiddels:**

1. **Voltooiing van skale** (20 minute)

- Die kind en sy ouer(s) kry die geleentheid om die skale te voltooi.
- Benodigdhede: Bylae C, D, F en G.

Metode: Die kind en sy ouer(s) voltooi die skale afsonderlik. Strelende agtergrondmusiek word gespeel om 'n gemaklike atmosfeer te skep.

2. **Ontspannende spel** (25 minute)

- Die ouer en die kind kry 'n geleentheid om te ontspan en die sessie af te sluit deur 'n partytjie te hou.
- Benodigdhede: Ongestruktureerde spel van die kind se keuse en ongestruktureerde gesprekke met die ouer en kind oor opvolgsessies en die samevatting van die sessies.

**Riglyne:**

- Dit is belangrik dat die kind die terapeut moet glo naamlik dat die terapeut in die kind

se vermoë glo om sy aggressie te kan beheer. Die kind sal sodoende meer geloof in homself hê.

- Dit is belangrik dat die terapeut opvolgsessies moet beklemtoon, sodat die kind nie die terminering as finaal beskou, en nie verwerp voel nie.
- Gee die nodige erkenning aan die kind vir die vordering wat gemaak is tydens die sessies. Die kind sal 'n gevoel van "behoort-aan" ervaar en meer selfvetroue openbaar om met die positiewe gedragspatrone aan te hou.

## 7.3 SAMEVATTING

Dit is uit die betrokke hoofstuk duidelik dat terapeute wat by die aggressiewe kind betrokke is oor 'n uitgebreide kennisbasis rakende aggressiewe gedrag en die invloed daarvan op die ouer-kind verhouding moet beskik. Kennis en praktiese ondervinding ten opsigte van die gestaltbenadering en die metodes, tegnieke en hulpmiddels in spelterapie is ook 'n vereiste. Dit is verder vanuit die hoofstuk duidelik dat daar 'n behoefte is om die aggressiewe kind tot bewusmaking van sy gevoelens te begelei sodat die ouer-kind verhouding kan verbeter. Die belangrikste aspekte in die program en waarop gefokus moet word wanneer daar met aggressiewe kinders gewerk word, is die volgende:

- Die terapeut moet oor voldoende kennis en insig beskik wat betref die aggressiewe kind as persoon en die invloed wat aggressie op die ouer-kind binding het.
- Die aggressiewe kind moet begelei word om kontak met sy sensoriese modaliteite te maak, om sodoende in kontak met sy gevoelens te kom.
- Die terapeut moet veral op die kind se voorgrondsbehoeftes en die ervaring van gevoelens in die hier-en-nou fokus.
- Die kind moet aan keuses blootgestel word en in beheer van sy situasie geplaas word.
- Die kind moet vanuit sy projeksies die geleentheid kry om sy gevoelens te aanvaar, te besit en uit te druk.
- Die kind moet in insigontwikkeling ondersteun word asook en om met nuwe gedrag te eksperimenteer.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

- Die kind moet geleer word om verantwoordelikheid vir sy gedrag en sy gevoelens te neem.
- Die kind moet ondersteuning kry en in die ouer-kind verhouding bemagtig word.
- Die kind moet tot selfonderhouding gelei word.
- Die kind moet in staat wees om self sy aggressie te verstaan en te beheer. Persoonlike groei moet dus plaasvind.

In die volgende hoofstuk word gevolgtrekkings en aanbevelings ten opsigte van die betrokke studie weergegee.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

# HOOFSTUK 8
# SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

## 8.1 INLEIDING

Die intervensieprogram is in die vorige hoofstuk bespreek. Hierdie hoofstuk fokus op die gevolgtrekkings en aanbevelings van die betrokke studie. Aanbevelings word op mikro-, meso-en makrovlak gemaak.

## 8.2 SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS UIT DIE STUDIE

Die doelgerigte afhandeling van die voorondersoek het die suksesvolle afhandeling van die betrokke studie moontlik gemaak. Vanweë navorser se noue betrokkenheid by die gemeenskap en navorser se privaatpraktyk, het die voorondersoek waardevolle insette ten opsigte van die invloed van aggressiewe gedrag in die middelkinderjare op die ouer-kind verhouding gelewer.

Die literatuurstudie het spesifiek ten doel gehad om kennis met betrekking tot die navorsingsproses, die middelkinderjare, die aggressiewe kind, die invloed van aggressie op die ouer-kind binding en spelterapie vanuit die gestaltbenadering uit te brei. Genoegsame plaaslike en buitelandse literatuur kon met behulp van die Akademiese Inligtingsentrum aan die Universiteit van Pretoria, die munisipale biblioteke van Groblersdal en die Internet bekom word, om die spesifieke doel van die studie te bereik. Die aflegging van 'n navorsingstentamen, 'n tentamen oor die studieveld van aggressiewe gedrag by kinders, ouer-kind binding, spelterapietegnieke, konsultasie met kundiges en die bestudering van literatuur, het die navorser in staat gestel om die literatuurstudie suksesvol af te handel.

Tydens die voorondersoek met twee kinders en hul ouers het navorser die geleentheid gehad om die navorsingsprosedures, die verskillende spelmediums, die terapeutiese

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

tegnieke en die meetinstrumente te toets. Die leemtes en struikelblokke ten opsigte van die intervensieprogram en die meetinstrumente kon sodoende geïdentifiseer en verander word. Die uitvoerbaarheid van die hoofondersoek kon ook tydens die voorondersoek bepaal word (vergelyk paragraaf 1.10.3).

Vir die doeleindes van die studie is 'n kombinasie van kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing gebruik. Cresswell (in De Vos, 1998:360) se dominant-teenoor-minder-dominant-model is tydens die studie benut. Dit blyk dat hierdie kombinasie suksesvol in die studie aangewend is. Die studie het hoofsaaklik uit kwalitatiewe data-insameling bestaan. Die impak wat aggressiewe gedrag op die ouer-kind verhouding het, kon ondersoek, geïnterpreteer en verklaar word. Die verband tussen die veranderlikes kon aangedui word. Waardevolle inligting oor die ouer-kind verhouding en navorser se kennis oor aggressiewe gedrag is tydens die individuele sessies met die respondente behandel. Die benutting van voortdurende assessering na elke sessie, prosesnotas en oudiokasette het die navorser verder in staat gestel om die sessies op 'n effektiewe en 'n doelgerigte wyse te evalueer. Die gestandaardiseerde skale as metodes van kwantitatiewe data-insameling wat tydens die hoofondersoek aangewend is, het ook as sinvolle meetinstrumente gedien (vergelyk paragraaf 1.10.4).

Die aanwending van intervensienavorsing blyk uit die literatuurstudie en die empiriese ondersoek sinvol te wees. Daar kon op 'n doelgerigte en wetenskaplike wyse te werk gegaan word om die reeds bestaande kennis rondom die aggressiewe kind en die ouer-kind binding uit te brei. Die spelterapeutiese intervensieprogram kon met sukses ontwikkel, geïmplementeer en geëvalueer word. Reeds bestaande kennis rondom spelterapie en die gestaltbenadering kon uitgebrei word, om sodoende suksesvolle hulpverlening aan die aggressiewe kind te bied. Navorser het daarin geslaag om vyf van die ses fases van die navorsingsproses in intervensienavorsing, suksesvol af te handel (vergelyk paragraaf 1.7). Fase 6 wat oor bemarking handel, is nie as deel van die intervensieprogram benut nie. Kinders wat aggressiewe gedrag openbaar en waar die ouer-kind verhouding skade gelei het, is in navorser se privaatpraktyk geïdentifiseer en vrywillig by die navorsing betrek (fase 1). 'n Literatuurstudie is suksesvol afgehandel, en

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

inligting oor aggressiewe gedrag tydens die middelkinderjare, die ouer-kind binding en spelterapie is bestudeer. Praktiese kennis is benut en kundiges is genader om verdere inligting te bekom (fase 2). 'n Bruikbare ontwerp en meetinstrumente is gekies, en die navorser kon daarin slaag om die intervensieprogram te ontwikkel (fase 3). Die intervensieprogram is tydens die voorondersoek met twee kinders wat aggressiewe gedrag openbaar en swak ouer-kind bindinge toon, geïmplementeer (fase 4). Die resultate van die voorondersoek is geëvalueer en vir die benutting van die hoofondersoek aangepas. Die intervensieprogram is tydens die hoofondersoek met vyf junior-primêre skoolkinders wat aggressiewe gedrag openbaar, geïmplementeer (fase 5). 'n Navorsingsverslag is geskryf, hipoteses is vir verdere navorsing gestel en daar word beplan om artikels vir publikasie in vaktydskrifte gereed te maak. Aanbevelings is op mikro-, meso- en makrovlak gemaak, en terugvoer is aan ouers en maatskaplike werkers gegee. Navorser beplan om die program verder te bemark deur die aanbieding van kort kursusse, en om die program in navorser se privaatpraktyk te benut (fase 6).

Kwasi-eksperimentele navorsing as enkelstelselontwerp wat tydens die studie aangewend is, was daarop gerig om die invloed van aggressiewe gedrag op die ouer-kind binding te bepaal. Die oorsaak van die kind se aggressiewe gedrag en die invloed wat dit op die ouer-kind binding het, kon dus bepaal of verklaar word (vergelyk paragraaf 1.8). Die voortoets-natoets ontwerp en benutting van gestandaardiseerde skale wat tydens die studie benut is, blyk sinvol te wees, aangesien die navorser presies kon vasstel tot watter mate die spelterapeutiese intervensieprogram (onafhanklike veranderlike) die middelkinderjare kind se aggressie en die ouer-kind binding (afhanklike veranderlike) beïnvloed (vergelyk paragraaf 1.9). Daar kon tydens die sessies met die kind op elkeen se unieke proses gefokus word, en onvoltooidhede kon in die veilige atmosfeer van die speelkamer uitgespreek en hanteer word. Die kwantitatiewe meting was dus ingebou om die geldigheid en die betroubaarheid van die navorsing te verseker. Die kwalitatiewe vertrouenswaardigheid en akkuraatheid kon dus kwantitatief geverifieër word.

Die verskillende metodes van data-insameling wat tydens die studie aangewend is, kon met sukses benut word. Aangesien dit ook 'n kwalitatiewe as 'n indiepte ondersoek was,

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

was die navorser deel van die proses. Deelnemende waarneming was dus noodsaaklik om die nodige inligting tydens die sessies te verkry. Hierdie sessies is op oudiokasette en prosesnotas neergelê. Spelterapie sessies en gekontroleerde waarnemings met die proefpersone tydens die hoofondersoek, het navorser in staat gestel om sowel die navorsingsproses as die terapeutiese proses sinvol deur te voer (vergelyk paragraaf 1.9). 'n Indiepte ondersoek wat oor tien sessies gestrek het, kon volledig geloods word. Die impak van die middelkinderjare kind se aggressie op die ouer-kind binding en die bewusmaking van die kind se aggressie kon in die intervensieprogram aangespreek word. Die resultate is in paragraaf 6.8 bekend gemaak. Hierdie sessies is op oudioband opgeneem, aantekeninge is tydens die sessies gedoen en verslae is direk na elke sessie geskryf met uitgebreide assessering en evaluering. Hierdie gegewens is benut om die gevallestudies te beskryf.

Dit blyk uit die resultate van die empiriese ondersoek dat die aanwending van die enkelstelselontwerp as meetinstrument effektief was. Die geslaagdheid van die intervensie kon bepaal word. Die betrokke kind sowel as sy ouer(s) het die skale suksesvol voltooi. Die program is geslaagd deurdat die betrokke kinders van hul aggressie bewus geword het. Die gegewens kon verder by wyse van staafdiagramme verwerk en geïnterpreteer word.

## 8.3 SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS VANUIT DIE HOOFSTUKKE EN AANBEVELINGS

Vanuit die navorsingsprojek en die verwerking van die empiriese gegewens is dit duidelik dat intervensienavorsing met sukses in maatskaplike werk benut kan word. Die duidelike uiteensetting van die stappe in intervensienavorsing en die toepassing daarvan, het dit vir die navorser moontlik gemaak om die betrokke studie met sukses te voltooi. 'n Voorondersoek is met sukses afgehandel, en 'n hoofondersoek is gedoen waar resultate geëvalueer kon word. 'n Intervensieprogram is ook saamgestel.

Dit is uit hoofstuk 2, wat oor die middelkinderjare handel, duidelik dat 'n kind tydens hierdie ontwikkelingsfase meer van sy opvoeders onafhanklik word, en aan nuwe veranderings en uitdagings blootgestel word. Die kind se liggaamlike, motoriese, kognitiewe, morele, emosionele, sosiale en persoonlikheidsontwikkeling speel steeds 'n groot rol in hierdie nuwe ontwikkelingsfase. Die emosionele-sosiale ontwikkeling van die kind in sy middelkinderjare speel 'n belangrike rol in sy ontwikkeling. Tydens die middelkinderjare ervaar die kind 'n behoefte om iewers te behoort. Die invloed van die gesin asook ander invloede in die kind se lewe speel 'n belangrike rol in die kind se ontwikkeling en hantering van die self en sy gevoelens. Faktore wat die kind se groei kan belemmer, moet in ag geneem word, sodat die kind gesond kan ontwikkel en groei.

Aggressiewe gedrag in die middelkinderjare is in hoofstuk 3 bespreek. Daar is altyd 'n rede vir of 'n oorsaak van kinders se aggressiewe gedrag. Kennis moet gedra word ten einde die aggressiewe kind te kan beskryf. Daar behoort opgelet te word na die gesin se groot rol in die kind se lewe en dat die opvoedingstyle van die ouers dikwels tot aggressiewe gedrag by die kind bydra. Die ideaal is dat dit wat aanleiding gee tot aggressie by die kind, verstaan moet word en dat die kind sowel as sy ouers vir behandeling of bindingsterapie sal inskakel om aggressie te verminder en verhoudings te versterk.

Hoofstuk 4, wat oor die ouer-kind binding handel, beklemtoon die spesiale band wat tussen 'n ouer en sy kind van so vroeg as vóór en direk ná geboorte af bestaan. Dit is duidelik dat 'n gebrek aan ouerlike sekuriteit en liefde daartoe aanleiding gee dat 'n kind 'n behoefte aan aandag ervaar. Hierdie tekorte in die kind se lewe gee dikwels tot spanning, angs en selfs aggressiewe gedrag by die kind aanleiding. Die ontwikkeling van binding speel dus 'n fenominale rol in die ouer-kind verhouding. Kategorieë van binding kan onderskei word. Die kind se temperament het ook 'n definitiewe invloed op die ouer-kind binding. Die impak van die ouers se opvoedingstyle het ook 'n direkte uitwerking op die kind se gedrag. Die ideaal is dat die terapeut kennis van die tipe ouer-kind binding en die opvoedingstyle moet dra. Wanneer die ouer-kind binding nie bevredigend ontwikkel het nie, is die ideaal dat die kind en sy ouers saam vir behandeling moet inskakel.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

Dit is uit hoofstuk 5 duidelik dat spel vir die kind se ontwikkeling belangrik is. Deur middel van spel kan die kind in sy middelkinderjare die geleentheid kry om met sy innerlike kontak te maak. Spel is die kind se taal. Die spelterapeut moet oor bepaalde vaardighede en eienskappe beskik en dit benut om sinvol met die aggressiewe kind te kan werk. Die speelkamer moet ook so ingerig wees dat die aggressiewe kind veilig voel om sy gevoelens te ontlaai. Die verskillende vorme van spel, tegnieke en hulpmiddels wat tydens die betrokke studie met die aggressiewe kind aangewend is, is sinvol en kan aanbeveel word. Die holistiese beskouing van die aggressiewe kind blyk relevant te wees en dit is sinvol om in die hier-en-nou op dit wat op die aggressiewe kind se voorgrond is, te fokus. Daar moet gewaak word om die terapeutiese proses met die aggressiewe kind nie aan te jaag nie. Dit is belangrik om teen die kind se tempo te werk en op die vertrouensverhouding te fokus. Die aggressiewe kind moet in staat gestel word om sy bewustheid te verhoog, om keuse te maak en verantwoordelikheid vir sy gedrag te aanvaar. Die kontakgrensversteurings en struikelblokke waardeur die kind beweeg, kan geïdentifiseer en hanteer word.

Dit is uit hoofstuk 6 duidelik dat die spelterapeutiese intervensieprogram spesifiek daarop gerig was om die aggressie van vyf laerskoolkinders wat aggressief voorkom en waar die ouer-kind binding skade gelei het, te verminder en om die ouer-kind binding te versterk. Die meetinstrumente kon met sukses aangewend word en was waardevol om die geldigheid en die betroubaarheid van die studie te verseker.

In hoofstuk 7 is die intervensieprogram volledig uiteengesit. Dit moet beklemtoon word dat terapeute wat met die aggressiewe kind gaan werk, voldoende kennis oor aggressiewe gedrag en die invloed van die gesin op die kind moet beskik. Kennis en praktiese ondervinding met betrekking tot die gestaltbenadering en spelterapie is ook 'n vereiste om die intervensieprogram te implementeer.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

## 8.4 GLOBALE AANBEVELINGS NA AANLEIDING VAN DIE NAVORSING

Na aanleiding van die voorafgaande resultate en gevolgtrekkings word die volgende aanbevelings gemaak.

### 8.4.1 Aanbevelings op mikrovlak

### 8.4.1 Die aggressiewe kind

Daar moet in gedagte gehou word dat aggressie 'n normale gevoel is, maar indien die kind se aggressiewe gedrag sy normale funksionering beïnvloed, moet die kind se aggressie dadelik aangespreek word. Die aggressiewe kind gebruik sy aggressie dikwels om homself te beskerm. Die ouer-kind binding lei dus skade as gevolg van die kind se aggressiewe gedrag. Indien die voorafgaande in gedagte gehou word, blyk 'n intervensieprogram met die aggressiewe kind beslis in die kind se belang te wees.

Vervolgens kan aanbevelings gemaak word om die aggressiewe kind in sy normale ontwikkeling as kind te ondersteun:

- Dit is belangrik dat die aggressiewe kind sy aggressie moet verstaan, om dit sodoende te aanvaar, te erken en te besit.

- Die aggressiewe kind moet insig in sy aggressiewe gedrag en die invloed wat dit op die ouer-kind verhouding het, ontwikkel.

- Die aggressiewe kind moet leer om sy ouers of opvoeders te vertrou en om sy gevoelens te identifiseer en op 'n positiewe en sosiaal aanvaarbare wyse daaraan uitdrukking te gee.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

- Die aggressiewe kind moet leer om self verantwoordelikheid vir sy gedrag te neem en besef dat hy kan kies hoe hy sy aggressie wil hanteer. Die nodige hanteringstrategieë om sy aggressie te beheer, moet aan die kind geleer word.

#### 8.4.1.2 Die ouers van die aggressiewe kind

Die ouers speel 'n belangrike en sentrale rol in die kind se lewe. Die volgende aanbevelings met betrekking tot die ouers van aggressiewe kinders kan gemaak word:

- Die ouers moet begrip en insig in die aard en omvang van hul aggressiewe kind se gedrag ontwikkel. Kennisuitbreiding oor die ontstaan van aggressie is noodsaaklik, sodat die ouers die kind se behoeftes kan verstaan.

- Die ouers moet van die impak wat hul ouerskapstyl op die kind het bewus wees. Die ouers se rolle moet voortdurend geëvalueer word. Ouerlike sensitiwiteit speel hier 'n belangrike rol om 'n kind se behoeftes te bepaal.

- Die ouers moet van kinders se behoeftes bewus wees en hul kind aanmoedig om gevoelens te verbaliseer en te erken.

- Ouers vervul 'n belangrike ondersteuningsnetwerk vir hul kind. Dit is dus noodsaaklik dat die ouers hul samewerking tydens hulpverlening aan die aggressiewe kind gee.

### 8.4.2 Aanbevelings op mesovlak

#### 8.4.2.1 Terapeute

Die volgende aanbevelings met betrekking tot die terapeut se rol wanneer daar met die aggressiewe kind gewerk word, word gemaak:

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

- Die terapeut moet begrip en insig oor aggressiewe gedrag by kinders hê. Die verskillende ontwikkelingsfases van kinders speel 'n belangrike rol om die kind te verstaan en om groei te monitor.

- Die terapeut moet oor die nodige kennis, vaardighede en insig beskik om die aggressiewe kind op 'n doeltreffende en effektiewe manier van hulp te wees.

- Die aggressiewe kind is geneig om verdedigingsmeganismes te gebruik om homself te beskerm, en weerstand kan voorkom. Dit is dus belangrik dat die terapeut die terapeutiese proses nie moet aanjaag nie en volgens die kind se tempo moet beweeg. Die terapeut moet op haar ondervinding, vaardighede en kennis as terapeut staatmaak om die verskillende fases tydens die kind se proses in ag te neem.

- Die terapeut moet 'n veilige en gemaklike atmosfeer vir die aggressiewe kind skep, aangesien die kind geneig is om weerstand te bied en geen vertroue het nie.

- Die terapeut moet die ouers van die aggressiewe kind aanmoedig om deel van die hulpverlening te wees.

**8.4.2.2 Onderwysers**

In die betrokke studie is die onderwysers nie in die hulpverlening aan die aggressiewe kind betrek nie. Die kind spandeer tog 'n groot gedeelte van sy dag by die skool. Die onderwyser kan van groot hulp wees om die kind wat aggressiewe gedrag openbaar, te identifiseer. Die volgende aanbevelings ten opsigte van die onderwysers se rol in die identifisering van die aggressiewe kind kan gemaak word:

- Onderwysers moet begrip en insig in die aard en omvang van aggressiewe gedrag by kinders ontwikkel. Kennisuitbreiding oor die impak wat aggressiewe gedrag op die kind se skoolwerk en sy sosialisering het, is noodsaaklik sodat die onderwyser meer insig in die kind se gedrag kan ontwikkel en ondersteunend kan optree.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

- Onderwysers moet kennis van die kind se gesinslewe dra en enige trauma waardeur die kind gaan (byvoorbeeld egskeiding, verlies van 'n ouer), sodat sy enige verandering in gedragspatrone by die kind kan waarneem.

- Onderwysers moet hul samewerking tydens hulpverlening aan die aggressiewe kind gee. Dit is noodsaaklik dat die onderwyser moet bewus wees hoe om die aggressiewe kind in die skoolopset te hanteer.

### 8.4.3 Aanbevelings op makrovlak

#### 8.4.3.1 Onderwys- en Welsynsdepartemente

Aangesien die Onderwys- en Welsynsdepartemente vir die skoolleerlinge se welstand verantwoordelik is, word die volgende aanbevelings gemaak:

- Aggressiewe gedrag onder skoolkinders neem toe en kinders baklei meer tydens skoolure as by die huis. Daar word aanbeveel dat die Onderwys- en Welsynsdepartemente terapeutiese dienste by skole moet oorweeg. Die terapeutiese dienste sal nie net op gedragsprobleme fokus nie, maar ook op enige behoeftes van die kind wat in die skoolopset aangespreek kan word.

### 8.4.4 Aanbevelings vir verdere navorsing

Die volgende aanbevelings word vir verdere navorsing gemaak.

- Die betrokke studie kan geëvalueer word om die sukses van die intervensieprogram te bepaal.

- Die intervensieprogram kan met kinders in ander kultuurgroepe geïmplementeer word, ten einde te bepaal of daar 'n positiewe verband tussen die implementering van

die intervensieprogram en die verhoging en bewusmaking van die kind se gevoelens bestaan.

- Die intervensieprogram kan aangepas word by leergestremdes byvoorbeeld ten einde te bepaal of daar 'n positiewe verband tussen die implementering van die intervensieprogram, en die verhoging en bewusmaking van die kind se gevoelens bestaan.

## 8.5 DIE BEREIKING VAN DIE DOELSTELLING EN DIE DOELWITTE

### 8.5.1 Doelstelling

Die doelstelling, naamlik om 'n spelterapeutiese intervensieprogram saam te stel en te implementeer ten einde aggressie by die kind in die middelkinderjare te hanteer en die ouer-kind binding te versterk, is deur die betrokke studie bereik.

### 8.5.2 Doelwitte

Die doelwitte van die studie is soos volg bereik:

- **Om deur middel van die literatuurstudie, onderhoude met kundiges en waarneming in die praktyk, kennis oor die aggressiewe kind in die vroeë middelkinderjare te verkry en die invloed van die aggressiewe kind se gedrag op die ouer-kind binding te begryp en te verbreed – ten einde die intervensieprogram ooreenkomstig hierdie kinders se behoeftes, vermoëns, potensiaal en beperkinge te ontwikkel.** Genoegsame literatuur kon met behulp van die Akademiese Inligtingsentrum aan die Universiteit van Pretoria, die Internet en munisipale biblioteke bekom word om hierdie doel te bereik. Onderhoude met kundiges en navorser se aflegging van die navorsingstentamens het navorser in staat gestel om met die studieveld van navorsing en aggressiewe gedrag bekend te raak.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

Navorser se privaat praktyk was van groot waarde om veral deur middel van praktiese ondervinding die nodige beplanning vir die studie te kon doen.

- 'n Verdere doelwit van die studie, naamlik **om kennis met betrekking tot die beginsels, tegnieke en werkswyses in gestaltterapie en spelterapie in te samel en uit te brei, ten einde die hulpverleningsprogram aan die aggressiewe kind en sy ouer(s) sinvol te ontwikkel en deur te voer,** is ook bereik. Relevante literatuur oor die beginsels en tegnieke in gestaltterapie is bestudeer. Daar is verder doelbewus gepoog om die proefpersone as 'n geheel te benader, hul balans te herstel en om op die figuurvoorgrond, bewustheid, die hier-en-nou, polariteite, die neem van verantwoordelikheid en keuses maak, kontakgrense en kontakgrensversteurings te fokus. Daar is gedurig tydens die terapeutiese sessies gepoog om die kind te help om deur die vlakke van neurose te beweeg. Relevante literatuur oor die waarde en funksies van spel, die beginsels van spelterapie, die vorme van spel, tegnieke en hulpmiddels wat tydens spelterapie aangewend kan word, die eienskappe van 'n doeltreffende spelterapeut en die terapeutiese proses is bestudeer. Die navorser het kennis rakende spelterapie vanuit die gestaltbenadering in die privaatpraktyk opgedoen.

- **Om ouers en hul aggressiewe kinders in die middelkinderjare tydens'n vooronderdersoek te betrek, ten einde die doeltreffendheid, die relevantheid en die uitvoerbaarheid van die intervensieprogram en meetinstrumente te toets en te verhoog.** Navorser kon daarin slaag om respondente vanuit navorser se privaatpraktyk te kry, en 'n vooronderdersoek waartydens 'n voorlopige intervensieprogram beplan kon word, is geloods. Twee kinders en hul ouers kon die skale voltooi ten einde die relevantheid en konsekwentheid van die intervensieprogram en die meetinstrumente te toets. Leemtes en struikelblokke ten opsigte van die beplande studie kon so geïdentifiseer word. Die volgende aspekte moes vir die hoofondersoek aangepas word, naamlik die tyd wat die ouer en die kind aan die skale spandeer het en die plek waar die ouer en die kind die skale voltooi het. Die kind wou nie in dieselfde kamer as die ouer die skale voltooi het nie.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

- **Om ses aggressiewe kinders en hul ouers by die hoofondersoek te betrek waartydens hulle die spelterapeutiese intervensieprogram deurloop, en om hulle by die voor- en natoetsing deur middel van gestandaardiseerde skaalvoltooiing te betrek waardeur die sukses van die program gemeet kan word.** Ses kinders wat aggressiewe gedrag openbaar, is by die hoofondersoek betrek. Vyf van hierdie ses kinders het die intervensieprogram voltooi. Die intervensieprogram het oor 'n tydperk van tien sessies gestrek. Tydens die eerste en laaste drie sessies van die intervensieprogram is die betrokke kind se ouers saam in die sessies betrek. Dit is vanuit die bespreking van die resultate in die empiriese hoofstuk duidelik dat elkeen van die kinders by die intervensieprogram baat gevind het, aangesien elke kind se bewustheid van sy aggressie verhoog het, sy gedrag verbeter het en die ouer-kind binding versterk is.

- **Om die hulpverlening deur middel van spelterapie vanuit die gestaltbenadering te rig ten einde die kind te bemagtig om sy aggressie te hanteer en die ouer-kind binding te versterk.** Die terapeutiese sessies is suksesvol deurgevoer, aangesien die aggressiewe kind van sy gevoelens bewus kon word en sy onaanvaarbare gedrag verminder het. Dit het tot die verbetering van die ouer-kind binding aaleiding gegee. Die tegnieke en hulpmiddels in spelterapie vanuit die gestaltbenadering blyk ook die mees effektiefste medium te wees om die kind tot verantwoordelikheidsneming te lei en om kontak met homself en die omgewing te bewerkstellig.

- **Om 'n spelterapeutiese intervensieprogram daar te stel vir gebruik deur spelterapeute en maatskaplike werkers.** Die intervensieprogram kon suksesvol ontwikkel, geïmplementeer en geëvalueer word, ten einde die aggressiewe kind en sy ouers in positiewe kontakmaking met hul gevoelens en hul verhouding te ondersteun. Aanbevelings op mesovlak kon deurgegee word (vergelyk paragraaf 8.4.2.1).

- **Om na afloop van die intervensieprogram, gevolgtrekkings en aanbevelings aan ouers en maatskaplike werkers te verskaf rondom die identifisering en hantering**

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

**van aggressie by die middelkinderjare kind en die versterking van die ouer-kind binding.** Die gegewens kon na afloop van die intervensieprogram in hoofstuk 6 verwerk en geïnterpreteer word. Die program en riglyne vir die aanwending van die intervensieprogram met die aggressiewe kind is in hoofstuk 7 bespreek en aanbevelings word op mikro-, meso- en makrovlak in die betrokke hoofstuk gemaak.

Dit is uit die voorafgaande bespreking duidelik dat die doelstelling en doelwitte van die betrokke studie ten volle bereik is.

## 8.6 DIE NAVORSINGSHIPOTESE

Die navorsingshipotese is soos volg geformuleer: **Indien die aggressiewe kind in sy middelkinderjare by die spelterapeutiese intervensieprogram betrek word, en sy ouer(s) deur die intervensieprogram bemagtig word, kan die kind gehelp word om van sy aggressie bewus te word, en sy aggressie te beheer en te verminder en sodoende word die ouer-kind binding versterk.** Die navorser het daarin geslaag om 'n spelterapeutiese intervensieprogram op te stel (vergelyk hoofstuk 7) en met vyf kinders wat aggressiewe gedrag openbaar, deur te voer. Dit is verder uit die interpretasie van gegewens duidelik dat die vyf kinders van hul aggressie bewus geword het en dat die ouer-kind binding verbeter het. Uit die genoemde resultate, kan dus aanvaar word dat die hipotese in geheel ondersteun en bevestig word.

## 8.7 HIPOTESES VIR VERDERE NAVORSING

Aangesien die navorsingshipotese bevestig is, kan die volgende hipoteses vir verdere navorsing geformuleer word:

- Indien die aggressiewe kind by 'n spelterapeutiese intervensieprogram betrek word, sal hy van sy aggressie bewus word.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

- Indien die aggressiewe kind by 'n spelterapeutiese intervensieprogram betrek word, sal hy die impak van sy aggressiewe gedrag op die ouer-kind binding verstaan en beter insig toon om sy gedrag te beheer en te hanteer.

- Indien die aggressiewe kind by 'n spelterapeutiese intervensieprogram betrek word, sal hy meer vertroue in homself hê om sy gevoelens makliker te verbaliseer en ander te vertrou ten einde sy ware self te wees.

## 8.8 SAMEVATTING

Die doel van die studie was om 'n spelterapeutiese intervensieprogram saam te stel, ten einde die aggressiewe kind in die middelkinderjare te help om van sy aggressie bewus te word en sodoende die ouer-kind binding te versterk.

Hierdie studie poog om gevolgtrekkings ten opsigte van die literatuur en die navorsingsproses te maak. Aanbevelings word ten opsigte van die aggressiewe kind, sy ouers, terapeute, onderwysers, onderwysdepartemente en toekomstige navorsing gemaak. Die doelstelling en doelwitte is breedvoerig bespreek en is suksesvol in die betrokke studie bereik. Die navorsingshipotese kon vanuit die studie bevestig word en 'n hipotese vir verder studies kon gemaak word. Ten slotte blyk die spelterapeutiese intervensieprogram in belang van die aggressiewe kind te wees. Die kind slaag daarin om kontak met homself en die omgewing te maak. Die intervensieprogram is 'n aanwins vir elke maatskaplike werker en terapeut wat met aggressiewe kinders werk.

# BRONNELYS


Allen, P.1994. **Working with Parents: My Children Are Always Fighting**. Day Care and Early Education. 22(2), Winter:41-42.

Anderson, S.C. 1989. Goal Setting in Social Work Practice. In Compton,B.R. & Galaway,B. **Social Work Processes.** California: Wadsworth Publishing Company.

Aronstam, M. 1990. Gestaltterapie. In Louw, D.A. **Suid-Afrikaanse Handboek van Abnormale Gedrag.** Johannesburg: Southern Boekuitgewers.

Axline, V.M. 1989. **Play Therapy.** London: Churchill Livingston.

Barrett, M. & Trevitt, J. 1991. **Attachment Behaviour and the Schoolchild.** London: Tavistock/Routledge.

Beeld. 2000. 2 Maart. **Twee sterf grusaam in aanval met tuinvurk tuis.**

Bender, C.J.G.1996. **Kinderontwikkeling vanuit 'n Opvoedkundige Perspektief**. Studiegids vir MA(MW) Spelterapie. Pretoria: Universiteit van Pretoria, Departement Psigo- en Sosiopedagogiek.

Bloom, M. 1986. **The Experience of Research.** New York: MacMillan Publishing Company.

Bowlby, J.1993. **John Bowlby and Attachment Theory**. London: Routledge.

Cattanach,A. 1992. **Play Therapy With Abused Children.** Great Britain: Biddles Ltd.

Clarke-Stewart, A. & Friedman, S. 1987. **Child Development: Infancy through Adolescence.** United States of America:John Wiley & Sons, Inc.

Clarkson, P. 1989. **Gestalt Counselling in Action.** London: SAGE Publications.

Compton,B.R. & Galaway,B. **Social Work Processes.** California: Wadsworth Publishing Company.

Congress, E.P. 1995. Gestalt. In **National Association of Social Workers (Eds).** 19th Encyclopedia of Social Work. Volume 2. Washington D.C.: NASW Press.

Daller. 2000. 29 September. **Seun skiet ma se vriend.**

De Vos, A.S. 1998. **Research at grass roots** – A primer for the caring professions. Pretoria: J.L. van Schaik Publishers.

De Vos, A.S., Schurink, E.M. & Strydom, H. 1998. The Nature of Research in the Caring Professions. In De Vos, A.S. **Research at Grass Roots: A Primer for the Caring Professions.** Pretoria: J.L. van Schaik Publishers.

DSM-IV SOURCEBOOK. 1994. **Diagnostic and Statistical Manual of Mental Disorders.** Fourth Edition. Washington, DC: American Psychiatric Association.

Du Toit,S.J. & Kruger,N. 1991. **Die kind: 'n Opvoedkundige Perspektief**. Durban: Butterworths.

Eastman, M.1994**. Taming the dragon in your child.** Canada:John Wiley & Sons Inc.

Engelbrecht, C.S., Kok, J.C. & Van Biljon, S.S. 1982. **Volwassewording.** Durban: Butterworth.

Erasmus, J.H. 1988. **The Best For Our Children.** Pretoria: Daan Retief Publishers.

Faul, A.C. & Van Niekerk, C. 1999. The assessment of vulnerable children with standardized measurement instruments. **Social Work Practitioner-Research,** 11(3): 89-95.

Fillon, M. 1999. **Most children learn violent behaviour at home.** June 28, 2000 from WebMD Health.

Fouché, C.B. & De Vos,A.S. 1998. Selection of a Research Design. In De Vos,A.S. **Research at Grass Roots: A Primer for the Caring Professions.** Pretoria: J.L. van Schaik Publishers.

Frankl, A.J. 1984. **Four Therapies integrated: A Behavioral analysis of Gestalt, T.A. and Ego Psychology.** New Jersey: Prentice Hall, Inc.

Fulton, G. 2000. **Day Care Can Affect Mother-Child Relationships.** June 28, 2000 from the WebMD Medical News: http://my.webmd.com/printing/article/1728.50408.

Geldard, K. & Geldard, D. 1997. **Counselling Children. A Practical Introduction.** London: SAGE Publications.

Gordon, A.M. & Browne, K.W. 1989. **Beginnings and Beyond.** Canada: Delmar Publishers.

Gouws, L.A.; Louw, D.A.; Meyer, W.F. & Plug, C.1979. **Psigologiese Woordeboek**. Johannesburg:McGraw Hill maatskappy.

Granju, K.A. 2000. **Attachment Parenting.** June 28, 2000 from the WebMD Health.

Gray, J. 1999. **Men are from Mars, Women are from Venus. Children are from Heaven.** London: Mars Production Inc.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

Grinnell, R.M. & Williams,M.1990. **Research in social work**: A primer. Itasca: Peacock Publishers.

Grinnell, R.M. 1981. **Social Work Research and Evaluation**. 2nd Ed. Itasca: Peacock Publishers.

Grinnell,R.M. 1993. **Social Work Research and Evaluation.** 4th Ed. Itasca: Peacock Publishers.

Guy, R.F.; Edgley, C.E.; Arafat, I. & Allen, D.E.1987. **Social research methods**: Puzzles and solutions. Boston:Allyn and Bacon, Inc.

Hamilton, J.D. 1997. **Gestalt in Pastoral Care and Counseling.** New York: The Haworth Pastoral Press.

Harrison, J. 1996. **Understanding Children.** Second Edition. England: Ashgate Publishing Limited.

Hewitt, M.B. 1999. The Control Game: Exploring Oppositional Behaviour. **Child & Youth Care.** November/Desember:

Hildebrand, V. 1991. **Introduction to Early Childhood Education.** New York: MacMillon Press.

Hostler, P. 1992. Play with a purpose. **The Child Care Worker.** 10(3):10-12.

Howe, D. 1996. **Attachment and Loss in Child and Family Social Work.** Norwich:Ashgate Publishing Company.

Hughes, F.P. 1991. **Children, Play, and Development.** Massachusetts: Simon & Schuster, Inc.

Jiaying, Z. 1990. Later childhood. In R.M. Thomas, (Ed.), **The Encyclopedia of Human Development and Education: Theory, Research and Studies.** New York: Pergamon Press.

Kaduson, H.G. & Schaefer, C.E. 1997. **101 Favorite Play Therapy Techniques.** London: Jason Aronson Inc.

Kapp, J.A. 1990. **Kinders met probleme. 'n Ortopedagogiese Perspektief.** Pretoria: J.L. van Schaik (Edms) Bpk.

Kottman,T. & Schaefer, C. **Play therapy in action: A casebook for practitioners.** London: Jason Aronston Inc.

Kratochwill, T.R. & Morris, R.J. 1991. **The Practice of Child Therapy.** Second Edition. Arizona: Allyn & Bacon Publishers.

Kriel, A.C. & Le Roux, J. 1993. Opvoedingsfoute in die gesinsituasie. **Pedagogiek Joernaal.** 14(1):90-101.

Landman, E.F.1990. **Relevante temas in die hedendaagse navorsingsmetodologie en die betekenis daarvan vir die ontwerp van 'n navorsingsprogram**. Ongepubliseerde D-Phil proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretotria.

Landman, W.A. 1977. **Fundamentele Pedagogiek en onderwyspraktyk: Metodologie, Fundamentele Pedagogiek en lesstruktuur.** Durban: Butterworth.

Landreth, G.L. 1991. **Play Therapy- The Art of the Relationship.** Indiana: Accelerated Development Inc. Publishers.

Landreth,G.L.; Homeyer, L.E.; Glover, G.G. & Sweeney,D.S. 1998. **Play Therapy Interventions with Children's Problems.** London:Jason Aronson Inc.

Leadbetter, J. & Leadbetter, P.1993. **Special children – meeting the challenge in the primary school**. New York: Biddles Ltd.

Lingren, H.G. 1996. **Parent-Child Power Struggles: How to handle them.** United States of America: Institute of Agriculture and Natural Resources.

Louw, D.A.; Schoeman, W.J.; van Ede, D.M. & Wait, J.1990. Die middelkinderjare. In Louw, D.A.1990**. Menslike ontwikkeling**. Tweede uitgawe. Pretoria: HAUM Tersier.

Louw, D.A.; Schoeman,W.J.; van Ede, D.M. & Wait, J. 1990. **Menslike ontwikkeling.** Tweede uitgawe. Pretoria: HAUM-Tersiêr.

Luhn, R.R. 1992. **Managing Anger.** United States of America: Crisp Publications.

Maccoby,E.E. 1980. **Social Development. Psychological Growth and the Parent-Child Relationship.** New York: Harcourt Brace Jovanovich, Inc.

Maree, K. 1989. **Leer jou kind lewe.** Pretoria: J.L. van Schaik Uitgewers.

Maree, K. 1990. **Leer jou kind lewe.** Pretoria: J.L. van Schaik (Edms) Bpk.

Marshall, C. & Rossman, G.B. 1989. **Designing Qualitative Research**. London: Sage Publications.

McKay, A. 2000. Finding depression behind aggression. **Child & Youth Care.** 18(5):6-8.

Moccoby, E.E.1980. **Social development – psychological growth and the parent child relationship**. New York: Harcourt Brace Jovanovich.

Newman, M. & Newman, P.R. 1999. **Development Through Life.** A Psychosocial Approach. Seventh Edition. London: Wadsworth Publishing Company.

Niolon, R. 2000. **Dealing with Anger and Children.** Chicago: Holy Family Parish.

O'Connor, K.J. 1991. **The Play Therapy Primer. An Integration of Theories and Techniques.** New York: A Wiley-Interscience Publication.

Oaklander, V. 1988. **Windows to Our Children: A Gestalt Therapy Approach to Children and Adolescents.** USA: The Gestalt Journal Press.

Oaklander, V. 1993. From meek to bold: A case study of gestalt therapy. In Kottman,T. & Schaefer, C. **Play therapy in action: A casebook for practitioners.** London: Jason Aronston Inc.

Oaklander,V. 1994. From meek to bold. A case study of gestalt therapy. In Kottman,T. & Schaefer,C. **Play therapy in action: A casebook for practitioners.** London: Jason Aronston Inc.

Olivier,S.E. 1985. Opvoedingsprobleme by die skoolbeginner. In Sonnekus, M.C.H. **Opvoeding en opvoedingsprobleme tussen ouer en kind.** Pretoria: HAUM- uitgewers.

Orton, G.L. 1997. **Strategies for Counseling with Children and Their Parents.** U.S.A: Brooks/Cole Publishing Company.

Perry, D.G. & Bussey, K. 1984. **Social Development.** New Jersey: Prentice- Hall, Inc.

Porter, C. 1983. **Terapie met die Sorgbehoewende Kind.** Ongepubliseerde D-Phil proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Potgieter,R.1996. In Venter, C. **An Adapted Model for the Assessment of the Child of Divorce.** 'n Ongepubliseerde MA-Verhandeling. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Pretorius, J.W.M. & Coetzee, I.E.M. 1994. Die verband tussen opvoedingstyl en die persoonlikheidsontwikkeling van die kind. **Pedagogiek-joernaal.** 15(1):86-99.

Pretorius, J.W.M. 1985. Kommunikasie in die opvoeding. In Sonnekus, M.C.H. **Opvoeding en opvoedingsprobleme tussen ouer en kind.** Pretoria: HAUM- Uitgewers.

Raath, M.1992. **Onderprestasie- so help ek my kind.** Pretoria: Academia.

Riker, A.P. 1982. **ME- Understanding Myself & Others.** United States of America: Audrey Palm Riker.

Salkind, N.J. 1990. **Child development.** Sixth Edition. United States of America: Holt, Rinehart and Winston, Inc.

Schaefer, C.E. & Millman, H.L. 1982. **How to Help Children With Common Problems.** New York: Benguin Books.

Schaefer, C.E. & Millman, H.L. 1992. **How to Help Children With Common Problems.** New York: Benguin Books.

Schaefer, C.E. & O'Conner, K.J. 1983. **Handbook of Play Therapy.** New York: John Wiley & Sons, Inc.

Schoeman, J.P. & van der Merwe, M. 1996. **Entering the child's world. A Play Therapy Approach.** Pretoria: Kagiso.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

Schoeman, J.P. 1995. **Spelterapie: Die onontbeerlike vaardighede in terapie met die kind.** Handleiding vir kortkursus in spelterapie. Departement Maatskaplike Werk. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Schoeman, J.P. 1996. Handling aggression in Children. In Schoeman, J.P. & van der Merwe, M. **Entering the child's world. A Play Therapy Approach.** Pretoria: Kagiso.

Schoeman, J.P. 1996. The art of the relationship with children – a Gestalt approach. In Schoeman, J.P. & van der Merwe, M. **Entering the child's world – a play therapy approach.** Pretoria: Kagiso.

Schoeman, J.P. 1996a. Projection Techniques. In Schoeman, J.P. & van der Merwe, M. **Entering the child's world- a play therapy approach.** Pretoria: Kagiso.

Schoeman, J.P. 1996b. Sensory contact with the child. In Schoeman, J.P. & van der Merwe, M. **Entering the child's world – a play therapy approach.** Pretoria: Kagiso.

Schoeman, J.P. 1996c. Fantasy, metaphor and imagination. In Schoeman, J.P. & van der Merwe, M. **Entering the child's world – a play therapy approach.** Pretoria: Kagiso.

Schurink, E.M. 1998. Deciding to use a qualitative research approach. In De Vos, A.S. **Research at Grass Roots: A Primer for the Caring Professions.** Pretoria: J.L. van Schaik Publishers

Smit, G.J.1985. **Navorsingsmetodes in die gedragswetenskappe**. Pretoria: Opvoedkundige uitgewers.

Smith, P.K & Brain, P. 2000. Bullying in Schools: Lessons from two decades of research. **Aggressive Behaviour.** 26(1):1-4.

Smith, R. 1981. **Leer die kind ken: Riglyne vir die maatskaplike werker.** Pretoria: H& R-Academica (Edms.) Bpk.

Sonnekus, M.C.H. **Opvoeding en opvoedingsprobleme tussen ouer en kind.** Pretoria: HAUM- uitgewers

Stern, J.B. & Fodor, I.G. 1989. Anger Control in Children: A Review of Social Skills and Cognitive Behavioral Approaches to Dealing with Aggressive Children. **Child & Family Behavior Therapy.** 11(3/4): 1-17.

Strydom, H. 1998. Ethical aspects of research in the caring professionals. In De Vos,A.S. **Research at Grass Roots: A Primer for the Caring Professions.** Pretoria: J.L. van Schaik Publishers.

Strydom,H. 1998a. Single-system designs. In De Vos, A.S. **Research at Grass Roots: A Primer for the Caring Professions.** Pretoria: J.L. van Schaik Publishers.

Thomas, R.M. 1996. **Comparing Theories of Child Development.** Fourth Edition. Santa Barbara: Brooks/Cole Publishing Company.

Thompson, C.L. & Rudolph, L.B. 1992. **Counselling Children.** Derde uitgawe. California: Brooks/Cole Publishing Company.

Thompson, C.L. & Rudolph, L.B. 1996. **Couselling Children.** Vierde uitgawe. California: Brooks/Cole Publishing Company.

Thompson, C.L. & Rudolph, L.B. 2000. **Counselling Children.** Vyfde uitgawe. California: Brooks/Cole Publishing Company.

Thompson, R.A. 2000. The Legacy of Early Attachments. **Child Development.** 71(1):145-152.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

Tomlinson, M. 1997. "Pathways to Attachment": The Strange Situation and Culture in the South African Context. **Southern African Journal of Child and Adolescent Mental Health.** 9(2):107-122)

Tully, F.C. & Brendtro, L.K. 1999. Teaching Angry and Unattached Kids. **Child & Youth Care.** 17(4):13-15.

Turner, J.S. & Helms, D.B.1979. **Life Span Development**. London: W.B. Saunders Company.

Van der Merwe, M. 1994. Assessment of problems and needs: Greedy worms eating life apple. **Maatskaplikewerk –Prakyk.** 3(94):30.

Van der Merwe, M. 1996. Basic components of play therapy. In Schoeman,J.P. & van der Merwe, M. **Entering the child's world – a play therapy approach.** Pretoria: Kagiso.

Van der Merwe, M. 1996b. Dramatic Play. In Schoeman,J.P. & van der Merwe, M. **Entering the child's world – a play therapy approach.** Pretoria: Kagiso.

Van der Merwe,M. 1996a. Assessment Play. In Schoeman,J.P. & van der Merwe,M. **Entering the child's world – a play therapy approach.** Pretoria: Kagiso.

Van der Merwe,M. 1996c. Creative Play. In Schoeman,J.P. & van der Merwe,M. **Entering the child's world – a play therapy approach.** Pretoria: Kagiso.

Van der Merwe,M. 1996d. Biblioplay. In Schoeman,J.P. & van der Merwe, M. **Entering the child's world – a play therapy approach.** Pretoria: Kagiso.

Van der Merwe,M.1996e. Relaxation Play. In Schoeman,J.P. & van der Merwe,M. **Entering the child's world – a play therapy approach.** Pretoria: Kagiso.

Van Niekerk, P.A. 1986. Die terrein van die opvoedkundige sielkundige. In Van Niekerk, P.A. 1986. **Die opvoedkundige-sielkundige: 'n Handleiding in die Opvoedkundige-Sielkunde.** Stellenbosch: Universiteitsuitgewers en –boekhandelaars (Edms) Bpk.

Van Niekerk, P.A. 1992. **Die onderwyser en die kind met probleme.** Stellenbosch: UUB.

Van Staden, S. 1988. **My groei en ontwikkeling as mens.** Pretoria:Gutenberg boekdrukkers.

Van Wyk, D. 1983. **Die verhouding tussen ouer en kind**. Pretoria: Human & Rosseau Uitgewers (Edms.) Bpk.

Van Wyk, S. 1974. **Die opvoedingsbetekenis van Kinderspel.** Durban: Butterworths.

Venter, C. 1999. **An adopted model for the assessment of the child of divorce.** UNISA: MA-verhandeling. Maatskaplike werk.

Venter, C.A. 1993. Assessering van die kind wat verlies ervaar. **Maatskaplikewerk-navorser-praktisyn.**

Venter, E.H. & Schoeman, J.P. 1999. 'n Riglyn vir ouers ten opsigte van die verhoging van die kind se emosionele bewussynsvlak. **Maatskaplike Werk.** 35(4):322-332.

Vrey, J.D. 1979. **Die opvoedeling in sy selfaktualisering.** Derde uitgawe. Pretoria: Gutenberg Boekdrukkers.

Wait, J.1989. Emosionele binding en skeiding by kinders. **Welsynsfokus,** 24(2): 48-53.

Watkins, K.P.1987. **Parent-child attachment**. U.S.A.: Garland Publishing.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

Webb, N.B. 1991. **Play therapy with Children in Crisis: A Casebook for Practitioners.** New York: Guilford Press.

Wedge, P. 1995. In Howe, D. **Attachment and Loss in Child and Family Social Work.** Norwich: Ashgate Publishing Limited.

West, J. 1992. **Child-centered Play Therapy.** London: A division of Hodden & Stoughton.

West, J. 1996. **Child-centered Play Therapy.** Second edition. London: A division of Hodden & Stoughton.

Winkley, L. 1996. **Emotional Problems in Children and Young People.** London: Cassell.

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

Spelterapeut

Posbus 224
GROBLERSDAL
0470
Sel: 082 3359 249

PR nr.: 8907536

**HULPVERLENING AAN KINDERS EN OUERS**

Wie hierby belang het

Ek is tans besig met my DPhil (MW) in Spelterapie deur die Universiteit van Pretoria. Die studie behels spelterapie met die aggressiewe laerskoolkind (6-9 jaar oud) wat swak ouer-kind binding toon. Een van die oorsake van aggressiewe gedrag by kinders is swak ouer-kind binding. In die studie word daar doelbewus gepoog om hierdie skoolgaande kinders te ondersteun en om hulle in staat te stel om hul innerlike konflikte te verstaan en die aggressie in hul lewens te hanteer. Die benadering (Gestaltbenadering) wat as basis vir die studie benut word, is veral gerig op die verhoging van bewustheid ten opsigte van die kind se kognitiewe en emosionele belewenisse, insigontwikkeling in die realiteit, groei tot groter selfstandigheid, effektiewe behoeftebevrediging en regulering van interaksies tussen die kind, sy behoeftes en sy omgewing. Verder bied spelterapie 'n veilige oefengeleentheid vir die kind om verligting van aggressie te vind en insig in die lewe te ontwikkel. Spelterapie behels dus die aanwending van verskillende spelmediums (bv. klei, handpoppe, musiek, sandtonele, verhale, kuns, verfwerk, tekeninge ens.) ten einde die kind in staat te stel om sy aggressie in sy/haar lewe te hanteer om sodoende die ouer-kind verhouding te versterk.

Kirsten du Toit
BA (MW) UP
MA (MW - Spelterapie) UP

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

Indien u kennis dra van seuns of dogters in die laerskool wie aggressiewe gedrag toon en waar swak ouer-kind verhoudings bestaan, kontak my asseblief. Die intervensieprogram gaan die volgende behels:

- Laerskoolkinders (6-9 jaar) wie aggressiewe gedrag toon gaan betrek word.
- Die terapie sal gratis aangebied word en die terapeutieseproses sal gemiddeld oor 8-10 sessies van 45 minute strek.
- Die terapie sal by navorser se privaatpraktyk plaasvind (Krugerstraat 14, Groblersdal).
- Die sessies sal weekliks geskied (1-2 sessies per week) tussen Maandae en Vrydae vanaf 18 Augustus 2000 tot 13 Oktober 2000.
- ‘n Kontrak sal met die gesin gesluit word, ten einde almal se belange op die hart te dra en aspekte soos konfidensialiteit te verseker.
- Die ouers of primêre versorger word ook tydens die sessies betrek om die ouer-kind binding te versterk. Die ouer sal tydens die eerste sessie ingelig word van die terapeutiese proses en riglyne rondom die hantering van hul kind sal waar van toepassing, verskaf word.

Met dank

Mev Kirsten du Toit

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

# KONTRAK VIR TOESTEMMING EN KONFIDENSIALITEIT

Ek, Kirsten du Toit onderneem dat alle inligting en gegewens wat tydens die spelterapeutiese intervensieprogram met die aggressiewe kind en sy ouer bekom word, as konfidensieel hanteer sal word en dat die verskillende partye se belange ten alle tye op die hart gedra sal word.

……………………… ……………………

Kirsten du Toit Datum

MA(MW) Spelterapie

Ek …………………… die ouer/voog van ……………………gee hiermee toestemming dat die bovermelde kind by die intervensieprogram in spelterapie mag inskakel. Ek onderneem om my neer te lê by die reëls van die terapie sentrum.

……………………… ………………………

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)



# INDEKS VAN OUER GESINDHEID (IOG)

Perspektief Perspective
Genesing deur insig en aksie
Healing through insight & action

Naam: ______________________ Datum: ______________

Hierdie vraelys is ontwerp om te meet tot watter mate jy tevredenheid beleef in jou verhouding met jou kind. Dit is nie 'n toets nie, dus is daar nie regte of verkeerde antwoorde nie. Beantwoord asseblief elke item so noukeurig en akkuraat moontlik deur een van die volgende nommers langs elkeen te skryf.

1 = Nooit
2 = Selde
3 = Soms
4 = Helfte van die tyd
5 = Dikwels
6 = Meestal
7 = Altyd

1. ______ My kind werk op my senuwees.
2. ______ Ek kom goed oor die weg met my kind.
3. ______ Ek voel ek kan my kind regtig vertrou.
4. ______ Ek hou nie van my kind nie.
5. ______ My kind is goed-gemanierd.
6. ______ My kind is te veeleisend.
7. ______ Ek wens ek het nie hierdie kind gehad nie.
8. ______ Ek geniet regtig my kind.
9. ______ Dis vir my moeilik om my kind te beheer.
10. ______ My kind meng in met my aktiwiteite.
11. ______ Ek het 'n weersin in my kind.
12. ______ Ek dink my kind is wonderlik.
13. ______ Ek haat my kind.
14. ______ Ek is baie geduldig met my kind.
15. ______ Ek hou regtig van my kind.
16. ______ Ek hou daarvan om by my kind te wees.
17. ______ Ek voel asof ek nie my kind liefhet nie.
18. ______ My kind is irriterend.
19. ______ Ek voel baie kwaad teenoor my kind.
20. ______ Ek voel gewelddadig teenoor my kind.
21. ______ Ek voel baie trots op my kind.
22. ______ Ek wens my kind was meer soos ander kinders wat ek ken.
23. ______ Ek het bitter min begrip vir my kind.
24. ______ My kind is 'n ware vreugde vir my.
25. ______ Ek skaam my vir my kind.

Om professionele diens van hoogstaande gehalte te verseker, is hierdie vraelys oorspronklik gedruk in rooi op wit papier. Indien u vermoed dat die vorm wat aan u voorsien is 'n roofkopie is, stel ons asseblief by onderstaande adres in kennis. Dit is in u eie belang om wanpraktyke aan die lig te bring.

Kopiereg (c) 1992, Walter W. Hudson

Onwettig om te fotokopieër of andersins te reproduseer

2,3,5,8,12,14,15,16,21,24.

Versprei deur Walmer Publishing Company
Verteenwoordig deur Perspektief in Menswees, Posbus 1658, Silverton, 0127, Tel: (012) 86-8289 Faks: (012) 86-2751

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

# CHILDREN'S BEHAVIOUR RATING SCALE (CBRS)

Name : ________________________________ Date: ____________________

This scale enables you to indicate the kinds of problems that you think your child is experiencing at the present time. It is not a test, so there are no right or wrong answers. Answer each item as carefully and as accurately as you can by placing a number beside each one as follows:

| NEVER | RARELY | SOMETIMES | HALF THE TIME | OFTEN | MOSTLY | ALWAYS |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
| NOOIT | SELDE | SOMS | HELFTE VAN DIE TYD | DIKWELS | MEESTAL | ALTYD |

Hierdie skaal stel jou in staat om aan te dui watter tipe probleme jy dink jou kind tans ondervind. Dit is nie 'n toets nie, dus is daar nie regte of verkeerde antwoorde nie. Beantwoord asseblief elke item so noukeurig en akkuraat moontlik deur een van die volgende nommers langs elkeen te skryf:

| | | |
|---|---|---|
| My child wets the bed. | 1.____ | My kind maak die bed nat. |
| My child hits other children. | 2.____ | My kind slaan ander kinders. |
| My child runs away from home. | 3.____ | My kind loop weg van die huis af. |
| My child disobeys me. | 4.____ | My kind is ongehoorsaam teenoor my. |
| My child tells lies. | 5.____ | My kind vertel leuens. |
| My child steals things from others. | 6.____ | My kind steel goed by ander kinders. |
| My child screams very loudly. | 7.____ | My kind skreeu vreeslik hard. |
| My child bites other children. | 8.____ | My kind byt ander kinders. |
| My child hits me when I try to administer discipline. | 9.____ | My kind slaan my wanneer ek hom wil dissiplineer. |
| My child demands constant attention. | 10.____ | My kind eis konstant aandag. |
| My child is afraid of other children. | 11.____ | My kind is bang vir ander kinders. |
| My child is afraid of strangers. | 12.____ | My kind is bang vir vreemdelinge. |
| My child has nightmares. | 13.____ | My kind kry nagmerries. |
| My child misbehaves when we go out. | 14.____ | My kind gedra hom swak wanneer ons iewers heen gaan. |
| My child will not let me out of his or her sight. | 15.____ | My kind hou my gedurig in die oog. |
| My child is very timid or shy. | 16.____ | My kind is baie skugter of bang. |
| My child is destructive. | 17.____ | My kind is vernielsugtig. |
| My child has temper tantrums. | 18.____ | My kind het woedebuie. |
| My child has accidents or gets hurt. | 19.____ | My kind is 'n ongeluksvoël. |
| My child bangs his or her head or engages in other self-injurious behaviour. | 20.____ | My kind stamp opsetlik sy kop en doen homself skade aan. |

In order to ensure professional service of outstanding quality, this questionnaire is printed in blue on a white background. Should you suspect that you are given a pirate copy of the original form, please contact us at the following address. It is in your own interest to guard against copyright infringement of this nature.

Copyright (c) 1990, Walter W. Hudson & Maryna K. Hudson Illegal to photocopy or otherwise reproduce

Distributed through Walmyr Publishing Company Represented by Perspective Training College, P.O. Box 1658, Silverton, 0127, Tel: (012) 804-8289, Fax: (012) 804-7412

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

Perspektief
Perspective
Genesing deur insig en aksie
Healing through insight & action

# *Child Functioning Inventory - Junior Primary (CFI-JPRIM)*

# *Kinderfunksionerings-inventaris - Junior Primêr (CFI-JPRIM)*

## Comprehensive Children Assessment

## Omvattende Kinderassessering

## *Questionnaire / Vraelys*

***In order to ensure professional service of outstanding quality, this questionnaire is printed in blue on a white background. Should you suspect that you are given a pirate copy of the original form, please contact us at the above address. It is in your own interest to guard against copyright infringement of this nature***

Om professionele diens van hoogstaande gehalte te verseker, is hierdie vraelys oorspronklik in blou op wit papier gedruk. Indien u vermoed dat die vorm wat aan u voorsien is 'n bloukopie is, stel ons asseblief by bogenoemde adres in kennis. Dit is in u eie belang om wanpraktyke aan die lig te bring.

spective Training College
P O Box 1658
Silverton
0127
Tel: +27 12 804 8289
Fax: +27 12 804 7412

# Comprehensive Children Assessment
# Omvattende Kinderassessering

## Child Functioning Inventory - Junior Primary (CFI-JPRIM)
## Kinderfunksioneringsinventaris - Junior Primêr (CFI-JPRIM)

### About your Personal Functioning Profile
### Oor u Persoonlike Funksioneringsprofiel

***Confidentiality***
**Vertroulikheid**

***We want you to know that the personal information you share will remain just that, personal. Your confidentially will be respected.***

Ons wil hê jy moet weet dat die persoonlike inligting wat jy met ons deel persoonlik bly. Jou vertroulikheid sal beskerm word.

***Purpose***
**Doel**

***The CFI is designed to improve the quality of your life by evaluating your present functioning and making recommendations for the future. For the report to be accurate, all questions need to be answered to the best of your ability.***

Die CFI is ontwerp om kwaliteit van jou lewe te verhoog deur jou huidige funksionering te evalueer en aanbevelings vir die toekoms te maak. Vir die verslae om akkuraat te wees moet al die vrae na die beste van jou vermoë beantwoord word.

***A few Suggestions***
**'n Paar Voorstelle**

***Grade yourself as quickly and as honestly possible. Do not speculate too long before you answer. This is not a test and there are no right or wrong answers. The first answer that comes to mind is usually the correct one.***

Gradeer jouself so vinnig en eerlik moontlik. Moenie te lank oor 'n antwoord dink nie. Dit is nie 'n toets nie en daar is geen regte of verkeerde antwoorde nie. Die eerste antwoord wat in jou gedagtes opkom, is normaalweg die korrekte een.

***Procedure***
**Prosedure**

***1. Mark the relevant number on the answer sheet, by filling in the oval.***
1. Merk die relevante nommer op die antwoordblad, deur die ovaal in te kleur.

***2. Check to be sure you have answered every question.***
2. Maak seker jy het elke vraag geantwoord.

# *Child Functioning Inventory - Junior Primary*
# *Kinderfunksioneringsinventaris - Junior Primêr*

## Questionnaire / Vraelys

Met hierdie vrae wil ons jou graag beter leer ken. Beantwoord die vrae so vinnig as wat jy kan. Moenie te lank dink oor 'n vraag nie. Die eerste antwoord wat by jou opkom, is gewoonlik die beste een. Onthou daar is nie regte of verkeerde antwoorde nie. Antwoord elke item deur net die regte sirkel met 'n pen / potlood op die antwoordblad in te kleur.

| NO / NEE | SOMETIMES / PARTYKEER | YES / JA |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

***With this questionnaire we would like to get acquainted with you. Grade yourself as quickly and as honestly as possible. Do not speculate too long before you answer. The first answer that comes to mind is usually the correct one. There are no wrong or correct answers. Mark the relevant number on the answer sheet, by using a pencil. Print clearly in the boxes and fill in the corresponding ovals.***

| | |
|---|---|
| 1. | Ek hou aan probeer totdat ek iets regkry.<br>***I keep on trying until I succeed.*** |
| 2. | Ek doen my huiswerk tot ek klaar is.<br>***I keep on doing my homework until it is done.*** |
| 3. | Dit is vir my belangrik om my skoolwerk te verstaan.<br>***It is important to me to understand my school work.*** |
| 4. | Ek maak my skoolwerk klaar al is dit moeilik.<br>***I complete my school work, even if it is difficult.*** |
| 5. | Dit is vir my belangrik om beter en beter te doen.<br>***It is important to me to do better and better.*** |
| 6. | Ek werk hard by die skool.<br>***I work hard at school.*** |
| 7. | Dit is belangrik vir my om my skoolwerk reg te doen<br>***It is important to me to do my school work correctly.*** |
| 8. | Dit is belangrik vir my om goed te doen.<br>***It is important to me to do well.*** |
| 9. | Dit is vir my lekker om hard te werk.<br>***I enjoy working hard.*** |
| 10. | Ek is tevrede.<br>***I am satisfied.*** |

Copyright © 1999 Perspective Training College
No part of this assessment scale may be copied or reproduced in any manner without written permission from the publisher.
Perspective Training College, PO Box 1658, Silverton, 0127, Tel (012) 804-8289, Fax (012) 804-7412, faul@mweb.co.za

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

| NO / NEE | SOMETIMES / PARTYKEER | YES / JA |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

| | |
|---|---|
| 11. | Ek voel vrolik.<br>***I feel cheerful.*** |
| 12. | Ek voel gelukkig.<br>***I feel happy.*** |
| 13. | Dit is lekker om te lewe.<br>***I enjoy living.*** |
| 14. | Ek doen dinge wat vir my lekker is.<br>***I do the things that I enjoy.*** |
| 15. | Ek hou van my lewe soos dit is.<br>***I like my life the way it is.*** |
| 16. | Ek wens dat my lewe anders was.<br>***I wish my life was different.*** |
| 17. | Ek wens dat ek na 'n ander plek kon gaan.<br>***I wish that I could go somewhere else.*** |
| 18. | Ek dink ek sal gelukkig wees as ek groot is.<br>***I think I will be happy when I am a grown-up.*** |
| 19. | Ek dink aan wanneer ek groot sal wees.<br>***I think of the time when I will be a grown-up.*** |
| 20. | Ek dink dit sal goed gaan met my as ek groot is.<br>***Things will go well for me when I am a grown-up.*** |
| 21. | Ek dink dit sal lekker wees as ek groot is.<br>***I think it will be fun when I am a grown-up.*** |
| 22. | Ek wens ek was al groot.<br>***I wish I was a grown-up already.*** |
| 23. | Ek dink my planne sal uitwerk as ek groot is.<br>***I think my plans will work out when I am a grown-up.*** |
| 24. | Ek dink dit sal vir my sleg wees wanneer ek groot is.<br>***I think things will be bad when I am a grown-up.*** |
| 25. | Ek dink dit is beter om eerder 'n grootmens as 'n kind te wees.<br>***I think it is better to be a grown-up, rather than being a child.*** |
| 26. | Ek is bang ek maak foute.<br>***I am afraid to make mistakes.*** |
| 27. | Ek voel lus om weg te hardloop van die dinge wat my bang maak.<br>***I feel like running away from the things that scare me.*** |
| 28. | Goed wat ek nie ken nie laat my bang voel.<br>***Things I don't know, scare me.*** |

NO 1 NEE — SOMETIMES 2 PARTYKEER — YES 3 JA

| | |
|---|---|
| 29. | Ek kry maagpyn wanneer ek bang voel.<br>***I get stomach pains when feeling afraid.*** |
| 30. | Ek is bang iets gaan verkeerd.<br>***I am afraid that things may go wrong.*** |
| 31. | Daar is plekke waar ek bang voel.<br>***There are places where I feel scared.*** |
| 32. | Daar is mense wat my bang maak.<br>***There are people who scare me.*** |
| 33. | Ek voel bang.<br>***I feel afraid.*** |
| 34. | Ek voel ek moet raas kry.<br>***I feel I deserve getting shouted at.*** |
| 35. | Dit is my skuld as dinge verkeerd gaan.<br>***I am to blame when things go wrong.*** |
| 36. | As daar fout is, is dit my skuld.<br>***When something is wrong, I am to blame.*** |
| 37. | Ek voel ek doen te veel goed verkeerd.<br>***I feel I do too many things wrongly.*** |
| 38. | Ek veroorsaak probleme.<br>***I cause problems.*** |
| 39. | Ek voel ek moet gestraf word.<br>***I feel I should be punished.*** |
| 40. | Ek is stout.<br>***I am naughty.*** |
| 41. | Ek kom maklik in die moeilikheid.<br>***I easily get into trouble.*** |
| 42. | Baie goed is my skuld<br>***I am to blame for many things.*** |
| 43. | Mense hou van my.<br>***People like me.*** |
| 44. | Ek hou van myself.<br>***I like myself.*** |
| 45. | Ek is belangrik.<br>***I am important.*** |
| 46. | Ek is skaam.<br>***I feel shy.*** |

| NO | SOMETIMES | YES |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |
| NEE | PARTYKEER | JA |

| | |
|---|---|
| 47. | Mense is lief vir my.<br>***People love me.*** |
| 48. | Ek voel goed oor myself.<br>***I feel good about myself.*** |
| 49. | Mense luister na my.<br>***People listen to me.*** |
| 50. | Ek voel nikswerd.<br>***I feel worthless.*** |
| 51. | Ek voel minder bang wanneer ek alleen speel.<br>***When I play on my own, I feel less afraid.*** |
| 52. | Ek hou van mense om my.<br>***I enjoy having people around me.*** |
| 53. | Ek is bang om maats te maak.<br>***I am scared to make new friends.*** |
| 54. | Ek hou daarvan om dinge op my eie te doen.<br>***I like to do things on my own.*** |
| 55. | Ek is bang vir ander kinders.<br>***I am afraid of other children.*** |
| 56. | Ek hou daarvan om alleen te wees.<br>***I like to be alone.*** |
| 57. | Ek vertel maklik vir ander mense hoe ek voel.<br>***I easily tell other people how I feel.*** |
| 58. | Ek speel alleen.<br>***I play on my own.*** |
| 59. | Ek moet keer dat ander hartseer word.<br>***I must prevent others from becoming sad.*** |
| 60. | Ek moet keer dat slegte goed met ander mense gebeur.<br>***I must prevent bad things from happening to other people.*** |
| 61. | Ek is bekommerd oor ander mense.<br>***I am worried about other people.*** |
| 62. | Ek moet sorg dat ander mense gelukkig is.<br>***I must make sure that other people are happy.*** |
| 63. | Ek moet ander mense uit die moeilikheid uit hou.<br>***I must keep other people out of trouble.*** |
| 64. | Ander se probleme is belangriker as my eie.<br>***Other people's problems are more important than mine.*** |

| NO / NEE | SOMETIMES / PARTYKEER | YES / JA |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

| | |
|---|---|
| 65. | Ek mag jok om ander mense uit die moeilikheid te hou.<br>***I may tell a lie to keep other people out of trouble.*** |
| 66. | Ek beskerm ander deur die skuld te vat as iets verkeerd gaan.<br>***I protect others by taking the blame when things go wrong.*** |
| 67. | Ek sê nee vir goed wat vir my sleg is.<br>***I say no to things that are bad for me.*** |
| 68. | Ek wys as iets vir my sleg is.<br>***I show it when I dislike something.*** |
| 69. | Ek sê ja, wanneer ek eintlik nee bedoel.<br>***I say yes when I actually mean to say no.*** |
| 70. | Ek sal vir iemand sê as ek dink hy/sy is verkeerd.<br>***I will tell someone when I think he/she is wrong.*** |
| 71. | Ek is bang om te sê wat ek dink.<br>***I am scared to say what I think.*** |
| 72. | Ek maak asof ek tevrede is.<br>***I pretend to be satisfied.*** |
| 73. | Ek bly stil, al dink ek ander is verkeerd.<br>***I keep quiet even when I think others are wrong.*** |
| 74. | Ek doen dinge wat ander wil doen.<br>***I do things that others want to do.*** |
| 75. | Ek vergeet waar ek goed bêre.<br>***I forget where I put things.*** |
| 76. | Wanneer ek boodskappe moet oordra, onthou ek presies wat om te sê<br>***When I have to give a message, I remember exactly what to say.*** |
| 77. | Ek vergeet watter dag dit is.<br>***I forget which day it is.*** |
| 78. | Ek sukkel om belangrike goed te onthou.<br>***I find it hard to remember important things.*** |
| 79. | Ek vergeet die dinge wat ek elke dag moet doen.<br>***I forget to do my daily tasks.*** |
| 80. | Ek vergeet om briewe van die skool af vir my ouers te gee.<br>***I forget to give my parents letters from school.*** |
| 81. | Ek vergeet belangrike dinge.<br>***I forget important things.*** |
| 82. | Ek vergeet watter huiswerk ek het.<br>***I forget which homework I have to do.*** |

| NO | SOMETIMES | YES |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |
| NEE | PARTYKEER | JA |

| | | |
|---|---|---|
| 83. | Ek voel gou kwaad.<br>***I easily feel angry.*** | |
| 84. | Ek slaan/byt/skop my maats as hulle my kwaad maak.<br>***I bully my friends when they make me angry.*** | |
| 85. | Ek kry wat ek wil hê deur my maats bang te maak.<br>***I get what I want by scaring my friends.*** | |
| 86. | Ek sê lelike goed vir my maats as hulle my kwaad maak.<br>***I say nasty things to my friends when they make me angry.*** | |
| 87. | Ek vloek as my maats my kwaad maak.<br>***I swear when my friends make me angry.*** | |
| 88. | Ek voel lus om iets te breek wanneer ek kwaad is.<br>***When I'm angry, I feel like breaking something.*** | |
| 89. | Ek voel lus om te skree wanneer ek kwaad is.<br>***I feel like shouting when I'm angry.*** | |
| 90. | Ek sukkel om dinge reg te doen.<br>***I find it hard to do things right.*** | |
| 91. | Ek het opgehou om te lag.<br>***I have stopped laughing.*** | |
| 92. | Ek huil maklik.<br>***I cry easily.*** | |
| 93. | Ek voel moeg.<br>***I feel tired.*** | |
| 94. | Ek is hartseer.<br>***I feel sad.*** | |
| 95. | Daar is min dinge wat vir my lekker is om te doen.<br>***There are only a few things I enjoy doing.*** | |
| 96. | Ek voel soos 'n mislukking.<br>***I feel like a failure.*** | |
| 97. | Ek voel alleen.<br>***I feel alone.*** | |
| 98. | Grootmense is simpel.<br>***Grown-ups are stupid.*** | |
| 99. | Grootmense maak my kwaad.<br>***Grown-ups make me angry.*** | |
| 100. | Ek haat dit om saam met grootmense te wees.<br>***I hate being with grown-ups.*** | |

NO (1) NEE · SOMETIMES (2) PARTYKEER · YES (3) JA

| | |
|---|---|
| 101. | Ek is bang vir grootmense.<br>***I am afraid of grown-ups.*** |
| 102. | Grootmense moet my uitlos.<br>***Grown-ups must leave me alone.*** |
| 103. | Ek hou van grootmense.<br>***I like grown-ups.*** |
| 104. | Grootmense hou van my.<br>***Grown-ups like me.*** |
| 105. | Ek hou daarvan om saam met grootmense te wees.<br>***I enjoy being with grown-ups.*** |
| 106. | Grootmense irriteer my.<br>***Grown-ups irritate me.*** |
| 107. | Mense jok vir my.<br>***People lie to me.*** |
| 108. | Ek is bang ander mense maak my seer.<br>***I am afraid other people will hurt me.*** |
| 109. | Ek weet ander mense sal my help.<br>***I know other people will help me.*** |
| 110. | Mense maak asof hulle van my hou.<br>***People pretend to like me.*** |
| 111. | Ek kan ander mense glo.<br>***I can believe other people.*** |
| 112. | Mense bedoel wat hulle sê.<br>***People mean what they say.*** |
| 113. | Ek is versigtig om alleen saam met ander te wees.<br>***I am cautious being alone with others.*** |
| 114. | Ander mense steek goed vir my weg.<br>***People hide things from me.*** |
| 115. | Ek hou my geheime vir myself.<br>***I keep my secrets to myself.*** |
| 116. | Ander mense wil my net seermaak.<br>***Other people only want to hurt me.*** |
| 117. | Ek is anders as ander kinders.<br>***I am different from other children.*** |
| 118. | Ek wens ek was soos ander kinders.<br>***I wish I was more like other children.*** |

NO ① NEE    SOMETIMES ② PARTYKEER    YES ③ JA

| | |
|---|---|
| 119. | Ander kinders het minder probleme as ek.<br>***Other children have less problems than I do.*** |
| 120. | Slegte goed gebeur net met my.<br>***Bad things only happen to me.*** |
| 121. | Dit gaan beter met ander kinders as met my.<br>***Other children are getting on better than I do.*** |
| 122. | Ander kinders is gelukkiger as ek.<br>***Other children are happier than I am.*** |
| 123. | My maats dink dat ek anders is.<br>***My friends think I am different.*** |
| 124. | My maats sê lelike goed vir my.<br>***My friends say rude things to me.*** |
| 125. | Ek hou van my liggaam.<br>***I like my body.*** |
| 126. | Ek wens ek het anders gelyk.<br>***I wish I looked different.*** |
| 127. | Ek voel goed oor myself as ek in die spieël kyk.<br>***I feel good about myself when I look in the mirror.*** |
| 128. | Ek voel lus om my liggaam weg te steek.<br>***I feel like hiding my body.*** |
| 129. | Ek is skaam vir my liggaam.<br>***I feel ashamed of my body.*** |
| 130. | My liggaam voel vuil.<br>***My body feels dirty.*** |
| 131. | Ek dink mense lag vir my liggaam.<br>***I think people laugh at my body.*** |
| 132. | Ek wens ek kan my liggaam verander.<br>***I wish I could change my body.*** |
| 133. | Ek gril vir my eie liggaam.<br>***My body gives me the horrors.*** |
| 134. | Ek kyk in ander kinders se tasse.<br>***I look into other children's bags.*** |
| 135. | Ek kyk in die onderwysers se laaie.<br>***I look into my teachers' drawers.*** |
| 136. | Ek klop voor ek in 'n kamer ingaan.<br>***I knock before I enter a room.*** |

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

| NO (1) NEE | SOMETIMES (2) PARTYKEER | YES (3) JA |
|---|---|---|

| | |
|---|---|
| 137. | Ek hou daarvan om teenaan mense te staan.<br>***I like standing close to people.*** |
| 138. | Ek soek na goed wat ander mense wegsteek.<br>***I search for things other people hide.*** |
| 139. | Ek loer in ander mense se goed.<br>***I peep at other people's belongings.*** |
| 140. | Ek soek maklik in ander mense se goed rond.<br>***I easily snoop around other people's stuff.*** |
| 141. | Ek hou van skool.<br>***I like school.*** |
| 142. | Dit is vir my lekker by die skool.<br>***I enjoy being at school.*** |
| 143. | Ek haat skool.<br>***I hate school.*** |
| 144. | Ek is verveeld by die skool.<br>***I am bored at school.*** |
| 145. | Skool is vir my sleg.<br>***School is unpleasant to me.*** |
| 146. | Ek hou van my onderwysers.<br>***I like my teachers.*** |
| 147. | Ek kom maklik in die moeilikheid by die skool.<br>***I easily get into trouble at school.*** |
| 148. | Ek hou van my maats.<br>***I like my friends.*** |
| 149. | My maats hou van my.<br>***My friends like me.*** |
| 150. | Ek wens ek het ander maats gehad.<br>***I wish I had other friends.*** |
| 151. | Ek is vriendelik met my maats.<br>***I am friendly with my friends.*** |
| 152. | Ek haat my maats.<br>***I hate my friends.*** |
| 153. | My maats verstaan my.<br>***My friends understand me.*** |
| 154. | Ek hou daarvan om tyd saam met my maats deur te bring.<br>***I enjoy spending time with my friends.*** |

| NO | SOMETIMES | YES |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |
| NEE | PARTYKEER | JA |

| | |
|---|---|
| 155. | Dit is lekker saam met my maats.<br>***It is nice being with my friends.*** |
| 156. | Ek hou van my ma.<br>***I like my mother.*** |
| 157. | Ek hou daarvan om by my ma te wees.<br>***I enjoy being with my mother.*** |
| 158. | Ek is lief vir my ma.<br>***I love my mother.*** |
| 159. | My ma hou van my.<br>***My mother loves me.*** |
| 160. | My ma doen baie vir my.<br>***My mother does a lot for me.*** |
| 161. | Ek voel kwaad as ek aan my ma dink.<br>***I feel angry when I think of my mother.*** |
| 162. | My ma verstaan my.<br>***My mother understands me.*** |
| 163. | My ma is kwaad vir my.<br>***My mother is angry with me.*** |
| 164. | Ek hou van my pa.<br>***I like my father.*** |
| 165. | Ek hou daarvan om by my pa te wees.<br>***I enjoy being with my father.*** |
| 166. | Ek is lief vir my pa.<br>***I love my father.*** |
| 167. | My pa hou van my.<br>***My father likes me.*** |
| 168. | My pa doen baie vir my.<br>***My father does a lot for me.*** |
| 169. | Ek voel kwaad as ek aan my pa dink.<br>***I feel angry when I think of my father.*** |
| 170. | My pa verstaan my.<br>***My father understands me.*** |
| 171. | My pa is kwaad vir my.<br>***My father is angry with me.*** |

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

| NO / NEE | SOMETIMES / PARTYKEER | YES / JA |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |

As jy 'n stiefma het, voltooi 172 - 179 soos dit op haar van toepassing is.
***Complete 172 - 179 if you have a stepmother.***

| | |
|---|---|
| 172. | Ek hou van my stiefma.<br>***I like my stepmother.*** |
| 173. | Ek hou daarvan om by my stiefma te wees.<br>***I enjoy being with my stepmother.*** |
| 174. | Ek is lief vir my stiefma.<br>***I love my stepmother.*** |
| 175. | My stiefma hou van my.<br>***My stepmother likes me.*** |
| 176. | My stiefma doen baie vir my.<br>***My stepmother does a lot for me.*** |
| 177. | Ek voel kwaad as ek aan my stiefma dink.<br>***I feel angry when I think of my stepmother.*** |
| 178. | My stiefma verstaan my.<br>***My stepmother understands me.*** |
| 179. | My stiefma is kwaad vir my.<br>***My stepmother is angry with me.*** |

As jy 'n stiefpa het, voltooi 180 - 187 soos dit op hom van toepassing is.
***Complete 180 - 187 if you have a stepfather.***

| | |
|---|---|
| 180. | Ek hou van my stiefpa.<br>***I like my stepfather.*** |
| 181. | Ek hou daarvan om by my stiefpa te wees.<br>***I enjoy being with my stepfather.*** |
| 182. | Ek is lief vir my stiefpa.<br>***I love my stepfather.*** |
| 183. | My stiefpa hou van my.<br>***My stepfather likes me.*** |
| 184. | My stiefpa doen baie vir my.<br>***My stepfather does a lot for me.*** |
| 185. | Ek voel kwaad as ek aan my stiefpa dink.<br>***I feel angry when I think of my stepfather.*** |
| 186. | My stiefpa verstaan my.<br>***My stepfather understands me.*** |

| NO | SOMETIMES | YES |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |
| NEE | PARTYKEER | JA |

| | |
|---|---|
| 187. | My stiefpa is kwaad vir my.<br>***My stepfather is angry with me.*** |

Voltooi 188 - 195 soos dit op die gesin waar jy die meeste bly, van toepassing is.
***Complete 188 - 195 with regard to the family where you stay most of the time.***

| | |
|---|---|
| 188. | Dit is vir my lekker om by my gesin te wees.<br>***I enjoy being with my family.*** |
| 189. | Ek voel deel van my gesin.<br>***I feel part of my family.*** |
| 190. | Ons gesin is lief vir mekaar.<br>***Our family love one another.*** |
| 191. | Ek voel alleen by die huis.<br>***I feel alone at home.*** |
| 192. | Dit is vir my lekker by die huis.<br>***I enjoy being at home.*** |
| 193. | Ek hou daarvan om by my gesin te wees.<br>***I enjoy being with my family.*** |
| 194. | Ek voel belangrik by die huis<br>***I feel important at home.*** |
| 195. | Ek voel ongelukkig as ek by my gesin is.<br>***I feel sad when I am with my family.*** |

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

Perspektief
Perspective
Genesing deur insig en aksie
Healing through insight & action

# CHILD'S ATTITUDE TOWARD MOTHER (CAM)

Name : ______________________ Date: ______________

This questionnaire is designed to measure the degree of contentment you have in your relationship with your mother. It is not a test, so there are no right or wrong answers. Answer each item as carefully and as accurately as you can by placing a number beside each one as follows.

1 = None of the time
2 = Very rarely
3 = A little of the time
4 = Some of the time
5 = A good part of the time
6 = Most of the time
7 = All of the time

1. _____ My mother gets on my nerves.
2. _____ I get along well with my mother.
3. _____ I feel that I can really trust my mother.
4. _____ I dislike my mother.
5. _____ My mother's behavior embarrasses me.
6. _____ My mother is too demanding.
7. _____ I wish I had a different mother.
8. _____ I really enjoy my mother.
9. _____ My mother puts too many limits on me.
10. _____ My mother interferes with my activities.
11. _____ I resent my mother.
12. _____ I think my mother is terrific.
13. _____ I hate my mother.
14. _____ My mother is very patient with me.
15. _____ I really like my mother.
16. _____ I like being with my mother.
17. _____ I feel like I do not love my mother.
18. _____ My mother is very irritating.
19. _____ I feel very angry toward my mother.
20. _____ I feel violent toward my mother.
21. _____ I feel proud of my mother.
22. _____ I wish my mother was more like others I know.
23. _____ My mother does not understand me.
24. _____ I can really depend on my mother.
25. _____ I feel ashamed of my mother.

In order to ensure professional service of outstanding quality, this questionnaire is printed in red on a white background. Should you suspect that you are given a pirate copy of the original form, please contact us at the following address. It is in your own interest to guard against copyright infringement of this nature.

Copyright (c) 1992, Walter W. Hudson

Illegal to photocopy or otherwise reproduce

2,3,8,12,14,15,16,21,24.

Distributed through Walmyr Publishing Company
Represented by Perspective in Inner Self, P.O. Box 1658, Silverton, 0127, Tel: (012) 86-8289 Fax: (012) 86-2751

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)

# CHILD'S ATTITUDE TOWARDS FATHER (CAF)

Perspektief Perspective
Genesing deur Insig en aksie
Healing through Insight & action

Name : ______________________ Date: ______________

This questionnaire is designed to measure the degree of contentment you have in your relationship with your father. It is not a test, so there are no right or wrong answers. Answer each item as carefully and as accurately as you can by placing a number beside each one as follows.

1 = None of the time
2 = Very rarely
3 = A little of the time
4 = Some of the time
5 = A good part of the time
6 = Most of the time
7 = All of the time

1. _____ My father gets on my nerves.
2. _____ I get along well with my father.
3. _____ I feel that I can really trust my father.
4. _____ I dislike my father.
5. _____ My father's behavior embarrasses me.
6. _____ My father is too demanding.
7. _____ I wish I had a different father.
8. _____ I really enjoy my father.
9. _____ My father puts too many limits on me.
10. _____ My father interferes with my activities.
11. _____ I resent my father.
12. _____ I think my father is terrific.
13. _____ I hate my father.
14. _____ My father is very patient with me.
15. _____ I really like my father.
16. _____ I like being with my father.
17. _____ I feel like I do not love my father.
18. _____ My father is very irritating.
19. _____ I feel very angry toward my father.
20. _____ I feel violent toward my father.
21. _____ I feel proud of my father.
22. _____ I wish my father was more like others I know.
23. _____ My father does not understand me.
24. _____ I can really depend on my father.
25. _____ I feel ashamed of my father.

In order to ensure professional service of outstanding quality, this questionnaire is printed in red on a white background. Should you suspect that you are given a pirate copy of the original form, please contact us at the following address. It is in your own interest to guard against copyright infringement of this nature.

Copyright (c) 1990, Walter W. Hudson


Illegal to photocopy or otherwise reproduce

2,3,8,12,14,15,16,21,24.

Distributed through Walmyr Publishing Company
Represented by Perspective in Inner Self, P.O. Box 1658, Silverton, 0127 , Tel: (012) 86-8289 Fax: (012) 86-2751

University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)





University of Pretoria etd – Du Toit, K (2006)




Bylae I - Gevoelsgesiggies